Buiteskole is op Wolfgat, Ouplaas, Elandsdrift, Viljoenshof, Protem, Voelvlei, Holdrift en Grashoek gestig... die skooltjie op Wolfgat is die oudste waarna verwys word in die notules.
Dit blyk dat buitegemeente kerksaaltjies is ook op van die plase gebou en die is dan vir skool en kerkdienste gebruik.. die het my laat wonder of die sandklip geboutjie met die naam LUCERN wat ons op Hendrikspan afgeneem het nie, nie juis so `n geboutjie was nie.
Tot en met 1911 is dienste op Wolfgat in die skooltjie of in `n privaat woning gehou. Elias Gildenhuys het `n halwe morg grond geskenk vir `n kerksaal. In die kerksaal van Wolfgat, wat later tot Viljoenshof herdoop is, is gereeld buitedienste gehou. In 1928 is daar selfs `n begraafplaas aangelê op `n stukkie grond wat Stoffel Fourie aan die Kerkraad geskenk het.
Die gemeenskap van Ouplaas het in 1905 besluit om daar `n skoolgebou op te rig en toe het die Kerkraad bygedra om `n kerksaal daar te bou wat ook vir skooldoeleindes gebruik kan word. Dit is opgerig op `n stuk grond wat deur DS de Wet van Driefontein geskenk is.
En so gaan dit voort.
Groetnis
Annelie.
Pretoria.

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 3398

Datum: Thursday, September 04, 2008 16:04

Daar is 25 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

1a. Re: Bredasdorp From: Louis Hurn
1b. Re: Bredasdorp From: Annelie Els
2a. Kolver Wilhelm From: David Le Roux
2b. Re: LIEBENBERG Kolver Wilhelm From: Annelie Els
3a. Re: VEILIGHEID en GENEALOGIE From: Gert Coertzen
3b. Re: VEILIGHEID en GENEALOGIE From: Daniel Jacobs
4a. Re: VANDAG IN SUID-AFRIKA SE VERLEDE - 1820, 1901 en 1939 From: Johannes Bosch
4b. Re: VANDAG IN SUID-AFRIKA SE VERLEDE - 1820, 1901 en 1939 (vir Johan From: Charlie Els
4c. Re: VANDAG IN SUID-AFRIKA SE VERLEDE - 1662 (vir Charlie Els) From: Johannes Bosch
5a. Heese se "Boek Sonder Bronne" From: Francois Greeff
5b. Re: Heese se "Boek Sonder Bronne" From: Ariel Rudolph
5c. Re: Heese se "Boek Sonder Bronne" From: Louis Hurn
5d. Hans Heese se Boek From: sastamouers
5e. Re: Slawe afkoms From: dues_ex_machina
6a. Re: BANTJES (weer vir Annelie) From: Annelie Els
6b. Re: BANTJES (weer vir Annelie) From: Annelie Els
6c. Re: BANTJES (vir Annelie) From: Charlie Els
7a. Re: FOTO VAN JG BANTJIES From: Barry Palmer
8. KLOMP OULIKE GENEALOE From: Berna Julietta van de Venter
9. [Koerant] The Mercury Woensdag 3 September 2008. From: aletta magrieta.quebbemann
10. H. F. Heese Groep sonder Grense From: Elmien Wood
11. (Koerant) Beeld 04 Sep. 2008 From: Fanie Blignaut
12. Max du Preez From: Lindalea Olivier
13. Bonnie-lass From: Adélle Jerling
14. ERASMUS SMIT SE DAGBOEK EN JG BANTJES From: Daniel Jacobs

View All Topics | Create New Topic Messages
1a. Re: Bredasdorp
Posted by: "Louis Hurn" louishurn@telkomsa.net ljhurn
Wed Sep 3, 2008 1:43 pm (PDT)
Hallo Stief.
Ek soek al jare na 'n Rootman. Al inligting wat ek het is haar naam was Martha en sy was getroud met my oupa Henry Robert Hurn (sy tweede vrou). Hulle was hier in die vyftiger jare getroud en het in Lichtenburg gewoon. Ek vermoed sy was van die Wesrand afkomstig maar is nie seker nie, as jy dalk op so iets afkom hou my in gedagte asseblief.
Groete.
Louis Hurn

Tel. : +2731 563-5443
Cell. : +2773 150-1378

Link to Hurn Family Website
http://www.onsfamilie.info/register.php?personID=I399&tree=Hurn&generations=10

----------

----------

No virus found in this outgoing message.
Checked by AVG - http://www.avg.com
Version: 8.0.169 / Virus Database: 270.6.16/1650 - Release Date: 9/3/2008 4:13 PM

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (7)
1b. Re: Bredasdorp
Posted by: "Annelie Els" annelie@who-els.co.za   engelkind2000
Wed Sep 3, 2008 6:51 pm (PDT)
Hallo Stief,
Ek het die boek een dag by `n boekeuitverkoping by die Voortrekkermonument gekoop.
Ek het vinnig deur die lys van die Kerksrade van 1838 - 1988 gekyk maar geen van jou vanne raakgesien nie.
Sal my oe oophou wanneer ek weer `n tydjie kry om die boek verder te lees.
Groetnis
Annelie.

-----Original Message-----
From: SAGenealogie@yahoogroups.com [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On Behalf Of stief rootman
Sent: 03 September 2008 10:14 PM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: Re: [SA-Gen] Bredasdorp

Hello Annelie,

Ek vergader inligting oor die Rootman/Roodman/Roothman familie.  Kom daar sulke name in die boek voor en indien wel waar kan ek een bekom?
Ek het interresante "Rooties" in daardie geweste ontmoet maar soos dit maar gaan het ek nie baie terugvoering van hulle gekry nie.  Die stryd duur voort.
Groete, Stief Rootman.

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (7)
2a. Kolver Wilhelm
Posted by: "David Le Roux" leroux.01@gmail.com   dawie_lr
Wed Sep 3, 2008 2:14 pm (PDT)
Annalie,
Ek is aangetroude familie van 'n Kolver Wilhelm Liebenberg, en sal baie

graag meer inligting oor hom wil kry. Sy pa was Barend Andries Liebenberg
van Williston. Ek sal baie belangstel om te weet in watter verband hy in
jou navorsing voorkom.
Groete
David

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (3)
2b. Re: LIEBENBERG Kolver Wilhelm
Posted by: "Annelie Els" annelie@who-els.co.za   engelkind2000
Wed Sep 3, 2008 6:24 pm (PDT)
Hallo David,
Baie dankie vir jou antwoord. Ek het `n epos na jou privaat adres gestuur
waarby ek die SK foto van die Kolver Wilhelm wat ek afgeneem het aangeheg
het.
Hierdie Kolver se twee seun se name is Barend Andries.
Groetnis
Annelie.

-----Original Message-----
From: SAGenealogie@yahoogroups.com [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On
Behalf Of David Le Roux
Sent: 03 September 2008 11:15 PM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: LIEBENBERG Kolver Wilhelm

Annalie,
Ek is aangetroude familie van 'n Kolver Wilhelm Liebenberg, en sal baie
graag meer inligting oor hom wil kry. Sy pa was Barend Andries Liebenberg
van Williston. Ek sal baie belangstel om te weet in watter verband hy in jou
navorsing voorkom.
Groete
David

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (3)
3a. Re: VEILIGHEID en GENEALOGIE
Posted by: "Gert Coertzen" coertzen@netactive.co.za   coertzen
Wed Sep 3, 2008 2:51 pm (PDT)
Naand almal,

Genealogie het vanaand my lewe gered. Ek en en my vrou was voor die oprit
ge" HI-JACK". Twee mans met wapens.
Een van die lede het n paar jaar terug vir my geskryf dat sy geskiet was in
die oprit by haar huis. Sy het gewonder of sy haar kinders gaan sien
grootword. Hulle het toe Australie toe verhuis. Toe ek die wapens sien het
ek besef dat ek nou baie stadig moet beweeg as ek wil bly leef. Ek het aan
die epos gedink en besef ek is nou in haar situasie. Ek sal nou moet presies
doen wat hy sê. Toe hulle in die motors klim het ek gedink dat dit seker die
oombik gaan wees dat hulle gaan skiet. Ek was geskok toe my vrou die rower
vra of ons die kruideniersware kan kry. Hulle het haar net geignoreer. Sy
het toe die rowers se nommerplaat beloer en binne n uur is die rowers se
motor opgespoor maar die een wat ek bestuur het is nog weg. Ironies is dit

die motor van my kinders wat Austalie toe is om weg te kom van al die
misdaad.
Jy sal weet van wie ek praat. Ek is nog te geskok om jou naam te onthou.
Dankie vir jou epos destyds. Deur aan jou te dink het dit my gehelp om deur
die minuut of twee te bly oorleef. Weet julle hoe lank is die twee minute!
Ek het altyd soveel planne gehad maar voordat ek by plan A kon uitkom was
die vuurwapen voor my rondgeswaai.

GROETNIS

GERT COERTZEN

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (2)
3b. Re: VEILIGHEID en GENEALOGIE
Posted by: "Daniel Jacobs" danielmalanjacobs@gmail.com
Wed Sep 3, 2008 8:52 pm (PDT)
Beste Gert

Baie, baie sterkte. Ek is dankbaar dat julle lewens gespaar is.

Groete

Daniel

On Wed, Sep 3, 2008 at 11:51 PM, Gert Coertzen <coertzen@netactive.co.za>wrote:

> Naand almal,
>
> Genealogie het vanaand my lewe gered. Ek en en my vrou was voor die oprit
> ge" HI-JACK". Twee mans met wapens.
> Een van die lede het n paar jaar terug vir my geskryf dat sy geskiet was in
>
> die oprit by haar huis. Sy het gewonder of sy haar kinders gaan sien
> grootword. Hulle het toe Australie toe verhuis. Toe ek die wapens sien het
> ek besef dat ek nou baie stadig moet beweeg as ek wil bly leef. Ek het aan
> die epos gedink en besef ek is nou in haar situasie. Ek sal nou moet
> presies
> doen wat hy sê. Toe hulle in die motors klim het ek gedink dat dit seker
> die
> oombik gaan wees dat hulle gaan skiet. Ek was geskok toe my vrou die rower
> vra of ons die kruideniersware kan kry. Hulle het haar net geignoreer. Sy
> het toe die rowers se nommerplaat beloer en binne n uur is die rowers se
> motor opgespoor maar die een wat ek bestuur het is nog weg. Ironies is dit
> die motor van my kinders wat Austalie toe is om weg te kom van al die
> misdaad.
> Jy sal weet van wie ek praat. Ek is nog te geskok om jou naam te onthou.
> Dankie vir jou epos destyds. Deur aan jou te dink het dit my gehelp om deur
>
> die minuut of twee te bly oorleef. Weet julle hoe lank is die twee minute!
> Ek het altyd soveel planne gehad maar voordat ek by plan A kon uitkom was
> die vuurwapen voor my rondgeswaai.
>
> GROETNIS
>
> GERT COERTZEN

>
>
>

--
www.gendata.co.za

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (2)
4a. Re: VANDAG IN SUID-AFRIKA SE VERLEDE - 1820, 1901 en 1939
Posted by: "Johannes Bosch" janbos2000@yahoo.com   janbos2000
Wed Sep 3, 2008 4:30 pm (PDT)
En op 3 September 1662 tree Trijnte Ufftings (Ustinx) met Hans Ras in
die huwelik. Oor haar is daar ook vele verhale.
Johannes Bosch
Virginia, VSA

---

--- In SAGenealogie@yahoogroups.com, "Daniel Jacobs"
<danielmalanjacobs@...> wrote:
>
> Beste Vriende
>
> Op 3 September 1901 steek Genl. Smuts en sy manskappe die
Oranjerivier oor
> vir hulle inval in die Kaapprovinsie. Aan die einde van die Oorlog
was hy
> minus 45 van sy 200 man waarmee hy die veldtog begin het. Die
meerderheid
> van hulle is gevange geneem.
>ens., ens.
> Groete
>
> Daniel Jacobs
> www.gendata.co.za

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (4)
4b. Re: VANDAG IN SUID-AFRIKA SE VERLEDE - 1820, 1901 en 1939 (vir Johan
Posted by: "Charlie Els" el55@mweb.co.za   charlieels
Thu Sep 4, 2008 12:18 am (PDT)
Beste Johannes,

Nou vertel vir ons bietjie van Trijnte. Ek het nie veel oor haar nie,
behalwe dat sy as 'n weduwee in 1662 op die "Hoff van Zeelant" hier aangekom
het.

Dankie en groete,

CHARLIE

-----Original Message-----
From: SAGenealogie@yahoogroups.com

[mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com]On Behalf Of Johannes Bosch
Sent: 04 September 2008 01:31 AM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] Re: VANDAG IN SUID-AFRIKA SE VERLEDE - 1820, 1901 en 1939

En op 3 September 1662 tree Trijnte Ufftings (Ustinx) met Hans Ras in die huwelik. Oor haar is daar ook vele verhale.
Johannes Bosch
Virginia, VSA
________________________________

--- In SAGenealogie@yahoogroups.com, "Daniel Jacobs"
<danielmalanjacobs@...> wrote:
>
> Beste Vriende
>
> Op 3 September 1901 steek Genl. Smuts en sy manskappe die Oranjerivier oor
> vir hulle inval in die Kaapprovinsie. Aan die einde van die Oorlog was hy
> minus 45 van sy 200 man waarmee hy die veldtog begin het. Die meerderheid
> van hulle is gevange geneem.
>ens., ens.
> Groete
>
> Daniel Jacobs
> www.gendata.co.za

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (4)
4c. Re: VANDAG IN SUID-AFRIKA SE VERLEDE - 1662 (vir Charlie Els)
Posted by: "Johannes Bosch" janbos2000@yahoo.com   janbos2000
Thu Sep 4, 2008 7:04 am (PDT)
Charlie,
Daar is iet en wat oor Tryn Ras op Dan Strydom se webblad by:
http://incolor.inetnebr.com/strydom/geslagsregisters/SA_Strydom.htm
Dan Strydom verwys na C. Pretorius, â€œTrijn Rasâ€ , Historia 18(2), pg 93-96, 1973.

Ek het nie nou die verwysing by my nie, maar onthou dat Margaret Cairns in Familia 'n artikel (in drie dele) oor Tryn Ras geskryf het.

Volgens bg geskiedenis het Trintje 'n veelbewoÃ« lewe gehad! Nog een van my tawwe voorouers!

Johannes Bosch
Virginia, VSA (waar ons 'n lang snikhete somer verduur)
________________________________
--- In SAGenealogie@yahoogroups.com, "Charlie Els" <el55@...> wrote:
>
> Beste Johannes,
>
> Nou vertel vir ons bietjie van Trijnte. Ek het nie veel oor haar nie,

> behalwe dat sy as 'n weduwee in 1662 op die "Hoff van Zeelant" hier
aangekom
> het.
>
> Dankie en groete,
>
> CHARLIE
>
>
> -----Original Message-----
> From: SAGenealogie@yahoogroups.com
> [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com]On Behalf Of Johannes Bosch
> Sent: 04 September 2008 01:31 AM
> To: SAGenealogie@yahoogroups.com
> Subject: [SA-Gen] Re: VANDAG IN SUID-AFRIKA SE VERLEDE - 1820, 1901
en
> 1939
>
>
> En op 3 September 1662 tree Trijnte Ufftings (Ustinx) met Hans Ras
in
> die huwelik. Oor haar is daar ook vele verhale.
> Johannes Bosch
> Virginia, VSA
> ______________________
>
> --- In SAGenealogie@yahoogroups.com, "Daniel Jacobs"
> <danielmalanjacobs@> wrote:
> >
> > Beste Vriende
> >
> > Op 3 September 1901 steek Genl. Smuts en sy manskappe die
> Oranjerivier oor
> > vir hulle inval in die Kaapprovinsie. Aan die einde van die Oorlog
> was hy
> > minus 45 van sy 200 man waarmee hy die veldtog begin het. Die
> meerderheid
> > van hulle is gevange geneem.
> >ens., ens.
> > Groete
> >
> > Daniel Jacobs
> > www.gendata.co.za
>

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (4)
5a. Heese se "Boek Sonder Bronne"
Posted by: "Francois Greeff" Goodgreeff@hiddencode.co.uk
Wed Sep 3, 2008 6:12 pm (PDT)
DINK LOGIES, DINK REG:

Ek lees onlangs op SA Gen: “Dit word deur historici aanvaar dat almal wie se vanne "Van die Kaap" of dan "van de Caab" was, slawe was wat aan die Kaap gebore is. Dit is hoekom Jan Jacobs en Agnietie Pieters volgens my bronne slawe of die kinders van slawe was. Ek sou voorstel jy gaan dieper as

Rootsweb soek. Praat met die genealogiese vereniging en kom soek jou familie se geboortesertifikate/doopsertifikate/huweliksdokumente in die Kaapse argiewe (dit gaan reg tot 1652).
Terloops, my eie familie (Du Preez, Kruger, Saayman) is deurspek van die slawe en Khoi-bloed. Dis maar hoe dit is. My vrou het die anderdag agtergekom haar oupagrootjie was 'n Chinees/Indier van Mauritius, en sy en haar familie het nooit eens geweet daar is iets anders as Europese bloed in hul are nie.
Jy's reg oor die meeste mense by Bloedrivier was "Kleurlinge". Gaan lees gerus Heese se boeke oor die Afrikaners se stamvaders en -moeders en die meng van bloed met slawe, maar ook Khoi - ons Afrikaners het volgens sy studies gemiddeld 14 persent nie-wit bloed."

1. Bekwame navorsers en historici maak nie "aannames" nie. Hulle soek bewyse.

2. Toponieme dui op die plek van geboorte van 'n persoon, ongeag van sy ras. Matthias Greeff van Magdeburg se seun was Matthijs Greeff, van de Kaap, net omdat Matthijs in die Kaap gebore is. Dit sou waansinnig wees om na die seun te verwys as Matthijs Greeff Van Amsterdam, Magdeburg of Madagascar. DINK MOOI LOGIES DAAROOR: In 'n stelsel waar toponieme in gebruik was, watter toponiem sou mense gebruik vir die kinders van twee mense wat in Europa gebore is, as die kind aan de Kaap gebore word? DINK LOGIES: Waar is die kinders van blankes gebore? Is daar GEEN blanke kinders aan die Kaap gebore nie?

3. Ek kan vir jou bronne aanhaal, as jy wil, om te wys dat die vroë blankes die Khoi en die San soos luiperds gejag het. Die siening van die tyd was nie een van oorlog of so iets nie, maar hulle het die boesmans gejag, soos diere. Hulle het gepraat van 'jag' eerder as in enige van die woorde van oorlog, kruistogte of teregstelling. Die boesmans is nie toe as volwaardig mens beskou nie. Nou wil mense vir my vertel dat die liefde en huwelike tussen die Khoi en die blankes algemeen was? Ek glo dit nie.

4. Dit is inherent aan mense, die wereld oor, dat hulle binne hulle eie kultuur trou. Rasse verskil tussen mense is die minste van die probleme in interkulturele huwelike. Die regte probleme lê in verskille van taal, kos, maniere, geloof (bv Christen en Moslem), kerkverband, geboorte, besnyding, begrafnis, eiendomsreg, erfreg, en sosiale interaksie. Reg om die wereld het al die grootste stede hulle eie "Chinatown" en swart buurte, en die "French Quarter" en so aan. In Londen gaan die Suid Afrikaners vandag nog na die SA Gemeente se kerk, en die Grieke in Londen gaan na hulle kerk, en so aan vir elke nasie met sy eie voorkeur-buurt en Italiaanse klub en ander maniere om bymekaar te bly, en nie met 'die ander' te meng nie. Van daar kry Franschoek sy naam. Op geen plek ter wereld, in enige tyd, was interkulturele huwelike volop nie. In 1880 skryf die Greeff mense wat Amerika toe getrek het dat hulle in 'n Duitse voorstad op Long Island, New York, woon. Die rekords van hulle huwelike is vol van inter Duitse huwelike. Tot 1960 het Amerika gesukkel met diskriminasie teen die Iere in Amerika, en Kennedy het daarmee gesukkel in sy verkiesing.
Aan die Kaap sou 'n interkulturele huwelik 'n troue tussen Franse, Duitsers of Nederlanders gewees het, baie eerder as tussen wyd uiteenlopende kulture met vreemde gewoontes en gelowe.

5. Waar die geen poele van twee nasies wel geskiedkundig gemeng het, was in seksuele kontak, sonder huwelike. 'n Invalsmag se soldate het vrouens verkrag, sonder om met hulle te trou. Seemanne het meisies in vreemde

hawestede swanger gemaak, en weggeseil. Elke stad, die wereld oor, het nog altyd sy eie “rooi lig” distrik gehad, waar mans interkulturele seks gehad het – sonder huwelike.

Nou praat mense van 14% nie blanke invloed in Afrikaner stambome? Ek betwyfel hierdie 14 % BAIE sterk. Vra jouself af: Hoeveel Jode het destyds (of ooit) onder die Afrikaners ingetrou? Hulle het baie meer in gemeen met die Afrikaners as Moslems en Maleiers.

Ek wil ook graag die persentasies sien vir huwelike binne eie groepe, soos by die Franse Hugenote onder hulself, die Hollanders onder hulself, en die Duitsers onder hulself, vir die eerste honderd of twee honderd jare aan die Kaap. In my eie kwartiestaat sien ek ruim voorbeelde van ‘binnegroep’ troues: Dirk Coetzee x Sara van der Schulp, Andre Gauch x Jacquiline du Preez (Ducre), Huppenaar x Hoffman, Guillaume Nel x Jeanne de la Batte, Fourie x Cordier, Lotter x Beck, Bastiaanz x de Leeuw, Nortje x Vyton, Pinard x le Febre, en baie baie meer. Om eerlik te wees, ek sien ook nie dat MEER AS EEN UIT TIEN (14 uit 100) van my voorouers slawe was nie. Ek kry bitter min slawe, so min dat ek nie aan ‘n enkele voorbeeld kan dink nie.

Heese het ‘n groot onding onder navorser begin met sy aanname dat “van die Kaap” op slawe herkoms dui. Heese skryf op bladsy 50 van “Groep Sonder Grense” dat die stammoeder van die Greeff familie, Susanna Claassen, slaafs was. Hy doen dit op sterkte van die feit dat die toponiem “van de Kaap” tereg ten opsigte van haar gebruik is. Sy is inderdaad die eerste persoon in die hele Greeff familie wat in Afrika gebore is. Kyk gerus na AFSKRIFTE VAN die oorsproklike dokumensie ten opsigte van haar geboorte, doop en haar ouers. Dit is alles kristal helder uiteengesit by:

http://www.eggsa.org/articles/SusannaClaasz/SusannaClaasz.htm

Laat dit vir jou ‘n les wees ten opsigte van hoe bekwame navorsers te werk gaan.

“Groep sonder Grense” is ‘n besonder SWAK stuk werk wat op sekondere bronne gesteun word, en wat boonop moedswillig die feite verdraai het om opslae te maak. My grootste wrok teen “Groep Sonder Bronne” is die gevolg wat dit onder wetenskaplikes gehad het, omdat dit ‘n hele land se mense daartoe gelei het om “aannames” te aanvaar sonder om die ware feite in die oorsproklike bronne na te slaan.

Digitale fotografie en fotostate maak dit vandag BAIE maklik om afskrifte van oorspronklike dokumente te kry. Die Greeff familie versamel elke maand meer as ‘n DUISEND afskrifte van oorspronklike bron dokumente. In Augustus alleen het ek meer as 2500 afskrifte van oorsproklike dokumente ontvang. Ek kyk eerder na die oorspronklike dokumente as om iets te aanvaar omdat Heese se “Boek Sonder Bronne” so sê.

As jy wil slim wees en met uiters betroubare GRATIS afskrifte wil werk, begin gerus by eGGSA se GRATIS fotoversameling van grafte. Tik liewer al daardie feite in jou stamboom in as die ongestaafde duimsuiery in “Boek Sonder Bronne”.

Groete,
Francois Greeff

______________
Francois Greeff

36 Aston Road
London
SW20 8BE
United Kingdom

Phone: 0044 20 8123 4224
Mobile 0044 79 6372 2345
Skype: Greefffrancois
Greeff Family Web Site: www.Greeff.info
Greeff Family Newsletter:
http://www.greeff.info/tng01/GreeffGenealogyJournal.php

To join the Greeff Correspondence Circle, our family email network, please send an email to GREEFF-L-request@rootsweb.com <mailto:GREEFF-L-request%40rootsweb.com> , with only one word, subscribe, as subject and body. To get out again, send unsubscribe.

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (8)
5b. Re: Heese se "Boek Sonder Bronne"
Posted by: "Ariel Rudolph" ariel.rudolph@gmail.com   ariel.rudolph
Wed Sep 3, 2008 11:26 pm (PDT)
Beste Francois en lyslede,
Terwyl ek heeltemaal saamstem dat foute bevat word in enige genealogiese navorsing, ek wil net hier stel dat *Agnietie Pieters* (of Angenietie PIETERSZ / Anna Angenieta PIETERSZ/ Johanna Angenieta PIETERSZ afhangend van watter dokument jy lees) definitief die dogter was van *Andreas PIETERSZ*van Lubeck, Duitsland was. Maar haar moeder was
*Christina VAN DIE KAAP* en sy was definitief van swart / slawe bloed.
Die bewys is op *Agnietie PIETERSZ* se boetie *Jan* se doopinskrywing was hy gelys as "halfslag". Later in *Lena (Helena) VAN DE CAAB* (Jan se eerste vrou) se boedel word na *Jan* verwys as 'n "vrijswart".

Aangaande Jan Jacobs kan ek nie praat nie maar nou kan jy jou bronne opdateer dat *Agnietie Pieters* definitief ten minste "halfslag" was en jy hoef nie meer staat te maak op "van die kaap" in haar ma se naam nie. :)

Wie my gehelp het met die suksesvolle identifikasie van Jan in die einde was niemand anders as Richard Ball, die skrywe van die artikel oor Susanna Claassen se herkoms in die artikel waarna jy verwys in jou oorspronklike epos.

Groete
--
Ariel
Israel
Navorsing: Die RUDOLPH van
http://rudolph-gen.com

2008/9/4 Francois Greeff <Goodgreeff@hiddencode.co.uk>

> DINK LOGIES, DINK REG:
>
> Ek lees onlangs op SA Gen: "Dit word deur historici aanvaar dat almal wie

> se
> vanne "Van die Kaap" of dan "van de Caab" was, slawe was wat aan die Kaap
> gebore is. Dit is hoekom Jan Jacobs en Agnietie Pieters volgens my bronne
> slawe of die kinders van slawe was. Ek sou voorstel jy gaan dieper as
> Rootsweb soek. Praat met die genealogiese vereniging en kom soek jou
> familie
> se geboortesertifikate/doopsertifikate/huweliksdokumente in die Kaapse
> argiewe (dit gaan reg tot 1652).
>

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (8)
5c. Re: Heese se "Boek Sonder Bronne"
Posted by: "Louis Hurn" louishurn@telkomsa.net ljhurn
Thu Sep 4, 2008 1:21 am (PDT)
Hi Francois,
Kolskoot, nou kan almal op die lys sien hoekom ek so diep ontstoke was oor hierdie uitlatings wat Max du Preez in sy boek, asook in die Beeld gemaak het. Dankie jy het die saak baie mooi opgesom en reggestel, net jammer Max sal dit nie sien nie, hy is nie deel van die groep nie.
Groete.
Louis Hurn

Tel. : +2731 563-5443
Cell. : +2773 150-1378

Link to Hurn Family Website
http://www.onsfamilie.info/register.php?personID=I399&tree=Hurn&generations=10

----------

----------

No virus found in this outgoing message.
Checked by AVG - http://www.avg.com
Version: 8.0.169 / Virus Database: 270.6.16/1650 - Release Date: 9/3/2008 4:13 PM

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (8)
5d. Hans Heese se Boek
Posted by: "sastamouers" andre@rensburg.com sastamouers
Thu Sep 4, 2008 4:57 am (PDT)
Hans Heese se werk was een van die fondamentele baanbreker werke vir sy tyd. Dit is maklik om nou terug te kyk en hom te probeer aanval. In daardie dae het meeste Afrikaners die miete aanvaar dat ons 'n suiwer "wit" ras was. Die presiese presentasie slawe voorouers wat Afrikaners het is nie die kwessie nie. Voor Heese het meeste Afrikaners nie besef dat hulle slawe stamouers gehad het nie, en as hulle dit geweet het dan sou hulle dit nie bekend maak nie. Soos hulle in Engels se "They wanted to shoot the messenger". Ewe skielik

was hy die sondebok.

Toe ek vir twee jare in 1987/88 in Suid-Afrika kom woon het was daar 'n program op die radio "Dit is ons van". Ek was verbaas toe hulle oor die Combrinck familie gesels, niks was gese oor die stamvader se vrou Magdalene Ley se slawe afkoms nie. Dit is nie altyd wat jy se nie, maar wat jy nie se nie.

Die samelewing was skuldig aan beide die "sin of commission and ommission".

Ons is bevoorreg om op die skouers van baanbrekers te bou. Het Heese se werk te kort geskiet, ja. Ek is seker hy sal dit ook erken. Was sy werk van baat vir historici en vir genealogiese navorsers - daar is geen twyfel nie.

Ek se dankie vir Hans Heese vir nie net die boek Groep sonder Grense nie maar ook vir sy ander boeke en artikels wat hy geskrywe het oor die slawe van die vroee Kaap.

Andre van Rensburg

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (8)
5e. Re: Slawe afkoms
Posted by: "dues_ex_machina" nnbusservice@intekom.co.za   dues_ex_machina
Thu Sep 4, 2008 5:41 am (PDT)
Sou graag wou weet wat die opinie van lede is ten opsigte van die moontlikheid dat van die "slawe" blank was. Destydse see rowers het europese kus dorpe geplunder en die kinders en vrouens gevange geneem en tot sover as die ooste as slawe daar verkoop.

Hoeveel blanke bloed is daar nie dan in Afrika en die Ooste ingeteel nie. Dus behoort ons alle mense te kan klassifiseer as kleurlinge. Geen swart of wit of indier want dit val dan nou onder iets soos 'n verfpalet na van Gogh met hom klaar is. Almal is in alles vermeng en is daar geen suiwer ras nie - waarom dan so daarop hammer. Daarom dat ons maar onsself saam groepeer met betrekking tot ons taal, ons geloof, ons verlede en ons toekoms.

Die punt bly staan dat Max du Preez se lewe maar baie vervelig is en daarom wil hy trap op die vertraptes ...

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (8)
6a. Re: BANTJES (weer vir Annelie)
Posted by: "Annelie Els" annelie@who-els.co.za   engelkind2000
Wed Sep 3, 2008 6:56 pm (PDT)
Hallo Charlie,
Nee jongie, ek gaan nie my kop op `n blok sit met daardie ou krulletjies handskrif nie. Dit kan net sovel Frantz wees.
Ek stuur vir jou die stukkie van die foto dan kyk jy self daarna.
Daar is sommer heelparty '???' by die name en vanne van die Potch-data.
Aai, hoekom moes die mense tog so pragtige sierskrif gebruik ;-)))
Groetnis

-----Original Message-----
From: SAGenealogie@yahoogroups.com [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On Behalf Of Charlie Els
Sent: 03 September 2008 09:52 PM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: RE: [SA-Gen] BANTJES (weer vir Annelie)

Annelie,

Ek sien SAG Vol 2, bl. 364 se ook Sarah Williamson Frantz x Bernard Louis BANTJES. Is jy seker die huweliksboek se Frank?

Groete,

CHARLIE

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (7)
6b. Re: BANTJES (weer vir Annelie)
Posted by: "Annelie Els" annelie@who-els.co.za   engelkind2000
Wed Sep 3, 2008 7:05 pm (PDT)
Hallo Bantjes-mense,
Ek het weer mooi na die inskrywing gaan kyk - die foto mooi GROOT 'in-gezoom' - die van is duidelik ingeskryf as FRANK en die huweliksdatum na aanleiding van Charlie se tweede epos is ook beslis die 17 Maart 1862.
Ek stuur die stukkie foto aan Charlie dat hy net kan seker maak my info is korrek.
Groetnis
Annelie.

-----Original Message-----
From: SAGenealogie@yahoogroups.com [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On Behalf Of Charlie Els
Sent: 03 September 2008 09:52 PM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: RE: [SA-Gen] BANTJES (weer vir Annelie)

Annelie,

Ek sien SAG Vol 2, bl. 364 se ook Sarah Williamson Frantz x Bernard Louis BANTJES. Is jy seker die huweliksboek se Frank?

Groete,

CHARLIE

-

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (7)
6c. Re: BANTJES (vir Annelie)
Posted by: "Charlie Els" el55@mweb.co.za   charlieels
Thu Sep 4, 2008 12:32 am (PDT)
Hallo Annelie,

Dankie vir die aanstuur. Ek het ook mooi gekyk en dit vergelyk met 'n ander "k" van die skrywer (in "Hendrika"; 4de inskrywing van bo-af) . Ek stem saam; dit is beslis aangeteken as FRANK.

Dankie vir jou bydrae (al weer!) om ons inligting te verfyn.

Groete,

CHARLIE

-----Original Message-----
From: SAGenealogie@yahoogroups.com [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com]On Behalf Of Annelie Els
Sent: 04 September 2008 04:05 AM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: RE: [SA-Gen] BANTJES (weer vir Annelie)

Hallo Bantjes-mense,
Ek het weer mooi na die inskrywing gaan kyk - die foto mooi GROOT 'in-gezoom' - die van is duidelik ingeskryf as FRANK en die huweliksdatum na aanleiding van Charlie se tweede epos is ook beslis die 17 Maart 1862.
Ek stuur die stukkie foto aan Charlie dat hy net kan seker maak my info is korrek.
Groetnis
Annelie.

-----Original Message-----
From: SAGenealogie@yahoogroups.com [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On Behalf Of Charlie Els
Sent: 03 September 2008 09:52 PM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: RE: [SA-Gen] BANTJES (weer vir Annelie)

Annelie,

Ek sien SAG Vol 2, bl. 364 se ook Sarah Williamson Frantz x Bernard Louis BANTJES. Is jy seker die huweliksboek se Frank?

Groete,

CHARLIE

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (7)
7a. Re: FOTO VAN JG BANTJIES
Posted by: "Barry Palmer" barrypalmer@vodamail.co.za   barrypalmer35
Wed Sep 3, 2008 10:03 pm (PDT)
Groot asbelief Leon.

Dankie

Barry Palmer

barrypalmer@vodamail.co.za

From: SAGenealogie@yahoogroups.com [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On Behalf Of Leon Oberholster
Sent: 31 August 2008 17:55
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: Re: [SA-Gen] FOTO VAN JG BANTJIES

Ek het 'n foto van Jan Bantjes (van Bloedrivier-faam) op my rekenaar - afkomstig uit die Afrikaanse Kultuuralmanak van 'n klompie jare gelede. Kan dit vir belangstellendes aanstuur.

Leon Oberholster

-------Original Message-------

From: Daniel Jacobs
Date: 2008/08/31 02:17:18 nm
To: SAGenealogie@ <mailto:SAGenealogie%40yahoogroups.com> yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] FOTO VAN JG BANTJIES SR?

Beste Gert

Ek en Charlie Els het ook vroeër die naweek gesels oor die foto van Bantjies wat op die betrokke webblad verskyn - ek het die foto nl. in 'n ander publikasie teengekom. Dr. Jan Visagie verwys nl. in sy Voortrekkerstamouers na Stals se publikasie Die Afrikaners in die Goudstad, Deel 1 waarin hy sê dat daar teenoor bl. 16 van die boek 'n foto van Bantjies verskyn. Dit is dieselfde foto as die een op die webblad waarvan jy die skakel voorsien het. Volgens Stals se boek is dit egter 'n foto van Bantjies se seun - ook JG Bantjies - wat 'n bekende prospekteerder was.

Groete

Daniel Jacobs
www.gendata.co.za

2008/8/31 Gert Coertzen <coertzen@netactive.
<mailto:coertzen%40netactive.co.za> co.za>

> DAG. Aan al die BANTJES lesers, skrywers en belangstellendes. By die
> onderstaande webblad is n foto en sy joernaal. GROETNIS. GERT COERTZEN
>
> http://www.groottre <http://www.groottrek.co.za/bantjes_01.htm>
k.co.za/bantjes_01.htm
>
> [Non-text portions of this message have been removed]
>
>
>

--
www.gendata.co.za

[Non-text portions of this message have been removed]

[Non-text portions of this message have been removed]

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (2)
8. KLOMP OULIKE GENEALOE
Posted by: "Berna Julietta van de Venter" bernajul@telkomsa.net capricornjump
Wed Sep 3, 2008 10:36 pm (PDT)
More almal

Die reaksie is amper oorweldigend. Ek sukkel my dood vir maande met goed en hier pop nou elke dag inligting uit rondom die "moeilike" vanne in myse familie.

Almal van julle se reaksie en bydraes is wonderlik. Die hulp is van onskatbare waarde en word regtig hoog op prys gestel deur myself, Louis, Charlie, Ann en al die ander wat belang het by die Bantjes en nou ook DesChamps. Janet en Ann moet my asseblief nie hier vergeet nie. Ek sal baie bly wees as jy daardie stamboom met my sal deel Janet en jy Ann wat tot jou beskikking is. Janet ek kan ook vir jou stuur wat ek het, dit wat ek ook vir Ann aangestuur het. Ek doen dit met graagte. Dit sal wonderlik wees as alles meer vleis kry en so volledig daar kan uitsien as wat denkbaar is. Dit maak my sommer opgewonde nes die spul honderde voeltjies wat hier voor my venster neergedaal het uit die bome op die grasperk agter die miljoene goggatjies.

Martie, ek ken nie die term "lekeversorger" nie? Wat behels die persoon se take? Bellville? Dis nie dalk SHARON nie? Gebore 29 Mei 1982. Dit is my neef Allan se dogter. Haar ma is Rentia en is 'n haarkapper.

'n Lieflike dag vir almal, mag die son op jul rue skyn en die meetsnoere op al die regte plekke Val.

Berna

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
9. [Koerant] The Mercury Woensdag 3 September 2008.
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaqea9fac
Wed Sep 3, 2008 11:27 pm (PDT)
Dag vriende,

QUICKQUIP:- " Smooth seas do not make skilful sailors." African Proverb.

GEBOORTE:-CILLIERS nee MATTIG Jon & Nicole 'n seun Nathan Luke * 26 Aug 2008.Broer vir Zacary en Benjamin.3de kleinseun in die CILLIERS & MATTIG familie.

COLE /GRANT-RIACH Gary & Gloria 'n dogter Paige Poppy * 28 Aug 2008 by Basildon Hospitaal Essex UK . Kleinkind vir Hugh & Gloria.

VERLOWINGS:-MULHOLLAND Merle & + Alistair se seun Ashley aan Andrea , dogter van Quinton & Shirley HOLTE . Ingesit deur Joe & Merle NICHOLSON .

HUWELIKE:-BURTON Dallas & Michelle THOMAS trou by Ellingahm Resort.

DONALD Olivia & Deneys REITZ trou in Bergville.

O'KEEFE Peter & Lana-Lea COHEN trou by Ghost Mountain Inn.

CLEMMANS Jake & Niky PASTELLIDES trou by St James Church Morningside.

CHAPPLE Kim & Gareth GERRISH trou by Pani Dam, Mount Edgecombe.

STAINFORTH Wayne & Tammy trou by Braeside ,Noord Kus.

RUTHERFORD Paul & Kerry trou by All Saints Katolieke Kerk Ballito.

DOOD:- ANDOW John. + 1 Sept 2008 x Jean vir meer as 50 jaar. Pa van dogters Bobby en Dawn. Skoonpa van Andrew en Didier. Oupa van Samantha, Nicole en Jessica. Begrafnis op 5 Sept 2008 by St Peters Anglikaanse Kerk Kinkelbos Port Elizabeth om 11 vm. Memoril in Durban op later geleentheid.

BEAUMONT Phyl + 1 Sept 2008. Sal gemis word deur Rod, Mike en families. Ook haar personeel Robinson en Christine. Ontvangs by Johannesburg Country Club Auckland Park op 10 Sept 2008 om 11 vm.Begrafnis sal pivaat wees.

[ BOTHMA Frans .43 jaar + 2 Sept 2008 .(inligting op 11nm nuus)] Polisie man doodgeskied. Hy was 'n Senior superintendent. Geskied in sy kop met "High-calibre rifle ."

COLLISON Claudine Frances x Ralph.Van Redhill. Ma van Hughin . Suster en tannie. Requiem Mass by St Columbus Anglikaanse Kerk Noordkus Pad. op6 Sept 2008 om 1nm. Verassing privaat. Ingesit deur CENTRAL Funerals.031 3093531.

CORBETT Harold + 1 Sept 2008. Pa van Dudley, Linda, Elaine, Lionel, Ruth, Brett , AJ, en Sam. en oupa van Carolyn, Sally, Matthew, Dakota, Jonathan Shaun , Lauren ,Keith en Andrea.

CYRIL JOSEPH DOMINIQUE FAYD'HERBE DE MAUDAVE 29 Jan 1949-------18 Aug 2008. Pa van Chantal.

DAMP (Edith ) Babs 03 Feb 1925 ------28 Aug 2008 x Doug. Ma en skoonma van 4 kinders ouma vvan 8. Verassing privaat.Ingesit deur OAKLEIGH 031 2059959.

DUDGEON Debrasina Lucille (Lollie) x Terry. Ma van Debbie, Butch , en Chantal. Ouma van Peta, Nathan en Matthew. Begrafnis by The Sezela Kapel Sezela op 5 Sept 2008 om 12 middag Ingesit deur BELL Funerals.

HAIGH Luke Garrick John 20 Nov 1974 ----31 Aug 2008. Seun van Avonel & Brain Ross Paddy HAIGH. Broer van Carla, Janine, David en Toni. Oom van Cory, Saffron, Joshua , Ethan Connor, Ty en Freya. Diens by DOVES Plumstead Kaapstad op 4 Sept 2008 om 10 vm. Ingesit deur DOVES Plumstead 0860025500.

HENRI nee OGLE Faye . Ma van Don, Lolly, Cory en Troy skoonma en ouma /oumagroot. Begrafnis by Christ The King Katolieke Kerk Wentworth op 5 Sept 2008 om 12 middag Daarna na Stellawood Begraafplaas. Ingesit deur CENTRAL FUNERALS 0313093531.

HINSON Michael James . Goeie vriend van Beryl, Richard ,Dave en Pat. Simpatie aan Di, Stewart, Fraser en familie.

KAPLAN Manasse (Mike) 2 April 1916 ------2 Sept 2008 .x Trish. Pa en skoonpa van Jasper en Renee. Oupa van Amber & Natalie.; Anthony en Shaun [Pa van David ,Jasper , Cynthia en Richard.] Verassings Memorial Diens by Redhill Joodse Afdeling Begraafplaas om 11.30 vm op 4 Sept 2008. Gebede om 5.45 nm by Beth Shalom, 85 Vause Rd.

KNOETZE Rudi + 1 Sept 2008 .23 jaar oud. In vliegongeluk in Demokratiese Republiek Congo. Hy was 'n piloot en het reeds 1700 --1900 ure vlegtyd gehad. Seun van Johan KNOETZE van Randburg.

LETORD Brett x Jacqui.en pa. Memorial by Northdene Methodiste Kerk op 4 Sept 2008 om 2.30nm.

MATHER Neil + 1 Sept 2008 x Anthea. Pa van Russell, Janelle en Ashleigh .Oupa van 12. Geen begrafnis op versoek.

NOTT (VOURN) Mavourneen 27 Aug 1933 -----2 Sept 2008 . Metgesel van Sid. Ma van Greg, Ann, Helen en Richard. Ouma van Alex, Joshua , Becky, Amy, Ben, Luke, Tom, Hannah en Josephine.

REITH Sean Ian 03 Maart 1968 -----27 Aug 2008. Seun van John & + Shirley . Broer van Wayne en Nadine. Ook Stiefma Bev. Memorial by HiIlcrest Methodiste Kerk op 5 Sept 2008 om 2nm.

ROCHAT Bernice + 28 Aug 2008. Ma van Frank ,skoonma van Janne en ouma van Roxanne & Mark.; Ma en ouma van Heather ,Frank , Wesley en Amy. Memorial by Upper Umgeni Presbyterian Kerk Howick op 4 Sept 2008 om 11 vm. Ingesit deur DOVES0860025500.

STRYDOM Mavis + 29 Aug 2008. Vrou, Suster ,Ma en ouma. van Victor, Thelma, Andy, Gill, Andrea, Hilton , Duncan ,Jessica ,Keagan en James.

MEMORIAM:-BARRATT Edna Phyllis + 3 Sept 2007. Ma en ouma van Phyl, william, Hayley , Trav, Darren, Leigh-Ann. Oumagroot van Paige, Nathan, Kenan en Andrew; Ma en ouma van Mervyn, Margaret, Sheldon, Vanessa en Ryan.

BENNEWITH Merle Mary. 2 jaar dood nou. Onthou deur Paul, Susan , Justin en Vaughn.

CLIFT Paddy. 13 jaar dood nou. Onthou deur familie Penel, Robert ,Josie en Amy.

FARREL Willie . 1 jaar dood nou.Onthou deur Diane, Liza en Quinton.

FYNN Elstob + 3 Sept 2006. Ingesit deur familie.

HAMILTON Alex (Hammie) + 17 Aug 1962 . Pa van Alex.

HAMILTON Peggy + 03 Sep 1996 . Ma van Alex.

MAY Violet + 3 Sept 2006. Ma van LeRoy , Ook Havelock en Nicole.

PARSONS Natalie Joanne Sou jou verjaarsdag gewees het . Verewig 19 jaar .Van Ma.

WATSON Kathleen. 1 jaar dood nou. Van kinders.

Voor ek weer vergeet uit koue Gelukkig windstill Durban . Na die wind van gisternag is dit heerlik.
Rita Quebbemann.

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
10. H. F. Heese Groep sonder Grense
Posted by: "Elmien Wood" woodem@mweb.co.za
Wed Sep 3, 2008 11:29 pm (PDT)
Francois

Sjoe, maar ek sukkel om jou gedagtelyn te volg.

Jy begin met 'n aanhaling uit Max du Preez se brief. Daarna lewer jy kommentaar.

Max du Preez laat ook die hare op my kop regop staan! Ek sal graag wou weet waar hy sy familie "deurspek" is van Khoibloed. Slawebloed sal ek aanvaar, maar Khoibloed is bitter skaars. Ek wonder of dit 'n joernalistieke foefie is om slawe en Khoi saam te gooi om sodoende 'n verkeerde persepsie te skep sonder om werklik 'n "fout" te maak. Dieselfde (joernalistieke foefie) geld vir Heese se sogenaamde 14 persent nie-wit bloed van slawe en Khoi. Ek kry dit nêrens in Heese se boek nie, maar dalk lees Max beter as ek.

3. Die "jag" van Khoi en San. (Francois, hier weet ek nie meer wat jy aanhaal en wat jou eie siening is nie.) Dit is baie gevaarlik om gevolgtrekking te maak op grond van taalgebruik. By die VOC-kongres het een van die sprekers van die Universiteit van Kaapstad verduidelik dat "eerlik" in die tyd waarna hy verwys het eintlik "eerbaar" beteken. (Daardie lesings is baie diep gebêre, as iemand regtig die verwysing wil hê, sal ek daarna gaan soek.)

In die boek "Family Skeletons" van Paley en Fowler (The National Archives, 2005) is daar 'n hele paragraaf oor hoe moeilik dit is om woorde wat te doen het met "voorkinders" te definieer. (p. 183).

Terug by "jag". Moodie se boek beskryf hoe groepe uitgegaan het om "boesmans" te vervolg. Dit kan wel wees dat hulle "gejag" is, maar mens sal weer die betrokke dele met aandag moet deurlees.

4. "Van die Kaap". Dit is waarskynlik die moeite werd om weer na te gaan hoe konsekwent "Van die Kaap" gebruik is om iemand wat uit 'n gemengde huwelik gebore is aan te dui. Ek het reeds daaroor kommentaar gelewer in 'n vorige brief.

"Boek sonder Bronne": Heese het talle bronne gebruik in sy werk: Literatuur (p. 155), Tydskrifartikels (p. 156), Argivale bronne (p. 157 - 160)

Ek gee nie om wat mense beweer nie, maar as mense bewerings maak wat ongegrond is of 'n vals indruk probeer skep laat dit my kriewelrig voel.

My uitdaging aan Francois: Bewys vir my een geval uit jou afskrifte van oorspronklike dokumente waar "van die Kaap" nie 'n kind uit 'n gemengde huwelik was nie. (Ek dink dit sou moontlik wees.)

My uitdaging aan Max du Preez: Bewys vir my waar jou voorgeslagte "deurspek" is van Khoivoorouers. (Ek twyfel baie sterk daaraan.)

Groete
Elmien

(

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
11. (Koerant) Beeld 04 Sep. 2008
Posted by: "Fanie Blignaut" blikkies@mabonline.co.za   blignautfanie
Thu Sep 4, 2008 12:12 am (PDT)
AYLWARD; Magdalena Elizabeth, in lewe van Pretoria. Begrafnisdiens: EG Kerk, Wonderboom, Pretoria, 05/09/2008, 09:30 # Zandfontein Begraafplaas, Pretoria. (Beeld - 04/09/2008) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria-Noord, 012-565-4269.

LOUW; {Ds} Andre, in lewe van Pretoria. Verassingsdiens: NG Kerk, Akasia, Pretoria, 05/09/2008, 10:00. (Beeld - 04/09/2008) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria-Noord, 012-565-4269.

MYBURGH; Gabriel (Gawie). in lewe van Benoni, Gauteng provinsie. Verassingsdiens: NG Kerk, Kempton-Oos, Gauteng provinsie, 05/09/2008, 15:00. (Beeld - 04/09/2008) AVBOB Begrafnisdienste, Benoni, 011-421-5842.

POTGIETER; Hermanus Jacobus, in lewe van Pretoria. Begrafnisdiens: Lede in Christus Kerk, Booysensstraat 155, Les Marais, Pretoria, 05/09/2008, 11:00 # Heatherdale Begraafplaas, Britsweg, Pretoria-Noord. [Foto met berig]. (Beeld - 04/09/2008) Grobbelaars & Church Street Begrafnisdienste, Riviera, Pretoria, 012-329-3682/3/4.

Groete,

Fanie Blignaut (Blikkies),

Vanderbijlpark,

Gauteng provinsie.

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
12. Max du Preez
Posted by: "Lindalea Olivier" olindalea@yahoo.com   olindalea
Thu Sep 4, 2008 3:05 am (PDT)
Goeiemore al die du Preez "aanhangers" â˜º

Lyk vir my ons moet onse Max verban uit die "groep met bronne." Elke keer as hy 'n joernalistieke "Dorsland" binnetrek raak hy "neerhalend," nie teenoor enige persoon in die besonder nie, maar teenoor een groep Afrikaners in die algemeen. Sy antwoord aan Louis ís beslís in neerhalende trant [teenoor Louis] geskryf -

lees maar mooi hoe hy Louis verwys na genealogiese werke en stawende dokumentasie - duidelik weet hy nie dat Louis wel die data tot sy beskikking navors en dit nie sommer net uit die lug uit gryp nie. Kan hy nie asseblief 'n slaggie sý bronne by sý joernalistieke sensasie toon nie, dan kan ons "dom" Afrikaners ook kyk waar hy die inligting waarmee hy dink hy die meerderheid mense in die land probeer skok vandaan kry, eerder as om agterna 'n polemiek met hom daaroor op tou te sit.

Genealoë wat hulle sout werd is (en daarmee betwyfel ek nie die meriete van vroeëre publikasies nie) sal nie ontken dat vermenging wel plaasgevind het nie, maar hulle sal die inligting beslis deeglik navors en ook die omringende geskiedenis nagaan alvorens hulle hulself uitlaat in die samestelling van 'n genealogiese register. Ek stem, ons is 'n multi-kulturele land want as ons nie ondertrou het nie, het ons in elk geval allerlei van mekaar geleen soos bobotie en selfs klerestyle - dus het ons tog onderling erkenning aan mekaar verleen. Waar kom die veronderstelling dat daar `n groep is wat nie weet nie of nie wil erken nie dan vandaan - dis suiwer fabrikasie deur mense soos Max du Preez wat flou gedraf is agter geld aan en dan een groep moet aanval tot voordeel van homself en 'n ander groep. In die proses is hy teenproduktief met betrekking tot die beleid van versoening. Miskien moet ons al die genealogiese verenigings se name en e-posadresse aan
hom verskaf sodat hy self kansien dat data vandag nie meer "rou" gebruik word nie, maar nagevors word alvorens dit gepubliseer word.

En Louis jy het my toestemming - dit sou goed wees om al hierdie kommentaar vir Max te stuur sodat hy kan sien die mense in hierdie land word nie deur sy sogenaamde skokkende uitlatings geskok nie, maar weet dat vermenging verseker nie uitgesluit was nie, gegewe die samestelling van die vestigingsbevolking aan die Kaap.
Lekker dag aan almal
Linda Olivier
olindalea@yahoo.com
Navorser: Coetzee/Kotze & Lindholm/du Plooy en aanverwant
Silverton, Pretoria

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
13. Bonnie-lass
Posted by: "Adélle Jerling" cool2bsafe@yahoo.com   senekalgen
Thu Sep 4, 2008 3:23 am (PDT)
En so ontmoet ek toe vir Bonnie Sydow nou die aand op ons tak se byeenkoms!  Wat 'n eer.  En is ons nie almal jaloers op sy reis deur ons land en al die geleenthede om self die bobbejaan agter die berg te gaan haal nie!
En natuurlik moes ek toe ook uitvind Bonnie is toe nooit 'n lass van Ierland nie, maar 'n lad!!Ook maar stupid!  Dis partykeer so lekker om 'n gesig by 'n naam te voeg dat ek soms wens mens kon vir jouself 'n klein foto-ikoon op die forum plaas.  Maar, dan weer...die annonimiteit van die web laat ons almal toe om 'n paar kilogramme weg te steek, daardie skewe armpie of uitvalogie en die tanne soos 'n dorre opslag-mielie!
Soos ek ook aan hom laat weet het, hoop ek ons almal sien binnekort 'n pennevrug uit daardie hand wat ons saamneem op 'n genealogiese reis deur ons land.  En eendag as ek aftree, gaan ek ôk 'n camper hê, kant en klaar besluit.  So die kinnertjies moet maar net weet, selfsorg en g'n niks gelê op ma en pa se

voorstoep tot hulle van verveling begin werk nie!  Intussen beplan ek solank die kleur van my camper se gordyntjies!
Lekker dag!
ADéLLE JERLING
Sel: 072 920 0788

Familienavorsing in SENEKAL, JERLING, GREYLING, ELOFF, KLEINHANS, CRUYWAGEN, VAN DER LINDE

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
14. ERASMUS SMIT SE DAGBOEK EN JG BANTJES
Posted by: "Daniel Jacobs" danielmalanjacobs@gmail.com
Thu Sep 4, 2008 4:51 am (PDT)
Beste Vriende

Die verwysing na JG Bantjes as Kleurling kom voor in Erasmus Smit se dagboek. Ek kon net die Engelse weergawe van die dagboek op Google Books opspoor. Sien
http://books.google.co.za/books?id=ZQB95oouZc0C&q=erasmus+smit+dagboek&dq=erasmus+smit+dagboek&ei=_cq_SNnrMonKjgHpovnsDQ&pgis=1
Met 'n
soektog op die woorde BANTJES en KLERK gedoen (daar word mos genoem dat hy saam met De Klerk getrek het) verskyn o.a. die volgende teks: "Mr. de Klerk brought with him a young Coloured man, and since the latter has some talents I requested him to read a passage ...." Bantjes se naam kom nie voor in die "snippet view" nie, maar die betrokke verwysing het beslis betrekking op hom. Ek het al voorheen kennis daarvan geneem dat Erasmus Smit na hom as Kleurling verwys het. Ek sal vanaand by die huis gaan kyk na die teks in die Afrikaanse weergawe van die dagboek.

JG Bantjes moes dus waarskynlik donker van kleur gewees het, maar moes deur die Voortrekker-gemeenskap as een van hulle eie aanvaar gewees het siende sy huwelik met die weduwee van Oosthuizen ens.

Groete

Daniel Jacobs
www.gendata.co.za

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 3399

Datum: Thursday, September 04, 2008 23:52

Daar is 16 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:


1a. Re: H. F. Heese Groep sonder Grense From: Francois Greeff
2. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 04 Sept 2008 From: P Marx
3a. Toponieme aan die Kaap From: Francois Greeff
4a. Re: Slawe afkoms From: Harry
5a. Re: Heese se "Boek Sonder Bronne" From: Johann Hanekom
5b. Sy was 12 toe sy trou. From: Francois Greeff
5c. Re: Heese se "Boek Sonder Bronne" From: Pieter du Venage
5d. Re: Heese se "Boek Sonder Bronne" From: Daniel Jacobs
5e. Re: Heese se "Boek Sonder Bronne" From: Pieter du Venage
5f. Gemiddeld van 14 % From: Francois Greeff
5g. Re: Sy was 12 toe sy trou. From: Johann Hanekom
5h. Re: Gemiddeld van 14 % From: paul.prinsloo
6. ERASMUS SMIT SE DAGBOEK EN JG BANTJES - HOLLANDSE TEKS From: Daniel Jacobs
7a. STRAUSS From: Fanie Buys
8. Re: Tryn RAS (vir Charlie Els) From: Johann Ahlers
9a. MAX DU PREEZ From: Sylvester Rascher


View All Topics | Create New Topic Messages
> betwyfel hierdie 14 % BAIE sterk. Vra jouself af: Hoeveel Jode het
destyds
> (of ooit) onder die Afrikaners ingetrou? Hulle het baie meer in gemeen
met
> die Afrikaners as Moslems en Maleiers.
>
> Ek wil ook graag die persentasies sien vir huwelike binne eie groepe,
soos
> by die Franse Hugenote onder hulself, die Hollanders onder hulself, en
die
> Duitsers onder hulself, vir die eerste honderd of twee honderd jare aan

die
> Kaap. In my eie kwartiestaat sien ek ruim voorbeelde van 'binnegroep'
> troues: Dirk Coetzee x Sara van der Schulp, Andre Gauch x Jacquiline du
> Preez (Ducre), Huppenaar x Hoffman, Guillaume Nel x Jeanne de la Batte,
> Fourie x Cordier, Lotter x Beck, Bastiaanz x de Leeuw, Nortje x Vyton,
> Pinard x le Febre, en baie baie meer. Om eerlik te wees, ek sien ook nie
> dat
> MEER AS EEN UIT TIEN (14 uit 100) van my voorouers slawe was nie. Ek kry
> bitter min slawe, so min dat ek nie aan 'n enkele voorbeeld kan dink
nie.
>
> Heese het 'n groot onding onder navorser begin met sy aanname dat "van
die
> Kaap" op slawe herkoms dui. Heese skryf op bladsy 50 van "Groep Sonder
> Grense" dat die stammoeder van die Greeff familie, Susanna Claassen,
slaafs
> was. Hy doen dit op sterkte van die feit dat die toponiem "van de Kaap"
> tereg ten opsigte van haar gebruik is. Sy is inderdaad die eerste
persoon
> in
> die hele Greeff familie wat in Afrika gebore is. Kyk gerus na AFSKRIFTE
VAN
> die oorsproklike dokumensie ten opsigte van haar geboorte, doop en haar
> ouers. Dit is alles kristal helder uiteengesit by:
>
> http://www.eggsa.org/articles/SusannaClaasz/SusannaClaasz.htm
>
> Laat dit vir jou 'n les wees ten opsigte van hoe bekwame navorsers te
werk
> gaan.
>
> "Groep sonder Grense" is 'n besonder SWAK stuk werk wat op sekondere
bronne
> gesteun word, en wat boonop moedswillig die feite verdraai het om opslae
te
> maak. My grootste wrok teen "Groep Sonder Bronne" is die gevolg wat dit
> onder wetenskaplikes gehad het, omdat dit 'n hele land se mense daartoe
> gelei het om "aannames" te aanvaar sonder om die ware feite in die
> oorsproklike bronne na te slaan.
>
> Digitale fotografie en fotostate maak dit vandag BAIE maklik om
afskrifte
> van oorspronklike dokumente te kry. Die Greeff familie versamel elke
maand
> meer as 'n DUISEND afskrifte van oorspronklike bron dokumente. In
Augustus
> alleen het ek meer as 2500 afskrifte van oorsproklike dokumente ontvang.
Ek
> kyk eerder na die oorspronklike dokumente as om iets te aanvaar omdat
Heese
> se "Boek Sonder Bronne" so sê.
>
> As jy wil slim wees en met uiters betroubare GRATIS afskrifte wil werk,
> begin gerus by eGGSA se GRATIS fotoversameling van grafte. Tik liewer al
> daardie feite in jou stamboom in as die ongestaafde duimsuiery in "Boek
> Sonder Bronne".
>

> Groete,
> Francois Greeff
> _____________
> Francois Greeff
> 36 Aston Road
> London
> SW20 8BE
> United Kingdom
>
> Phone: 0044 20 8123 4224
> Mobile 0044 79 6372 2345
> Skype: Greefffrancois
> Greeff Family Web Site: www.Greeff.info
> Greeff Family Newsletter:
> http://www.greeff.info/tng01/GreeffGenealogyJournal.php
>
> To join the Greeff Correspondence Circle, our family email network,
please
> send an email to
GREEFF-L-request@rootsweb.com<GREEFF-L-request%40rootsweb.com>
>
<mailto:GREEFF-L-request%40rootsweb.com<GREEFF-L-request%2540rootsweb.com>>
> , with only one word, subscribe, as
> subject and body. To get out again, send unsubscribe.
>
> [Non-text portions of this message have been removed]
>
> ----------------------------------------------------------
>
> No virus found in this incoming message.
> Checked by AVG - http://www.avg.com
> Version: 8.0.169 / Virus Database: 270.6.16/1651 - Release Date:
9/4/2008
> 6:57 AM
>
> [Non-text portions of this message have been removed]
>
>
>

--
www.gendata.co.za

[Non-text portions of this message have been removed]

----------------------------------------------------------
--

No virus found in this incoming message.
Checked by AVG - http://www.avg.com
Version: 8.0.169 / Virus Database: 270.6.16/1651 - Release Date: 9/4/2008
6:57 AM

[Non-text portions of this message have been removed]

------------------------------------

SAGenealogie is ‘n poslys vir die bespreking van genealogiese en genealogies-verwante aangeleenthede alleenlik, onderhewig aan die voorwaardes soos uitgespel by http://www.geocities.com/sagenealogie/ Lede wat aangeleenthede wil opper wat nie van 'n suiwer genealogiese aard is nie, word versoek om dit nie op die poslys te doen nie, maar dit liefs van die lys af direk aan die betrokkene te stuur. Probleme, klagtes en voorstelle vir verbetering moet gestuur word aan:
SAGenealogie-owner@yahoogroups.com

Besoek ons webblad by:
http://www.geocities.com/sagenealogie/

Yahoo! Groups Links

No virus found in this incoming message.
Checked by AVG - http://www.avg.com
Version: 8.0.169 / Virus Database: 270.6.16/1651 - Release Date: 9/4/2008 6:57 AM

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (33)
9. George St Leger Gorden Lennox
Posted by: "Frikkie Jansen Van Rensburg" frikkier@hwsasolburg.co.za
Thu Sep 4, 2008 11:00 pm (PDT)
Hallo Lyslede

Is daar dalk iemand wat navorsing doen of geskiedkundige inligting het oor die Lennox familie. n Vriend van my is opsoek na sy oupa se voorouers.

Sy oupa het bekend gestaan as Suid Afrika se Robin Hood - Scotty Smith maar sy werklike

naam George St Leger Gorden Lennox gebore 22 November 1845

Groete

Frikkie Jansen Van Rensburg

Email : frikkier@hwsasolburg.co.za

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
10a. Re: SAG
Posted by: "Richard Wheeler" rwheeler@woodlandsnet.co.za   wheelerrt123
Thu Sep 4, 2008 11:21 pm (PDT)
Daan, Baie dankie. Wat my geweldig ontstel is die feit dat ek al my navorsing oor die WHEELER's betyds ingedien het en daar bevestig was dat dit ontvang was. Tog het die mense nagelaat om dit te publiseer. Dit was 'n ideale geleentheid en onsettend belangrik vir ons dat die inligting gepubliseer moes word. Ons het dag en nag gewerk om die inligting betyds reg te kry. Ek is nou baie negatief teenoor hierdie publikasie.

Richard Wheeler

----- Original Message -----
From: Daan Hamman
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Wednesday, September 03, 2008 7:49 PM
Subject: Re: [SA-Gen] SAG

Richard,

Die SAG Vol. 16 (Wa-Wy) het wel die Wheeler en Van Wyk families in. Die Wheeler-familie is maar baie skraps, slegs die eerste geslag van twee van die stamvaders verskyn daarin tesame met die ses ander stamvaders wat na SA gekom het.

Die Van Wyk-familie is baie volledig. Ek weet net nie of die SAG se Van Wyks meer volledig is as die GGSA se Van Wyk-familie CD wat in 2006 verskyn het.

Die Nasionale Biblioteek in Pretoria behoort 'n eksemplaar van SAG Vol. 16 te hê omrede hulle 'n pliggewing biblioteek is. Moontlik nog nie ontvang nie of uitgepak nie want dit het reeds ongeveer 2 maande gelede verskyn.

Groete,

Daan Hamman

Ek sukkel om toegang te verkry tot die laaste uitgawe van SAG (W-Z) Biblioteke het dit nie en selfs die nuwe Nasionale Biblioteek in Pretoria het nie 'n kopie nie. Ek is op soek inskrywings oor WHEELER asook VAN WYK (wat skynbaar onder W resorteer.

Kan enigiemand asb help?

Groete

Richard Wheeler

[
.

[Non-text portions of this message have been removed]

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (8)
11a. Re: Gemiddeld van 14%
Posted by: "Johan Pottas" PottasJ.RD@ufs.ac.za   pottasjj
Thu Sep 4, 2008 11:29 pm (PDT)
Dag almal

Francois Greeff se aanhaling verwys: "Om een punt vier persent nie blanke voorouers te hê moet jy 14 nie blankes in die tiende geslag hê. 14 uit 1024 mense. Laat weet my asseblief van `n kwartierstaat wat 14 nie blankes in die tiende geslag het.

Hier onder is 'n uitreksel uit 'n persoon se voorgeslagstaat in die 10de geslag. Ek moet nog 4 uit 16 persone in die 5de geslag se voorouers uitpluis. As Francois die persoon se besonderhede wil weet kan jy my van lyn af kontak.

14 persone in die 10de geslag is afkomstig van gemengde herkoms.

542. Christoffel SNYMAN a139 was born in 1669. He was christened on March 9, 1669. He died in 1706. He was married to Marguerite-Therese DE SAVOYE in July 1689.
600. Lorenz CAMPHER a1 was born about 1651. He was married to Ansela VAN DE KAAP about 1685.
608. Daniel ZAAYMAN a1 was born about 1650. He died in 1714.16 He was married to Petronella VAN MEERHOFF about 1678.
618. Cornelis CLAASEN a3 was born about 1634. He was also known as Kees de Boer. He was married to Catharina VAN MALABAR on March 15, 1657 in Kaapstad, Wes-Kaap.
754. Jacobus BOTHA is the same as person number 270. Getroud met 755. Elsie SNYMAN is the same as person number 271.
762. Johannes HOFFMAN a1 was born about 1675 in Langenberg, Duitsland. He was married to Maria Louisz VAN DE KAAP on August 9, 1711 in Kaapstad, Wes-Kaap.
780. Hendrik Abraham DE VRIES a1 was born about 1663. He died before 1745. He was married to Maria ZAAIMAN about 1703 in Mauritius.
794. Gerrit VAN DER SWAAN a1 was born about 1675. He was married to Agnita CAMPHER on September 5, 1705.
796. Arie VAN WIJK27 was born in 1686. He was christened on April 13, 1686. He died before September 25, 1731. He was married to Anthoinetta CAMPHER on December 27, 1711.
816. Christoffel SNYMAN a1 is the same as person number 542. Getroud met 817. Marguerite-Therese DE SAVOYE is the same as person number 543.
842. Johannes PRETORIUS was born in 1680. He was christened on September 22, 1680 in Kaapstad, Wes-Kaap. He died before June 5, 1732 in Stellenbosch, Wes-Kaap.65,72,27 He was married to Helena VOSLOO on March 12, 1713 in Kaapstad, Wes-Kaap.
926. Krelis Cornelis DE JONG a1 was born about 1691. He was married to Elizabeth KOPS on June 18, 1723 in Kaapstad, Wes-Kaap.
954. Willem Willemse VAN WYK was born in 1697. He was christened on January 19, 1698. He died before January 25, 1756 in Stellenbosch, Wes-Kaap. He was married to Johanna Catharina CAMPHER on January 2, 1729 in Paarl/Drakenstein, Wes-Kaap.
958. Johannes PRETORIUS is the same as person number 842. Getroud met 959. Helena VOSLOO is the same as person number 843.

Dan is daar die betrokke stamboom ‘n SNYMAN, JANSE VAN RENSBURG, OOSTHUIZEN en BOUWER in die 5de geslag wie se ouers ek nog nie kon bepaal nie.

Dus sal daar teen die 10de geslag ten minste nog een person wees wat afstam van gekleurde herkoms.

Groete

Johan J Pottas Rekensentrum UV
Tel: +27-51-401-2767 werk
Tel: +27-51-522-7329 huis
Tel: +27-82-569-3727 sel
Faks: +27-51-401-2765 werk
Posbus 34559, Faunasig, 9325

---

University of the Free State: This message and its contents are subject to a disclaimer.
Please refer to http://www.ufs.ac.za/disclaimer for full details.

Universiteit van die Vrystaat:
Hierdie boodskap en sy inhoud is aan 'n vrywaringsklousule onderhewig.
Volledige besonderhede is by http://www.ufs.ac.za/vrywaring beskikbaar.

---

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (3)
11b. Gemiddeld van 14%
Posted by: "Elmien Wood" woodem@mweb.co.za
Fri Sep 5, 2008 12:57 am (PDT)
Aan die Kaap het die Duitse soldate in diens van die VOC die slawe van die Ooste ontmoet. Die slawe is weggeskeur van die Ooste met die marmer tempels en geur van kruie in die mark, Die Duitsers is weg uit armoede en oorlogverskeurde Europa. Aan die voet van Tafelberg het hulle by dieselfde put gaan water skep, by dieselfde skuit gaan vis koop, onder dieselfde boom geskuil in 'n reënbui. As die kanon geskiet is, het hulle altwee by die hawe aangekom en gesien hoe die patetiese siek bemanning hospitaal toe geneem is. Hulle het die bejammerenswaardige slawe gesien wat verkoop sou word. Die Duitse soldaat en die Oosterse slavin het ontmoet op die markplek en in die Kompajiestuin. Dit is onvermydelik dat daar baie verbintenisse tussen die twee sou gesmee word.

Die Khoi aan die anderkant het in die berge gebly, in die grotte waar hulle oker met klei gemeng en tekeninge teen die rotswande gemaak het. Hulle het op die stand by Stilbaai viswyvers gebou en vuur gemaak in die oeroue Blombosgrot. Daar was baie min aantrekkingskrag tussen die Khoi en die Kompanjiesdienaars of slawebevolking. Miskien later toe die Khoikultuur amper totaal verwoes is, was daar dalk vermenging tussen hulle en ander bevolkingsgroepe op die sendingstasies van die Londense Sendinggenootskap.

Onder die genealoë wat ek in die Kaap raakgeloop het, was daar heelwat met Eva (of Krotoa) êrens in hulle voorgeslagstaat, maar geen ander Khoivrou nie. En Eva is weggeneem uit haar natuurlike omgewing en het in Van Riebeeck se huishouding opgegroei.

Dit is die wat ek sê daar is baie slawe in ons almal se voorgeslagstate maar bitter min Khoi. Ek wou graag wou weet watter ander Khoivroue, buiten Eva, al raakgeloop is.

Groete
Elmien

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (3)
11c. Gemiddeld van 14%
Posted by: "Elmien Wood" woodem@mweb.co.za
Fri Sep 5, 2008 1:55 am (PDT)
O gaats, ek is klaar te laat!

Ja, ek weet van Elisabeth Voogd wat kinders by Diederik Niemand gehad het!

Ek gaan nou lees, maar ek is seker dit is wat Johan Pottas gesê het! Ek en hy het vantevore gekorrespondeer oor die einste Elisabeth. Ek het gehoop iemand

anders vind ook 'n Khoivoormoeder voordat ek met die sak patats voor die dag kom!

Lees asseblief die verskriklike interessante artikel in Maiores van Naomi de Valdoleiros wat ook van Elisabeth afstam!

Nou het ons twee Khoivroue: Eva en Elisabeth Voogd!!!!

Is daar nog?

Groete
Elmien

a2 Philip Peter SPIES van Wachenheim aan der Haart. Aankoms 1752, soldaat later messelaar. Burger 1757 (testament 13.4.1784) + 31.12.1784

x 18.1.1761 Johanna Cathrina Niemand d.v. Diederik Johann Niemand â‰ˆ 27 Okt 1697 en Elisabeth Voogd van die Kaap.

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (3)
12. Hoe groot ws die Kaap
Posted by: "johann@hanekom.org" johann@hanekom.org   johann.hanekom
Fri Sep 5, 2008 1:22 am (PDT)
Hallo Daniel

>Ek vermoed jou bron was waarskynlik WET, G.C. DE. *Die vryliede en
>vryswartes in die Kaapse nedersetting 1657-1707.*(Kaapstad), 1981

Nee, ek het nie hierdie teks onder oë gehad nie - ek sal tuis moet gaan krap - dit was iets wat ek op TANAP gekry het, toe ek gesoek het na die beskrywing van die woord 'soldaat', soos die VOC dit gebruik het - die hele beginsel dat dit die aanvangsposbenaming was, ongeag of jy nou dokter, prokureur of houtkapper was.

'n Ander interessante publikasie is ook 'Het Oost-Indisch avontuur. Duitsers in dienst van de voc (1600-1800)' deur Roelof van Gelder.

Lees dit hier http://www.dbnl.org/tekst/geld028oost01_01/

Johann

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 3401

Datum: Friday, September 05, 2008 19:44

Daar is 25 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

1. [KOERANT]BEELD-DINGAAN From: Elizabeth Teir
2.1. Re: Gemiddeld van 14 % From: johann@hanekom.org
2.2. Re: Gemiddeld van 14 % From: Francois Greeff
2.3. Johan hanekom se bekommernis From: Francois Greeff
3. Re : [SA-Gen] MAX DU PREEZ, Gem van 14%, Heese / Van Rensburg slawe From: MontXsuZ-point-ca
4. Re: VEILIGHEID en GENEALOGIE - ongelooflik!! From: Martina Louw
5a. Margaretha Brits From: paul.prinsloo
5b. Re: Margaretha Brits From: petrusschoeman
5c. Re: Margaretha Brits (vir Paul Prinsloo) From: Charlie Els
5d. Re: Margaretha Brits From: paul.prinsloo
5e. Afstand van Kopiereg From: Francois Greeff
6. (Koerant) Beeld 05 Sep. 2008 From: Fanie Blignaut
7a. Beriggie From: Elizabeth Teir
8. Wheeler en van Wyk From: andre et claudie
9.1. Re: Sy was 12 toe sy trou. From: johann@hanekom.org
10.1. Re: Van Rensburg se slawe From: Francois Greeff
11a. Re: SAG From: Willeen Olivier
11b. SAG From: Hetta Scholtz
12a. Re: Gemiddeld van 14% From: Daniel Jacobs
13a. Re: George St Leger Gorden Lennox From: Francois Greeff
14. TAB opsoeke groot Asb? From: Adélle Jerling
15. de SMIDT, LOUW - TAB versoek From: Johannes Bosch
16. Barry Kruger se e-pos adres asb From: Hendrik Louw AbsaMail
17.1. Re: Slawe afkoms From: Isebelle Krauss
18. NG Gemeentes Vereeniging 1908-1911 From: petronaud

View All Topics | Create New Topic Messages
1. [KOERANT]BEELD-DINGAAN
Posted by: "Elizabeth Teir" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Fri Sep 5, 2008 2:01 am (PDT)
Dingaan ‘was g’n moordenaar’
Sep 04 2008 07:47:57:350PM - (SA)

Dries Liebenberg

Durban. – Dingaan is verkeerdelik deur sommige wit geskiedskrywers as ’n moordenaar uitgebeeld, het premier S’bu Ndebele gister hier gesê by die bekendstelling van KwaZulu-Natal se erfenisvierings vandeesmaand.

Dit was eintlik die Voortrekkers wat die Zoeloe-koninkryk van dié opvolger van Shaka in 1838 binnegeval het, het Ndebele gesê.

Hy het bekend gemaak dat die gebeure van daardie jaar – van die moord op die

Voortrekkerleier Piet Retief, die aanvalle op Voortrekkerkampe tot by die Slag van Bloedrivier – in “her-oënskou geneem en behoorlik opgeteken gaan word”.

Dit sluit ook in die alliansie wat die Voortrekkers ná die Slag van Bloedrivier met Dingaan se broer, Mpande, aangegaan het in sy opstand teen Dingaan in ruil vir grond.

Dingaan is in 1840 as koning omvergewerp nadat sy magte in die Maqongo-heuwels in die noorde van die provinsie verslaan is.

Sommige geskiedskrywers beeld Dingaan as verraderlik uit omdat hy ’n ooreenkoms met Retief aangegaan het om aan hulle van sy grond te gee, maar hom toe by ’n fees by sy koninklike kraal, Mgungundlovu, laat doodmaak het.

Ander wys weer daarop dat Retief om grond gevra het, terwyl Voortrekkers reeds oor die Drakensberge na Natal getrek het.

Daarby kon Dingaan hulle ook as ’n bedreiging beskou het toe ’n ander Voortrekker-groep Mzilikazi in dié tyd verslaan het.

Ndebele het gesê Dingaan het net so ’n belangrike rol as Shaka gespeel in die vorming van die Zoeloe-nasie.

“Van die Zoeloekonings word Dingaan die minste geëer, maar hy was verantwoordelik vir die meeste van die nasie se kulturele revolusie.”

Die premier het nie uitgewei oor watter proses gevolg gaan word om Dingaan se geskiedenis in heroënskou te neem of wie dit gaan doen nie.

Hy het bloot gesê die vorming van identiteit en die beskouing van erfenis moet ’n inklusiewe proses wees.

’n Groot deel van Erfenismaand in KwaZulu-Natal sal aan koning Dinuzulu gewy word.

Ná die Anglo-Zoeloe-oorlog het die Britse koloniale owerheid die Zoeloe-koninkryk onder Dinuzulu se bewind geannekseer en sy koningskap misken.

Dinuzulu is twee keer tronk toe gestuur – die eerste keer ná ’n burgeroorlog en die tweede keer ná die Bambatha-opstand teen die instel van hutbelasting deur die Britte.

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
2.1. Re: Gemiddeld van 14 %
Posted by: "johann@hanekom.org" johann@hanekom.org   johann.hanekom
Fri Sep 5, 2008 2:29 am (PDT)
Beste Lyslede

Hoe meer hierdie onderwerp bespreek word, hoe meer begin ek wonder of ons nou spog of kla oor ons 'wit' herkoms :-)

Ek het 'n kleintjie dood aan 'politieke korrektheid', en verpes dit bv dat seksueel-afwykendes as 'opgewek' (gay) beskryf word, en daarmee die Engelse taal

van 'n baie nuttige woord beroof het, maar wonder of hierdie hele bespreking nog enige politiese of antropologiese waarde het..

As dit by die tema van 'rassevermenging' kom, wonder ek watter waarde hierdie bespiegelinge, berekeninge en statistiek (lies, damned lies and statistics) hoegenaamd het, tensy ons uit een of ander motief agressief wil raak oor die onderwerp.

Ek praat nie hier van die opinieverskille tussen lyslede nie, maar oor dieperliggende 'issues' wat ons hele samelewing beduiwel. Een voorbeeld hiervan is die mal Oostenrykse korporaal wat daarin geslaag het om 'n klomp psigopate onder hom te skaar en dermiljoene DUITSERS laat vermoor het as gevolg van sy verwronge opinies oor 'rassesuiwerheid', en die feit dat daar Jodebloed in hulle are gevloei het.

Wat maak 'n Jood 'n Jood? Sy velkleur? Sy taal? Sy geloof? Is dit nou goed of sleg om dalk ook Jodebloed in my are te hê? En nou neem generasie na generasie jong Duitsers 'n skuldgevoel saam met hulle moedersmelk in oor die moord - van wie? Jode? Of mede Duitsers? En die jaarlikse herdenking van daardie moord laat hulle nie toe om van daardie nasionale skuldgevoel ontslae te raak nie!

Praat ons hier nie eerder oor stamvermenging as rasvermenging of nasievermenging nie? Hoe definieer mens 'n 'ras' op 'n manier wat geen argument uitlok nie? Of 'n nasie? Hoe het die 'nasies' waaruit ons ontspring het hulle samestelling gehad? Daar was baie Germaanse stamme, sommige dalk met sterk Ooseuropese of selfs Asiese herkoms. Wanneer en hoe het hulle 'n ras of 'n nasie geword waaruit ons voorvaders kon ontstaan? Wat is die spesiale betekenis aan 'n wit agtergrond? Of 'n bruine, gele, rooie, swarte?

Selfs ons heel oudste genealogiese rekord is onvolledig

Gen 5:1 Dit is die stamboom van Adam. Die dag toe God Adam geskape het, het Hy hom gemaak na die gelykenis van God.
Gen 5:2 Man en vrou het Hy hulle geskape en hulle geseën en hulle mens genoem, die dag toe hulle geskape is.
Gen 5:3 Toe Adam honderd en dertig jaar oud was, het hy `n seun verwek na sy gelykenis, na sy ewebeeld, en hom Set genoem.

Gen 4:16 Toe gaan Kain weg van die aangesig van die HERE, en hy het gewoon in die land Nod, aan die oostekant van Eden.
Gen 4:17 En Kain het sy vrou beken, en sy het swanger geword en Henog gebaar.

Gen 5:6 Toe Set honderd en vyf jaar oud was, het hy die vader van Enos geword

Is ons nou almal afstammelinge van broers wat met susters getrou het? Of waar het Set en Kain hulle vrouens gevind? In 'n ander stam, ras, of nasie wat nêrens beskryf word nie?

Daar het ons almal se bloedvermenging reeds begin - en het die mal korporaal se argument oor 'rassesuwerheid' al platgeval

Moet ons dalk soos in Amerika begin praat van Afro-Americans, Native Americans en dies meer om ons herkoms van mekaar te onderskei? Wie gaan ons Native Africans wees? Die Khoi, die San of die ANC?

En wat noem ek myself?

Johann

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (39)
2.2. Re: Gemiddeld van 14 %
Posted by: "Francois Greeff" Goodgreeff@hiddencode.co.uk
Fri Sep 5, 2008 7:16 am (PDT)
Ons spog nie, en ons kla nie. Ons is wetenskaplikes wat na feite streef.

Een van die metodes van navorsing is "om `n lyn te trek". Met ander woorde, as jy ENIGE voorbeeld van bruin voorouers kan kry, dan het jy `n lyn getrek wat die gemengde stamboom van die ongemengde stamboom skei.

Die tweede stap in die proses is om te bepaal WAAR jy die lyn moet trek. Dit is altyd die moeilike deel. Heese het die lyn getrek op `n "gemiddelde" van 14 %, en dit is daardie 14% wat nou bevraagteken word. Johan Pottas (Baie dankie!) het vir ons vier voorbeelde gegee van stambome met ongeveer een of twee persent bruin voorouers (om en by 14 uit 1024). Charlie Els vermeld ook `n voorbeeld, baie dankie.

Hulle voorbeelde doen twee dinge:

1. Hulle trek `n eerste lyn

2. Hulle identifiseer mense en gevalle wat verdere navorsing vereis. `n Fokuspunt om mee te begin om miete van feite te skei.

As ons op hulle werk voort bou kan ons later sien of enigiemand `n 14 % voorbeeld het, en of `n "gemiddeld" van 14 % in die end geregverdig is.

****************************

`n Ander voordeel van die gesprek is dat Khoi (en ander) vrouens nou ge-identifiseer word, sodat ons almal saam besig is om `n betroubare databasis van Bruin stamouers te bou. Elmien Wood en Helena Liebenberg (en die van Rensburg insette!) se bydraes is ook uiters belangrik, omdat hulle help om `n nuwe, betroubare data basis te skep.

Met tyd sal iemand al die data wat uit hierdie gesprekke voortspruit in `n enkele artikel of boek kan saamvat, deur die SA-Gen argief deur te soek. Ek wens net dat elke skrywer, soos op die Greeff epos lys, nou al, vooraf, afstand sal doen van kopiereg op sy briewe aan SA-Gen. Op die Greeff Kuiernet eindig elke brief met hierdie woorde:

"As die skrywer van die brief hierbo doen ek hiermee volkome afstand van my kopiereg daarop, en plaas die kopiereg in die openbare domein, op die voorwaarde dat enigeen wat dit aanhaal die bron as volg vermeld: Die titel van die skrywe, Die naam van die skrywer, Die datum van oorspronklike publikasie, en die webblad adres van die argief:

http://archiver.rootsweb.com/th/index/GREEFF/"

Hierdie paragraaf laat enige skrywer, enige tyd in die toekoms, toe om briewe WOORD VIR WOORD in `n boek of artikel te gebruik, sonder om oor veertig jaar die

skrywer vir toestemming te kontak. Dink byvoorbeeld aan `n boek met die titel "Letters to SA-Gen". Die vereisde bronverwysing se vorm lyk so, en is lekker volledig:

From: Francois Greeff [mailto:Goodgreeff@hiddencode.co.uk]
Sent: 05 September 2008 13:24
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: RE: [SA-Gen] George St Leger Gorden Lennox

http://archiver.rootsweb.com/th/index/GREEFF/

Groete,
Francois Greeff

NS. SA-Gen se beleid dat INLIGTING op SA-Gen hergebruik mag word gee nog nie aan iemand die reg om VOLLEDIGE BRIEWE in ander plekke te publiseer nie - nie as volledige WOORD VIR WOORD copy and paste herhalings nie. Daar is `n wesenlike verskil tussen om te skryf dat Heese geskryf het dat dat daar `n gemiddelde van 14% is, maar dit is `n heel ander saak om sy boek (artikel of brief) net so, woord vir woord, volledig in `n ander publikasie te herhaal. Die Greeff Kuiernet laat toe dat navorsers oor `n halwe eeu se tyd enige brief volledig mag copy and paste, en publiseer, sonder moeite.

Toe ons destyds die nuwe stelsel ingestel het het elke lid van die Greeff Kuiernet al sy vorige briewe ook vrygestel deur aan die Kuiernet te skryf:

"Ek, Francois Greeff, doen hiermee volkome afstand van my kopiereg op alle briewe wat ek ooit voorheen aan die Greeff kuiernet geskryf het, en plaas die kopiereg in die openbare domein, op die voorwaarde dat enigeen wat dit aanhaal die bron as volg vermeld: Die titel van die skrywe, Die naam van die skrywer, Die datum van oorspronklike publikasie, en die webblad adres van die argief:

http://archiver.rootsweb.com/th/index/GREEFF/"

Ek sal dit met graagte weer doen, vir SA-Gen, mits iemand vir my laat weet wat die relevante web adres van die argief is.

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (39)
2.3. Johan hanekom se bekommernis
Posted by: "Francois Greeff" Goodgreeff@hiddencode.co.uk
Fri Sep 5, 2008 7:34 am (PDT)
Dit gaan nie oor ras nie, dit gaan oor feitelike korrektheid van inligting.

Susanna Claassen se voorouers was nie slawe nie, so vir wat moet `n rekord dit stel dat hulle was? Ek sou net soveel beswaar maak as `n bron dit sou stel dat sy nege voet lank was, of dat haar negende kind (soos verkeerdelik in SAG weergee word) Jacobus in plek van Adrianus was. Sien:
http://www.eggsa.org/articles/greeff_children.htm

Jou morele, etiese en geloofs standpunte oor dit wat ek in bogenoemde artikel geskryf het is nie in die huidige gesprek relevant nie.

Hou asseblief nou op om te grens oor spog en kla, en goed of sleg, en beter of erger, want dit is NIE waaroor wetenskaplike navorsing gaan nie. Sieninge rondom Chritelike (of Joodse of Moslem) geloof is ook nie in hierdie gesprek relevant nie. Die "dieperliggende issues" waarna jy verwys is in JOU kop, nie in ons wetenskaplike ondersoek nie.

Groete,
Francois Greeff

_____________

Francois Greeff
36 Aston Road
London
SW20 8BE
United Kingdom

Phone: 0044 20 8123 4224
Mobile 0044 79 6372 2345
Skype: Greefffrancois
Greeff Family Web Site: www.Greeff.info
Greeff Family Newsletter:
http://www.greeff.info/tng01/GreeffGenealogyJournal.php

To join the Greeff Correspondence Circle, our family email network, please send an email to GREEFF-L-request@rootsweb.com <mailto:GREEFF-L-request%40rootsweb.com> , with only one word, subscribe, as subject and body. To get out again, send unsubscribe.

From: johann@hanekom.org [mailto:johann@hanekom.org]
Sent: 05 September 2008 10:30
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: RE: [SA-Gen] Re: Gemiddeld van 14 %

Beste Lyslede

Hoe meer hierdie onderwerp bespreek word, hoe meer begin ek wonder of ons nou spog of kla oor ons 'wit' herkoms :-)

Ek het 'n kleintjie dood aan 'politieke korrektheid', en verpes dit bv dat seksueel-afwykendes as 'opgewek' (gay) beskryf word, en daarmee die Engelse taal van 'n baie nuttige woord beroof het, maar wonder of hierdie hele bespreking nog enige politiese of antropologiese waarde het..

As dit by die tema van 'rassevermenging' kom, wonder ek watter waarde hierdie bespiegelinge, berekeninge en statistiek (lies, damned lies and statistics) hoegenaamd het, tensy ons uit een of ander motief agressief wil raak oor die onderwerp.

Ek praat nie hier van die opinieverskille tussen lyslede nie, maar oor dieperliggende 'issues' wat ons hele samelewing beduiwel. Een voorbeeld hiervan is die mal Oostenrykse korporaal wat daarin geslaag het om 'n klomp psigopate onder hom te skaar en dermiljoene DUITSERS laat vermoor het as gevolg van sy verwronge opinies oor 'rassesuiwerheid', en die feit dat daar Jodebloed in hulle are gevloei het.

Wat maak 'n Jood 'n Jood? Sy velkleur? Sy taal? Sy geloof? Is dit nou goed of sleg om dalk ook Jodebloed in my are te hê? En nou neem generasie na generasie jong Duitsers 'n skuldgevoel saam met hulle moedersmelk in oor die moord - van

wie? Jode? Of mede Duitsers? En die jaarlikse herdenking van daardie moord laat hulle nie toe om van daardie nasionale skuldgevoel ontslae te raak nie!

Praat ons hier nie eerder oor stamvermenging as rasvermenging of nasievermenging nie? Hoe definieer mens 'n 'ras' op 'n manier wat geen argument uitlok nie? Of 'n nasie? Hoe het die 'nasies' waaruit ons ontspring het hulle samestelling gehad? Daar was baie Germaanse stamme, sommige dalk met sterk Ooseuropese of selfs Asiese herkoms. Wanneer en hoe het hulle 'n ras of 'n nasie geword waaruit ons voorvaders kon ontstaan? Wat is die spesiale betekenis aan 'n wit agtergrond? Of 'n bruine, gele, rooie, swarte?

Selfs ons heel oudste genealogiese rekord is onvolledig

Gen 5:1 Dit is die stamboom van Adam. Die dag toe God Adam geskape het, het Hy hom gemaak na die gelykenis van God.
Gen 5:2 Man en vrou het Hy hulle geskape en hulle geseën en hulle mens genoem, die dag toe hulle geskape is.
Gen 5:3 Toe Adam honderd en dertig jaar oud was, het hy `n seun verwek na sy gelykenis, na sy ewebeeld, en hom Set genoem.

Gen 4:16 Toe gaan Kain weg van die aangesig van die HERE, en hy het gewoon in die land Nod, aan die oostekant van Eden.
Gen 4:17 En Kain het sy vrou beken, en sy het swanger geword en Henog gebaar.

Gen 5:6 Toe Set honderd en vyf jaar oud was, het hy die vader van Enos geword

Is ons nou almal afstammelinge van broers wat met susters getrou het? Of waar het Set en Kain hulle vrouens gevind? In 'n ander stam, ras, of nasie wat nêrens beskryf word nie?

Daar het ons almal se bloedvermenging reeds begin - en het die mal korporaal se argument oor 'rassesuwerheid' al platgeval

Moet ons dalk soos in Amerika begin praat van Afro-Americans, Native Americans en dies meer om ons herkoms van mekaar te onderskei? Wie gaan ons Native Africans wees? Die Khoi, die San of die ANC?

En wat noem ek myself?

Johann

[Non-text portions of this message have been removed]

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (39)
3. Re : [SA-Gen] MAX DU PREEZ, Gem van 14%, Heese / Van Rensburg slawe
Posted by: "MontXsuZ-point-ca" montxsuz@yahoo.com   montxsuz
Fri Sep 5, 2008 2:31 am (PDT)
Rassie

Ek het heelwat moete gedoen om al my "gekleurde" voorouers te identifiseer - sover moontlik - en ek het meer as een bewese Khoi/San in my eie stamboom (in antwoord op jou vraag). Daar is Eva/Krotoa en Caatje die Hottentottin. (dog is die presiese definiesie van "hottentottin" onbekend). Lg staan onder 'n ander

naam bekend on die SAG en in Heese se "Groep sonder Grense", maar met Richard Ball se hulp het ons haar in 'n doopregister opgespoor onder die naam hier bo. Verder het ek ten minste drie ander persone met 'n Afrika agtergrond in my stamboom - 2 slawe vanaf die Kus van Guinea, nog een van Madagaskar.
Daarby 'n paar handevol persone vanaf India/Bengale en Indonesië. Ek het reeds dmv mtDNA bewys dat my direkte vroulike voorsaat vanaf die Indiëse subkontinent was.
En dan 'n groepie mense met onbekende of betwiste afkomste.

Dankie Andre vR vir jou nugtere perspektief op Heese se boek vroeër. Ek stem saam met Andre dat 14% waarskynlik te hoog is, en Francois se 1.5% heeltemaal te laag is. Maar ons het almal 'n verskillende stel voorouers. In verdediging van Max wil ek sê dat daar ander bronne is wat groter persentasies aangee, en dat hy dalk net skuldig aan "lees" is. Toe ek my eie navorsing gedoen het, het ek byvoorbeeld toevallig op die volgende afgekom dmv Google:

" IN SOUTH AFRICASexual relations between whites and Asian slaves were quite common in the
17th and 18th centuries, and several studies show that half or more of the children of slave women had white fathers.
Many white settlers married or lived with Asian women and their children were accepted in the white community. Marriages between the Dutch and slave women were prohibited in 1685 but persons of mixed parentage were allowed to marry anyone, including the white settlers. Inter-racial marriages, in fact, increased from that time.
J. A. Heese, in Die Herkoms van die Afrikaner 1657-1867, presented the results of research from parish registers and other sources on the ancestors of the Afrikaners. He found that between 1660 and 1705, 191 of the settlers from Germany married or lived with women who were not pure blood Europeans. Of the women, 114 were born in the Cape (most probably mixed), 29 were Bengalis and 43 were from other Asian regions.
He estimated that in 1807, between 7.2 and 10.7 percent of the ancestors of the then living Afrikaner population were Africans and Asians. His figures were perhaps inevitably conservative. It may well be that a tenth of the present Afrikaner population has Indian ancestry."
Okei, dit is een persoon se opinie, hy dui geen bewyse aan nie, en dit was op die ANC se website. Maar nogtans is dit 'n uittreksel uit 'n amptelike publikasie, beskikbaar aan die algemene publiek. (Die bron is aangegee as "INDIA and SOUTH AFRICA: a collection of papers by E.S. REDDY: Published by: The University of Durban-Westville, Durban. Occasional Papers Series No. 1, 1991." (Die skrywer doen verder 'n beroep op historici IN INDIë om meer navorsing op hierdie gebied te doen.)

Soos ek al voorheen op die lys genoem het, het ek probeer om my eie "persentasie" uit te werk. Maar die sommetjies het te kompleks vir my wiskundige vernuf geraak. Daar is baie faktore om in ag te neem. Eva/Krotoa se nasate bv kom my stamboom verskeie kere binne deur verskillende takke. Dieselfde geld vir 'n die meeste van bogenoemde slawe. My eerste en enigste Skotse voorouer was slegs 5 geslagte gelede. Wat is my persentasie Skots? En hoewel die van "Wright" steeds in my familie voorkom, wat presies het ek het ek van hom geëerf? Dan is daar 'n groepie mense wie se afkomste onbekend is - selfs die kontinent van afkoms word betwis (bv Adolph Jonker). En wat bv van die Franse wat (na 'n geslag of twee) deur Noord-Europa gekom het. Tel hulle as Franse, of Belge, of Nederlanders/Duitsers? Ek staan dus by my eie skatting (vir myself) van 1/16, of 6.25% gekleurd.

Hier in Noord Amerika is daar DNA toetse beskikbaar om jou "persentasies" te bepaal. hulle kan selfs onderskei tussen Noord en Suid Europa. Ek is nuuskierig genoeg, en as iemand my nou US$500 sou skenk, dan sal ek 'n vrywillige proefkonyn wees vir so 'n toets ;-)

Nietemin. Ek is dalk in die minderheid op hierdie lys, maar ek het nog altyd van Max du Preex gehou, en ek dat ek nie lus het om aan 'n heksejag teen hom deel te neem nie. As hy wil vrywillig en onder vriendelike omstandighede wil deelneem aan so ondersoek, dan is dit 'n ander storie, en ek sal help. In elk geval lyk dit my verder (volgens Johan Pottas se e-posse) dat ons 'n ten minste 'n paar voorsate in gemeen het. (Behalwe dit het hy op 'n stadium in my ou tuisdorpie in die Vrystaat gewoon.)

Ek is bietjie bekommerd oor die rigting wat hierdie hele gesprek aanneem. Die laaste ding wat ek op die lys wil sien is daardie soort rasse-argumente wat mens kry wanneer Suid-Afrikaners bykmekaar kom, en soos wat bv gereeld op die gewone expat-websites aan die gang is. Ek is ewe trots op al my voorsate, of hulle nou vrywillig in 'n houtskippie van Europa af gekom het, of in kettings van Asië af, en of hulle plaaslike inwoners was wie deur die Europese settelaars "bevriend" is. Die samevloei van kulture is wat my uniek maak.

Groete
Christo vR

-------------------------------------------
Christo van Rensburg
Vancouver, BC, Canada
En belle Colombie Britannique
-------------------------------------------
Janse van Rensburg X Cronje; Barnard X Schoeman
Herselman X Kriel; Wright X Breytenbach
(1876 Bethulie; 1883 Philippolis; 1879 Kareedouw?; 1889 Wepener)
http://www.montxsuz.ca/familie/
-------------------------------------------

----- Message initial ----
De : Sylvester Rascher <sylvesterrascher@yahoo.com>
À : SAGenealogie@yahoogroups.com
Envoyé le : jeudi 4 septembre 2008, 12 h 45 min 08 s
Objet : [SA-Gen] MAX DU PREEZ

Beste lysvriende,

Sover dit ons Khoi herkoms betref, het diegene van ons wat ons herkoms na Daniel Zaaiman en sy vrou Pieternella Meerhoff kan naspoor baie goeie gedokumenteerde bewys van die Khoi aandeel in ons bloedlyn aangesien ons weet dat ons voormoeder, (die moeder van Pieternella), die Khoi vrou Eva was.

Is daar sover as wat lyslede se kennis strek, enige ander soortgelyke bronnesekerheid oor enige ander Khoi of San verbintenisse?

...

Groete
Rassie

[Non-text portions of this message have been removed]

------------------------------------

SAGenealogie is `n poslys vir die bespreking van genealogiese en genealogies-verwante aangeleenthede alleenlik, onderhewig aan die voorwaardes soos uitgespel by http://www.geocities.com/sagenealogie/ Lede wat aangeleenthede wil opper wat nie van 'n suiwer genealogiese aard is nie, word versoek om dit nie op die poslys te doen nie, maar dit liefs van die lys af direk aan die betrokkene te stuur. Probleme, klagtes en voorstelle vir verbetering moet gestuur word aan: SAGenealogie-owner@yahoogroups.com

Besoek ons webblad by:
http://www.geocities.com/sagenealogie/

Yahoo! Groups Links

Devenez un meilleur amigo grâce à Yahoo! Courriel
http://cf.promos.yahoo.com/courriel/visiteguidee2/

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)

4. Re: VEILIGHEID en GENEALOGIE - ongelooflik!!
Posted by: "Martina Louw" mlouw1@bigpond.net.au   martinalouw
Fri Sep 5, 2008 2:32 am (PDT)
Hallo Gert!!!
Ek is soooo baie bly dat jy die gewapende kaping oorleef het!!!! :o)
Ja, ek het myself onmiddelik herken uit jou beskrywing - ek was wel minder gelukkig... maar nouja, ek het nou darem 'n paar goeie "battle scars" om mee te 'spog', en die ondervinding om op so 'n manier letterlik by die dood om te draai het my wel die nodige 'oemf' gegee om na 'n veiliger weiveld te trek. :o)
Ek het nooit kon droom dat my 'storie' iemand anders sou kon help nie. So nou is ek regtig vreeslik bly om te hoor dat iets wat ek gesê het by jou gebly het, en dit jou deur die proses gehelp het om kalm te bly en baie samewerkend te lyk.
Dit was dink ek my fout - ek het eers die deure gesluit gehou en wou eers onderhandel oor hoe om my seuntjie van 6 uit die agterste sitplek te kry, en ek glo hulle het dit as verset gesien.
So bravo!! Jammer oor die karre maar hulle is vervangbaar - die belangrikste is dat julle ongedeerd daarvan afgekom het.
Wat in 'n paar witwarm sekondes gebeur kan mens se lewe ingrypend verander.
Julle ondervinding het dus baie goed ge-eindig.
Ek moes glimlag oor jou beskrywing van hoe lank 2 minute is. Daardie soort 2 minute is baie anders and 2 gewone minute - dis of als in 'slow motion' gaan en mens se verstand maak 'n rolprent van elke detail. Jy sal elke oomblik van daardie 2 minute vir ewig kristalhelder onthou.
Dis goed dat ons genealogiese konneksies darem wyere voordele ook het, nê? :o)
Baie groete,
Martina.
(Brisbane)

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)

5a. Margaretha Brits
Posted by: "paul.prinsloo" paul@genview.co.za   paul.prinsloo
Fri Sep 5, 2008 2:56 am (PDT)
hi almal
Kan iemand my asb help met meer inligting oor Margaretha Brits, wat
getrou het met Bernhardus Jacobus Pieters, op 2 Mei 1775.

groete
Paul

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (5)
5b. Re: Margaretha Brits
Posted by: "petrusschoeman" spetrus@absamail.co.za   petrusschoeman
Fri Sep 5, 2008 3:23 am (PDT)

Hallo Paul,
Daar begin die ding, is sy gebore op 5 Mei of op 5 Februarie?
Daar word beweer dat daar geen, GEEN data rondom haar geboorte of
huwelik of begrafnis beskikbaar is nie.

Ek wag in spanning
Groete
Petrus van majuba

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (5)
5c. Re: Margaretha Brits (vir Paul Prinsloo)
Posted by: "Charlie Els" el55@mweb.co.za   charlieels
Fri Sep 5, 2008 5:28 am (PDT)
Hallo Paul,

As jy of enige ander navorser hierdie dame se verbintenis met die
Brits-familie kan uitpluis dan doen jy my en etlike mense vir wie sy 'n
groot doodloopstraat in hulle stamboom-registers is 'n groot guns. So ook
Christina Catharina du Plessis (x Stellenbosch, 11.11.1742, Hendrik Beukes,
~7.2.1712). Geen mens weet ook wie sy was nie.

Groete,

CHARLIE

-----Original Message-----
From: SAGenealogie@yahoogroups.com
[mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com]On Behalf Of paul.prinsloo
Sent: 05 September 2008 11:57 AM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] Margaretha Brits

hi almal
Kan iemand my asb help met meer inligting oor Margaretha Brits, wat
getrou het met Bernhardus Jacobus Pieters, op 2 Mei 1775.

groete
Paul

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (5)
5d. Re: Margaretha Brits
Posted by: "paul.prinsloo" paul@genview.co.za paul.prinsloo
Fri Sep 5, 2008 6:13 am (PDT)
Wel,,, ek loop nou seker die gevaar dat hierdie ou voetspore is,
indien wel, kan die wat weet vir ons se wat hierin is. Andersins, kan
iemand in die Kaap asb na hierdie gaan kyk om mee te begin?
DEPOT KAB
SOURCE MOOC
VOLUME_NO 7/1/139
SYSTEM 01
REFERENCE 28
DESCRIPTION PIETERZE, BERNARDUS JACOBUS. WILL.
REMARKS FILED 1837.

groete

--- In SAGenealogie@yahoogroups.com, "Charlie Els" <el55@...> wrote:
>
> Hallo Paul,
>
> As jy of enige ander navorser hierdie dame se verbintenis met die
> Brits-familie kan uitpluis dan doen jy my en etlike mense vir wie sy 'n
> groot doodloopstraat in hulle stamboom-registers is 'n groot guns.
So ook
> Christina Catharina du Plessis (x Stellenbosch, 11.11.1742, Hendrik
Beukes,
> ~7.2.1712). Geen mens weet ook wie sy was nie.
>
> Groete,
>
> CHARLIE
>
>
> -----Original Message-----
> From: SAGenealogie@yahoogroups.com
> [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com]On Behalf Of paul.prinsloo
> Sent: 05 September 2008 11:57 AM
> To: SAGenealogie@yahoogroups.com
> Subject: [SA-Gen] Margaretha Brits
>
>
> hi almal
> Kan iemand my asb help met meer inligting oor Margaretha Brits, wat
> getrou het met Bernhardus Jacobus Pieters, op 2 Mei 1775.
>
> groete
> Paul
>

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (5)
5e. Afstand van Kopiereg

Posted by: "Francois Greeff" Goodgreeff@hiddencode.co.uk
Fri Sep 5, 2008 7:16 am (PDT)
Ek, Francois Andre Greeff (gebore 19 Mei 1959), doen hiermee volkome afstand van my kopiereg op alle briewe wat ek ooit (voorheen of in die toekoms) aan die die SA-Gen epos lys skryf, en plaas die kopiereg in die openbare domein, op die voorwaarde dat enigeen wat dit aanhaal die bron as volg vermeld: Die naam van die skrywer, Die datum van oorspronklike publikasie op SA-Gen, Die titel van die skrywe, Die adres van die ontvanger, en die webblad adres van die SA-Gen briewe-argief.

'n Voorbeeld van hoe die bronverwysing sal lyk is min of meer so, en is die kern beskrywing van 'n epos brief:

From: Francois Greeff [mailto:Goodgreeff@hiddencode.co.uk]
Sent: 05 September 2008 13:24
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: RE: [SA-Gen] George St Leger Gorden Lennox

Die adres van SA-Gen se briewe-argief ontbreek omdat ek nie weet wat dit is nie.

Nou kan enige persoon, enige tyd, enige van my briewe aan SA-Gen elders copy and paste, en publiseer, sonder dat die uitgewer my moet kontak vir kopiereg toestemming. Ek stel voor dat alle lede van SA-Gen hierdie brief copy and paste, hulle eie name daarin sit, en dit aan SA-Gen stuur.

Francois Greeff

_____________

Francois Greeff
36 Aston Road
London
SW20 8BE
United Kingdom

Phone: 0044 20 8123 4224
Mobile 0044 79 6372 2345
Skype: Greefffrancois
Greeff Family Web Site: www.Greeff.info
Greeff Family Newsletter:
http://www.greeff.info/tng01/GreeffGenealogyJournal.php

To join the Greeff Correspondence Circle, our family email network, please send an email to GREEFF-L-request@rootsweb.com
<mailto:GREEFF-L-request%40rootsweb.com> , with only one word, subscribe, as subject and body. To get out again, send unsubscribe.

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (5)
6. (Koerant) Beeld 05 Sep. 2008
Posted by: "Fanie Blignaut" blikkies@mabonline.co.za   blignautfanie
Fri Sep 5, 2008 3:00 am (PDT)
DE WET; Barendina Hendrika (Riekie) (47), in lewe van Pretoria.
Verassingsdiens: Safari Kwekery Kapel, Pretoria, 08/09/2008, 10:00. (Beeld - 05/09/2008) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria-Oos, 012-460-3745.

SPIES; Irene Alida Magrietha, in lewe van Pretoria. Begrafnisdiens: AVBOB Kapel, Pretoria-Wes, 05/09/2008, 13:00 Zandfontein Begraafplaas, Pretoria. (Beeld - 05/09/2008) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria, 012-330-0116/9.

STEENKAMP; Christiaan Jacobus (68) in lewe van Pretoria. Verassingsdiens: NH Kerk, Swartkop, Pretoria, 08/09/2008, 14:00. (Beeld - 05/09/2008) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria-Oos, 012-460-3745.

Groete,

Fanie Blignaut (Blikkies),

Vanderbijlpark,

Gauteng provinsie.

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
7a. Beriggie
Posted by: "Elizabeth Teir" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Fri Sep 5, 2008 3:53 am (PDT)

Goeie Middag,

GREEFF Daniëllina Aletta Catharina *BISSCHOFF 1924 09/11 + 2008 3/09 x GREEFF L. F. +1992 [4 KINDERS]

GROETNIS
Elizabeth

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (3)
8. Wheeler en van Wyk
Posted by: "andre et claudie" claundre@mweb.co.za
Fri Sep 5, 2008 3:53 am (PDT)
Beste Richard
Ek sluit by jou aan dat daar GROOT teleurstelling is as jou harde werk nie gepubliseer is nie. My probleem lê by die van Wyks. Ek was een van die eerstes wat nog saam met Philip van Wyk(ongelukkig reeds oorlede) gewerk het aan die familie aangesien ek self 'n van Wyk is, Dit was voor 1980 !! Ek het met SAG gesels voor die publikasie en toe het hulle gesê hulle sal by 1900 moet afsny. Ek kla toe dat ek darem baie bygedra het tot die van Wyks en hulle het gesê ek moet inligting stuur. Ek het ook inligting via die Familia gedoen om so opgeneem te word aangesien al inligting daarin ook opgeneem word....MAAR nie eers my oupa en sy broers is opgeneem nie en my oupa is in 1872 gebore...lank voor 1900 !! Verder het ek hulle daarop gewys dat daar wel mense se name gebruik is bv op p 480 k1 Elizabeth van Wyk * 1970 .....'n hele 70 jaar na die genoemde afsluitings datum. My grootjie kom op die volgende bladsy 481 voor as g9 Dirk Andries Jacobus * 1843. Ek het hulle ook daarop gewys dat twee Venter navorsers (aan my bekend) ook in die Venter gedeelte (nr 14) genoem is en hulle is albei baie jonger as ek. As hulle dan nie my naam daarin wou gebruik nie...hoekom is my oupa nie daar nie ?? Toe ek hulle daarop wys het hulle net geantwoord..ek dink

ons moet later daaroor gesels...waaroor??? Die boek is klaar gedruk. Groot teleurstelling voorwaar. My innige simpatie..ek weet hoe jy voel !!!!!!
Groete
Claudie Jooste (gebore van Wyk)
Andre et Claudie Jooste
claundre@mweb.co.za
POBox/Posbus 12224 Brandhof 9324
South Africa/ Suid-Afrika
+27(0)82-3815746 / +27(0)51-4479831

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
9.1. Re: Sy was 12 toe sy trou.
Posted by: "johann@hanekom.org" johann@hanekom.org   johann.hanekom
Fri Sep 5, 2008 5:07 am (PDT)
Hallo Francois

As ek my metaphors kan mix - ek kan nie klippe gooi nie, want ek sukkel om by die balk in my oog verby te kyk :-) Ek is besig om 'n redelike agterstand in te haal (sover afstand van bronne my toelaat) wat betref die betroubaarheid van inligting in my stambome van die HANEKOM, HANEKAMP en HANCKE families, almal op lyn by www.hanekom.org.uk

Daarom kyk ek maar rond waar ek betroubae inligting kan bekom, en vra my vrae - en leer baie in die proses!

Wat eSAGI betref, my bydrae is in v3.69, en dit IS 'n baie nuttige inligtingsbron

Johann

Daardie bron dui wel op 1666, om en by.Laat my toe om te verduidelik, asseblief.

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (39)
10.1. Re: Van Rensburg se slawe
Posted by: "Francois Greeff" Goodgreeff@hiddencode.co.uk
Fri Sep 5, 2008 5:11 am (PDT)
Andre vra:
“Vertel my, is die kind van 'n Bengaalse slaafin wit?
en is haar kleinkind wit? Etc”

Ironies, is die uiteindelike antwoord Ja. Dit is die kern en oorsaak van ons hele gesprek. Is jy wit, afstammeling van slawe? Die feit is dat dit werk soos ‘n emmer vars water in die see. Die soutwater domineer soos Wit gene. Dit kan ook andersom gebeur.

Jy kan die wiskunde doen op verskillende maniere. Kom ons werk hier met ‘n

volledige kwartierstaat tot op elf geslagte, in alle gevalle. (dan werk ons met ‘n amper ronde duisend, wat persentasies deursigtig maak) Aanvaar ook dat wit en bruin op ‘n glyskaal is, want jy kan 3 kwart bruin en een kwart wit wees, en waar is jy dan? Kom ons sê maar vaal.

Kwartierstate werk op wiskunde wat die getal mense in elke vorige geslag verdubbel. Die huidige geslag, jy self, is net een mens. Die geslag voor dit, jou ouers, is twee mense. Hulle ouers se geslag was vier mense. Dus:

Geslag 1: 1 mens

Geslag 2: 2 mense

Geslag 3: 4 mense

Geslag 4: 8 mense

Geslag 5: 16 mense

Geslag 6: 32 mense

Geslag 7: 64 mense

Geslag 8: 128 mense

Geslag 9: 256 mense

Geslag 10: 512 mense

Geslag 11: 1024 mense

Totaal = 2047 mense

Die eerste metode om die aantal wit en bruin mense te bereken is om elkeen van die 2047 mense in twee groepe te verdeel: Wit of bruin. Dan moet jy mense wat vaal is in een kamp of die ander sit, en dit gaan hard sukkel. As net een mens uit die hele 2047 totaal wit is en al die ander was in geslag 11 bruin, kan jy dan steeds die uiteindelike geslag een so vaal sien dat jy hom as wit sorteer? Hy wat dan net een 1024ste wit is? Dit is duidelik dat die uiteindelike nasate van een ras kan oorslaan na ‘n ander ras, en dit veroorsaak probleme met die klassifikase van die tussen-in geslagte.

Die kern van die hele gesprek wentel om die feit dat vandag se blankes bruin voorouers het, so ons het dus twee ekstreme oor ons 11 geslagte – en ‘n verandering van kleur oor die geslagte heen.

Die ander metode om persentasie wit en bruin te tel is om te kyk na die volbloed insette in geslag elf, want daar is dinge baie meer duidelik wit of bruin. Vir praktiese doeleindes kan jy dan die vaal mense uitskakel en jy hoef nie ‘n lyn te trek waar een in die ander kleur oorslaan nie. Jy tel die aantal bruin mense in geslag elf (sê maar 102) en deel dit deur die totaal in geslag 11, en maal met 100 om ‘n persentasie te kry: 10 % van jou voorouers was dan bruin (en hulle het oor tien geslagte opsigtelik verdwyn omdat jy nou weer wit is). Die selfde agument sou in huidig bruin mense werk, as hulle destyds ‘n klein bietjie wit in geslag 11 gehad het.

Die voordeel van hierdie metode is dat dit vaal mense uit die wiskunde laat,

maar sy nadeel is dat ondertrouery oor drie geslagte heen kon plaasvind, en dit kon ‘n klein, maar noemenswaardige verskil gemaak het.

As jy perfek wil werk, moet jy alle geslagte terug voer tot by ‘n geslag voor die ondertrouery begin het, en dan almal (die 2047) tel, en elkeen inreken op sy persentasie: !00 %, 50%, 25% ,12,5%, 6,25%, 3, 125% en so voorts. Dan kan jy so akkuraat as moontlik bereken.

Vir my is dit toevallig dat die geslag van 1024 mense mooi in die tyd van die ondertrouery val, en ek werk maklik en vinnig in daardie geslag.

Uit die aard van die die tellery moet jy dus vir Piet Smit as twee persone tel as hy aan vaderskant en aan moederskant in jou geslag 11 verskyn. Party mense kan maklik tien of meer keer in daardie geslag veskyn, en moet elke keer as ‘n afsonderlike mens getel word.

Alles is onderhewig aan die feit dat ek in breë trekke gesels, om eenvoudigheidshalwe, en nie hare kloof nie.

Regards,
Francois Greeff

_____________

Francois Greeff
36 Aston Road
London
SW20 8BE
United Kingdom

Phone: 0044 20 8123 4224
Mobile 0044 79 6372 2345
Skype: Greefffrancois
Greeff Family Web Site: www.Greeff.info
Greeff Family Newsletter:
http://www.greeff.info/tng01/GreeffGenealogyJournal.php

To join the Greeff Correspondence Circle, our family email network, please send an email to GREEFF-L-request@rootsweb.com <mailto:GREEFF-L-request%40rootsweb.com> , with only one word, subscribe, as subject and body. To get out again, send unsubscribe.

From: sastamouers [mailto:andre@rensburg.com]
Sent: 05 September 2008 05:47
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] Re: Van Rensburg se slawe

Hallo Francois,

Vertel my is die kind van 'n Bengaalse slaafin wit?
en is haar kleinkind wit? etc

Dit verbaas my dat ek hierdie tot jou aandag moet bring. Want die manier hoe jy die presentasies bereken, tel jy net die 17 persone as "nie-blank" en enige afstammelinge van daardie persoon wil jou nou automaties as "wit" aanvaar.

Tweedens as iemand twee of drie keer van die selfde "Nie-blanke" slaaf afstam dan tel jy dit blykaar net eenmaal.

Hoe doen jy nou somme. Of verstaan ek jou nou heeltemal verkeerd.

Andre van Rensburg

> Op daardie blad kry ons 17 mooi verhale van die lewens van die
slawe in die
> skrywer se stamboom,
----------
>
> Die blad sluit af met die stelling: "When the original claims was
made that
> Afrikaners had a small percentage of non-white ancestory, it caused
a major
> polemic (some racist even wanted to take H.F. Heese to court).
Research by
> J.A. Heese who studied the genealogical composition of the
Afrikaner looking
> at the period 1657 - 1867 and he concluded that the Afrikaner nation
> ancestry was Dutch 34.8%, German 33.7%, French 13.2%, Non White
6.9%,
> British 5.2%, Other European nations 2.7%, Unknown 3.5%. GFC de
Bruyn used a
> different form of calculation and his results were: Dutch 34.1%,
German
> 29.2%, French 24.7%, British 0.3%, Other European nations 2.4%, Non
European
> 5.4%, Unknown 3.9% (refer to J.S. Bergh ed., Herdenkingsjaar 1988,
RTJ
> Lombard "Die bydrae van die Franse Hugenote tot Suid-Afrika se
> bevolkingsamestelling"). The above reaffirms this claim, with the
presence
> of non-white blood amongst Afrikaners in my own ancestors. The
Indian
> element forms a major portion of the mix ancestors of
Afrikaners, "In geheel
> is die Indiërelement by gemengde huwelike veel groter as die
aandeel wat
> slavinne uit ander wêrelddele gehad het" Heese, Groepe sonder
Grense, p 7."
>
>
>
> Ek let daarop dat in hierdie geval daar min of meer 17 nie blankes
uit 1024
> is. Dus ongeveer 1,5%. Nog nie naby 14 % nie!
>
>
>
> Regards,
> Francois Greeff
> _____________
> Francois Greeff
> 36 Aston Road
> London
> SW20 8BE
> United Kingdom

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (39)
11a. Re: SAG
Posted by: "Willeen Olivier" Willeen.Olivier@gmail.com   willempie5
Fri Sep 5, 2008 5:17 am (PDT)
Ek was al 'n paar keer by nie Pretoria Hoofbiblioteek, en die enigste SAG wat ek daar gesien het is SAG1. Het die publiek toegang tot die Nasionale Biblioteek waar die pligleweringseksemplare gehou word?

Willeen

On 03/09/2008, Daan Hamman <dshamman@icon.co.za> wrote:
>
> Richard,
>
> Die SAG Vol. 16 (Wa-Wy) het wel die Wheeler en Van Wyk families in. Die
> Wheeler-familie is maar baie skraps, slegs die eerste geslag van twee van
> die stamvaders verskyn daarin tesame met die ses ander stamvaders wat na SA
> gekom het.
>
> Die Van Wyk-familie is baie volledig. Ek weet net nie of die SAG se Van
> Wyks meer volledig is as die GGSA se Van Wyk-familie CD wat in 2006 verskyn
> het.
>
> Die Nasionale Biblioteek in Pretoria behoort 'n eksemplaar van SAG Vol. 16
> te hê omrede hulle 'n pliggewing biblioteek is. Moontlik nog nie ontvang nie
> of uitgepak nie want dit het reeds ongeveer 2 maande gelede verskyn.
>
> Groete,
>
> Daan Hamman
>
> Ek sukkel om toegang te verkry tot die laaste uitgawe van SAG (W-Z)
> Biblioteke het dit nie en selfs die nuwe Nasionale Biblioteek in Pretoria
> het nie 'n kopie nie. Ek is op soek inskrywings oor WHEELER asook VAN WYK
> (wat skynbaar onder W resorteer.
>
> Kan enigiemand asb help?
>
> Groete
>
> Richard Wheeler
>
> [
> .
>
> [Non-text portions of this message have been removed]
>
>
>

--
Willeen Olivier

Rooihuiskraal
Kotzé, van Wyk, Olivier, Bosman, en al hulle voorgeslagte ...

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (10)
11b. SAG
Posted by: "Hetta Scholtz" hettascholtz@absamail.co.za hester_scholtz
Fri Sep 5, 2008 6:48 am (PDT)
Centurion se hoofbiblioteek in Lyttelton het ook SAG
Hetta Scholtz, Rooihuiskraal

----- Original Message -----
From: Willeen Olivier
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Friday, September 05, 2008 2:17 PM
Subject: Re: [SA-Gen] SAG

.

----------------------------------------------------------

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (10)
12a. Re: Gemiddeld van 14%
Posted by: "Daniel Jacobs" danielmalanjacobs@gmail.com
Fri Sep 5, 2008 5:18 am (PDT)
Beste Elmien

Ek vermoed dat daar gevalle moet wees waar bv. 'n kind van 'n Khoi-vrou en
'n Blanke-man in die Bruin gemeenskap opgeneem kon gewees het met van die
kind se nasate wat dan weer met blankes kon getrou het? Op die manier kan
ons dus meer Khoi-voorouers hê as wat dit op die oog af lyk die geval is.

Groete

Daniel Jacobs
www.gendata.co.za

2008/9/5 Elmien Wood <woodem@mweb.co.za>

> O gaats, ek is klaar te laat!
>
> Ja, ek weet van Elisabeth Voogd wat kinders by Diederik Niemand gehad het!
>
> Ek gaan nou lees, maar ek is seker dit is wat Johan Pottas gesê het! Ek en
> hy het vantevore gekorrespondeer oor die einste Elisabeth. Ek het gehoop
> iemand anders vind ook 'n Khoivoormoeder voordat ek met die sak patats voor
> die dag kom!
>
> Lees asseblief die verskriklike interessante artikel in Maiores van Naomi

> de Valdoleiros wat ook van Elisabeth afstam!
>
> Nou het ons twee Khoivroue: Eva en Elisabeth Voogd!!!!
>
> Is daar nog?
>
> Groete
> Elmien
>
> a2 Philip Peter SPIES van Wachenheim aan der Haart. Aankoms 1752, soldaat
> later messelaar. Burger 1757 (testament 13.4.1784) + 31.12.1784
>
> x 18.1.1761 Johanna Cathrina Niemand d.v. Diederik Johann Niemand â‰ˆ 27 Okt
> 1697 en Elisabeth Voogd van die Kaap.
>
>
> [Non-text portions of this message have been removed]
>
>
>

--
www.gendata.co.za

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (4)
13a. Re: George St Leger Gorden Lennox
Posted by: "Francois Greeff" Goodgreeff@hiddencode.co.uk
Fri Sep 5, 2008 5:23 am (PDT)
Google lewer volop inligting oor hom, maar jy moet werk om resultate te kry.
Soek ook met ander enjins, soos met MSN, Altavista ens. In elke geval moet
jy afsonderlik soek vir prente, want hulle lei tot lekker bronne.

Daar is fotos van sy graf op die net.

Metrowitch het 'n boek oor hom geskryf.

Skryf ook VIR EEN MAAND by www.Ancestry.co.uk in, en soek daar vir sy
geboorte, doop, ouers, en vir hulle familie in die census. Maak van meet af
tabelle van alles wat jy kry, en sorteer alles. Dan word 'n patroon in die
end sigbaar. Die probleem met www.ancestry.co.uk is dat dit te veel
inligting gee, eerder as te min.

Regards,
Francois Greeff

_____________
Francois Greeff
36 Aston Road
London
SW20 8BE
United Kingdom

Phone: 0044 20 8123 4224
Mobile 0044 79 6372 2345

Skype: Greefffrancois
Greeff Family Web Site: www.Greeff.info
Greeff Family Newsletter:
http://www.greeff.info/tng01/GreeffGenealogyJournal.php

To join the Greeff Correspondence Circle, our family email network, please send an email to GREEFF-L-request@rootsweb.com <mailto:GREEFF-L-request%40rootsweb.com> , with only one word, subscribe, as subject and body. To get out again, send unsubscribe.

From: Frikkie Jansen Van Rensburg [mailto:frikkier@hwsasolburg.co.za]
Sent: 05 September 2008 07:00
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] George St Leger Gorden Lennox

Hallo Lyslede

Is daar dalk iemand wat navorsing doen of geskiedkundige inligting het oor die Lennox familie. n Vriend van my is opsoek na sy oupa se voorouers.

Sy oupa het bekend gestaan as Suid Afrika se Robin Hood - Scotty Smith maar sy werklike

naam George St Leger Gorden Lennox gebore 22 November 1845

Groete

Frikkie Jansen Van Rensburg

Email : frikkier@hwsasolburg.co.za <mailto:frikkier%40hwsasolburg.co.za>

[Non-text portions of this message have been removed]

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (2)
14. TAB opsoeke groot Asb?
Posted by: "Adélle Jerling" cool2bsafe@yahoo.com   senekalgen
Fri Sep 5, 2008 6:13 am (PDT)
Kan iemand asb vir my dalk die volgende opsoek?
1. TAB/MHG/Leer/0/01/3086/53/1 - Eloff, Michiel Christiaan X Margaretha Magdalena Malan
2. TAB/MHG/Leer/0/01/1025/50/2 - Kloppers, Cornelius Johannes X Aletta Catharina Kruger
3. TAB/SS/Leer/751/01/R6504/82/1 - Dood van Kommandant Generaal Senekal - 1882
4. TAB/000/00/SOPOW/Leer/32/01/PR/A2930/02/1 - Navraag van PW Senekal en PJ Louw oor families - 1902

Ek sal dit baie waardeer.
ADéLLE JERLING
Sel: 072 920 0788

Familienavorsing in SENEKAL, JERLING, GREYLING, ELOFF, KLEINHANS, CRUYWAGEN, VAN DER LINDE

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
15. de SMIDT, LOUW - TAB versoek
Posted by: "Johannes Bosch" janbos2000@yahoo.com   janbos2000
Fri Sep 5, 2008 10:23 am (PDT)
Beste lyslede,

As dit enigsins moontlik is, kan iemand asseblief met 'n volgende besoek aan die TAB hierdie SK vir my naslaan.

TAB, MHG, Vol. 0, Sys. 01, Ref 36056, Pt. 1.
DE SMIDT, Joseph Benedictus. 1918.
Surviving spouse Johanna Petronella de Smidt *Louw

Het enige de Smidt- of Louw-kenners dalk hierdie persoon in hul databasis?

'n Eie niggie van my se moeder is met haar geboorte in 1927 oorlede. Haar vader is reeds vÃ³Ã³r daardie datum dood en sy weet nie wat sy voornaam(name) was nie. Volgens my niggie is haar enigste broer op 2-jarige ouderdom oorlede, in ongeveer 1925. Sy naam was Joseph Benedictus de Smidt. Bg SK verwys moontlik na hierdie neef en niggie van my, se oupa.

(Hierdie niggie van my was slegs aan my bekend deur my (ons) Jordaan-ouma se SK van 1943, waarin sy as kleindogter en erfgenaam genoem is. Ek het etlike jare na spore van haar gesoek, selfs op hierdie forum. NÃ¡ 'n lang internetsoektog het ek onlangs 'n e-pos uit Engeland ontvang; dit het gelees "I am related to ....., she is my grandmother!" Ek was verheug om te verneem dat hierdie niggie nog leef, in Pietemaritzburg. Stel julle voor hoe heerlik en hoe lank ons 'n paar weke gelede per telefoon gesels het, vir die eerste maal in ons lewens! Sy is 80 en ek 67!)

Lewende genealogie!

Lekker naweek.
Johannes Bosch
Virginia, VSA

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
16. Barry Kruger se e-pos adres asb
Posted by: "Hendrik Louw AbsaMail" loogkolk@absamail.co.za   loogkolk
Fri Sep 5, 2008 10:35 am (PDT)
Het iemand asb. vir my Barry Kruger se nuwe e-pos adres? Die onderstaande een werk nie ...

The following message to <barrykruger@optusnet.com.au> was undeliverable.

Dankie

Hendrik LOUW

Voors: Louw Familie Bond in SA
Navors: DE WAAL familie in SA en verskeie gedeeltes van ander families
asook die Noord Kaap families en hul mense
Loogkolk@absamail.co.za
Loogkolk@gmail.com
Posbus 7822 Bergeendstraat 27
Birchleigh Birch Acres
1621 1618
+27 (0)11 976 4262 (H)
+27 (0)82 722 6500 (S)
+27 (0)86 600 1729 (F)

----------

----------

No virus found in this outgoing message.
Checked by AVG - http://www.avg.com
Version: 8.0.169 / Virus Database: 270.6.16/1651 - Release Date: 9/4/2008 6:57
AM

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
17.1. Re: Slawe afkoms
Posted by: "Isebelle Krauss" iekrauss@yahoo.com   iekrauss
Fri Sep 5, 2008 10:43 am (PDT)
olie op die vuur!
Ek het in een van die" Family tree" tydskrifte, (Britse) so drie jaar gelede n
artikel gelees.....
en dit hou verband met die slawe wat in Europa en veral Brittanje was....hulle
het bewys dat byna al die Britte DNA deel met die "swart" en Oosterse mense....n
projek wat deur n tandheelkundige fakulteit by een van die Universiteite geloods
was oor n periode van 10 jaar....en oor n wye kulturele groep.
Ooglopend het die slawe na vrywording tot n groot mate in die Britse, Duitse en
ander bevolking opgeneem geword...ondertrou, ens.
Die motorbetuurder wat ons heen en weer karwei, wanneer ons gaste het, is van
Ghanese afkoms...en toe Ugo Perego van Sorensons so n rukkie gelede by ons
kantoor DNA toetse gedoen het, het hy ook deelgeneem en raai wat!
Deel  DNA met Jode!
(Sy ma is van koninklike Ghanese afkoms) Suster glo hom nie, sy studeer in
Brittanje, laat haar toets...en ja ook presies dieselfde...
sy uitlating teenoor my:  "... And I am pitchblack and a Jew!.....
Nou wonder ek maar....
Isebelle E Krauss *Lloyd.

----- Original Message ----
From: dues_ex_machina <nnbusservice@intekom.co.za>
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Thursday, 4 September, 2008 14:40:53
Subject: [SA-Gen] Re: Slawe afkoms

Sou graag wou weet wat die opinie van lede is ten opsigte van die
moontlikheid dat van die "slawe" blank was. Destydse see rowers het
europese kus dorpe geplunder en die kinders en vrouens gevange geneem

en tot sover as die ooste as slawe daar verkoop.

Hoeveel blanke bloed is daar nie dan in Afrika en die Ooste ingeteel nie. Dus behoort ons alle mense te kan klassifiseer as kleurlinge. Geen swart of wit of indier want dit val dan nou onder iets soos 'n verfpalet na van Gogh met hom klaar is. Almal is in alles vermeng en is daar geen suiwer ras nie - waarom dan so daarop hammer. Daarom dat ons maar onsself saam groepeer met betrekking tot ons taal, ons geloof, ons verlede en ons toekoms.

Die punt bly staan dat Max du Preez se lewe maar baie vervelig is en daarom wil hy trap op die vertraptes ...

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (39)
18. NG Gemeentes Vereeniging 1908-1911
Posted by: "petronaud" petro.naude@absamail.co.za petronaud
Fri Sep 5, 2008 10:44 am (PDT)
Hallo, ek weet nie eens of ek moet vra nie dit voel vir my te hopeloos. Weet iemand hoeveel NG gemeentes sou daar in die Vereeniging distrik wees van 1908 tot 1911, en waar kry ek die doop inligting? Ek is opsoek na 'n kind waarvan ek net die doopouers se name het. Enige rigtingwysers sal waardeer word.

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 3402

Datum:  Friday, September 05, 2008 20:44

Daar is 5 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

1a. Re: Barry Kruger se e-pos adres asb From: Cathy
2a. Re: Margaretha Brits From: Alta Roux
2b. Re: Margaretha Brits From: Alta Roux
2c. Re: Margaretha Brits From: paul.prinsloo
3.1. Re: Johan hanekom se bekommernis From: Johann Hanekom

View All Topics | Create New Topic Messages
1a. Re: Barry Kruger se e-pos adres asb
Posted by: "Cathy" cathynu@bellsouth.net   dickydube
Fri Sep 5, 2008 10:55 am (PDT)
Middag Hendrik,

Probeer hierdie adres - barrykruger@krugerfam.com

Groete,
Cathy Nieuwoudt
Birmingham V.S.A.
----- Original Message -----
From: Hendrik Louw AbsaMail
To: SAGenealogie@yahoogroups.com ; Buitenposten
Sent: Friday, September 05, 2008 12:35 PM
Subject: [SA-Gen] Barry Kruger se e-pos adres asb

Het iemand asb. vir my Barry Kruger se nuwe e-pos adres? Die onderstaande een werk nie ...

The following message to <barrykruger@optusnet.com.au> was undeliverable.

Dankie

Hendrik LOUW
Voors: Louw Familie Bond in SA
Navors: DE WAAL familie in SA en verskeie gedeeltes van ander families asook die Noord Kaap families en hul mense
Loogkolk@absamail.co.za
Loogkolk@gmail.com
Posbus 7822 Bergeendstraat 27
Birchleigh Birch Acres
1621 1618
+27 (0)11 976 4262 (H)
+27 (0)82 722 6500 (S)
+27 (0)86 600 1729 (F)

----------

----------

No virus found in this outgoing message.
Checked by AVG - http://www.avg.com
Version: 8.0.169 / Virus Database: 270.6.16/1651 - Release Date: 9/4/2008 6:57 AM

[Non-text portions of this message have been removed]

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (2)
2a. Re: Margaretha Brits
Posted by: "Alta Roux" rroux@yebo.co.za   genealogiefreak
Fri Sep 5, 2008 10:59 am (PDT)
Paul, Petrus ea

Margaretha Brits tree op 2 Mei 1773 te Drakenstein in die huwelik met Bernardus Jacobus Pieters.
Op 19.10.1794 word haar laaste kind gedoop.
Op 22.3.1801 tree Bernardus Jacobus Pieters weer in die huwelik met Barbara Aletta Lourens.
Margaretha is dus tussen 1794 en 1801 oorlede.
Eerste kind: Maria Elizabeth - vernoem na Ouma Maria Elizabeth Pieters
Tweede kind: Hermanus Bernhardus - vernoem na oupa Pieters
Derde kind: Margaretha Johanna - waarskynlik vernoem na Ma margaretha Brits
Vierde kind: Bernhardus Hermanus - weer 'n Pieters- naam
Vyfde kind: Petrus Johannes - vernoem na sy oom P J Pieters
Sesde kind: Jacobus Hendricus - vernoem na wie?????? (Ek het my eie, onbewyste/onbewysbare teorie)
Sewende kind: Anna Marthina: waarskynlik vernoem na doopgetuies Marthinus Theunissen en Anna Lourens
Agste kind: Elizabeth Susara
Negende kind: Johannes Lucas - na doopgetuie J L Groenewald.
Let wel - nie een kind is na 'n Brits vernoem nie.
Tydens nie een van die nege kinders was daar 'n Brits doopgetuie teenwoordig nie.
Op haar kinders se SK'e word haar naam op enige variasie aangegee - selfs Geertrui Groenewald! (Die Pieterse het wild onder die Groenewalds ingetrou)
Ek kon geen doop - klein/volwasse/slaaf - vir 'n Margaretha Brits opspoor nie.
Tydens haar huwelik en AL die dope word sy as Margaretha Brits aangedui.

Ek weet nie wie was haar ouers nie - ek kan aanvaar dat haar doopinskrywing verlore gegaan het, maar waarom is daar geen Britse vernoem nie? Doopgetuies nie?

Ek weet nie. Laat weet my asseblief as een van julle uitvind!

Groete
Alta van Kinross

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (8)
2b. Re: Margaretha Brits
Posted by: "Alta Roux" rroux@yebo.co.za   genealogiefreak
Fri Sep 5, 2008 11:04 am (PDT)
Ekskuus, ek het net die helfte van die vraag beantwoord - onderstaande is
die testament van B J Pieters, eggenoot van Cornelia Johanna Vermeulen, wie
in 1836 oorlede is.
Groete
Alta van Kinross

>>DEPOT KAB
SOURCE MOOC
VOLUME_NO 7/1/139
SYSTEM 01
REFERENCE 28
DESCRIPTION PIETERZE, BERNARDUS JACOBUS. WILL.
REMARKS FILED 1837.

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (8)
2c. Re: Margaretha Brits
Posted by: "paul.prinsloo" paul@genview.co.za   paul.prinsloo
Fri Sep 5, 2008 11:13 am (PDT)
Baie dankie Alta..
Dit help darem so klein bietjie, (ek dink). Ja, ek het die testament
gesien, hoop nou maar net iemand het dit of alreeds getrek, en kan
vertel of daar enige nuttige informasie in is, of iemand sal so gaaf
wees om dit te gaan opkyk.

groete
Paul

--- In SAGenealogie@yahoogroups.com, "Alta Roux" <rroux@...> wrote:
>
> Ekskuus, ek het net die helfte van die vraag beantwoord -
onderstaande is
> die testament van B J Pieters, eggenoot van Cornelia Johanna
Vermeulen, wie
> in 1836 oorlede is.
> Groete
> Alta van Kinross
>
> >>DEPOT KAB
> SOURCE MOOC
> VOLUME_NO 7/1/139
> SYSTEM 01
> REFERENCE 28
> DESCRIPTION PIETERZE, BERNARDUS JACOBUS. WILL.
> REMARKS FILED 1837.
>

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (8)
3.1. Re: Johan hanekom se bekommernis

Posted by: "Johann Hanekom" johann@hanekom.org   johann.hanekom
Fri Sep 5, 2008 11:17 am (PDT)
Hoo as ek sê Haa!

Ek is nie seker waar die indruk vandaan kom dat ek sê ons moet nie bodder met feitelike korrektheid van inligting nie. En as dit feitelik korrek is dat 'van de Kaap' nie altyd gekleurde bloed beteken nie, dan is die wetenskaplike navorsing om die korrekte feite bepaal onontbeerlik.

Hierdie gesprek gaan egter lankal nie meer daaroor nie, maar eerder oor versklillende benaderings om te bepaal hoe die statistiek bereken moet word wat sê hoe bont ek is. En of ek nou een of meer slawe in my mixup het, en ek is 1.4% bont instede van 1.41% - wat maak dit selfs wetenskaplik saak? Anders gestel – watter wetenskaplike waarde het hierdie nommer? Watter wetenskaplike gevolgtrekking kan daaruit gemaak word? Watter vooruitskattings of beplanning kan daarmee gemaak word?

So, nou het die wetenskaplike navorsing bepaal Susanna Claassen of haar ouers was nie slawe nie, en die rekord is reggestel oor die aantal en volgorde van haar kinders.

En….. nee wat, kom ek los dit liewer

Johann

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 3403

Datum:  Saturday, September 06, 2008 15:38

Daar is 25 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

1a. Re: VANDAG IN SUID-AFRIKA SE VERLEDE - 1820, 1901 en 1939 (vir Johan From: Hans Combrink
2. Re: Gem van 14% - laat die nommers met rus! From: Martina Louw
3. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 05 Sept 2008 From: P Marx
4a. Re: Re : [SA-Gen] MAX DU PREEZ, Gem van 14%, Heese / Van Rensburg sl From: Sylvester Rascher
5a. Re: NG Gemeentes Vereeniging 1908-1911 From: alta@pinnaclespot.co.za
6. Marabastad - waar? From: Simon du Plooy
7. Harmse x Du Plooy; Zoutpansberg From: Simon du Plooy
8. KOPIEREG OP LYSGESPREKKE From: Sylvester Rascher
9. Foord (Ford)  x Du Plooy- Zoutpansberg From: Simon du Plooy
10a. Re: Beriggie From: Francois Greeff
11.1. Re: Gemiddeld van 14 % From: Sylvester Rascher
12a. Re: Gemiddeld van 14% From: Sylvester Rascher
12b. Re: Gemiddeld van 14% From: Ariel Rudolph
13. [KOERANT]BEELD-Mnr. Werner Geldenhuys (29) BERIGGIE From: Elizabeth Teir
14. [Koerant] The Mercury Vrydag 5 Sept 2008 From: aletta magrieta.quebbemann
15. [Koerant] The Mercury Vrydag 5 Sept 2008 CREDITORS ...... From: aletta magrieta.quebbemann
16. [Koerant] Berea Mail  5 Sept 2008 From: aletta magrieta.quebbemann
17. (Koerant) Beeld 06 Sep. 2008 From: Fanie Blignaut
18. Suidkus N.G Kerk 50 jr From: Elizabeth Teir
19. Re: Marabastad - Dankie Johan. From: Simon du Plooy
20a. Re : [SA-Gen]  Gem %, Heese / Van Rensburg slawe From: MontXsuZ-point-ca
20b. Re: Re : [SA-Gen]  Gem %, Heese / Van Rensburg slawe From: Sylvester Rascher
21. Re : Re : [SA-Gen] MAX DU PREEZ, Gem van 14%, Heese / Van Rensburg s From: MontXsuZ-point-ca
22. Tr. : Re : Re : [SA-Gen] MAX DU PREEZ, Gem van 14%, Heese / Van Rens From: MontXsuZ-point-ca
23. David Livingstone From: johann@hanekom.org

View All Topics | Create New Topic Messages
1a. Re: VANDAG IN SUID-AFRIKA SE VERLEDE - 1820, 1901 en 1939 (vir Johan
Posted by: "Hans Combrink" Hans.Combrink@mopani.com.zm
Fri Sep 5, 2008 12:19 pm (PDT)
Charlie,

Indien ek dit reg het, het sy `n plasie naby die Kaap besit aan die Liesbeeck Rivier en was bekend as "Die stormvoel van die Kaap"

Wanneer sy oppad Kaap toe was te perd, moes almal voor padgee soos wat sy woes gejaag het. Daar word vermeld dat haar kinders nie veel aandag gekry het nie en soos Sigeuner - kinders daar uitgesien het. Sy het ten minste vier mans gehad waarvan sommige deur roofdiere gedood is.

My feite slegs van dit wat ek onthou, mag dalk nie 100% korrek wees.

Groete

Nardus

________________________________

From: SAGenealogie@yahoogroups.com [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On
Behalf Of Charlie Els
Sent: Thursday, September 04, 2008 9:19 AM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: RE: [SA-Gen] Re: VANDAG IN SUID-AFRIKA SE VERLEDE - 1820, 1901 en 1939
(vir Johannes Bosch)

Beste Johannes,

Nou vertel vir ons bietjie van Trijnte. Ek het nie veel oor haar nie,
behalwe dat sy as 'n weduwee in 1662 op die "Hoff van Zeelant" hier aangekom
het.

Dankie en groete,

CHARLIE

-----Original Message-----
From: SAGenealogie@yahoogroups.com<mailto:SAGenealogie%40yahoogroups.com>
[mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com<mailto:SAGenealogie%40yahoogroups.com>]On
Behalf Of Johannes Bosch
Sent: 04 September 2008 01:31 AM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com<mailto:SAGenealogie%40yahoogroups.com>
Subject: [SA-Gen] Re: VANDAG IN SUID-AFRIKA SE VERLEDE - 1820, 1901 en
1939

En op 3 September 1662 tree Trijnte Ufftings (Ustinx) met Hans Ras in
die huwelik. Oor haar is daar ook vele verhale.
Johannes Bosch
Virginia, VSA
_________________________

--- In SAGenealogie@yahoogroups.com<mailto:SAGenealogie%40yahoogroups.com>,
"Daniel Jacobs"
<danielmalanjacobs@...> wrote:
>
> Beste Vriende
>
> Op 3 September 1901 steek Genl. Smuts en sy manskappe die
Oranjerivier oor
> vir hulle inval in die Kaapprovinsie. Aan die einde van die Oorlog
was hy
> minus 45 van sy 200 man waarmee hy die veldtog begin het. Die
meerderheid
> van hulle is gevange geneem.
>ens., ens.
> Groete
>
> Daniel Jacobs

> www.gendata.co.za

___________________________________

DISCLAIMER: This email and its attachment(s) are confidential and intended solely for the use of the addressed individuals or entities. If you have received this email in error please let us know by email reply and delete it from your system. Any views or opinions presented in this email are solely those of the author and do not necessarily represent those of Mopani Copper Mines Plc. Please check this email and any attachments for the presence of viruses. Mopani Copper Mines plc accepts no liability for any damage caused by any virus transmitted by this email.

[Non-text portions of this message have been removed]


2. Re: Gem van 14% - laat die nommers met rus!
Posted by: "Martina Louw" mlouw1@bigpond.net.au   martinalouw
Fri Sep 5, 2008 12:44 pm (PDT)
Christo,

Ek stem met jou saam. Ek dink ons moet net aanvaar is dat ALMAL wie se voorsate vanuit die vroëe dae aan die Kaap dateer, wel gemengde gene sal hê. Geen twee van ons se profiele sal egter identies wees nie. Ons sit nie almal en presiese % uitwerk van ons Franse, Engelse, Hollandse, Duitse ens DNA nie, en met soveel variasie sal dit in elk geval nie regtig nuttige informasie wees nie. So ek sien nie waarom 'n presiese % nie-Europees van spesifieke belang is nie. Of dit nou 1.4 of 14 is of iewers tussenin - "so what?". Kom ons aanvaar dat dit oor die algemeen iewers tussen hierdie twee is, en laat dit daar.

Ek is ook ewe trots op al my voorsate, net soos jy sê "of hulle nou vrywillig in 'n houtskippie van Europa af gekom het, of in kettings van Asië" of waar ookal af. Ek sou nie ék gewees het sonder die verskeidenheid voorouers van my nie - en soos jy sê dis juis daardie "samevloei van kulture" wat ons uniek maak. Ek stel dus voor ons laat Max en ons % samestellings met rus, en spandeer liewer ons tyd aan soeke na name, datums en meer persoonlike historiese inligting :o)

Dalk kan een van die slawe-kenners my help en sê waar ek kan soek vir die ouername van my stammoeder Johanna Petronella BASSON (x Willem du Plooy op 30/9/1742), wie se mtDNA vanuit suid-Asié ek met trots dra en aan my kinders oorgedra het.

Volgens Johanna Petronella BASSON se geboortedatum (ca 1718-1725 ???) lyk dit vir my was daar's veral die volgende 6 moontlike pa's van so 'n (buite-egtelike?) Basson kind:

Seuns van Willem Basson & Helena Clement:

1. Arnoldus Willemse Basson 1693-1724 van De Groeneberg
gedoop 24 May 1693, Kaapstad
oorlede August 1724, kinderloos

trou met Maria Vosloo, weduwee van Arnoldus Kruysman, oorlede 1722

2. Matthijs Michielse Basson 1703 Kaap - voor 1775
van Rosenberg, Drakenstein

~ 18 November 1703, Kaapstad
+ voor November 1775,
x 2 January 1729 Kaapstad Martha Meijburg 1707-1771

Seun van Johannes Basson & Zacharia Jansz Visser:

3. Arnoldus Johannes Basson 1702 - ca 1742
~ 26 February 1702, Stellenbosch
+ ca 1742,
x Catharina Olivier 1708 - voor 1743

Seuns van Michiel Basson & Maria Daensdons:

4. Arnoldus Willemse Basson 1699 - ca 1726
~ 6 July 1699 Kaapstad
+ ca Jan 1726, ongetroud.

5. Michiel Basson geb 1701 Kaap
~ 6 June 1701 Kaapstad
x 9 May 1729 Kaapstad Maria Magdalena Meijn

6. Jan Basson geb 1706 Kaap
~ 24 October 1706 Kaapstad
x 2 May 1734 Drakenstein Johanna Catharina van Jaarsveld

Haar ma wie se mtDNA ek ge-erf het was dus blykbaar van slawe herkoms, maar ek kon tot dusver geen naam vir haar vind nie - en ek wil darem baie graag weet wie sy was en van waar sy gekom het.

Ek het deur die slawe transaksies gekyk wat gelys word op Andre van Rensburg se stamouer webwerf, maar daar is maar min slawetransaksies aan Bassons aangeteken, en die wat wel is meestal manlike slawe. Een vroulike slaaf aan 'n Arnoldus Basson verkoop in 1723 - Rachel van Madagaskar. Kon dit dalk sy gewees het???

As iemand kan help met Johanna Petronella BASSON se ouername of raad het oor hoe/waar ek hierdie informasie kan uitvind, sal ek baie bly wees.

Groete,
Martina.

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
3. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 05 Sept 2008
Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za
Fri Sep 5, 2008 12:46 pm (PDT)
Sterfgevalle
BEKKER, Hester. +Dinsdag 02 Sept 2008. Kinders, kleinkinders. Roudiens Maandag 08 Sept 2008
11:00 NG Kerk Sionsrand-gemeente, Linton Grange. (Die Burger Oos-Kaap 05/09/2008)
First Avenue Funeral Home 041 581 5028

BESTER, Bettie. +Donderdag 04 Sept 2008. Benita, Dudley, Tracey, Alan, Charmaine, Christelle,

André, Jason, Stefan, Michelle, Tertius en Chris. Diens Maandag 08 Sept 2008 15:00 Aandmymering Tehuis,
Uitenhage. (Die Burger Oos-Kaap 05/09/2008) Esmé Groenewald AVBOB Uitenhage 041 922 8066

CHRISTOFFEL, Kate. +Dinsdag 02 Sept 2008. Kinders, kleinkinders. Begrafnisdiens Saterdag 06 Sept 2008
10:00 VGK Kerk Palmrylaan, Gamble, Uitenhage. Gerald Smith-begraafplaas.
(Die Burger Oos-Kaap 05/09/2008) Bernard Edwards DOVES 041 992 1349

LOUW, Steph. +Dinsdag 02 Sept 2008. Eggenote Leonie, kinders, kleinseun. Verassingsdiens Maandag
08 Sept 2008 14:30 NG Kerk PE Heideveld, Rowallanpark. (Die Burger Oos-Kaap 05/09/2008)
First Avenue Funeral Home 041 581 5028

(3 berigte)
STRYDOM, Lisa. +Woensdag 03 Sept 2008. Sunette, Laetitia en Christelle; Mondré, Stanley en Raymond;
Christo, Lizel, Chanel, Monique, Shirene, Ruan, Sam en Ziaan. Begrafnisdiens Dinsdag 09 Sept 2008 13:00
NG Kerk Sonheuwels, Westering. Forest Hill-begraafplaas. Teraardebestelling is privaat, slegs familie en vriende.
(Die Burger Oos-Kaap 05/09/2008)

In Memoriam
BARNARDO, Chatty. Pappa vandag een jaar van my weggeneem. Sandra. (Die Burger Oos-Kaap 05/09/2008)

WESSELS, Hannie. 10/07/1923 - 05/09/2007. Linda en Lezé. (Die Burger Oos-Kaap 05/09/2008)

Hester Marx Loerie Oos-Kaap

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
4a. Re: Re : [SA-Gen] MAX DU PREEZ, Gem van 14%, Heese / Van Rensburg sl
Posted by: "Sylvester Rascher" sylvesterrascher@yahoo.com   sylvesterrascher
Fri Sep 5, 2008 12:58 pm (PDT)

Beste Christo,

Dankie vir jou antwoord.

Nou het ons so ver twee nawysbare gevalle van Khoi herkoms in die Afrikner samestelling.

1) Eva Krotoa – Oor haar bestaan volledige bewyse in primere historiese bronne. Van Riebeeck se Dagboek is sekerlik die primere bron in hierdie verband

2) Caatje die Hottentottin. - Ek het die allergrootste respek vir Richard Ball se navorsingsbenadering en sy navorsinggegewens. As hy jou gehelp het om Caatje

se Khoi oorsprong uit te wys sal die primere bronne waarop hierdie aanduiding berus seersekerlik aangduibaar en nawysbaar wees.

‘n Aanduiding van waar Caatje in ‘n spesifieke Afrikaner familieverband inpas en ‘n verwysing na die spesifieke primere bron sal dus ook help.

Groete
Rassie

--- On Fri, 9/5/08, MontXsuZ-point-ca <montxsuz@yahoo.com> wrote:

From: MontXsuZ-point-ca <montxsuz@yahoo.com>
Subject: Re : [SA-Gen] MAX DU PREEZ, Gem van 14%, Heese / Van Rensburg slawe
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Date: Friday, September 5, 2008, 12:31 PM

Rassie

Ek het heelwat moete gedoen om al my "gekleurde" voorouers te identifiseer - sover moontlik - en ek het meer as een bewese Khoi/San in my eie stamboom (in antwoord op jou vraag). Daar is Eva/Krotoa en Caatje die Hottentottin. (dog is die presiese definiesie van "hottentottin" onbekend). Lg staan onder 'n ander naam bekend on die SAG en in Heese se "Groep sonder Grense", maar met Richard Ball se hulp het ons haar in 'n doopregister opgespoor onder die naam hier bo. Verder het ek ten minste drie ander persone met 'n Afrika agtergrond in my stamboom - 2 slawe vanaf die Kus van Guinea, nog een van Madagaskar.
Daarby 'n paar handevol persone vanaf India/Bengale en IndonesiÃ«. Ek het reeds dmv mtDNA bewys dat my direkte vroulike voorsaat vanaf die IndiÃ«se subkontinent was.
En dan 'n groepie mense met onbekende of betwiste afkomste.

Dankie Andre vR vir jou nugtere perspektief op Heese se boek vroeÃ«r. Ek stem saam met Andre dat 14% waarskynlik te hoog is, en Francois se 1.5% heeltemaal te laag is. Maar ons het almal 'n verskillende stel voorouers. In verdediging van Max wil ek sÃª dat daar ander bronne is wat groter persentasies aangee, en dat hy dalk net skuldig aan "lees" is. Toe ek my eie navorsing gedoen het, het ek byvoorbeeld toevallig op die volgende afgekom dmv Google:

" IN SOUTH AFRICASexual relations between whites and Asian slaves were quite common in the
17th and 18th centuries, and several studies show that half or more of the children of slave women had white fathers.
Many white settlers married or lived with Asian women and their children were accepted in the white community. Marriages between the Dutch and slave women were prohibited in 1685 but persons of mixed parentage were allowed to marry anyone, including the white settlers. Inter-racial marriages, in fact, increased from that time.
J. A. Heese, in Die Herkoms van die Afrikaner 1657-1867, presented the results of research from parish registers and other sources on the ancestors of the Afrikaners. He found that between 1660 and 1705, 191 of the settlers from Germany married or lived with women who were not pure blood Europeans. Of the women, 114 were born in the Cape (most probably mixed), 29 were Bengalis and 43 were from other Asian regions.
He estimated that in 1807, between 7.2 and 10.7 percent of the ancestors of the then living Afrikaner population were Africans and Asians. His figures were perhaps inevitably conservative. It may well be that a tenth of the present Afrikaner population has Indian ancestry."

Okei, dit is een persoon se opinie, hy dui geen bewyse aan nie, en dit was op die ANC se website. Maar nogtans is dit 'n uittreksel uit 'n amptelike publikasie, beskikbaar aan die algemene publiek. (Die bron is aangegee as "INDIA and SOUTH AFRICA: a collection of papers by E.S. REDDY: Published by: The University of Durban-Westville, Durban. Occasional Papers Series No. 1, 1991." (Die skrywer doen verder 'n beroep op historici IN INDIÃ« om meer navorsing op hierdie gebied te doen.)

Soos ek al voorheen op die lys genoem het, het ek probeer om my eie "persentasie" uit te werk. Maar die sommetjies het te kompleks vir my wiskundige vernuf geraak. Daar is baie faktore om in ag te neem. Eva/Krotoa se nasate bv kom my stamboom verskeie kere binne deur verskillende takke. Dieselfde geld vir 'n die meeste van bogenoemde slawe. My eerste en enigste Skotse voorouer was slegs 5 geslagte gelede. Wat is my persentasie Skots? En hoewel die van "Wright" steeds in my familie voorkom, wat presies het ek het ek van hom geÃ«erf? Dan is daar 'n groepie mense wie se afkomste onbekend is - selfs die kontinent van afkoms word betwis (bv Adolph Jonker). En wat bv van die Franse wat (na 'n geslag of twee) deur Noord-Europa gekom het. Tel hulle as Franse, of Belge, of Nederlanders/ Duitsers? Ek staan dus by my eie skatting (vir myself) van 1/16, of 6.25% gekleurd.

Hier in Noord Amerika is daar DNA toetse beskikbaar om jou "persentasies" te bepaal. hulle kan selfs onderskei tussen Noord en Suid Europa. Ek is nuuskierig genoeg, en as iemand my nou US$500 sou skenk, dan sal ek 'n vrywillige proefkonyn wees vir so 'n toets ;-)

Nietemin. Ek is dalk in die minderheid op hierdie lys, maar ek het nog altyd van Max du Preex gehou, en ek dat ek nie lus het om aan 'n heksejag teen hom deel te neem nie. As hy wil vrywillig en onder vriendelike omstandighede wil deelneem aan so ondersoek, dan is dit 'n ander storie, en ek sal help. In elk geval lyk dit my verder (volgens Johan Pottas se e-posse) dat ons 'n ten minste 'n paar voorsate in gemeen het. (Behalwe dit het hy op 'n stadium in my ou tuisdorpie in die Vrystaat gewoon.)

Ek is bietjie bekommerd oor die rigting wat hierdie hele gesprek aanneem. Die laaste ding wat ek op die lys wil sien is daardie soort rasse-argumente wat mens kry wanneer Suid-Afrikaners bykmekaar kom, en soos wat bv gereeld op die gewone expat-websites aan die gang is. Ek is ewe trots op al my voorsate, of hulle nou vrywillig in 'n houtskippie van Europa af gekom het, of in kettings van AsiÃ« af, en of hulle plaaslike inwoners was wie deur die Europese settelaars "bevriend" is. Die samevloei van kulture is wat my uniek maak.

Groete
Christo vR

------------ --------- --------- --------- ----
Christo van Rensburg
Vancouver, BC, Canada
En belle Colombie Britannique
------------ --------- --------- --------- ----
Janse van Rensburg X Cronje; Barnard X Schoeman
Herselman X Kriel; Wright X Breytenbach
(1876 Bethulie; 1883 Philippolis; 1879 Kareedouw?; 1889 Wepener)
http://www.montxsuz .ca/familie/
------------ --------- --------- --------- ----

----- Message initial ----

De : Sylvester Rascher <sylvesterrascher@ yahoo.com>
Ã€ : SAGenealogie@ yahoogroups. com
EnvoyÃ© le : jeudi 4 septembre 2008, 12 h 45 min 08 s
Objet : [SA-Gen] MAX DU PREEZ

Beste lysvriende,

Sover dit ons Khoi herkoms betref, het diegene van ons wat ons herkoms na Daniel Zaaiman en sy vrou Pieternella Meerhoff kan naspoor baie goeie gedokumenteerde bewys van die Khoi aandeel in ons bloedlyn aangesien ons weet dat ons voormoeder, (die moeder van Pieternella) , die Khoi vrou Eva was.

Is daar sover as wat lyslede se kennis strek, enige ander soortgelyke bronnesekerheid oor enige ander Khoi of San verbintenisse?

...

Groete
Rassie

[Non-text portions of this message have been removed]

------------ --------- --------- ------

SAGenealogie is â€˜n poslys vir die bespreking van genealogiese en genealogies-verwante aangeleenthede alleenlik, onderhewig aan die voorwaardes soos uitgespel by http://www.geocitie s.com/sagenealog ie/ Lede wat aangeleenthede wil opper wat nie van 'n suiwer genealogiese aard is nie, word versoek om dit nie op die poslys te doen nie, maar dit liefs van die lys af direk aan die betrokkene te stuur. Probleme, klagtes en voorstelle vir verbetering moet gestuur word aan: SAGenealogie- owner@yahoogroup s.com

Besoek ons webblad by:
http://www.geocitie s.com/sagenealog ie/

Yahoo! Groups Links

Devenez un meilleur amigo grÃ¢ce Ã  Yahoo! Courriel
http://cf.promos. yahoo.com/ courriel/ visiteguidee2/

[Non-text portions of this message have been removed]

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (2)
5a. Re: NG Gemeentes Vereeniging 1908-1911
Posted by: "alta@pinnaclespot.co.za" alta@pinnaclespot.co.za   griffithsalta
Fri Sep 5, 2008 1:16 pm (PDT)
Volgens die jaarboek van die NGK 2008 was die oudste NGK in Vereeniging gestig in 1912. Vanderbijlpark se kerke is nog jonger.

Probeer Heidelberg?

GISA het daardie dope

Groete

Alta Griffiths

> Hallo, ek weet nie eens of ek moet vra nie dit voel vir my te
> hopeloos. Weet iemand hoeveel NG gemeentes sou daar in die
> Vereeniging distrik wees van 1908 tot 1911, en waar kry ek die doop
> inligting? Ek is opsoek na 'n kind waarvan ek net die doopouers se
> name het. Enige rigtingwysers sal waardeer word.
>
>

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (2)
6. Marabastad - waar?
Posted by: "Simon du Plooy" sjduplooy@mweb.co.za   sjdp1951
Fri Sep 5, 2008 1:37 pm (PDT)
NOORD Transvalers - help Aub:

Waar sal mens die plek(plaas?) Marabastad ook genoem Marabasland in die ou Zoutpansberg distrik vind. Dit is waarskynlik nie die huidige Marastad in Pretoria nie.

Die naam word dikwels genoem in Zoutpansberg-doopregister en 'n hele paar du Plooy-spruite is daar gedoop.

Groetnis,

Simon.

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
7. Harmse x Du Plooy; Zoutpansberg
Posted by: "Simon du Plooy" sjduplooy@mweb.co.za   sjdp1951
Fri Sep 5, 2008 1:54 pm (PDT)
Goeienaand ui Potch;

Nadere inligting oor onderstaande Familie sal hoog op prys gestel word, hetsy vanaf Harrmse kant of du Plooy kant – ek het maar geen verdere inligting nie en Naairs kan of wil nie nie help nie, nog minder SAG.

Groennis,

Simon.

xxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxxx

Family Group Record

====================================================================================

Husband: Zacharias Johannes HARMSE

----------------------------------------------------------
--------------

Marriage:

==============================================================================
==============

Wife: Stoffelina Cornelia DU PLOOY

----------------------------------------------------------
--------------

==============================================================================
==============

Children

==============================================================================
==============

1 F Petronella Wilhelmina HARMSE

Birth: 17 Dec 1877 Zoutpansberg

Chr: 25 Dec 1878 Zoutpansberg

----------------------------------------------------------
--------------

2 M Zacharias Johannes HARMSE

Birth: 27 Apr 1880 Zoutpansberg

Chr: 16 May 1880 Zoutpansberg

----------------------------------------------------------
--------------

3 F Martha Suzanna Petronella HARMSE

Birth: 15 Mar 1883 Zoutpansberg

Chr: 6 May 1883 Zoutpansberg

----------------------------------------------------------
--------------

4 M Gerhardus HARMSE

Birth: 4 Sep 1885 Zoutpansberg

Chr: 17 Jan 1886 Zoutpansberg

----------------------------------------------------------

--------------

5 M Willem Johannes Jacobus HARMSE

Birth: 21 Aug 1888 Zoutpansberg

==============================================================================
==============

FAMILY NOTES

Marriage(1):

HUSBAND NOTES: Zacharias Johannes HARMSE

WIFE NOTES:Stoffelina Cornelia DU PLOOY

CHILD NOTES: Petronella Wilhelmina HARMSE

Birth(2):

Chr: Op die plaas Houtboschberg deur Ds. Boccard. Get: Gert Harders; Petronella

Harders geb. Harmse

CHILD NOTES: Zacharias Johannes HARMSE

Birth(3):

CHILD NOTES: Martha Suzanna Petronella HARMSE

Birth(4):

Chr(5): Deur Ds Biccard te Marabastad en getuies was Jan Hendrik Venter, Martha Suzanna

Petronella Venter geb. du Plooy; Johannes Jacobus van Wijngaard; Margaretha

Magdalena M. van Wijngaard geb. du Plooy

CHILD NOTES: Gerhardus HARMSE

Birth(6):

Chr: Deur Ds. L.G.F Biccard te Marabastad met getuies: Gerhardus Petrus du Preez;

Margaretha Sophia Johanna Du Preez geb. Mijnhard; Gertina Frederica Mijnhard.

CHILD NOTES: Willem Johannes Jacobus HARMSE

Birth(7): Doopdatum nie vermeld nie. Doopgetuies was Johannes Jacobus Mynhard; Suzanna

Gezina Elizabetha Mijnhardt Geb. Pretorius

SOURCES

1. Hervormde Gemeente Zoutpansberg - Doopregister bewaar in die Argief van die NH

Kerk, Jacob Maréstraat, Pretoria. Gefotografeer deur Rosa Swanepoel en getranskribeer deur Willemine Willemine J

van Dreven-Lieuwes.

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
8. KOPIEREG OP LYSGESPREKKE
Posted by: "Sylvester Rascher" sylvesterrascher@yahoo.com   sylvesterrascher
Fri Sep 5, 2008 2:08 pm (PDT)

Beste Dennis,

Kan jy my asb inlig oor wat die kopiereg voorwaardes is met betrekking tot die e-posse wat deur lyslede aan die lys gestuur is.

Groete
Rassie

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
9. Foord (Ford)  x Du Plooy- Zoutpansberg
Posted by: "Simon du Plooy" sjduplooy@mweb.co.za   sjdp1951
Fri Sep 5, 2008 2:22 pm (PDT)
Nog ‘n Zoupansberg navraag:

Marcus Albertus FOORD (Ford?) verskyn as ongekoppelde in SAG 2Bl 324(b)

Enige verdure inligting oor hom en gesin ( ook ouers) sal geweldig welkom wees

Ek weet ook nie waar Anna Catharina du PLOOY inpas nie – kan iemand help?

Gesinsblad met bekende inligting hieronder.

=============================================================================
=============

Husband: Marcus Albertus FOORD

----------------------------------------------------------
--------------

Marriage:

================================================================================
==============

Wife: Anna Catharina DU PLOOY

------------------------------------------------------------
--------------

================================================================================
==============

Children

================================================================================
==============

1 M Marcus Albertus FOORD

Birth: 19 Jun 1878

Chr: 13 Sep 1878 Du Toitspan

------------------------------------------------------------
--------------

2 F Hester Catharina FOORD

Birth: 18 Nov 1880

Chr: 5 Dec 1880 Zoutpansberg

------------------------------------------------------------
--------------
The study of genetics is a rapidly changing science, and in just the past year or less our haplogroup has been renamed from "*I1C*" to "*I1B2A*" to "*I2B*", for reasons too technical to go into here .One type of marker on the Y chromosome is called a *SNP* (Single Nucleotide Polymorphism), and a characteristic of SNPs is that they mutate relatively infrequently, which makes them very useful in identifying members of subgroups within a haplogroup. The SNP mutation that characterizes the *I2B *group is a positive test for a marker named *M223.* Greg Pierson has tested positive for *M223*, and I'm going to assume for now that this would also be true for the other individuals who are participating in the DNA study. That being the case, since the terminology of haplogroups is changing so rapidly, I'm going to refer to our haplogroup as *I-M223*, rather than *I2B*.

If I were the only Avent tested so far, our identification of the haplogroup of Col. Thomas Avent would be a lot less certain, since it is always possible that, unknown to me, one of my ancestors between Col. Thomas and myself could have been adopted, or could have had a father other than the one we expect. Fortunately, it appears that the most recent common ancestor between Robert Avent of MS and myself is, in fact, Col. Thomas, and since Robert and I have a perfect match on our DNA (for the first 12 markers, anyway) that makes it much more likely that Thomas Avent also belonged to haplogroup *I-M223***.

So, what do we know about the *I-M223* "tribe"? It is a relatively uncommon group, and is purely European and was one of the earliest groups to settle in what is now Europe. It seems to have migrated out of the Middle East around 27,000 years ago north and west into modern-day Europe, then moving southward as the Ice Age set in, finally taking refuge about 10,000 years ago somewhere in southern (modern-day) Europe, most likely somewhere in the Balkans, though possibly in modern-day France or Spain. Then, as the Ice Age ended and the glacial ice retreated northward, this group moved northward as well, finally ending up in the northwest of modern-day Germany and in Denmark.. Paraphrased from familytreedna.com <http://www.familytreedna.com/public/I1c-Y-Clan/I1c>(which has a lot of very good information on the I haplogroup):

The I2B clan is thought to have branched from our original progenitor before the last glacial maximum approx. 14,000-18,000 years ago within the Upper Palaeolithic community. It may have refuged in southern France to escape the last Ice Age. This area is well known as the winter refuge of the western Gravettian culture, whose stable diet was reindeer. As the ice melted, herds of large game migrated north in the search of new grass lands. Early tribes naturally followed their tracks in the seasonal quest for resources. It is believed that I2B may well be associated with the early Celtic Iron Age migrations throughout Europe and this is believed to account for the present location of I2B. The age and spread of I2B, suggests that it was an early member of the migrations north from its southern Ice Age refuge in France. I2B is found at its highest concentration in north-western Europe within present day Denmark and NW Germany, and along the North Atlantic coast.

Also:

The I2B line is definitely European, very early arrivals (Gravettian stone tool period) about 22000 years ago from the Anatolia-Middle East staging area, living south of the ice sheet at various latitudes as the ice moved south for a couple of millenia, then moving northwards and westwards after about 18,000 years ago as the ice retreated.

And, from ( http://humphreygenealogy.com/DTDNA1.html#Graphs_of_Capellis_British_Isles_data_-_2004):

Haplogroup "I" is found at very low levels in the Celtic areas (Ireland, Wales, Cornwall, northwestern Spain, etc.) and at relatively high levels in Norway, Sweden, Denmark, Finland. It likely originated among the group who "wintered" in Franco/Iberia & the western Balkans during the Last Glacial Maximum (LGM) (about 20,000 years ago). As the glaciers retreated, people with this haplotype, together with many others, moved northward. For those who possess an "I" haplotype, it is uncertain whether this DNA signature

reflects an Anglo/Saxon, Danish, Viking or Norse heritage, though the values of DYS 390 suggest a 22 for Anglo/Saxon territory and a 23 for Norse/Viking territory.

The line "...it is uncertain whether this DNA signature reflects an Anglo/Saxon, Danish, Viking or Norse heritage, though the values of DYS 390 suggest a 22 for Anglo/Saxon Territory and a 23 for Norse/Viking territory" is particularly interesting because, as you can see in the chart of Avance/Avent DNA above, the value that we have in DYS 390 is "*23*", which puts us with the Norse and Vikings of Scandinavia.

Kaapse Groete
Jaco

--- In SAGenealogie@yahoogroups.com, "Francois Greeff" <Goodgreeff@...>
wrote:
>
> Resultate is, binne perke, beskikbaar by:
>
> http://www.smgf.org/ychromosome/search.jspx
>
>
>
> Ek vermoed dat die Sorensen Projek letterlik miljoene deelnemers het. Ek
is
> een van hulle, maar my resultaat is nog nie uit nie.
>

--
Jaco Strauss
Somerset-Wes

Personally I think the death penalty is a form of barbaric and uncivilized revenge, but that is not the only reason why I support it...

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (6)
6a. NG gemeentes
Posted by: "Martin Knoetze" brakenjan@storm.ca   lovegenaca
Sat Sep 6, 2008 8:15 pm (PDT)
Naand

Is daar dalk iemand wat weet, of weet waar ek kan uitvind watter NG gemeente het die Cullinan/Bronkhorstspruit gebiede bedien voor 1905.

Groetnis
Martin

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (7)
6b. NG gemeentes/Bronkhorstspruit
Posted by: "Elizabeth Teir" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Sat Sep 6, 2008 9:50 pm (PDT)

Môre Martin,

Wel adress vir jou Ds D Smit, Posbus 92,
Bronkhostspruit,1020,ngbhs@penta-mail.net, tel 031 932 2220. Kan miskien kontak en vra of hulle ´n geskiedenis boekie het oor die Gemeente. Hoop daar is iemand op die lys wat kan verder kan help.

Groetnis
Elizabeth

_____

From: SAGenealogie@yahoogroups.com [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On Behalf Of Martin Knoetze
Sent: Sunday, September 07, 2008 6:16 AM
To: SAGenealogie
Subject: [SA-Gen] NG gemeentes

Naand

Is daar dalk iemand wat weet, of weet waar ek kan uitvind watter NG gemeente het die Cullinan/Bronkhorstspruit gebiede bedien voor 1905.

Groetnis
Martin

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (7)
6c. Re: NG gemeentes/Bronkhorstspruit
Posted by: "Elizabeth Teir" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Sat Sep 6, 2008 9:55 pm (PDT)
Ja nee as mens nog nie eers koppie kapitaal weg het nie dan gaan dit maar skeef...

_____

From: SAGenealogie@yahoogroups.com [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On Behalf Of Elizabeth Teir
Sent: Sunday, September 07, 2008 7:50 AM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] NG gemeentes/Bronkhorstspruit

Môre Martin,

Wel adress vir jou Ds D Smit, Posbus 92,
Bronkhostspruit,1020,ngbhs@penta- <mailto:ngbhs%40penta-mail.net> mail.net, tel 031 932 2220. Kan miskien
kontak en vra of hulle ´n geskiedenis boekie het oor die Gemeente. Hoop daar is iemand op die lys wat kan verder kan help.

Groetnis
Elizabeth

_____

From: SAGenealogie@ <mailto:SAGenealogie%40yahoogroups.com> yahoogroups.com
[mailto:SAGenealogie@ <mailto:SAGenealogie%40yahoogroups.com>
yahoogroups.com] On
Behalf Of Martin Knoetze
Sent: Sunday, September 07, 2008 6:16 AM
To: SAGenealogie
Subject: [SA-Gen] NG gemeentes

Naand

Is daar dalk iemand wat weet, of weet waar ek kan uitvind watter NG gemeente het die Cullinan/Bronkhorstspruit gebiede bedien voor 1905.

Groetnis
Martin

[Non-text portions of this message have been removed]

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (7)
6d. Re: NG gemeentes/Bronkhorstspruit
Posted by: "Ariel Rudolph" ariel.rudolph@gmail.com   ariel.rudolph
Sat Sep 6, 2008 10:15 pm (PDT)
Elizabeth,
Kry vir jou nog 'n koppie.
Die tel no wat jy verskaf het is 'n DURBAN tel no.
Is dit die regte een??

Groete
Ariel

2008/9/7 Elizabeth Teir <trcul.info@elisanet.fi>

> Môre Martin,
>
> Wel adress vir jou Ds D Smit, Posbus 92,
> Bronkhostspruit,1020,ngbhs@penta-mail.net <ngbhs%40penta-mail.net>, tel
> 031 932 2220. Kan miskien
> kontak en vra of hulle ´n geskiedenis boekie het oor die Gemeente. Hoop
> daar
> is iemand op die lys wat kan verder kan help.
>
> Groetnis
> Elizabeth
>
> __
>

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post

Messages in this topic (7)
6e. Re: NG gemeentes/Bronkhorstspruit
Posted by: "Elizabeth Teir" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Sat Sep 6, 2008 10:25 pm (PDT)
Houtlepel,

So reg dit moet wees 013. Sien ek droom oor die golwe wat ek oor ´n week
gaan sien:) Jammer Martin.

Mieliepit.

_____

From: SAGenealogie@yahoogroups.com [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On
Behalf Of Ariel Rudolph
Sent: Sunday, September 07, 2008 8:15 AM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: Re: [SA-Gen] NG gemeentes/Bronkhorstspruit

Elizabeth,
Kry vir jou nog 'n koppie.
Die tel no wat jy verskaf het is 'n DURBAN tel no.
Is dit die regte een??

Groete
Ariel

2008/9/7 Elizabeth Teir <trcul.info@elisanet
<mailto:trcul.info%40elisanet.fi> .fi>

> Môre Martin,
>
> Wel adress vir jou Ds D Smit, Posbus 92,
> Bronkhostspruit,1020,ngbhs@penta- <mailto:ngbhs%40penta-mail.net> mail.net
<ngbhs%40penta-mail.net>, tel
> 031 932 2220. Kan miskien
> kontak en vra of hulle ´n geskiedenis boekie het oor die Gemeente. Hoop
> daar
> is iemand op die lys wat kan verder kan help.
>
> Groetnis
> Elizabeth
>
> __
>

[Non-text portions of this message have been removed]

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (7)
6f. Re: NG gemeentes
Posted by: "alta@pinnaclespot.co.za" alta@pinnaclespot.co.za   griffithsalta
Sat Sep 6, 2008 11:29 pm (PDT)
Martin hulle sê nie in die NGK Jaarboek van watter gemeente die kerk afgestig

het nie. Net dat Bronkhorstspruit in 1905 sy deure oopgemaak het. En dat daar na die Cullinangemeente nou verwys word as Premiermyn.

By GISA is daar 'n lys wat die afstigtings aandui.

Maar gewoonlik is dit maar die naaste groot dorp van daardie tyd.

Groete

Alta Griffiths

> Naand
>
> Is daar dalk iemand wat weet, of weet waar ek kan uitvind watter NG
> gemeente het die Cullinan/Bronkhorstspruit gebiede bedien voor 1905.
>
> Groetnis
> Martin
>
>

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (7)
6g. Re: NG gemeentes
Posted by: "Lucas Rinken" lgrinken@iburst.co.za
Sun Sep 7, 2008 12:38 am (PDT)
Môre vriende,
Een van my vader se boeke nog op my boekrak is "Ons Gemeentelike Feesalbum" in 1952 met die Van Riebeeck-Fees uitgegee.

Die gee die stigting van meeste NG Gemeentes in die land maar Barberton word
glad nie aangegee nie.

Premiermyn word wel gegee:
"Hierdie gemeente is in 1920 van die gemeente Erasmus afgeskik (Ons beskik egter nie oor die notule van die stigtingsvergadering nie.) Die hoeksteenlegging
van die Kerkgebou is in Okt. 1910 deur sir T.M. Cullinan waargeneem (die persoon
na wie die dorpie vernoem is."

Die gemeente Erasmus word net onder "Orige Gemeentes van Transvaal" aangegee:

"Erasmus (1905) - Ds. F.A.J. van der Merwe."

Moontlik was die Gemeente Bronkhorstspruit dus eers as "Erasmus" bekend.

Vriendelike groete,

Lucas

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (7)

7. Boedel lêers en sterfte sertifikate
Posted by: "Martin Knoetze" brakenjan@storm.ca   lovegenaca
Sat Sep 6, 2008 8:24 pm (PDT)
Naand

Na hoeveel jaar by die Meesters kantoor gaan die lêers na die argief en verskyn die op argief se indekse. Ek sukkel met sommige mense wat van omtrent 1945 en later oorlede is se inligting op NAAIRS te kry. Meestal sukkel ek met enige iets later as 1965. Voor dit is dit miskien net 'n geval dat die indeks nie op NAAIRS gesit is nie of dat dit nooit by hulle uitgekom het nie - sal nie weet nie.

Martin

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
8. [Koerant] KWANA In the City  5 Sept 2008.
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za   alettaqea9fac
Sat Sep 6, 2008 10:40 pm (PDT)
Dag vriende,

WORDS OF WISDOM:- " Try to learn something about everything and everything about something." Thomas H. HUXLEY.

? DID YOU KNOW? " As World War I raged through Europe in 1917 , Ed COX of San Francisco invented a pre-soaped pad with which to clean pots. His wife named it S.O.S., which , as the story goes, stood for ' Save Our Saucepans'."

INSOLVENTE OORLEDENDE BOEDEL:
FIELD Keith Desmond BOEDEL Nr D 088/07 K.R KNOOP p/a MANCI KNOOP FINANCIAL SERVICES Burgerstr 181a PMB.Verw.KRK/JH/F78K/18 60224(3)

LABUSCHAGNE Coenraad Frederick ID 6605205072087 BOEDEL Nr D156/07 K R KNOOP p/a SCHOENIE & KNOOP bk ,Burger Str 181a PMB Verw KRK/JH/L82/18 60225(3) .

ESTATES:-

DAVIDSON Judith Frida ID 4504270118083 + 29 Mei 2007 van 121 F Duranta Rd Merewent 4052. ESTATE Nr 7619/2007/Dbn. FIRST & FINAL. NETISHA PANNALALL ATTORNEYS Shop 15 Hamagiri Rd Merebank TEL:- 031 4685882 FAX: 031 4612082 .REF: NP/KN/Est D4 60230(3).

VENTER Anna Daphne ID 1706270013080 + 24 Julie 2008 van Tuinsig Aged Home Cowey Rd Durban. ESTATE Nr 9468/2008/PMB.PMB. CLAIMS . WILLIAM BROOME c/o LIVINGSTONE LEANDY INC. P.O.Box 4107, The Square 4021 . TEL:- 031 5662460 REF:- William Broome/63V353963 60232(3).

FINLEY Madge ID 25010500420089 + 24 Jan 2008 van 38 Isabel Beardmore Drive PMB. ESTATE Nr 2119/2008 . LIQUIDATION & DISTRIBUTION ACC. BAKERS ATTORNEYS 8 Rydall Vale Crescent La Lucia Ridge REF:- Estates/Mrs Williams/VR 60233(3).

MOORE Vernon Charles ID 2712285049084 + 14 Nov 2007 van 34 Hedgerow ,Brighton Strand. ESTATE Nr 18170/2007. LIQUIDATION & DISTRIBUTION ACC. BAKERS ATTORNEYS 8 Rydall Vale Crescent La Lucia Ridge 4051. REF : Estates/Mrs Williams/VR 60235(3).

DU PREEZ Yvonne Thella Ann Patricia ID 1803120028085 + 21 Julie 2008 van Eikenhof Plaas Rietvlei KZN. ESTATE Nr. 9282/08/PMB. CREDITORS /DEBTORS. PRETORIUS ATTORNEYS 229 Boom Str PMB. TEL:- 0333942392 FAX:- 0333421593 REF:- ED260071(D71)/yolandi 60237(3).

MURRAY Irien Audry ID 5701090094085 + 26 Julie 2008 van 22 Dawn View Claveshay Rd Cleland Pmb. ESTATE Nr . 9777/08(PMB) .CREDITORS /DEBTORS . PRETORIUS ATTORNEYS 229 Boom Str Pmb. TEL 0333942392 FAX:- 0333421593 REF: EM432100(M100)/yolandi 60238(3).

DU PLESSIS Zacharias Francois ID 5407315137085 + 22 Julie 2008.van 4 Carey Hills, 7 Crowford Rd PMB. ESTATE Nr 9458/08(PMB) CREDITORS /DEBTORS. PRETORIUS ATTORNEYS. 229 Boom Str PMB.TEL 0333942392 FAX 0333421593 REF: ED261072(D72)yolandi 60239(3).

SCOTT June ID 270250015085 + 3 Okt 2007 van 2 Riverside Park , 81 Anthony Rd , Umgeni Park Durban.ESTATE Nr. 14589 /2007/PMB. Weduwee. FIRST /FINAL .KNIGHTS TURNER 3B The Ridge ,8 Thorsvale Crescent La Lucia Ridge Office Estate. TEL:- 031 5838900 FAX 031 5661502. REF:- L Jepson/an/E88-287 60249(3).

HARDWICK Beryl Ivy ID 1607160033081 + 3 Mei 2008 van 11 Fay Jill House, Prince Alfred Str Pietermaritzburg. REF:- 5676/2008 . FIRST /FINAL . DESMOND MAYNE & COMPANY. 237 Hoosen Haffejee (Berg) Str PMB Ref: I Hess 60289(3).

MONTCRIEFF Nancy Agnes * 22 Okt 1919 ----+ 13 Feb 2007 ESTATE Nr. 12064/2007/DBN. CREDITORS /DEBTORS . HELEN FERENDINOS ATTORNEYS P.O.Box 31094 , Mayville 4058. 60296(3)

gegroet uit Koeler en sovêr windstil sterbelaaide lug, Durban
Rita Quebbemann

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
9a. Khoi en San voorouers
Posted by: "sastamouers" andre@rensburg.com   sastamouers
Sat Sep 6, 2008 11:46 pm (PDT)
Goeie Middag Rassie,

Jy sit uiteen baie goeie redes hoekom hierdie onderwerp belangrik is.

Ek het ook al gewonder hoekom ons nie meer dokumentasie het van voorouers wat verhoudinge met Khoi en San gehad het nie. Heese maak melding van 'n aantal in sy boek Groep sonder Grense, en navorsers kan van hierdie leidrade opvolg. Ek dink dit is ook die geval dat daar buitegtelike verhoudinge was tussen slaaf, Companie dienaars, matrose, trekboere, Khoi en San. Ek het 'n vermoede dat 'n kleiner groep van ons voorouers dan later in 'n wettige verhouding met hulle kinders en kleinkinders gebind was. Met ander woorde daar is meer navorsing wat gedoen moet word oor die voorouers wat ons nie weet van wie hulle afstam nie, sommige van hulle kan heelmoontlik hierdie prentjie vir ons duideliker maak. Op een tydstip het ek vir Christo Viljoen gevra om inligting op SA Stamouers te sit ivm met ons Hugenote stamouers. Ek het ook toe begin om inligting in te win oor ons slawestamouers. Ek het gehoop dat eendag daar inligting sal kan

wees oor ons Khoi en San voorouers. Hierdie taak hoop ek dat iemand in die toekoms sal aanpak.

Mense word ook gewoonlik 'gecategorised' as wit, boer, Afrikaner, kleurling, baster, koranna ens.

Gesoute genealoe wat 'n goeie begrip van familienavorsing het besef dat ons navorsing te doen het met ons Familia. Ons familieboom sluit in baie takke. Soos ons weet was van hierdie takke heeltemal afgesny en apart beskou. Hierdie takke is ook deel van ons familieboom.

Ongelukkig so nou en dan wanneer ons op SAGenealogie gesels oor ons slawe, khoi of San voorouers dan sluip daar emosies ander agendas in wat niks te doen het met genealogie nie.

Andre van Rensburg

--- In SAGenealogie@yahoogroups.com, Sylvester Rascher
<sylvesterrascher@...> wrote:
>
>
> Hi Christo,
>
> Soos jy terreg se, daar is reeds baie bekend oor slawe in die voorgeslagte, maar baie min oor Khoi en San. In die eerste instansie gaan dit vir my dus maar meerendeels daaroor dat  nuwe inligting ten opsigte van spesifieke induwidue in die voorgeslagte vir my interessant is en hoekom ek graag meer daaroor wil weet. Soos ek in 'n vorige e-pos gese het was ek slegs van een geval bewus, todat jy en Johan verdere gevalle aangedui het.
>
> In die tweede plek wil ek graag so na as moontlik 'n denkbeeldige prentjie opbou oor elke spesifieke individu wat ek op my voorouertabel aandui.
>
> So, ek wil graag soveel as moontlik biografiese besonderhede oor daardie spesifieke individu kan aandui. Na my mening "blaas dit lewe" in so 'n karakter op my voorouertabel.  En na my mening maak sowel karaktereinskappe as kultuurbelewenis en ook fisiese trekke alles deel uit van wat ek beskou as 'n individu se biografiese besonderhede. Ek dink my eie familiegeskiedenis sou baie armer gewees het sonder die spesifieke biografiese kennis wat ons uit Van Riebeeck se dagboek het oor byvoorbeeld individue soos Eva of Trijn Ras.
>
> In die derde plek gee 'n aanduiding van verhoudinge oor kulture, etniese en rasgrense aan my ook 'n beeld van die historiese demografiese en sosiale omstandighede waarin bepaalde individuele voorouers ten tye van hul lewe geleef het. In hierdie sin maak getalsaanduiding vir my sin, want dit dra dus verder by tot 'n spesifieke individuele voorouer se biografiese prentjie.
>
> Getalle en persentasies as sodanig, bloot om te probeer vasstel wat die persentasie van watter volk, nasie of groep in 'n nakomeling se bloed (of dan te wel in sy genetiese samestelling is), is na my mening nie 'n presiese wetenskaplike oefening nie want dit berus op te veel historiese onsekerhede. Daarbenewens bring dit mens in die steeds onafgeslote en onbeantwoorde wetenskaplike diskrepans oor

of 'n individu se karaktertrekke en sy kulturele uitlewing geneties, deur oorerwing, bepaal word en of dit deur omgewingsomstandighede soos kultuur en sosio-ekonomiese omstandighede en opvoeding bepaal word.
>
> As dit vir ander genealoe interessant is of belangrik is, gun ek hulle hierdie oefening. My persoonlike belangstelling in hierdie inter-groeps huwelike en getalsverhoudinge, insluitende Khoi en San, maar sonder om ander groepe buite trekening te laat, gaan oor die 3 punte wat ek hierbo uiteengesit het.
>
> Christo, ek woon nou so duisend of wat KM ten weste van Moskou. Sal jou verder van lys af kontak
>
> Groete
> Rassie

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (4)
9b. Re: Khoi en San voorouers
Posted by: "Isebelle Krauss" iekrauss@yahoo.com   iekrauss
Sun Sep 7, 2008 5:48 am (PDT)
Ons het gister n aanbieding en n Genealogiese Fees by die Pietermaritzburg Argiewe bygewoon!
Uitstekende praatjies deur onder andere Prof Khumalo oor die Zulu kultuur, Pieter Nel oor Genealogie in Natal ens., maar wat vir my opgeval het was die groot aantal mense van gemengde afkoms...met vanne soos Botha, Gutman, en ek kan nie ander onthou nie, maar reelike baie sg. Afrikaanse en Duitse vanne, met hier en daar  n Engelse van tussen in...Hierdie mense het vir jare alreeds in Natal gewoon, bv Botha was van Voortrekkerafkoms.....haar ouma was n Xosa wat saamgetrek het!Vir jare het hulle n baie lae profiel gehou, alhoewel dit ooglopend mense van n goeie kulturele agtergrond is, baie is heeltemal wit ander kleur ens., maar met duidelike fyn opvoeding en kultuur.....was hulle soos deur een  gestel, the "unrecognizables"
Almal probeer  egter nou hul afkoms en familiegeskiedenis navors...en die bronne is bitter skraal...
Al raad wat ons kon gee was: Kerk en skoolregisters, Munisipale rekords by die Argiewe, Protokol, en Binnelandse sake, maar wat van" Mondelinge of oorvertelfamiliegeskiedenis"....as ons betyds begin, kan mens nog iets kry by die ouere geslagte!.
Ons ,die GSU/Familysearch is tans besig om so n program te  loods op regeringsvlak,
stel dit aan die Argiewe bekend,lei Univerwiteitspersoneel, biblioteek en navorisngs sentrumspersoneel op, maar dit is n stadige proses, en ons het vrywilligers nodig om ons behulpsaam te wees...selfs met opleiding en  as projekleiers.
Hierdie program het ons alreeds vir jare (vanaf 1994) in baie lande met sukses gebruik.
Miskien moet n mens n beweging of bewustheid onder die sg. bruin gemeenskappe landswyd begin!
Die inligting ingesamel kry en op n webblad publiseer, vir navorsing.
ek het ook spas verneem van n boek oor die Malei agtergrond en geskiedenis....kontak my van lys af en ek sal die aankondiging aanstuur vanaf my ander pos.

Isebelle E Krauss *Lloyd.

----- Original Message ----
From: sastamouers <andre@rensburg.com>
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Sunday, 7 September, 2008 8:46:41
Subject: [SA-Gen] Khoi en San voorouers

Goeie Middag Rassie,

Jy sit uiteen baie goeie redes hoekom hierdie onderwerp belangrik is.

Ek het ook al gewonder hoekom ons nie meer dokumentasie het van voorouers wat verhoudinge met Khoi en San gehad het nie. Heese maak melding van 'n aantal in sy boek Groep sonder Grense, en navorsers kan van hierdie leidrade opvolg. Ek dink dit is ook die geval dat daar buitegtelike verhoudinge was tussen slaaf, Companie dienaars, matrose, trekboere, Khoi en San. Ek het 'n vermoede dat 'n kleiner groep van ons voorouers dan later in 'n wettige verhouding met hulle kinders en kleinkinders gebind was. Met ander woorde daar is meer navorsing wat gedoen moet word oor die voorouers wat ons nie weet van wie hulle afstam nie, sommige van hulle kan heelmoontlik hierdie prentjie vir ons duideliker maak. Op een tydstip het ek vir Christo Viljoen gevra om inligting op SA Stamouers te sit ivm met ons Hugenote stamouers. Ek het ook toe begin om inligting in te win oor ons slawestamouers. Ek het gehoop dat eendag daar inligting sal kan wees oor ons Khoi en San voorouers. Hierdie taak hoop ek dat iemand in die toekoms sal aanpak.

Mense word ook gewoonlik 'gecategorised' as wit, boer, Afrikaner, kleurling, baster, koranna ens.

Gesoute genealoe wat 'n goeie begrip van familienavorsing het besef dat ons navorsing te doen het met ons Familia. Ons familieboom sluit in baie takke. Soos ons weet was van hierdie takke heeltemal afgesny en apart beskou. Hierdie takke is ook deel van ons familieboom.

Ongelukkig so nou en dan wanneer ons op SAGenealogie gesels oor ons slawe, khoi of San voorouers dan sluip daar emosies ander agendas in wat niks te doen het met genealogie nie.

Andre van Rensburg

--- In SAGenealogie@ yahoogroups. com, Sylvester Rascher <sylvesterrascher@ ...> wrote:
>
>
> Hi Christo,
>
> Soos jy terreg se, daar is reeds baie bekend oor slawe in die voorgeslagte, maar baie min oor Khoi en San. In die eerste instansie gaan dit vir my dus maar meerendeels daaroor dat  nuwe inligting ten opsigte van spesifieke induwidue in die voorgeslagte vir my interessant is en hoekom ek graag meer daaroor wil weet. Soos ek in 'n vorige e-pos gese het was ek slegs van een geval bewus, todat jy en Johan verdere gevalle aangedui het.
>

> In die tweede plek wil ek graag so na as moontlik 'n denkbeeldige
prentjie opbou oor elke spesifieke individu wat ek op my
voorouertabel aandui.
>
> So, ek wil graag soveel as moontlik biografiese besonderhede oor
daardie spesifieke individu kan aandui. Na my mening "blaas dit lewe"
in so 'n karakter op my voorouertabel.  En na my mening maak sowel
karaktereinskappe as kultuurbelewenis en ook fisiese trekke alles
deel uit van wat ek beskou as 'n individu se biografiese
besonderhede.  Ek dink my eie familiegeskiedenis sou baie armer gewees
het sonder die spesifieke biografiese kennis wat ons uit Van Riebeeck
se dagboek het oor byvoorbeeld individue soos Eva of Trijn Ras.
>
> In die derde plek gee 'n aanduiding van verhoudinge oor kulture,
etniese en rasgrense aan my ook 'n beeld van die historiese
demografiese en sosiale omstandighede waarin bepaalde individuele
voorouers ten tye van hul lewe geleef het. In hierdie sin maak
getalsaanduiding vir my sin, want dit dra dus verder by tot 'n
spesifieke individuele voorouer se biografie se prentjie.
>
> Getalle en persentasies as sodanig, bloot om te probeer vasstel wat
die persentasie van watter volk, nasie of groep in 'n nakomeling
se bloed (of dan te wel in sy genetiese samestelling is), is na my
mening nie 'n presiese wetenskaplike oefening nie want dit berus op
te veel historiese onsekerhede. Daarbenewens bring dit mens in die
steeds onafgeslote en onbeantwoorde wetenskaplike diskrepans oor
of 'n individu se karaktertrekke en sy kulturele uitlewing geneties,
deur oorerwing, bepaal word en of dit deur omgewingsoms tandighede
soos kultuur en sosio-ekonomiese omstandighede en opvoeding bepaal
word.
>
> As dit vir ander genealoe interessant is of belangrik is, gun ek
hulle hierdie oefening. My persoonlike belangstelling in hierdie
inter-groeps huwelike en getalsverhoudinge, insluitende Khoi en San,
maar sonder om ander groepe buite trekening te laat, gaan oor die 3
punte wat ek hierbo uiteengesit het.
>
> Christo, ek woon nou so duisend of wat KM ten weste van Moskou. Sal
jou verder van lys af kontak
>
> Groete
> Rassie

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (4)
10. SYDOW FAMILIE
Posted by: "Sylvester Rascher" sylvesterrascher@yahoo.com   sylvesterrascher
Sun Sep 7, 2008 12:46 am (PDT)

Hallo Bonnie,

Hul kontakbesonderhede is:
Deutsche Zentralstelle für Genealogie

Schongauer Strasse 1
04328 Leipzig
Deutschland
Tel. + 49 341/25 555 51

Ek het so twee jaar gelede telefonies met hulle gepraat en is meegedeel dat hulle self, vanwee personeeltekort, geen genealogiese vrae kan beantwoord nie en het my aangeraai om self daar te kom navors of om die hulp van 'n professionele navorser te kry om dit namens my te doen. Ek het die laasgenoemde uitweg gevolg.

Na wat ek verder verneem het, is die sogenaamde Ahnenstammkartei Des Deutschen Volkes blykbaar in 1991 volledig deur LDS gefotografeer, beslaan blykbaar 1221 mikrofilm rolle en staan bekend as die Lepzig Films. Hoewel ek dit nie kan bevestig nie want ek het nie self daarvan gebruik gemaak nie, is hierdie films blykbaar deur middel van LDS sentrums beskikbaar. Moontlik kan Isebelle Krauss jou verder in hierdie verband help.

Sover dit professionele navorsers betref, as jy daarvan wil gebruik maak, kan jy op Cindy's List se Duitse weergawe op die internet by www.cyndislist.com/germany.htm 'n hele aantal se besonderhede kry. Hul tariewe wissel so tussen Euro 30-40 per uur. Dit is daarom raadsaam om een te kies wat in of naby Leipzig woon, anders kom ook nog reis en oornagkostes ter sprake in hul prysopgawe.

As jy vir my kan laat weet tot waar jy jou Sydow se Duitse konneksie teruggespoor het, kan ek vir jou in Oom Wolgang se boek opkyk of ons 'n konneksie kan maak. Hy begin met Christian Sydow wat in 1690 in Brusenfelde, Pommern gebore is en trek dit dan deur tot met die geboorte van sy laaste kleinkind in 1974. Hy het van die Ahnentafelmetode gebruik gemaak en verreken dus ook aangetroudes volledig, maar natuurlik dan net in direkte afkomsverband.

Groete,
Rassie

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
11a. Re: Oberholzer / Oberholster navorsing
Posted by: "Sarel Burger" inl0879@mweb.co.za sarel.burger
Sun Sep 7, 2008 1:51 am (PDT)
Hendrik,
Kyk na die SK van Cecilia Maria OBERHOLSTER (BURGER) KAB MOOC 6/9/142 # 9064 op eGGSA se webtuiste. Alhoewel die kinders van oorlede dogters ook genoem word, is daar nie 'n Johanna Maria nie.
Groete, Sarel

-------Original Message-------

From: Hendrik Louw AbsaMail
Date: 09/06/08 15:53:40
To: SAGenealogie@yahoogroups.com; Buitenposten
Subject: [SA-Gen] Oberholzer / Oberholster navorsing

Ek is op soek na Oberholster inligting in die Kaapprovinsie, naamlik die nageslag van Jacobus Johannes OBERHOLSTER * ca 1801 = 17 Jan 1802 x Swartland 25 Mrt 1822 met Cecilia Maria BURGER = 5 Okt 1806

Dit is veral die 2de kind se name, naamlik Johanna Maria Elizabeth OBERHOLSTER.

Op 14 Aug 1882 trou ene Johanna Maria OBERHOLSTER, 21 jarige jongedogter met Christiaan David Johannes VAN ZYL, 31 jongman

Die vraag is .... wie is haar ouers en hoe koppel dit (indien ooit) met die inligting heelbo????

Byvoorbaat baie dankie

Hendrik LOUW
082 722 6500
----------

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (3)
11b. Oberholzer / Oberholster navorsing
Posted by: "Hendrik Louw AbsaMail" loogkolk@absamail.co.za   loogkolk
Sun Sep 7, 2008 3:58 am (PDT)
Beste Sarel,

Die 2de kind, Johanna Elizabeth ... word ook aangegee as Johanna Maria Elizabeth. Dit wil voorkom of die name van beide moeder en skoonma gekombineer is. SAG verwys ook na die naam as Johanna Maria Elizabeth, sowel as die PEGIS syelsel van Gideon de Kock

Hierna kom die name Johanna Maria Elizabeth baie voor in die nageslag van die NIEUWOUDT's, Die OBERHOLSTER en ook die DE KOCK families. Dit is net om die geslag of twee voor 1900 te kry ter bevestiging hoe die vurk in die hef steek.

Nogmaals baie dankie vir al jou hulp, ek waardeer dit regtig opreg

Groete
Hendrik LOUW
082 722 6500

----- Original Message -----
From: "Sarel Burger" <inl0879@mweb.co.za>
To: <SAGenealogie@yahoogroups.com>
Sent: Sunday, September 07, 2008 10:51 AM
Subject: Re: [SA-Gen] Oberholzer / Oberholster navorsing

Hendrik,
Kyk na die SK van Cecilia Maria OBERHOLSTER (BURGER) KAB MOOC 6/9/142 # 9064 op eGGSA se webtuiste. Alhoewel die kinders van oorlede dogters ook genoem

word, is daar nie 'n Johanna Maria nie.
Groete, Sarel

-------Original Message-------

From: Hendrik Louw AbsaMail
Date: 09/06/08 15:53:40
To: SAGenealogie@yahoogroups.com; Buitenposten
Subject: [SA-Gen] Oberholzer / Oberholster navorsing

Ek is op soek na Oberholster inligting in die Kaapprovinsie, naamlik die nageslag van Jacobus Johannes OBERHOLSTER * ca 1801 = 17 Jan 1802 x Swartland 25 Mrt 1822 met Cecilia Maria BURGER = 5 Okt 1806

Dit is veral die 2de kind se name, naamlik Johanna Maria Elizabeth OBERHOLSTER.

Op 14 Aug 1882 trou ene Johanna Maria OBERHOLSTER, 21 jarige jongedogter met Christiaan David Johannes VAN ZYL, 31 jongman

Die vraag is .... wie is haar ouers en hoe koppel dit (indien ooit) met die inligting heelbo????

Byvoorbaat baie dankie

Hendrik LOUW
082 722 6500
----------

[Non-text portions of this message have been removed]

------------------------------------

SAGenealogie is 'n poslys vir die bespreking van genealogiese en genealogies-verwante aangeleenthede alleenlik, onderhewig aan die voorwaardes soos uitgespel by http://www.geocities.com/sagenealogie/ Lede wat aangeleenthede wil opper wat nie van 'n suiwer genealogiese aard is nie, word versoek om dit nie op die poslys te doen nie, maar dit liefs van die lys af direk aan die betrokkene te stuur. Probleme, klagtes en voorstelle vir verbetering moet gestuur word aan:
SAGenealogie-owner@yahoogroups.com

Besoek ons webblad by:
http://www.geocities.com/sagenealogie/

Yahoo! Groups Links

----------

----------

No virus found in this outgoing message.
Checked by AVG - http://www.avg.com
Version: 8.0.169 / Virus Database: 270.6.17/1657 - Release Date: 9/6/2008 8:07 PM

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (3)
12a. Re: GENETIESE GENEALOGIE
Posted by: "Jaco Strauss" jaco@strauss.za.com jacostrauss
Sun Sep 7, 2008 2:07 am (PDT)
Onthou net om ook in ag te neem dat daar twee verskillende Louw stamvaders was...

--- In SAGenealogie@yahoogroups.com, "Erik Kriel" <erikk@...> wrote:
>
> Na my vorige pos, gaan soek ek toe gou vir "LOUW" op die SMGF
> databasis en al is al die merkers nie presies reg nie, wil dit vir
> my voorkom dat een van die 4 LOUW's wat getoets is nie dieselfde
> voorouer as die ander het nie. Laat mens dink aan die gesprekke
> vroeer die week dat jy dalk die tuinjong of die melkman se kind kan
> wees! my pa se altyd "mommy knows and poppy guesses..." Nou hoe
vind
> hierdie een LOUW karakter nou uit wie rerig sy voorouer was?
>
> Groete
> Erik
> >
> > --- In SAGenealogie@yahoogroups.com, "Jaco Strauss" <jaco@> wrote:
> > >
> > > En as jy nie baie geld wil spandeer nie is die Sorenson
> > Stigting 'n
> > > goeie roep. Sien gerus http://www.smgf.org/

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (6)
13a. Re: Slabbert kenners
Posted by: "Johann Ahlers" johann.ahlers@gmail.com jahlers1
Sun Sep 7, 2008 2:07 am (PDT)
Beste Anita,

In my databasis het ek die volgende (nie seker van bronne; heel waarskynlik De Villiers/Pama, SAG en/of eSAGI):
---------------------------------------------
Johannes SLABBERT bap. 25 Dec 1734, d. , Cape Province, South Africa
+Elsie Sophia VISSER bap. 21 Mar 1751, Stellenbosch, m. 5 Oct 1766Cape Province, South Africa, d. 23 Feb 1802
|-------Gideon Andreas SLABBERT bap. 11 Mar 1770, d. , Cape Province
|-------Johannes Gideon Andreas SLABBERT bap. 20 Sep 1772, d. , Cape Province
| +Maria Isabella DE WIT bap. 1 Aug 1779, m. 15 Apr 1798
| +Johanna Wilhelmina KNOETZEN b. Circa 1792, Cape Province, South
| Africa, m. 4 Jan 1808Uitenhage, d. , Cape Province, South Africa
|-------Floris Johannes SLABBERT bap. Circa 1773, d. , Cape Province
| +Catharina MEYER bap. 29 Dec 1776, m. 2 Feb 1794Cape Province
|-------Gerrit Petrus SLABBERT bap. 7 Jan 1775, d. , Cape Province
| +Anna Adriana NEL, A1b10c2d10 bap. 25 Jul 1781, m. 17 Apr 1796Cape
| Province, South Africa, d. , Cape Province, South Africa
| +Anna Maria Sebastina DAVEL bap. 31 Oct 1789, m. 5 Oct
| 1809Graaff-Reinet, Cape, South Africa

|-------Pieter Johannes SLABBERT bap. 2 Jun 1776, ("Cango", Kaap)
| +Johanna Cornelia Sophia MEYER bap. 23 May 1779, m. 18 Sep 1796Cape

| Town, Cape, South Africa, d. , Cape Province, South Africa
|-------Jasper Johannes SLABBERT bap. 11 Apr 1779, d. , Cape Province
| +Hendrina Maria VAN RENSBURG bap. 14 Mar 1784, m. 15 Sep 1799Cape
| Province, South Africa
|-------Gideon Johannes SLABBERT bap. 7 May 1780, d. , Cape Province
| +Maria Elisabeth VENTER b. 25 Dec 1777, Tulbagh, Cape, South
Africa,
| m. 11 May 1800Kaapstad, d. , Cape Province, South Africa
|-------Maria Margaretha Catharina SLABBERT bap. 2 Jun 1782, (Tulbagh, Cape)
| +Cornelis Hermanus OLIVIER bap. 17 Apr 1746, Tulbagh, m. 20 Dec
| 1801Kaapstad, d. 24 Jan 1825, Graaff-Reinet, Cape, South Africa
| +Andries HARTLIEF m. 20 Sep 1834Graaff-Reinet, Cape, South Africa
|-------Frans Nicolaas Johannes SLABBERT bap. 20 Feb 1785, d. Before 1812
| +Cornelia Johanna BRITS bap. 8 Jan 1788, m. 5 Oct 1805Marriage
Court,
| Graaff-Reinet, Cape, South Africa, d. , Cape Province, South
Africa
|-------Maarten Johannes SLABBERT bap. 22 Oct 1786, d. 1878, South Africa
| +Martha Christina PUTTER bap. 17 Feb 1788, m. About 1808
Graaff-Reinet,
| Cape, South Africa, d. 3 Aug 1843, Cape Province, South Africa
| |-------Petrus Cornelis Johannes SLABBERT
| |-------Johannes Diederik SLABBERT
| |-------Martin Johannes SLABBERT
| |-------Lodewyk Arnoldus Johannes SLABBERT b. 3 Oct 1812, Uitenhage
| |-------Catharina Elizabeth SLABBERT b. 24 Mar 1818, Uitenhage, Cape
|-------Louis Abraham Francois SLABBERT bap. 11 Apr 1789, d. 1853
| +Christina Johanna FOUCHÉ bap. 31 Aug 1794, Graaff-Reinet, Cape,
South
| Africa, m. 27 Oct 1812Graaff-Reinet, Cape, South Africa, d. Before

| 1853, Cape Province, South Africa
|-------Elsie Sophia Francina Johanna SLABBERT bap. 20 Feb 1792
--------------------------------
Vriendelike groete,
Johann Ahlers
Pretoria

2008/9/6 anita slabbert anita.slabbert@gmail.com

> .
>
>
>

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (2)
14a. VAN WYK X DE VILLIERS
Posted by: "wanda botes" wandabotes@gmail.com   wandabotes
Sun Sep 7, 2008 5:24 am (PDT)
Hello Almal

Is daar iemand wat dalk meer inligting het oor:

Louis Johannes Van Wyk x Maria Catharina De Villiers

TAB O/10957

Wanda

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (2)
14b. Re: VAN WYK X DE VILLIERS
Posted by: "Daniel Jacobs" danielmalanjacobs@gmail.com
Sun Sep 7, 2008 5:36 am (PDT)
Beste Wanda

In Juna Malherbe en Alet Malan se *Familie De Villiers*, Volume 1, Hugenote-Stigting, 1997 verskyn die volgende inligting:

a1b3c3d2e2f6 - Haar ouers was: Johannes Christoffel de Villiers * 29.9.1813 = Paarl 17.10.1813 + Grootkruis, Oudtshoorn 21.8.1892, boer en hoedemaker. Hy was 'n hele aantal tale magtig; X George 22.1.1837 Maria Catharina COETZEE *13.10.1818 = George 20.11.1818 + Grootkruis, Oudtshoorn 29.8.1899 dv Daniël Coetzee en Maria Catharina van Rensburg - bl. 81

a1b3c3d2e2f6g2 Maria Catharina * ca 1840 X Oudtshoorn 26.12.1859 Louis Johannes VAN WYK * ca 1836, boer Vergelegen - bl. 84

Groete

Daniel Jacobs
www.gendata.co.za

2008/9/7 wanda botes <wandabotes@gmail.com>

> Hello Almal
>
> Is daar iemand wat dalk meer inligting het oor:
>
> Louis Johannes Van Wyk x Maria Catharina De Villiers
>
> TAB O/10957
>
> Wanda
>
> [Non-text portions of this message have been removed]
>
>
>

--
www.gendata.co.za

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 3406

Datum: Sunday, September 07, 2008 22:36

Daar is 7 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

1a. Re: NG gemeentes From: Martin Knoetze
2a. Re: [SA-Gen] Boedel lêers en sterfte sertifikate From: Isebelle Krauss
2b. Re: Boedel lêers en sterfte sertifikate From: Martin Knoetze
3a. Re: BANTJES Familie. (vir Vic Olivier) From: Charlie Els
4. Ahlers From: simonelkay
5a. Re: GENETIESE GENEALOGIE From: Sylvester Rascher
6. Groot ekskuus From: Sylvester Rascher

View All Topics | Create New Topic Messages
1a. Re: NG gemeentes
Posted by: "Martin Knoetze" brakenjan@storm.ca lovegenaca
Sun Sep 7, 2008 6:04 am (PDT)
Dankie aan almal vir die antwoorde. Ek het die geskiedenis van Premier myn (Cullinan) gemeente en Bronkhorstspruit gemeente - het 'n geskrewe stuk by albei gemeentes gekry. Baie waardevolle inligting by albei gekry oor my voorgeslagte, en daar is nog om te kom soos die mense by die kerke deur hulle argiewe delf - aannemings datums, huwelik sertifikate, doop inskrywings, ens. Sou nie omgee as alle genealogie navorsing soooo maklik was nie. Gelukkig was 'n goeie klompie van my familie by die twee gemeentes vir baie jare.

Ek het 'n leidraad gevind dat dit die NG gemeente in Bosman straat in Pretoria was wat die area bedien het voor 1905. Ek het ook fotos van die kerkie in Cullinan gekry waarin my Pa en van sy broers en susters gedoop is - fotos van hoe die kerkie gelyk het in die dertigs.

Groetnis
Martin

alta@pinnaclespot.co.za wrote:
>
> Martin hulle sê nie in die NGK Jaarboek van watter gemeente die kerk
> afgestig
> het nie. Net dat Bronkhorstspruit in 1905 sy deure oopgemaak het. En
> dat daar
> na die Cullinangemeente nou verwys word as Premiermyn.
>
> By GISA is daar 'n lys wat die afstigtings aandui.
>
> Maar gewoonlik is dit maar die naaste groot dorp van daardie tyd.
>
> Groete

>
> Alta Griffiths
>
> > Naand
> >
> > Is daar dalk iemand wat weet, of weet waar ek kan uitvind watter NG
> > gemeente het die Cullinan/Bronkhorstspruit gebiede bedien voor 1905.
> >
> > Groetnis
> > Martin
> >
> >
>
>
>

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (8)
2a. Re: [SA-Gen] Boedel lêers en sterfte sertifikate
Posted by: "Isebelle Krauss" iekrauss@yahoo.com iekrauss
Sun Sep 7, 2008 7:24 am (PDT)
Ongelukkig is dit nie meer die geval nie Martin,
die Meesterskantore volgens wet moet nou hul dokumente self berg!, of dan ander
reelings tref...en dit het ek by een van die Argiewe self verneem.
Hierdie besluit is op Nasionale vlak geneem, en dit blyk dat daar nie meer by
sekere van die argiewe boedels geberg gaan word nie!

en dit gaan vir ons as navorsers trane veroorsaak, aangesien daar sprake is van
bergingsmaatskappye wat die dokumente gaan bewaar...meeste kantore het net nie
die spasie of die fasilitieite om die materiaal te berg nie....
e mens al dan seker maar moet vooraf bestel, wag en dan kan gebruik....
Hoe die dokumente gaan lyk na al die heen en weer karweiery sal ons maar moet
sien.

Isebelle E Krauss *Lloyd.

----- Original Message ----
From: Martin Knoetze <brakenjan@storm.ca>
To: SAGenealogie <SAGenealogie@yahoogroups.com>
Sent: Sunday, 7 September, 2008 5:24:53
Subject: [SA-Gen] Boedel lêers en sterfte sertifikate

Naand

Na hoeveel jaar by die Meesters kantoor gaan die lêers na die argief en
verskyn die op argief se indekse. Ek sukkel met sommige mense wat van
omtrent 1945 en later oorlede is se inligting op NAAIRS te kry. Meestal
sukkel ek met enige iets later as 1965. Voor dit is dit miskien net 'n
geval dat die indeks nie op NAAIRS gesit is nie of dat dit nooit by
hulle uitgekom het nie - sal nie weet nie.

Martin

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (2)
2b. Re: Boedel lêers en sterfte sertifikate
Posted by: "Martin Knoetze" brakenjan@storm.ca   lovegenaca
Sun Sep 7, 2008 11:57 am (PDT)

En baie van die dokumente gaan verlore raak in die heen-en-weer vervoer proses. Ek het dan twee vrae:
1. Tot watter jaartal is wel nog in die argiewe gestoor en van watter jaartal af moet ek by die Meesters kantoor gaan soek.
2. Waar gaan die indekse van die boedels beskikbaar wees sodat 'n mens kan gaan kyk waar om die boedels te vind - indien die indekse beskikbaar sal wees.

Ek kan sien dat dit 'n nagmerrie en baie frustrasie gaan veroorsaak

Martin

Isebelle Krauss wrote:
>
> Ongelukkig is dit nie meer die geval nie Martin,
> die Meesterskantore volgens wet moet nou hul dokumente self berg!, of
> dan ander reelings tref...en dit het ek by een van die Argiewe self
> verneem.
> Hierdie besluit is op Nasionale vlak geneem, en dit blyk dat daar nie
> meer by sekere van die argiewe boedels geberg gaan word nie!
>
> en dit gaan vir ons as navorsers trane veroorsaak, aangesien daar
> sprake is van bergingsmaatskappye wat die dokumente gaan
> bewaar...meeste kantore het net nie die spasie of die fasilitieite om
> die materiaal te berg nie....
> e mens al dan seker maar moet vooraf bestel, wag en dan kan gebruik....
> Hoe die dokumente gaan lyk na al die heen en weer karweiery sal ons
> maar moet sien.
>
>
>
> Isebelle E Krauss *Lloyd.
>
> -
>
>

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (2)
3a. Re: BANTJES Familie. (vir Vic Olivier)
Posted by: "Charlie Els" el55@mweb.co.za   charlieels
Sun Sep 7, 2008 10:30 am (PDT)
Dankie Vic. Alweer 'n bydrae wat ek nie gehad het nie.
Groete,
CHARLIE

-----Original Message-----
From: SAGenealogie@yahoogroups.com [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com]On

Behalf Of Vic Olivier
Sent: 06 September 2008 04:12 PM
To: SAGen
Subject: [SA-Gen] Re: BANTJES Familie.

Mosselbaai NGK doop register # 64, bls 244.

Kind: Lourens Jacobus Rhudolph.
Gebore: 17/11/1863.
Gedoop: 10/4/1864.
Vader: Frederik Willem BANTJES.
Moeder: Maria Elizabeth EKSTEEN.

Beste groete van die Vriendelike Stad,
Vic.

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (2)
4. Ahlers
Posted by: "simonelkay" simonek@mweb.co.za   simonelkay
Sun Sep 7, 2008 11:30 am (PDT)
Goeienaand lyslede

Ek soek inligting re die voorgeslagte van Charl Christiaan Allers geb 1920 oorlede 1969, Sy pa se name was vemoedelik Patrick Hendrik/Henry.

Baie dankie
Simone Kay

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
5a. Re: GENETIESE GENEALOGIE
Posted by: "Sylvester Rascher" sylvesterrascher@yahoo.com   sylvesterrascher
Sun Sep 7, 2008 12:57 pm (PDT)

Beste Jaco,

Ek eMet die uitdruklike uitsondering van goeie en betroubare genealogiese webblasye soos die van Dan Strydom, Richard Ball, Paul Bosman en baie ander soortgelyke eerlike en mededeelsame navorsers en lyslede,  waarvoor ek die allergrootste waardering het, betwyfel ek enige aanbieding van genealogiese resultate wat aanvanklik vry en verniet op die internet aangebied word  - veral in 'n gespesialiseerde gebied soos DNA genealogie.

En daarom betwyfel ek jou stelling dat "as jy nie geld wil spandeer nie" is "jy weet wie"  'n goeie roep om jou DNA samestelling te verreken.

Hoe professioneel skat jy 'n organisasie wat, soos jy aandui, amper 'n jaar neem om aan jou resultate te verskaf?

Ek aanvaar dat daar aanvanklik geen koste daaraan verbonde was nie.  En as jy nou meer wil weet, gaan hulle dit ook kosteloos voorsien of moet jy nou eers its betaal?

Het jy hierdie rusultate met 'n tweede opinie vergelyk of aanvaar jy hul DNA resultaat maar op sigwaarde as waar?

Waar plaas hierdie inligting oor jou Strauss voorouers hulle in 'n spesifieke dorp en in 'n spesifieke tydgleuf wat meer hanteerbaar is as die resultate wat hul 20 000 jaar gelede erens in 'n gebied wat amper die hele Noord Europa beslaan plaas?

En as hulle jou afkoms nou verder kan vernou, hoekom moet jy tevrede wees met iets soos: The line "...it is uncertain whether this DNA signature reflects an Anglo/Saxon, Danish, Viking or Norse heritage, though the values of DYS 390 suggest a 22 for Anglo/Saxon Territory and a 23 for Norse/Viking territory" is particularly interesting because, as you can see in the chart of Avance/Avent DNA above, the value that we have in DYS 390 is "*23*", which puts us with the Norse and Vikings of Scandinavia.

We is nou die "us" waarvan hulle praat?

Konsentreer hulle dalk slegs op Britse afkoms?

Indien wel, kan mens vir dieselfde resultate maar net sowel die resente publikasie "The Tribes of Britain - who are we and where do we come from deur David Miles (2006. Phoenix, Orion House London) wat spesifiek die Noorse/Viking verhouding aanspreek, lees.

Indien nie, kan mens ook maar bloot die publikasie "After the Ice - A global Human History 20000-5000 BC (2003 Phoenix, Orion House London) lees vir 'n baie meer insiggewend en volledig uiteensetting van ons Europese "volksbewegings" as wat hulle aandui.  En die Russe kan maar net sowel dieselfde oor hul Viking herkoms se.

En as dit alles so presies is waarom voeg hulle by dat "it is uncertain"?

En ook die volgende :

So, what do we know about the *I-M223* "tribe"? It is a relatively uncommon group, and is purely European and was one of the earliest groups to settle in what is now Europe. It seems to have migrated out of the Middle East around 27,000 years ago north and west into modern-day Europe, then moving southward as the Ice Age set in, finally taking refuge about 10,000 years ago somewhere in southern (modern-day) Europe, most likely somewhere in the Balkans, though possibly in modern-day France or Spain.

En met betrekking tot hul stelling  "So, what do we know about the *I-M223* "tribe"? It is ,
"purely European"  and was one of the earliest groups to settle
in what is now Europe. It seems to have migrated out of the Middle East
around 27,000 years ago"

My vraag is, hoe se mens hulle is "purely European" as dit in dieselfde tyd gese word dat hulle "migrated out of the Middle East"

En as did so "a relatively uncommon group" is, hoekom is dit so?

Ek dink ook ons weet almal dat die jongste teorie op "Africa as the Cradle of Human Kind" dui

Hoe verreken, of ontken hierdie DNA projek hierdie nuwe gegewens?

Ek neem aan hulle is bewus van hierdie nuwe teorie en dat hulle dit in berekening bring.

Insinieer jy SMGF suig die DNA resultate wat hulle voorsien uit hul duime? Die feit dat dit 'n "gespesialiseerde gebied" is sal juis enige fly-by-nights baie vinnig ontbloot. Ek het heelwat opgelees sedert ek my uitslae gekry het en NERENS het ek enigiemand teëgekom wat SMGF toetsresultate in twyfel getrek het nie. Inteendeel, waar jy ookal lees van bestaande wetenskaplike verskille oor hoe die allelle op sekere merkers

getel word, wil dit voorkom asof die SMGF op die voorpunt is van DNA tegnologie .

SMGF het 26 van my STR merkers ontleed en dit is genoeg om my halogroep (en subclade) met 99% akkuraatheid te voorspel. Ek het hierdie resultate met een van die voorste genetiese kenners van die I groep (Dr Ken Nordtvedt ( http://en.wikipedia .org/wiki/ Ken_Nordtvedt) ) bespreek. Hy deel nie jou skeptimisme nie en het inteendeel my SMGF uitslae intussen by sy Haplogroep modules bygewerk.

*Gratis, al dan nie*

Jy het blykbaar ook 'n probleem met die feit dat dit niks kos nie. En dis natuurlik jou reg as jy eerder wil betaal vir iets wat jy andersinds verniet kan kry. Jou een probleem sou natuurlik wees om te besluit presies "wat" dit is wat jy wil toets. Ek het reeds genoem dat ek nou oor 26 van my Y-STR Haplotipes beskik terwyl sommige kommersiële toetssentrums baie minder toets - ek dink Oxford toets iets soos 8. Verder het die SMGF resultaat my gehelp om meer as 99% seker te wees van my Haplogroep. As ek nou 'n toets doen sal ek toets vir baie spesifieke SNP's soos M223, M284, M379, P78 en P95. Dit sal bevestig of ek onder I2b1 a,b,c of d resorteer. As jy nie eers 'n benul het van waar jy in die Haplostamboom lê nie, waar begin jy soek?

En as jy Oxford Ancestors, National Geographic of een van die ander toetse gedoen het en jy kom agter wat jy skort, dink jy vir een oomblik hulle gaan vir jou gratis verdere toetse doen? Soos jy dit stel "gaan hulle dit ... kosteloos voorsien of moet jy ... betaal". Niemand anders gaan verdere toetse gratis toets nie, so hoekom verwag jy dit van SMGF?

*Die betekenis van die resultate*

Jy maak verder die resultate af as niksseggend. "Die I-Haplogroep kom 20 000j gelede in Europa voor", so what? Die I groep stamvader was wel 'n individuele man wat in Europa gewoon het en die I groep beskik dus oor 'n mutasie wat eksklusief Europees in oorsprong is. Maar daarna het die groepe geslpit in I1 en I2 met I1 wat die Vikings se voorouers was en I2 meerendeels die germane van Noordwes-Europa (Duitsland, Holland, Friesland en Denemarke).

So what? sal jy sê... Die punt is miskien dat as jy my skrywe minder krities gelees het jy sou sien dat ek nie net my hoof haplogroep vasgestel het nie, maar ook al (redelik verseker) my subclade van I2b1 Continental. Alhoewel die I groep bykans 20% van Y chromosome in die Germaanse invloedsfeer teenwoordig is die subgroep I2b1-Cont heelwat kleiner en verteenwoordig iets soos 0.5%. Meer studie en meer resultate sal dit nog verder verfyn. Wat my dalk wel eendag sal lei na 'n spesifieke individu in 'n spesifieke dorp êrens in Sakse....

*Genealogiese nut*

'n Verdere ooglopende applikasie van sodanige kennis is die feit dat die familieverband kan bevestig of negeer. Ek het bv een Suid-Afrikaanse Strauss se DNA uitslae op die net opgespoor en met hom kontak gemaak. Ons resultate verskil soos dag en nag, daar is Britte en Amerikaners van Anglo-Saksiese oorsprong wat baie nader aan my verwant is. Die ander Strauss is nie eers in die I haplogroep nie! Die betekenis hiervan is dat ons nie beide Georg Friedrich se Y chromosoom kan hê nie. Dalk het ek dit, dalk hy of dalk nie

een van ons twee nie. Meer toetse is nodig en 'n duisend besoeke aan die argief gaan nie daardie vraag kan antwoord nie. Net meer DNA toetse.

Hoe dit ookal sy, as Georg Friedrich nie my bloedlyn stamvader is nie (vanwee aannemings, owerspel, of wat ookal), sou dit heel waaarskynlik een van die ander stamvaders uit Noordwes-Europa wees en dit sal vir my baie interessant wees om te kan vasstel wie dit dan was.

Het sodanige kennis enige waarde? Die vraag kan natuurlik van bykans enige genealogiese navorsing gevra word en die antwoord hang seker maar van persoon tot persoon af, maar vir my het dit definitief. Ek stel belang in my herkoms en DNA ontleding bied die geleentheid om jare se papier navorsing te ondersteun of verkeerd te bewys. Ek hoop natuurlik dat dit my navorsing sou ondersteun, maar indien nie, sal ek dit steeds (selfs moontlik meer ;) interessant vind en meer daaromtrent probeer uitvind. Geen voorouerskennis verander wie of wat ek is nie. Mense wat bang is oor wat hulle in hul stambome kan raakloop (vra enige Becker* ;-), moet miskien eerder 'n ander tydverdryf najaag.

*The tribes of Britain*

Die "us" in die aanhalings is maar net die AVENT afstammeling van wie se werf ek aangehaal het se verwysing na sy familie om 'n idee van die haplogroep te gee. Die "us" in daardie geval is die AVENTs. En die Tribes of Britain is beslis 'n boek wat mens maar kan lees, dis nie verniet 'n topverkoper nie. Die verskil is net dat sommiges van ons wat dit lees ons Y-chromosoom voorouers in konteks van daai tribes sal kan plaas terwyl ander nie sal kan nie.

Maar om jou vraag te antwoord: Nee, vir "dieselfde resultate" soos jy dit stel, sal jy ongelukkig nie die boek kan lees nie want die boek gaan nie jou DNA vir jou ontleed nie en sal jou dus steeds laat met geen idee oor jou Y-chromosoom herkoms nie.

*Sekerheid*

Jy het verder ook 'n probleem met die onsekerheid van baie van die stellings. Genealogiese DNA-toetsing is egter nog 'n relatiewe jong veld en kennis brei nog gedurig uit. Wat maak jou so seker dat "After the Ice - A global Human History 20000-5000 BC (2003 Phoenix, Orion House London)" 100% akkuraat is? Ek voorspel dat uitbreidende DNA kennis oor die jare wat voorlê publikasie soos daardie aansienlik sal aanpas.

Die groot mate van onsekerheid wat tans heers is in my boeke heeltemal te verstane. Ek het geen Britse voorouers in my stamboom nie; ten minste nie terug tot by die 17de eeu, nie. Tog wys my DNA resultate relatiewe naby verwantskap met heelwat van die boorlinge van Engeland en hul Amerikaanse nasate. Die vraag is "wanneer" het die skeiding in ons lyne plaasgevind?

Was dit reeds met die Kelte en Picts ens se trek na Brittanje, of later met Angel-Saksiese groot trek? Of dalk deur die Normaanse of Viking invalle? DNA staan 'n kans om van die antwoorde te voorsien, maar "basiese navorsing in ons geskrewe argiewe" gaan ongelukkig ver tekort skiet.

*Migrasie*

Ek verstaan nie lekker wat jou probleem is met die migrasie uit die

midde-ooste of Afrika as die bakermat van die mensdom nie. Bykans almal (ten minste al die bronne wat ek raadpleeg) is dit eens dat die mensdom in Afrika onstaan het en daarvandaan getrek het. Die Europese tak het via die Midde-Ooste gekom. Die I Haplogroep word as 'n "suiwer europese" groep gesien omdat die mutasie wat die I groep definieer in Europa ontstaan het en dus nie oorspronklik buite Europa voorgekom het nie. Anders as die R groep wat in die midde-oose ontstaan het en van daar af Europa toe migreer het net soos die I voorganger IJ.

Ek nee, ek dink nie I2b1 is meer spesiaal as enige ander groep nie. Dit is egter vir my persoonlik wel meer interessant aangesien ek daaraan behoort.

*Bestaan die konsep van 'n free lunch dan regtig?*

Rassie, soos baie mense kan jy nie verstaan dat jy iets verniet kan kry as daar nie iets in steek vir die ander party nie. Wel in hierdie geval kry die ander party natuurlik wel iets daaruit aangesien jy benewens jou 'kit' ook 'n stamboom met ten minste 6 geslagte aan hulle moet voorsien. Hulle gaan dus uiteindelik oor die mees waardevolle genealogiese databasis in die wêreld beskik, een gerugsteun deur harde wetenskap.

So ja, dalk gaan hulle eendag tog geld maak daaruit. En indien wel sou dit my ook geensinds skeel nie. Maar ek glo nie dit sal ooit misbruik word nie. James Sorenson, die filantroop wat die geld beskikbaar gestel het, is reeds oorlede en as LDS lid het genealogie hom geweldig na aan die hart gelê. Die SMGF is deel van sy nalatenskap aan die mensdom, hoekom sal die spelreëls na sy dood verander? En in elk geval diegene wat betyds deelneem, sou reeds hulle "free lunches" gekry het, dit sal maar net die laatslapers wees wat dan sal moet opdok.

*September 2009*

Jy het ook beswaar gemaak oor die feit dat dit lank neem om die uistlae te kry en dit is wel waar. Aan die ander kant egter het ek hierdie forum reeds 'n jaar gelede van die SMGF meegedeel. Diegene wat toe daarvan werk gemaak het se uitslae behoort nou al beskikbaar te wees. Diegene wat destyds afgesit is deur die wagperiode (of enige van jou ander besware) het intussen *of* heelwat geld spandeer, *of* hulle sit steeds sonder 'n DNA profiel. Of albei.

Maar die gratis aanbod is gelukkig steeds op die tafel. Diegene wat *nou* 'n kit gaan aanvra gaan oor 'n jaar van nou (of vroeër) hul uitslae hê, die res gaan nie. Ten minste nie sonder om iemand te betaal en te hoop hulle het die "regte" een gekies nie.

Die kommersiële roete sluit darem gewoonlik 'n mooi "wallchart" in...

Maar die keuse bly joune!

Groete

Jaco

* Ek stam toevallig ook van Peter Becker af. DNA resultate kan ons dalk ook meer oor sy herkoms vertel aangesien ons op die oomblik maar beperk is tot Koningsberg Pruise (vandag Rusland) as ek dit nie mis het nie.

Beste Jaco,

Met die uitdruklike uitsondering van goeie en betroubare genealogiese
webblasye
soos onder andere die van Dan Strydom, Richard Ball, Paul Bosman en baie
ander
soortgelyke eerlike en mededeelsame navorsers en lyslede, waarvoor ek die
allergrootste waardering het, betwyfel ek enige aanbieding van genealogiese
resultate wat aanvanklik vry en verniet op die internet aangebied word -
veral
in 'n gespesialiseerde gebied soos DNA genealogie.

En daarom betwyfel ek jou stelling dat "as jy nie geld wil spandeer nie" is
"jy
weet wie" 'n goeie roep om jou DNA samestelling te verreken.

Hoe professioneel skat jy is 'n organisasie wat, soos jy self aandui, amper
'n
jaar neem om aan jou 'n resultaat te verskaf?

Ek aanvaar dat daar aanvanklik geen koste daaraan verbonde was nie. En as
jy
nou meer wil weet, gaan hulle dit ook kosteloos voorsien of moet jy nou eers
its
betaal?

Het jy hierdie rusultate met 'n tweede, nawysbare professionele, opinie
vergelyk of aanvaar jy hul DNA resultaat maar op sigwaarde as waar?

Waar plaas hierdie inligting oor jou voorouers hulle in 'n spesifieke dorp
en
in 'n spesifieke tydgleuf wat meer hanteerbaar is as die resultate dat
hulle 20
000 jaar gelede erens in 'n gebied wat amper die hele Noord Europa beslaan
gewoon het?

En as hulle jou afkoms nou verder kan vernou, hoekom moet jy tevrede wees
met
iets soos: The line "...it is uncertain whether this DNA signature reflects
an
Anglo/Saxon, Danish, Viking or Norse heritage, though the values of DYS 390
suggest a 22 for Anglo/Saxon Territory and a 23 for Norse/Viking territory"
is
particularly interesting because, as you can see in the chart of
Avance/Avent DNA above, the value that we have in DYS 390 is "*23*", which
puts us with the Norse and Vikings of Scandinavia.

We is nou die "us" waarvan hulle praat?

Konsentreer hulle dalk slegs op Britse afkoms?

Indien wel, kan mens vir dieselfde resultate maar net sowel die
resente publikasie "The Tribes of Britain - who are we and where do we come
from
deur David Miles (2006. Phoenix, Orion House London) wat spesifiek die
Noorse/Viking verhouding aanspreek, lees.

Indien nie, kan mens ook maar bloot die publikasie "After the Ice - A global Human History 20000-5000 BC (2003 Phoenix, Orion House London) lees vir 'n baie
meer insiggewend en volledig uiteensetting van ons Europese "volksbewegings" as
wat hulle aandui. En die Russe kan maar net sowel dieselfde oor hul Viking herkoms se.

En as dit alles so presies is waarom voeg hulle by dat "it is uncertain"?

En ook die volgende :

So, what do we know about the *I-M223* "tribe"? It is a relatively uncommon group, and is purely European and was one of the earliest groups to settle in what is now Europe. It seems to have migrated out of the Middle East around 27,000 years ago north and west into modern-day Europe, then moving southward as the Ice Age set in, finally taking refuge about 10,000 years ago somewhere in southern (modern-day) Europe, most likely somewhere in the Balkans, though possibly in modern-day France or Spain.

My vraag is, hoe se mens hulle is "purely European" as dit in dieselfde tyd gese
word dat hulle "migrated out of the Middle East"

En as did so "a relatively uncommon group" is, hoekom is hulle so spesiaal?

Ek dink ook ons weet almal van die jongste teorie omtrent "Africa as the Cradle of Human Kind"

Hoe verreken, of ontken hierdie DNA projek hierdie nuwe gegewens?

Ek neem aan hulle is bewus van hierdie nuwe teorie en dat hulle dit in berekening bring.

My laaste vraag is, as ons as Suid-Afrikaanse genealoe nog nie eers die Europese voorouers van 300 jare oue persone soos Jacob Cloete of Frederik Botha
of Jacob Coetzer ens ens deur middel van basiese navorsing in ons geskrewe argiewe kan naspoor nie, wat gaan ons daarmee maak as ons weet (of maar eintlik
net vermoed) dat 'n onbekende voorouer ongeveer 20 000 jaar gelede erens in 'n
onbekende area van Europa geleef het?

Groete
Rassie.

[Non-text portions of this message have been removed]

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (2)
7a. Blessebois
Posted by: "Riana Lubbe" rianalubbe@gmail.com   rianalubbe
Mon Sep 8, 2008 9:15 am (PDT)

Is hierdie aan iemand bekend?

Skakel BLESSEBOIS in by VAN WYK ?

Dankie
Riana

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (2)
7b. Re: Blessebois
Posted by: "Ferdie" ferdie@gklyttelton.com   ferdie_van_wyk
Mon Sep 8, 2008 11:46 am (PDT)
Haai Riana,

Het jy bietjie verdere informasie oor die van Wyk, dan kan ons op die Van Wyk Databasis kyk?

Ferdie van Wyk

From: SAGenealogie@yahoogroups.com [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On Behalf Of Riana Lubbe
Sent: 08 September 2008 06:15 nm
To: sagenealogie@yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] Blessebois

Is hierdie aan iemand bekend?

Skakel BLESSEBOIS in by VAN WYK ?

Dankie
Riana

[Non-text portions of this message have been removed]

__________ Information from ESET NOD32 Antivirus, version of virus signature database 3426 (20080908) __________

The message was checked by ESET NOD32 Antivirus.

http://www.eset.com

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (2)
8a. Re: Jacoba Magrieta GROBLER - SMIT- BAUER
Posted by: "Isebelle Krauss" iekrauss@yahoo.com   iekrauss
Mon Sep 8, 2008 9:40 am (PDT)
Inteendeel,
Dit is nie  beperk tot die VSA nie!Hulle het spanne wat in elke land bedrywig is met DNA genealogie!
Dr. Ugo Perego , n vriend van my, van die Sorensen Instituut was so twee jaar gelede hier in Afrika met sy span, en ons het hulle in Parktown by die LDS

familie Gesk. sentrum ontvang en verskeie DNA toetse is daar gedoen, n verdere besoek vir die volgende jaar is in die wiele gery deur n genealoog wat mense op die web gewaarsku het dat sy nie haar DNA deur Sorensen sal laat doen nie, aangesien hulle deel van die LDS se organisasie uitmaak wat familigeskiedenis vir rituele wil gebruik. ...Ek het dus die volgende jaar se besoek gekanselleer. As daar egter genoeg belangstelling is kan ek vir Ugo weer nader, miskien is hulle weer gewillig om die lesings te kom gee,
en toetse te doen....Hulle verskaf al die materiaal, en betaal selfs die posgeld as dit in n groep gedoen word.
En Ja, jy is reg, Sorensen is een van die rykste mense in die VSA, en sy hele rykdom is geskenk vir navorsing...
Die BYU univesiteit het n massiewe laboratorium en fakulteit wat aan die rekonstruktering van die "werledfamilie werk."
en word deur kundiges van alle lande beman.
...hulle het begin by die vroegste opgrawings in Egipte, Israel, Griekeland, ens., en word beskou as die wereldkundiges op hierdie gebied van DNA genealogie....net terloops.
Isebelle

Isebelle E Krauss *Lloyd.

----- Original Message ----
From: Louis Hurn <louishurn@telkomsa.net>
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Monday, 8 September, 2008 13:48:59
Subject: Re: [SA-Gen] Jacoba Magrieta GROBLER - SMIT- BAUER

Hi Martina,
Ongelukkig kan ek nie help nie maar, kontak Sorenson, soos ek dit lees lyk dit of die kwartierstaat meer van toepassing is op persone wat in die VSA gebore is. Miskien sal hulle ons Suid Afrikaners se data met minder voorouers aanvaar. Ek weet nie of ek reg lees nie, maar dit is hoe ek dit lees.
"Your pedigree chart must show ancestors on each family line who were born before 1850 or born outside of the United States." Met die klem op "or born outside of the United States"
Groete.
Louis Hurn

Tel. : +2731 563-5443
Cell. : +2773 150-1378

Link to Hurn Family Website
http://www.onsfamil ie.info/register .php?personID= I399&tree= Hurn&generations =10

----------

----------

No virus found in this outgoing message.
Checked by AVG - http://www.avg. com
Version: 8.0.169 / Virus Database: 270.6.18/1658 - Release Date: 9/7/2008 3:30 PM

[Non-text portions of this message have been removed]

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (3)
9a. Familie, ZANDBERG
Posted by: "Johan Vermeulen" jverm@lantic.net johanvermsa
Mon Sep 8, 2008 10:33 am (PDT)
Vriende,

Is daar moontlik een van u wat kan help met die volgende;

Jan Johannes ZANBERG getroud met Anna Catharina VERMEULEN, doop op 29 Augustus 1976 in die NG Kerk, Kenhardt 'n tweeling, naamlik Pieter Johannes Jacobus ZANBERG, en Helen Maria Catherine ZANBERG, gebore op 25 Julie 1976.

Ek het 'n antal Anna Catharina VERMEULEN's waarvoor ek nie huwelike het nie.

Enige inligting ivm. die ouerpaar sal verwelkom word.

Groete

Johan Vermeulen.

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (6)
10. [KOERANT]PAARL POST- WEEK 36/2008 BERIGGIES
Posted by: "Elizabeth Teir" trcul.info@elisanet.fi kerrieborrie
Mon Sep 8, 2008 11:18 am (PDT)
Deaths

----------------------------------------------------------
----
ADAMS: CLARISSA. Dearest Clarissa - You were loved by so many because of the person you were. Will never be forgotten and sadly missed. Love: Sybil Samuels & Eunice Consul.

----------------------------------------------------------
----
JOHNSON: PETER J. Gebore: 1964/05/05. Oorlede: 2008/08/26. Met liefdevolle herinneringe neem ons afskeid van ons geliefde. Word diep betreur deur vrou, kinders, familie en vriende. Begrafnisdiens vind plaas op Saterdag 6 September 2008. Diens by die huis: 08:30. Diens by die AME Kerk: 09:30. Begrafnis word waargeneem deur: Willy's Begrafnisdienste. Tel: 021-862-0948/083-947-6347.
----------------------------------------------------------
----
LEVENSE: ELDRED. Gebore: 1992/05/02. Oorlede: 2008/08/29. Met liefdevolle herinneringe neem ons afskeid van ons geliefde. Word diep betreur deur ouers, familie en vriende. Begrafnisdiens vind plaas op Saterdag 6 September 2008. By die huis: 09:00. By die Kerk: 10:00. Begrafnis word waargeneem deur: Willy's Begrafnisdienste. Tel: 021-862-0948/083-947-6347.

----------------------------------------------------------

----
MATTHEE: MARTIN. Gebore: 1960/01/27. Oorlede: 2008/08/28. Met liefdevolle herinneringe neem ons afskeid van ons geliefde. Word diep betreur deur familie en vriende. Begrafnisdiens vind plaas op Saterdag 6 September 2008. Vir navrae, skakel 072-361-5579. Begrafnis word waargeneem deur: Willy's Begrafnis-dienste. Tel: 021-862-0948/083-947-6347.

----------------------------------------------------------
----
PETERSEN: LIONEL STANLEY. Died 27.08.08. You left us with loving memories, that will last forever. Harriet, children and grandchildren
----------------------------------------------------------
----
PIETERSEN: HANSIE. Gebore: 1971/03/26. Oorlede: 2008/08/28. Met liefdevolle herinneringe neem ons afskeid van ons geliefde. Word diep betreur deur kinders, familie en vriende. Begrafnisdiens vind plaas op Saterdag 6 September 2008. By die huis: 09:00. By die Kerk: 10:00. Begrafnis word waargeneem deur: Willy's Begrafnisdienste. Tel: 021-862-0948/083-947-6347.
----------------------------------------------------------
----

In memoriam

----------------------------------------------------------
----
BAXTER: GEORGE. 26/06/1943 - 02/09/1994. On this day, 2 September 1994, you have said your last goodbye. 14 Years have come and gone. How quickly time passes by, but your memory will live on, and in our hearts you will always stay. From your wife Ann, children & grandchildren.

----------------------------------------------------------
----
CAROLISSEN: DOREEN. Wednesday 3 Sept 2008. Your first anniversary. Every day in our thoughts and your memory lingers on. With love: Children, spouse, grandchildren and great- grandchildren.
----------------------------------------------------------
----
GERTSE: MARJORIE (MARGIE). 05/09/2008. Your 1st birthday and year in Heaven. Miss you. From husband & children.

MICHAELS: CONRAD. 3 Maande van ons geskei. 3 September 2008. U 1ste verjaarsdag weg van ons. Die herinneringe en vermisting is nog steeds daar. Met liefde van eggenoot Louisa, kinders en klein-kinders.
----------------------------------------------------------
----
PHILANDER: RICHARD. On 2 September 2008, it will be 10 years away from us. Lovingly remembered by wife Lizzy, children & grandchildren.

----------------------------------------------------------
----
SAMPSON: ZACKERY LYLE. 27/08/2001 - 04/02/2003. Your 7th birthday in heaven. How we wish we could celebrate with you. Still your star shines brightly upon us. Rest well in the arms of the Lord. Our Heaven Child. Love: Mom & family.

----------------------------------------------------------
----

VAN WYK: ANDRÉ DANIEL. 24/06/1957-02/09/2006. Twee jaar is reeds verby. Die verlange bly groot, maar die herinneringe leef voort. Magda en kinders.

----------------------------------------------------------
----

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
11. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 08 Sept 2008
Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za
Mon Sep 8, 2008 12:26 pm (PDT)
Sterfgevalle
KILLIAN, Edith. +Dinsdag 02 Sept 2008. Kinders Elmarie, Jan, Anton en Braam, skoonkinders,
kleinkinders, broer, susters. Begrafnisdiens Dinsdag 09 Sept 2008 11:00 AGS kerk Christelike Sentrum,
Despatch. (Die Burger Oos-Kaap 08/09/2008) Esmé Groenewald AVBOB Uitenhage 041 922 8066.

LLOYD, Henry Witham. Tragies +Sondag 31 Aug 2008. Roudiens Vrydag 12 Sept 2008 14:00
Baptistekerk, Smartstraat. Geen blomme op versoek. Donasies aan hospies sal waardeer word.
Verassing privaat. (Die Burger Oos-Kaap 08/09/2008) Alfred Jones AVBOB P.E. 041 484 2731

Hester Marx Loerie Oos-Kaap

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
12a. Verandering van onderwerp
Posted by: "bosschris100" henrye@mweb.co.za bosschris100
Mon Sep 8, 2008 12:32 pm (PDT)
Ek het nou net agterkom dat ek ander persone of my eie onderwerpe
verander het deur net in my e-mail program 'n inkomende boodskap
te forward met 'n nuwe onderwerp. maak dit sin wat ek sê ?
Ek vra om verskoning, en sal dit van nou op die tuisblad gaan doen.
Nogmaals jammer
Chris

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (2)
12b. Re: Verandering van onderwerp
Posted by: "Arnold Greyling" greylina@gmail.com greylina
Mon Sep 8, 2008 3:32 pm (PDT)
On Mon, Sep 08, 2008 at 07:32:27PM -0000, bosschris100 wrote:
> Ek het nou net agterkom dat ek ander persone of my eie onderwerpe
> verander het deur net in my e-mail program 'n inkomende boodskap
> te forward met 'n nuwe onderwerp. maak dit sin wat ek sê ?
> Ek vra om verskoning, en sal dit van nou op die tuisblad gaan doen.
> Nogmaals jammer
> Chris

Hallo Chris

Dit is nie nodig om na yahoo se weblad te gaan om boodskappe na die lys te stuur nie.

As jy 'n nuwe onderwerp wil begin stuur eenvoudig 'n NUWE e-pos na SAGenealogie@yahoogroups.com

Moet asseblief nie reply druk en dan die onderwerp verander nie. Die rede hiervoor is dat die lewe moelik maak vir e-pos programme (en hulle gebruikers) wat lys e-posse volgens draad/tema (engels thread) sorteer. Hierdie programme maak gebruik van "Mail Headers" vir die sortering. As jy antwoord op 'n boodskap word daar outomaties 'n "In-Reply-To" en deur sommige programme "References" "Mail Headers" in die e-pos geplaas. Dit stel programme in staat om boodskappe wat bymekaar hoort, bymekaar te sorteer. Indien jy reply druk en net die onderwerp verander word die "In-Reply-to" "mail header" nog steeds in die boodskap ingevoeg wat versoorsaak dat die programme jou boodskap saam met die boodskap waarop jy geantwoord het sorteer.

Groete
Arnold

--
A child of five could understand this! Fetch me a child of five.

Arnold Greyling
E-mail: greylina@menusis.com http://www.greyling.za.org
Tel: +27 11 673 2628 Cell. +27 82 377 1836 Fax. +27 11 477 0527

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (2)

13. Grobler kenners
Posted by: "dickydube" cathynu@bellsouth.net   dickydube
Mon Sep 8, 2008 12:40 pm (PDT)
Middag Lys Lesers,

Is daar moontlik iemand wat my kan help met ekstrainligting oor dievolgende familie:

Piet(er) GROBLER
*Feb 1832
+12/5/1905 Schoemansdal
X
Johanna Adriana JACOBS
*16/9/1841
~10/4/1842 Modder Rivier (Koringspruit)

Ek het vir hulle die volgende kinders:
1. David Stephanus Grobler *9/7/1861
2. Pieter Grobler *13/10/1862

Vriendelike groete,
Cathy Nieuwoudt
Birmingham V.S.A.

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
14a. Re: [SA-Gen] Boedel lêers en sterfte sertifikate
Posted by: "Annelie Els" annelie@who-els.co.za engelkind2000
Mon Sep 8, 2008 7:00 pm (PDT)
Hallo Martin,
Geen boedels word meer na die TAB Argief toe gestuur nie. Die rede wat gegee word is dat daar nie plek is nie.
Die Pta Meesterskantoor se boedels word by Docufile ?? is nie seker oor die naam nie geberg.
Sterkte.
Groetnis
Annelie
Pta.

On Sun, Sep 7, 2008 at 5:24 AM, Martin Knoetze <brakenjan@storm.ca> wrote:

> Naand
>
> Na hoeveel jaar by die Meesters kantoor gaan die lêers na die argief en
> verskyn die op argief se indekse. Ek sukkel met sommige mense wat van
> omtrent 1945 en later oorlede is se inligting op NAAIRS te kry. Meestal
> sukkel ek met enige iets later as 1965. Voor dit is dit miskien net 'n
> geval dat die indeks nie op NAAIRS gesit is nie of dat dit nooit by
> hulle uitgekom het nie - sal nie weet nie.
>
> Martin
>
>
> ------------------------------------
>
> SAGenealogie is 'n poslys vir die bespreking van genealogiese en
> genealogies-verwante aangeleenthede alleenlik, onderhewig aan die
> voorwaardes soos uitgespel by http://www.geocities.com/sagenealogie/ Lede
> wat aangeleenthede wil opper wat nie van 'n suiwer genealogiese aard is nie,
> word versoek om dit nie op die poslys te doen nie, maar dit liefs van die
> lys af direk aan die betrokkene te stuur. Probleme, klagtes en voorstelle
> vir verbetering moet gestuur word aan:
> SAGenealogie-owner@yahoogroups.com
>
> Besoek ons webblad by:
> http://www.geocities.com/sagenealogie/
>
> Yahoo! Groups Links
>
>
>
>

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (2)
15a. Re: Suidkus N.G Kerk 50 jr

Posted by: "Annelie Els" annelie@who-els.co.za   engelkind2000
Mon Sep 8, 2008 7:12 pm (PDT)
Hallo Elizabeth,
Ek is nie op hoogte met die res van die geskiedenis nie. Ek het na my troue in Pta kom bly maar aangesien my en Paul se hele familie op die Suidkus gebly het was dit makliker vir ons om daar te doop.
Die Rooikruis se kruis was op die foto wat ons van die saal geneem het. Ek het dit met `n program 'uitgevee'. Kon net nie die gordyntjies wat voor die venters hang doen nie. :-))
Toe ek laas daar was het die skooltjie nog bestaan. Die Rooikruis ambulans het hulle afsit punt ook daar gehad.
Groetnis
Annelie.

On Mon, Sep 8, 2008 at 7:06 AM, Elizabeth Teir <trcul.info@elisanet.fi>wrote:

> Goeiemôre Annelie,
>
> Ja die dag toe die kinders bo op die muur gesit. Dink dak was nog nie op
> nie. Nuus wat deur gegee is was dat Ds du Toit is 90 jaar en bedlêend sy
> eggenoot is in die rolstoel. Ds Pienaar nog daar en die Hammans... Is hulle
> nou een van die oudste lede van daardie gemeente? Een van die Ds sit in
> Nederland. Die Rooikruis het ´n kleuterskool in die saaltjie gehad en
> partykeer het die ballet skool daar geoefen voor exsamens en konserte...
> Groetnis
> Elizabeth
>
> _____
>
> From: SAGenealogie@yahoogroups.com [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com]
> On
> Behalf Of Annelie Els
> Sent: Monday, September 08, 2008 7:52 AM
> To: SAGenealogie@yahoogroups.com
> Subject: Re: [SA-Gen] Suidkus N.G Kerk 50 jr
>
>
>
> Hallo Elizabeth,
> Ek is uit daardie klein saaltjie in Warner Beach getroud. Daar is `n foto
> daarvan op die FOTKI webwerf tussen die kerkfotos.
> Ds du Toit het ons getrou.
> My seun was een van die babas wat die dag gedoop is in die Toti kerk, deur
> Dr. du Toit, hy het ook my dogter in 1976 gedoop in dieselfde Toti kerk.
> Daar is ook `n foto daarvan op FOTKI.
> Groetnis
> Annelie.
> Pretoria
>
>

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (4)
16. [KOERANT]BEELD-DIEMONT [33] Beriggie

Posted by: "Elizabeth Teir" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Mon Sep 8, 2008 8:27 pm (PDT)
Man offer sy lewe op vir sy gesin
Sep 08 2008 09:15:18:497PM - (SA)

Marietie Louw-Carstens

mlouw1@beeld.com
Polokwane (Pietersburg). – ’n Bekende ouditeur van dié stad het waarskynlik sy gesin se lewe gered deur hul motor tydens ’n ongeluk met ’n taxi so te draai dat hy die meeste impak aan sy kant ontvang het.

Mnr. Morné Diemont (33) is op slag dood in die ongeluk eergistermiddag op die N1-hoofweg tussen Polokwane en Mokopane in Limpopo. Twee mans en ’n vrou, wat in die taxi was, is ook op slag dood. Hul name was teen druktyd nie beskikbaar nie.

Diemont se vrou, Leatitia (33), se regterarm is op twee plekke gebreek. Sy is in die Limpopo-MediClinic in die stad geopereer en was gister steeds daar. Die egpaar se 16 maande oue babadogtertjie, Andrea, is in die waakeenheid. Sy het onder meer kopbeserings opgedoen.

Die driejarige Reinhardt het net kneus- en skraapplekke aan sy lyf en gesig opgedoen.

Die gesin was op pad terug na Polokwane van ’n week lange seevakansie by Ballito aan die KwaZulu-Natalse kus. Die egpaar sou gister hul sewende huweliksherdenking gevier het.

Mev. Ada Meiring, mev. Diemont se ma, het gister gesê haar dogter het vertel dat haar man die motor tydens die ongeluk so gedraai het dat hy die meeste impak van die taxi gekry het. “Hy het dit gedoen om hul lewens te red,” het Meiring gesê.

Die ongeluk het eergistermiddag ná 13:00 in die omgewing van die Nyl-tolhek gebeur. Die Diemonts was in hul Toyota Corolla met ’n sleepwaentjie na Polokwane op pad. ’n Minibustaxi het in ’n suidelike rigting gery.

Een van die taxi se bande het gebars, die bestuurder het beheer verloor en dit het verskeie kere gerol voordat dit in die Diemonts se motor ingeploeg het.

“My dogter sê alles het ongelooflik vinnig gebeur. Meteens was die minibus voor hulle . . . en dit was te laat.”

Die taxibestuurder is baie ernstig beseer, het mnr. Selby Makgotho, kommunikasiebestuurder van die Limpopo-vervoerdepartement, gister gesê.

“Dit is so verskriklik. Hulle was so lief vir mekaar,” het Meiring gesê.

Diemont was ’n vennoot by die ouditeursfirma Diemont Zimmerman&Bolink in Polokwane.

Diemont word môre om 11:00 uit die NG noord-kerk in Polo-kwane begrawe

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post

Messages in this topic (1)
17. optelgoed vir geld - van Zweel familie
Posted by: "Ursulah" jvrens@tdm.co.mz   jvrens
Mon Sep 8, 2008 10:57 pm (PDT)
Hallo almal

Ek is tans besig met eksamen voorbereiding en "scan" net die daaglikse Digest van boodskappe. Vanoggend besluit ek om dit met aandag te lees en is ek nie bly nie

Ek is een van die wat 'n seldsame van navors en sal baie beslis baat by optelgoed. Ek is tans by 'n dooie punt en kan nie vorder met my navorsing. Ek het ook al betaal vir dokumente wat nie betrekking het op my navorsing met die hoop dat ek dalk inligting daaruit sal kry wat my nader aan ons Van Zweel stamvader sal bring. Ek is dus heeltemal bereid om te betaal vir enige optelgoed vir die familie "van Zweel" wat my kant toe kom. Plaas asb my naam op die lysie

Groetnis

Ursulah

Besig met naspeur van Familie

van Zweel, Espach, van der Linde, Kruger, van Rensburg & Fourie

<http://groups.yahoo.com/group/SAGenealogie/message/43254;_ylc=X3oDMTJzMm1zdTZxBF9TAzk3MzU5NzE1BGdycElkAzExNjY5NDczBGdycHNwSWQDMTcwNTE5MzkyOARtc2dJZAM0MzI1NARzZWMDZG1zZwRzbGsDdm1zZwRzdGltZQMxMjIwODc4OTc1> Optelgoed vir geld

Posted by: "Francois Greeff"
<mailto:Goodgreeff@hiddencode.co.uk?Subject=%20Re%3AOptelgoed%20vir%20geld>
Goodgreeff@hiddencode.co.uk

Sun Sep 7, 2008 4:43 pm (PDT)

Daar is 'n paar van ons wat voel dat professionele navorsers deeglik verdien om betaal te word vir die werk wat hulle doen. Baie van hulle stuur vir my GREEFF "optelgoed" wat hulle raakloop terwyl hulle ander goed soek. My aanbod aan hierdie gawe mense wat nog altyd betaling vir optelgoed geweier het, staan steeds.

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
18. (Koerant) Beeld 09 Sep. 2008
Posted by: "Fanie Blignaut" blikkies@mabonline.co.za   blignautfanie
Mon Sep 8, 2008 10:59 pm (PDT)
CLARKE; Alexander Marcel * 22/05/1999. {Mnr} Darryl Marcel CLARKE kontak {Mevr} Attel V D MERWE by 078-371-1514 oor aanneming van Alexander. (Beeld - 08, 09/09/2008)

MOSTERT; Jacobus de Klerk, in lewe van Ferndale, Randburg, Gauteng provinsie. Gedenkdiens: NG Kerk, Randburg-Suid, 10/09/2008, 14:00. Verassing. (Beeld - 08/09/2008) Doves Begrafnisdienste, Randburg,

011-792-1404.

Groete,

Fanie Blignaut (Blikkies),

Vanderbijlpark,

Gauteng provinsie.

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 3409

Datum:  Tuesday, September 09, 2008 19:53

Daar is 23 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

1a. Re: Verandering van onderwerp From: Chris
2a. Re: Margaretha Brits (vir Alta Roux) From: Charlie Els
2b. Re: Margaretha Brits (vir Alta Roux) From: paul.prinsloo
3. BANTJES,  OBERHOLZER,  VAN DE VENTER EN DESCHAMPS From: Berna Julietta van de Venter
4a. Roux Boek From: Chris
4b. Re: Roux Boek From: Hannelie Barkhuizen
5a. Hannelie VILJOEN From: Hannelie Viljoen (Nee Smit)
5b. Re: Hannelie VILJOEN From: etiennedv
5c. Re: Elizabeth Magdalena VILJOEN From: Hannelie Viljoen (Nee Smit)
6. Johanna Susanna Maria BASSON From: Hannelie Viljoen (Nee Smit)
7a. Re : [SA-Gen] Re: DNA GENEALOGIE From: MontXsuZ-point-ca
7b. van Deventer en van Reenen boeke From: Gina Shepherd
8a. Re: DNA GENEALOGIE From: Louis Hurn
8b. Re: DNA GENEALOGIE From: Martina Louw
8c. Re: DNA GENEALOGIE From: Daniel Jacobs
9. Manana From: Chris
10a. Re: optelgoed vir geld From: Francois Greeff
11a. Manana Delwery 1926 From: Francois Greeff
11b. Re: Manana Delwery 1926 From: Chris
12a. Re: optelgoed vir geld - van Zweel familie From: Fanie Blignaut
13. Grafte & monumente werf From: Chris
14. P.J. Nienaber From: Lucas Rinken
15a. Optelgoed vir geld From: Johan Vermeulen

View All Topics | Create New Topic Messages
1a. Re: Verandering van onderwerp
Posted by: "Chris" henrye@mweb.co.za   bosschris100
Mon Sep 8, 2008 11:11 pm (PDT)
Dankie Arnold

Dit is hoekom ek jammer sê

Dankie

Chris

Moet asseblief nie reply druk en dan die onderwerp verander nie. Die rede hiervoor is dat die lewe moelik maak vir e-pos programme (en hulle gebruikers) wat lys e-posse volgens draad/tema (engels thread) sorteer. Hierdie programme maak gebruik van "Mail Headers" vir die sortering. As jy antwoord op 'n boodskap word daar outomaties 'n "In-Reply-To" en deur

sommige programme "References" "Mail Headers" in die e-pos geplaas. Dit stel programme in staat om boodskappe wat bymekaar hoort, bymekaar te sorteer. Indien jy reply druk en net die onderwerp verander word die "In-Reply-to" "mail header" nog steeds in die boodskap ingevoeg wat versoorsaak dat die programme jou boodskap saam met die boodskap waarop jy geantwoord het sorteer.

Groete
Arnold

--
A child of five could understand this! Fetch me a child of five.

Arnold Greyling
E-mail: greylina@menusis.com <mailto:greylina%40menusis.com>
http://www.greyling.za.org
Tel: +27 11 673 2628 Cell. +27 82 377 1836 Fax. +27 11 477 0527

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (3)

2a. Re: Margaretha Brits (vir Alta Roux)
Posted by: "Charlie Els" el55@mweb.co.za   charlieels
Tue Sep 9, 2008 12:58 am (PDT)

Alta,
Dankie vir jou twee briewe insake bogenoemde. Dis beslis die mees volledige poging om haar agtergrond te probeer uitpluis wat ek tot dusvêr nog teëgekom het.
Groete,
CHARLIE

-----Original Message-----
From: SAGenealogie@yahoogroups.com
[mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com]On Behalf Of Alta Roux
Sent: 05 September 2008 08:05 PM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: Re: [SA-Gen] Margaretha Brits

Ekskuus, ek het net die helfte van die vraag beantwoord - onderstaande is die testament van B J Pieters, eggenoot van Cornelia Johanna Vermeulen, wie in 1836 oorlede is.
Groete
Alta van Kinross

>>DEPOT KAB
SOURCE MOOC
VOLUME_NO 7/1/139
SYSTEM 01
REFERENCE 28
DESCRIPTION PIETERZE, BERNARDUS JACOBUS. WILL.
REMARKS FILED 1837.

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (9)

2b. Re: Margaretha Brits (vir Alta Roux)
Posted by: "paul.prinsloo" paul@genview.co.za paul.prinsloo
Tue Sep 9, 2008 1:13 am (PDT)
HI Charlie. ek sal dit waardeer as jy my kan copy op dit asb??

groete
Paul

--- In SAGenealogie@yahoogroups.com, "Charlie Els" <el55@...> wrote:
>
> Alta,
> Dankie vir jou twee briewe insake bogenoemde. Dis beslis die mees
volledige
> poging om haar agtergrond te probeer uitpluis wat ek tot dusvêr nog
teëgekom
> het.
> Groete,
> CHARLIE
>
> -----Original Message-----
> From: SAGenealogie@yahoogroups.com
> [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com]On Behalf Of Alta Roux
> Sent: 05 September 2008 08:05 PM
> To: SAGenealogie@yahoogroups.com
> Subject: Re: [SA-Gen] Margaretha Brits
>
>
> Ekskuus, ek het net die helfte van die vraag beantwoord -
onderstaande is
> die testament van B J Pieters, eggenoot van Cornelia Johanna
Vermeulen, wie
> in 1836 oorlede is.
> Groete
> Alta van Kinross
>
> >>DEPOT KAB
> SOURCE MOOC
> VOLUME_NO 7/1/139
> SYSTEM 01
> REFERENCE 28
> DESCRIPTION PIETERZE, BERNARDUS JACOBUS. WILL.
> REMARKS FILED 1837.
>

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (9)
3. BANTJES, OBERHOLZER, VAN DE VENTER EN DESCHAMPS
Posted by: "Berna Julietta van de Venter" bernajul@telkomsa.net capricornjump
Tue Sep 9, 2008 1:01 am (PDT)
Net gou-gou hallo almal

Berna draai al weer vas met alles vanoggend. Die kraaie gaap ook al
behoorlik in die hitte hier.

Vreeslik dankie, vir Daniël, ek het ook die dokument ontvang.
Dankie vir Liz vir die foto's van familie grafte.

Dankie vir Hester vir August Deschamps se foto en Grace Morelli se graf inligting ens.

Julle is sterretjies wat helder skitter. Julle is baie behulpsaam. Ek waardeer al hierdie hulp opreg. Ek is soos 'n dogtertjie met groot kersgeskenke en baie opgewonde.

Vriendelike groete
Mooi dag vir almal.
Berna

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
4a. Roux Boek
Posted by: "Chris" henrye@mweb.co.za   bosschris100
Tue Sep 9, 2008 1:30 am (PDT)
Hallo almal

Weet enigiemand waar ek die die Roux boek kan vind

Ons gesin het een gehad, maar hy het voete gekry.

My oupa aan my ma se kind was Roux, moet net al die datums kry

Hulle het lank op Warner Beach gebly reg langs die lagoon, en voor die bruggie oor die lagoon

Naby die strand. Ek sien daar is 'n paar Warner Beach mense op die forum

Dankie

Chris

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (2)
4b. Re: Roux Boek
Posted by: "Hannelie Barkhuizen" hbarkhuizen@metropolitan.co.za   Sparkeyn
Tue Sep 9, 2008 1:51 am (PDT)

Hi Chris,

ek kan jou help met die boek. Kontak my asb van die lys af. :-)

Groetnis
Hannelie

-----Original Message-----
From: SAGenealogie@yahoogroups.com
[mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On Behalf Of Chris
Sent: 09 September 2008 10:31
To: SAGenealogie@yahoogroups.com

Subject: [SA-Gen] Roux Boek

Hallo almal

Weet enigiemand waar ek die die Roux boek kan vind

Ons gesin het een gehad, maar hy het voete gekry.

My oupa aan my ma se kind was Roux, moet net al die datums kry

Hulle het lank op Warner Beach gebly reg langs die lagoon, en
voor die
bruggie oor die lagoon

Naby die strand. Ek sien daar is 'n paar Warner Beach mense op
die forum

Dankie

Chris

[Non-text portions of this message have been removed]

This message is subject to Metropolitans disclaimer pertaining to electronic
communications. To view the disclaimer please visit
http://www.metropolitan.co.za/disclaimer.asp

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (2)
5a. Hannelie VILJOEN
Posted by: "Hannelie Viljoen (Nee Smit)" hannelieviljoen@brightorange.co.za
hannelie.viljoen
Tue Sep 9, 2008 2:04 am (PDT)
Goeie More Almal

Ek was vir 'n lang tyd nie op SA-Gen nie, maar het nou weer ingeteken.
Hier is wie ek is en my kwartier state:

Hannelie Viljoen (Nee Smit) *19.03.1975 Vanderbijlpark
dogter van:
Jan Hendrik SMIT *21.09.1943 Kimberley
x 08.02.1964 Klerksdorp met
Johanna Maria GALLOWAY *27.01.1946 Johannesburg

My Oupas & Oumas
Matthys Johannes SMIT (s.v. Matthys Johannes SMIT en Cornelia Magrieta
VAN DYK)(d.v. Marthinus Johannes VAN DYK en Cornelia Elizabeth
SMIT)(s.v. Sybrand VAN DYK en Cornelia Margaretha NEL, s.v. Marthinus

Johannes VAN DYK en Martha Elizabeth HARTZENBERT, s.v. Sybrand VAN DYK en Helena Susanna VAN DER MERWE, s.v. Joseph VAN DYK, s.v. Sybrand VAN DYK, s.v. Josst Pietersz VAN DYK)
x met wed. Jacoba Susanna Maria NEL (Nee VAN WYNGAARDT) (d.v. Johannes Petrus VAN WYNGAARDT en Jacoba Susanna Maria SMIT)(s.v. Jan Hendrik VAN WYNGAARDT & Martha Jacoba Johanna)
xx ca Jan1956 met wed. Maria Susanna COETZEE (Nee DE WET)

Henry Alfred GALLOWAY (s.v. Henry Alfred GALLOWAY en Johanna Susanna Maria BASSON)(s.v. Hendry Alfred GALLOWAY en Aletta Francina)
x met Johanna Maria Elizabeth JANSE VAN RENSBURG (d.v. Jacobus Johannes JANSE VAN RENSBURG en Wilhelmina Aletta Maria MEINTJES)
(s.v. Jacobus Johannes JANSE VAN RENSBURG en Martha Aletta Catharina OBERHOLZER, d.v. Magiel Aderjan OBERHOLZER en Martha Aletta Catriena JANZEN VUREN, s.v. Pieter Jan OBERHOLZER en Gertruida Jacomina)

MY MAN
x Albert Johannes VILJOEN * 9/3/1974 Vanderbijlpark
seun van:
Albert Johannes VILJOEN *26.09.1940 Middelburg, Tvl +30.09.1981 Delmas
x 01.05.1965 Vanderbijlpark met
Catharina Maria JOUBERT *27.02.1947 Krugersdorp (d.v. Pieter Willem JOUBERT en Catharina Maria MALAN)

My Man se Oupas & Oumas
Albert Johannes VILJOEN (s.v. Andries Petrus VILJOEN & Anna Aletta VAN DER WALT)(s.v. Henning Albertus VILJOEN, s.v. Jan VILJOEN, s.v. Albertus VILJOEN, s.v. Henning VILJOEN, s.v. Henning Viljoen, s.v. Francois VILLION en Cornelia CAMPENAAR)
x Johanna Machael Petronella JOUBERT

Pieter Willem JOUBERT (s.v. Christoffel Johannes JOUBERT en Pieter Willem SCHUTTE)
x Catharina Maria MALAN (d.v. Gideon Francois MALAN en Catharina Maria BOTHA, s.v. Jacob Stefanus MALAN en Aletta Catharina DE BEER)

Groete
Hannelie

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (3)
5b. Re: Hannelie VILJOEN
Posted by: "etiennedv" etiennedv@yahoo.com   etiennedv
Tue Sep 9, 2008 3:57 am (PDT)
Hi Hannelie

My grootoumagrootjie was Elizabeth Magdalena Viljoen x Frederik Christoffel de Wit (1867 - 28/05/1901).

Ek sukkel my asvaal en kry nie hierdie Viljoen in enige rekords nie.

Hul oudste dogter was Christina Johanna de Wit (1892 - 1966), so ek vermoed EMV se ma moes 'n Christina Johanna gewees het.

Daar was net een seun wat na sy De Wit-oupa vernoem is. So ek geen verdere leidrade nie.

As jy kan help, asb.

Groete,

Etienne

--- In SAGenealogie@yahoogroups.com, "Hannelie Viljoen \(Nee Smit\)" <hannelieviljoen@...> wrote:
>
> Goeie More Almal
>
> Ek was vir 'n lang tyd nie op SA-Gen nie, maar het nou weer ingeteken.
> Hier is wie ek is en my kwartier state:
>
> Hannelie Viljoen (Nee Smit) *19.03.1975 Vanderbijlpark
> dogter van:
> Jan Hendrik SMIT *21.09.1943 Kimberley
> x 08.02.1964 Klerksdorp met
> Johanna Maria GALLOWAY *27.01.1946 Johannesburg
>
> My Oupas & Oumas
> Matthys Johannes SMIT (s.v. Matthys Johannes SMIT en Cornelia Magrieta
> VAN DYK)(d.v. Marthinus Johannes VAN DYK en Cornelia Elizabeth
> SMIT)(s.v. Sybrand VAN DYK en Cornelia Margaretha NEL, s.v. Marthinus
> Johannes VAN DYK en Martha Elizabeth HARTZENBERT, s.v. Sybrand VAN DYK
> en Helena Susanna VAN DER MERWE, s.v. Joseph VAN DYK, s.v. Sybrand VAN
> DYK, s.v. Josst Pietersz VAN DYK)
> x met wed. Jacoba Susanna Maria NEL (Nee VAN WYNGAARDT) (d.v. Johannes
> Petrus VAN WYNGAARDT en Jacoba Susanna Maria SMIT)(s.v. Jan Hendrik VAN
> WYNGAARDT & Martha Jacoba Johanna)
> xx ca Jan1956 met wed. Maria Susanna COETZEE (Nee DE WET)
>
> Henry Alfred GALLOWAY (s.v. Henry Alfred GALLOWAY en Johanna Susanna
> Maria BASSON)(s.v. Hendry Alfred GALLOWAY en Aletta Francina)
> x met Johanna Maria Elizabeth JANSE VAN RENSBURG (d.v. Jacobus Johannes
> JANSE VAN RENSBURG en Wilhelmina Aletta Maria MEINTJES)
> (s.v. Jacobus Johannes JANSE VAN RENSBURG en Martha Aletta Catharina
> OBERHOLZER, d.v. Magiel Aderjan OBERHOLZER en Martha Aletta

Catriena
> JANZEN VUREN, s.v. Pieter Jan OBERHOLZER en Gertruida Jacomina)
>
>
> MY MAN
> x Albert Johannes VILJOEN * 9/3/1974 Vanderbijlpark
> seun van:
> Albert Johannes VILJOEN *26.09.1940 Middelburg, Tvl +30.09.1981
Delmas
> x 01.05.1965 Vanderbijlpark met
> Catharina Maria JOUBERT *27.02.1947 Krugersdorp (d.v. Pieter Willem
> JOUBERT en Catharina Maria MALAN)
>
> My Man se Oupas & Oumas
> Albert Johannes VILJOEN (s.v. Andries Petrus VILJOEN & Anna Aletta
VAN
> DER WALT)(s.v. Henning Albertus VILJOEN, s.v. Jan VILJOEN, s.v.
Albertus
> VILJOEN, s.v. Henning VILJOEN, s.v. Henning Viljoen, s.v. Francois
> VILLION en Cornelia CAMPENAAR)
> x Johanna Machael Petronella JOUBERT
>
> Pieter Willem JOUBERT (s.v. Christoffel Johannes JOUBERT en Pieter
> Willem SCHUTTE)
> x Catharina Maria MALAN (d.v. Gideon Francois MALAN en Catharina
Maria
> BOTHA, s.v. Jacob Stefanus MALAN en Aletta Catharina DE BEER)
>
>
> Groete
> Hannelie
>
>
>
>
>
>
> [Non-text portions of this message have been removed]
>

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (3)
5c. Re: Elizabeth Magdalena VILJOEN
Posted by: "Hannelie Viljoen (Nee Smit)" hannelieviljoen@brightorange.co.za
hannelie.viljoen
Tue Sep 9, 2008 5:56 am (PDT)
Nee jammer Etienne,

Het nie so 'n persoon in my databasis nie. Sal haar op my lys sit van
gesoekte name, en jou kontak as ek op haar afkom.

Groete
Hannelie

-----Original Message-----

From: SAGenealogie@yahoogroups.com [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com]
On Behalf Of etiennedv
Sent: 09 September 2008 12:57 PM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: Re: [SA-Gen] Hannelie VILJOEN

Hi Hannelie

My grootoumagrootjie was Elizabeth Magdalena Viljoen x Frederik
Christoffel de Wit (1867 - 28/05/1901).

Ek sukkel my asvaal en kry nie hierdie Viljoen in enige rekords nie.

Hul oudste dogter was Christina Johanna de Wit (1892 - 1966), so ek
vermoed EMV se ma moes 'n Christina Johanna gewees het.

Daar was net een seun wat na sy De Wit-oupa vernoem is. So ek geen
verdere leidrade nie.

As jy kan help, asb.

Groete,

Etienne

--- In SAGenealogie@ <mailto:SAGenealogie%40yahoogroups.com>
yahoogroups.com, "Hannelie Viljoen \(Nee Smit\)"
<hannelieviljoen@...> wrote:
>
> Goeie More Almal
>
> Ek was vir 'n lang tyd nie op SA-Gen nie, maar het nou weer
ingeteken.
> Hier is wie ek is en my kwartier state:
>
> Hannelie Viljoen (Nee Smit) *19.03.1975 Vanderbijlpark
> dogter van:
> Jan Hendrik SMIT *21.09.1943 Kimberley
> x 08.02.1964 Klerksdorp met
> Johanna Maria GALLOWAY *27.01.1946 Johannesburg
>
> My Oupas & Oumas
> Matthys Johannes SMIT (s.v. Matthys Johannes SMIT en Cornelia
Magrieta
> VAN DYK)(d.v. Marthinus Johannes VAN DYK en Cornelia Elizabeth
> SMIT)(s.v. Sybrand VAN DYK en Cornelia Margaretha NEL, s.v.
Marthinus
> Johannes VAN DYK en Martha Elizabeth HARTZENBERT, s.v. Sybrand VAN
DYK
> en Helena Susanna VAN DER MERWE, s.v. Joseph VAN DYK, s.v. Sybrand
VAN
> DYK, s.v. Josst Pietersz VAN DYK)
> x met wed. Jacoba Susanna Maria NEL (Nee VAN WYNGAARDT) (d.v.
Johannes
> Petrus VAN WYNGAARDT en Jacoba Susanna Maria SMIT)(s.v. Jan
Hendrik VAN
> WYNGAARDT & Martha Jacoba Johanna)

> xx ca Jan1956 met wed. Maria Susanna COETZEE (Nee DE WET)
>
> Henry Alfred GALLOWAY (s.v. Henry Alfred GALLOWAY en Johanna
Susanna
> Maria BASSON)(s.v. Hendry Alfred GALLOWAY en Aletta Francina)
> x met Johanna Maria Elizabeth JANSE VAN RENSBURG (d.v. Jacobus
Johannes
> JANSE VAN RENSBURG en Wilhelmina Aletta Maria MEINTJES)
> (s.v. Jacobus Johannes JANSE VAN RENSBURG en Martha Aletta
Catharina
> OBERHOLZER, d.v. Magiel Aderjan OBERHOLZER en Martha Aletta
Catriena
> JANZEN VUREN, s.v. Pieter Jan OBERHOLZER en Gertruida Jacomina)
>
>
> MY MAN
> x Albert Johannes VILJOEN * 9/3/1974 Vanderbijlpark
> seun van:
> Albert Johannes VILJOEN *26.09.1940 Middelburg, Tvl +30.09.1981
Delmas
> x 01.05.1965 Vanderbijlpark met
> Catharina Maria JOUBERT *27.02.1947 Krugersdorp (d.v. Pieter Willem
> JOUBERT en Catharina Maria MALAN)
>
> My Man se Oupas & Oumas
> Albert Johannes VILJOEN (s.v. Andries Petrus VILJOEN & Anna Aletta
VAN
> DER WALT)(s.v. Henning Albertus VILJOEN, s.v. Jan VILJOEN, s.v.
Albertus
> VILJOEN, s.v. Henning VILJOEN, s.v. Henning Viljoen, s.v. Francois
> VILLION en Cornelia CAMPENAAR)
> x Johanna Machael Petronella JOUBERT
>
> Pieter Willem JOUBERT (s.v. Christoffel Johannes JOUBERT en Pieter
> Willem SCHUTTE)
> x Catharina Maria MALAN (d.v. Gideon Francois MALAN en Catharina
Maria
> BOTHA, s.v. Jacob Stefanus MALAN en Aletta Catharina DE BEER)
>
>
> Groete
> Hannelie
>
>
>
>
>
>
> [Non-text portions of this message have been removed]
>

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (3)

6. Johanna Susanna Maria BASSON
Posted by: "Hannelie Viljoen (Nee Smit)" hannelieviljoen@brightorange.co.za hannelie.viljoen
Tue Sep 9, 2008 2:05 am (PDT)
Goeie More Almal,

Ek het gewonder of daar dalk 'n BASSON kenner is wie my kan help.

Ek het 'n ouma grootjie Johanna Susanna Maria (gebore BASSON) wie se inligting ek nie kan opspoor nie. Hier is wat ek het.

Volgens my oupa grootjie se SK (TAB/MHG/0/01/466/45)

Henry Alfred GALLOWAY *ca 1888 Kimberley, Kaap Provinsie
+13.Jan1945 Tuis by 135 Bergstraat, Potchefstroom
(s.v. Henry Alfred GALLOWAY en Aletta Fransina beide oorlede in Prieska)

x in Kaapstad met Johanna Susanna Maria BASSON

Volgens familie stories het my ouma grootjie na my oupagrootjie se dood weer getrou met WILMANS

As iemand moontlik kan help met haar inligting of my advies kan gee sal ek dit baie waardeur. Dankie

Hannelie Viljoen

(VILJOEN, SMIT, JOUBERT, GALLOWAY, VAN WYNGAARDT, JANSE VAN RENSBURG, MALAN, BOTHA)

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
7a. Re : [SA-Gen] Re: DNA GENEALOGIE
Posted by: "MontXsuZ-point-ca" montxsuz@yahoo.com montxsuz
Tue Sep 9, 2008 2:22 am (PDT)
Martina, Jaco (en Rassie)

Dankie vir 'n goeie uiteensetting van DNA Genealogie. Hier is 'n boek wat ek vir beginners aanbeveel, dit het my redelik meer laat verstaan aan die begin. "Megan Smolenyak and Ann Turner. Trace Your Roots with DNA. Using Genetic Tests to Explore Your Family Tree. Rodale, USA, 2004.". Daar is natuurlik vele meer gevorderde werk ook.

Ek het myne omtrent 2 jaar gelede laat ontleed (37-merker toets), en alhoewel ek nie al die antwoorde gekry het wat ek graag sou sou hê nie, voel ek baie positief oor die toekoms.
Neem my Janse van Rensburg familie byvoorbeeld. Vir dekades al argumenteer genealoë oor waar ons stamvader vandaan sou kom. Rendsburg (Duitsland (destyds Denemarke)) is tans die gunsteling stamdorp, met Rijnsburg (Nederland) tweede, teoreties gesproke -geen dokumentêre bewyse tot dusver nie. Maar my DNA reultaat was (die ou) "I1a" haplogroep (maw Viking), en Dr Ken Nordtvedt (sien Jaco se pos) se span klassifiseer my resultate as "ultra-Norse type 1", met die kern in Noorweë. Hmmm. Dit is seker moontlik dat die stamvader deur Rendsburg of

Rijnsburg na die Kaap toe gekom het, maar dit wil lyk asof sy werklike oorsprong verder noord was. (Heel moontlik, aangesien daar byvoorbeeld (volgens my huidige navorsing) in die 1600s redelike emigrasie vanaf Noorweë na Nederland was, en behalwe dit het heelwat Noorweërs in Denemarke werk gekry, en ook by die Deense vloot aangesluit - wat natuurlik ook om die Kaap gevaar het Indië toe). In November sal ek die
Noorweegse Emigrasie Sentrum in Noorweë besoek, maar ek verwag nie veel nie - ongelukkig is hulle rekords maar skraps voor 1825 (kerk-rekords is blykbaar beter). (Tusen hakies, die Noorweëgse emigrante het gereeld die name van plase aangeneem, nie dorpe of stede nie!) Die Vikings het natuurlik baie plekke geplunder eeue vroeër, maar ek verstaan dat die "Viking kolonies" (bv Normandië, Skotland, Iceland) se subclade en profiel verskil van myne.

Maar binne 'n paar weke het ek hopelik meer presiesheid oor my DNA resultate, aangesien hulle kort gelede nuwe haplogroup "I" "subclades" geklassifiseer het. FTDNA het my onlangs gekontak om te sê ek is moontlik een van die nuwes. 'n Paar van Rensburgs het al laat toets (by my Van Rensburg projek: https://www.familytreedna.com/surname_join.aspx?code=D72150&special=True&projecttype=S - nuwe lede welkom) met soortgelyke resultate - en ons takke reeds 300 jaar gelede uitmekaar is. My doelwit is natuurlik om die stamvader se afkoms met 'n groter akkuraatheid te bepaal, maar ek voel dat dit net 'n kwessie van tyd is voordat ons daardie naalde in die DNA-databasis vind - veral noudat FTDNA takke in Europa oopgemaak het. Lets keep our fingers crossed, soos die Ingelse sê. Watch this space.

Martina, my mtDNA was ook M* (vanaf FTDNA), ek wens rerig hulle het 'n subclade toets beskikbaar gehad vir die M haplogroep.Weet jy dalk van een? Ek het ook die Sorenson "kit" bestel - met die hoop dat ek addisionele inligting van hulle af kan kry. Die M* haplogroep het nog baie navorsing nodig. In my geval het ek darem 'n naam: Anna Groothenning (aka Anna van Bengale). So die DNA resultate ondersteun die argiefresultate. Ek het reeds met twee dames in Indië gekorrespondeer wie soortgelykke HVR1 resultate gehad het. (Ek het HVR2 ook laat ontleed). Miskien moet ek 'n Anna Groothenning mtDNA projek begin! Is daar dalk iemand op die lys wie 'n direkte afstammeling van Anna Groothenning is itv mtDNA? Dit sal interissant wees om resultate te vergelyk!

Verder het ek ook Adolph Jonker in my voorgeslagte - in my geval was een van Anna van Groothenning se nasate met Adolph Jonker se kleinseun getroud. So ek hoop jy behaal sukses met jou poging om sy (kontinent van) afkoms te bepaal - laat weet asb almal op die lys van die resultate.

Groete
Christo

-------------------------------------------
Christo van Rensburg
Vancouver, BC, Canada
En belle Colombie Britannique
-------------------------------------------
Janse van Rensburg X Cronje; Barnard X Schoeman
Herselman X Kriel; Wright X Breytenbach
(1876 Bethulie; 1883 Philippolis; 1879 Kareedouw?; 1889 Wepener)
http://www.montxsuz.ca/familie/
-------------------------------------------

----- Message initial ----
De : Martina Louw (nee van Breda) <mlouw1@bigpond.net.au>

À : SAGenealogie@yahoogroups.com
Envoyé le : lundi 8 septembre 2008, 02 h 34 min 44 s
Objet : [SA-Gen] Re: DNA GENEALOGIE

Haai Rassie, stadig oor die klippe!!!!

Gaan bestudeer gerus liewer eers al Sorenson se web bladsye - begin by http://www.smgf.org/pages/overview.jspx.

Hier is 'n kort uittereksel van hulle oogmerk: "The Sorenson Molecular Genealogy Foundation is a non-profit organization dedicated to building the world's foremost collection of DNA and corresponding genealogical information.

SMGF is making its collection available for searching on this web site. Finding matching DNA results and pedigrees in the Sorenson Database can help you make new family connections throughout the world and across generations.

The Foundation is a world leader in DNA research with direct application to genealogy. Its work complements other studies that focus on the "deep ancestry" of humankind. "

Hulle het > 90 000 DNA prodfiele in hulle databasis wat hulle beskikbaar maak elektronies vir mense soos dié van ons wat daarin belangstel. Persoonlik dink ek dis fantasties!! :o)

Ek kon bv my man wat van Jan Pietersz Louw afstam se Y-DNA wat deur die Genographic projek teen betaling ontleed was, in Sorenson se databasis vergelyk met dié van 4 Louws wat reeds in die databasis was - en dit was wonderlik om te sien dat dit met 3 van hulle wat ook van Jan Pietersz afstam ooreenstem - bewys dat hulle al 3 van hierdie stamvader afstam.

Dit kon ook bevestig dat die verre oorsprong van hierdie stamvader 'n area in Europa is - min of meer gesentreerd was in wat nou Duitsland is - inaggenome dat huidige landsgrense nie derduisende jare gelede bestaan het toe hierdie haplogroep ontstaan het nie. Dit bou nogtans vir mens 'n duideliker prentjie van mens se verre oorsprong.

My eie mtDNA is miskien 'n ander goeie voorbeeld van die nut van DNA genealogie - ek het vermoed my matroniem Johanna Petronella Basson se ma was 'n slavin, maar ek kon nog nooit op haar ouername afkom om dit te bewys nie. My mtDNA wat ek by haar ge-erf het spreek egter boekdele - dis baie duidelik van suid-Asië!! DNA ontleding kon dus bevestig wat mens op geen ander manier kan doen as daar nie geskrewe rekords bestaan vir waarna mens soek nie.

Ek het voorheen betaal om my mtDNA deur die Genographic projek te laat dien, maar ek gaan dit nogtans weer deur Sorenson ook laat dien - want ek is seker Sorenson sal meer toetse doen en ek sal uiteindelik 'n nog meer volledige prentjie hê as wat ek nou het.

Ek is ook tans hard besig om te probeer reel dat een of twee Jonker mans hulle DNA ook laat toets en by die databasis voeg - sodat ons vir eens en altyd duidelikheid kan kry oor die herkoms van stamvader Adolph Jonker. Sonder DNA toetse sal ons nooit hierdie Jonker herkoms

dispuut oplos nie.

DNA toetse is dus 'n baie nuttige bron van inligting. Jy kan dit nie vergelyk met die soek na name en datums van mense soek wat 300 jaar gelede geleef het nie. Dit gaan glad nie daaroor nie. Dit gaan oor oer voorouers se oorspronklike herkoms in terme van beweging na die oorspronklike uittog uit Afrika, asook die wonderlike kans om mens se DNA herkoms met dié van ander te vergelyk.

Almal is baie bewus van die 'out of Africa' herkoms van die mensdom wat juis deur DNA bewys is. Ek weet nie hoekom dink jy dit word misken nie.

Mense het uit Afrika beweeg eers na die midde ooste, en daarvandaan het van hulle na Europa of verder oos in Asië ingetrek. Jaco se I-M223 groep het nie lank in die midde ooste vertoef nie maar baie vroeg na die uittog uit Afrika na Europa getrek, en was dus een van die eerste "Europese" groepe - en vir 'n geruime tyd was daar dus nie vermenging met ander groepe nie.

Ek dink miskien misverstaan jy die data effens. Gaan kyk gerus ook by http://en.wikipedia.org/wiki/Haplogroups - daar is 'n redelike goeie artikel wat die haplogroep konsep hopelik duideliker sal maak.

Stuur gerus vir Sorenson 'n "Rascher" monster - ek sien juis tussen hulle >90 000 het hulle nie eers een nie - hulle kan dus eerder doen met jou hulp as jou kritiek! :o)

Groete,
Martina.

--- In SAGenealogie@yahoogroups.com, Sylvester Rascher
<sylvesterrascher@...> wrote:
>
> Beste Jaco,
>
> Met die uitdruklike uitsondering van goeie en betroubare genealogiese webblasye soos onder andere die van Dan Strydom, Richard Ball, Paul Bosman en baie ander soortgelyke eerlike en mededeelsame navorsers en lyslede, waarvoor ek die allergrootste waardering het, betwyfel ek enige aanbieding van genealogiese resultate wat aanvanklik vry en verniet op die internet aangebied word - veral in 'n gespesialiseerde gebied soos DNA genealogie.
>
> En daarom betwyfel ek jou stelling dat "as jy nie geld wil spandeer nie" is "jy weet wie" 'n goeie roep om jou DNA samestelling te verreken.
>
> Hoe professioneel skat jy is 'n organisasie wat, soos jy self aandui, amper 'n jaar neem om aan jou 'n resultaat te verskaf?
>
> Ek aanvaar dat daar aanvanklik geen koste daaraan verbonde was nie. En as jy nou meer wil weet, gaan hulle dit ook kosteloos voorsien of moet jy nou eers its betaal?
>
> Het jy hierdie rusultate met 'n tweede, nawysbare professionele, opinie vergelyk of aanvaar jy hul DNA resultaat maar

op sigwaarde as waar?
>
> Waar plaas hierdie inligting oor jou voorouers hulle in 'n spesifieke dorp en in 'n spesifieke tydgleuf wat meer hanteerbaar is as die resultate dat hulle 20 000 jaar gelede erens in 'n gebied wat amper die hele Noord Europa beslaan gewoon het?
>
> En as hulle jou afkoms nou verder kan vernou, hoekom moet jy tevrede wees met iets soos: The line "...it is uncertain whether this DNA signature reflects an
> Anglo/Saxon, Danish, Viking or Norse heritage, though the values of DYS 390
> suggest a 22 for Anglo/Saxon Territory and a 23 for Norse/Viking territory" is
> particularly interesting because, as you can see in the chart of
> Avance/Avent DNA above, the value that we have in DYS 390 is "*23*", which
> puts us with the Norse and Vikings of Scandinavia.
>
> We is nou die "us" waarvan hulle praat?
>
> Konsentreer hulle dalk slegs op Britse afkoms?
>
> Indien wel, kan mens vir dieselfde resultate maar net sowel die resente publikasie "The Tribes of Britain - who are we and where do we come from deur David Miles (2006. Phoenix, Orion House London) wat spesifiek die Noorse/Viking verhouding aanspreek, lees.
>
> Indien nie, kan mens ook maar bloot die publikasie "After the Ice - A global Human History 20000-5000 BC (2003 Phoenix, Orion House London) lees vir 'n baie meer insiggewend en volledig uiteensetting van ons Europese "volksbewegings" as wat hulle aandui. En die Russe kan maar net sowel dieselfde oor hul Viking herkoms se.
>
> En as dit alles so presies is waarom voeg hulle by dat "it is uncertain"?
>
> En ook die volgende :
>
> So, what do we know about the *I-M223* "tribe"? It is a relatively uncommon
> group, and is purely European and was one of the earliest groups to settle
> in what is now Europe. It seems to have migrated out of the Middle East
> around 27,000 years ago north and west into modern-day Europe, then moving
> southward as the Ice Age set in, finally taking refuge about 10,000 years
> ago somewhere in southern (modern-day) Europe, most likely somewhere in the
> Balkans, though possibly in modern-day France or Spain.
>
> My vraag is, hoe se mens hulle is "purely European" as dit in dieselfde tyd gese word dat hulle "migrated out of the Middle East"
>
> En as did so "a relatively uncommon group" is, hoekom is hulle so

spesiaal?
>
> Ek dink ook ons weet almal van die jongste teorie omtrent "Africa as the Cradle of Human Kind"
>
> Hoe verreken, of ontken hierdie DNA projek hierdie nuwe gegewens?
>
> Ek neem aan hulle is bewus van hierdie nuwe teorie en dat hulle dit in berekening bring.
>
> My laaste vraag is, as ons as Suid-Afrikaanse genealoe nog nie eers die Europese voorouers van 300 jare oue persone soos Jacob Cloete of Frederik Botha of Jacob Coetzer ens ens deur middel van basiese navorsing in ons geskrewe argiewe kan naspoor nie, wat gaan ons daarmee maak as ons weet (of maar eintlik net vermoed) dat 'n onbekende voorouer ongeveer 20 000 jaar gelede erens in 'n onbekende area van Europa geleef het?
>
>
> Groete
> Rassie.
>
>
>
>
>
>
>
> [Non-text portions of this message have been removed]
>

------------------------------------

SAGenealogie is `n poslys vir die bespreking van genealogiese en genealogies-verwante aangeleenthede alleenlik, onderhewig aan die voorwaardes soos uitgespel by http://www.geocities.com/sagenealogie/ Lede wat aangeleenthede wil opper wat nie van 'n suiwer genealogiese aard is nie, word versoek om dit nie op die poslys te doen nie, maar dit liefs van die lys af direk aan die betrokkene te stuur. Probleme, klagtes en voorstelle vir verbetering moet gestuur word aan: SAGenealogie-owner@yahoogroups.com

Besoek ons webblad by:
http://www.geocities.com/sagenealogie/

Yahoo! Groups Links

______________________________________________________________

Obtenez l'adresse de courriel parfaite: @ymail.com or @rocketmail.com. Obtenez votre nouvelle adresse maintenant à
http://cf.new.mail.yahoo.com/addresses.

[Non-text portions of this message have been removed]


7b. van Deventer en van Reenen boeke

Posted by: "Gina Shepherd" g-shepherd@mweb.co.za   gina9712
Tue Sep 9, 2008 2:41 am (PDT)
Dagsê Almal,

Ek wil baie graag twee boeke aanskaf, maar het absoluut geen ideë hoe om hulle te kry nie.

Die eerste boek is Van Deventer Stamboom en Agtergrond deur Willem Daniël van Deventer (1989) en die ander is van Reenen/ van Renen deur JD van Renen (Port Elizabeth).

Weet iemand dalk waar ek kopië in die hand kan kry?

Groete

Gina Shepherd

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (2)
8a. Re: DNA GENEALOGIE
Posted by: "Louis Hurn" louishurn@telkomsa.net   ljhurn
Tue Sep 9, 2008 2:35 am (PDT)
Hi Christo,
Ek is afstammeling van Anna van Groothenning haar dogter Anna Bock was getroud met Andreas Bester, my stanvader aan my moeder se kant. Ek wag nog op my Sorenson uitslag, dan kan ons weer kyk.
Groete.
Louis Hurn

Tel. : +2731 563-5443
Cell. : +2773 150-1378

Link to Hurn Family Website
http://www.onsfamilie.info/register.php?personID=I399&tree=Hurn&generations=10

----------

----------

No virus found in this outgoing message.
Checked by AVG - http://www.avg.com
Version: 8.0.169 / Virus Database: 270.6.19/1661 - Release Date: 9/9/2008 4:58 AM

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (6)
8b. Re: DNA GENEALOGIE
Posted by: "Martina Louw" mlouw1@bigpond.net.au   martinalouw
Tue Sep 9, 2008 3:30 am (PDT)
Hallo Jaco - uitstekende antwoord !!!! :o)

Dalk kan ek net ook ter stawing van hoe beindruk ek was met Sorenson se databasis sê dat toe ek my man se Y-DNA merkers met ander in die Sorenson databasis verglyk het, het ek hoegenaamd nie ons van ingevoer nie - ek het bloot net sy merkers met al 90 000+ profiele in die databasis vergelyk - en raai wat - daar was tussen >90 000 net 3 "matches" - en al drie was LOUWS van Suid-Afrika!!! As dit nie beide die potensieële nut en akkuraatheid onderstreep nie dan weet ek nie wat sal nie.

Ek het 'n National Geographic kit as geskenk ontvang, maar selfs teen betaling toets hulle nie soveel merkers as Sorenson nie, so ek is in die proses om myne aan Sorenson ook te stuur en sal geduldig wag vir hulle resultate.

Groetnis,
Martina.

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (6)
8c. Re: DNA GENEALOGIE
Posted by: "Daniel Jacobs" danielmalanjacobs@gmail.com
Tue Sep 9, 2008 6:39 am (PDT)
Beste Martina

Ek het ook destyds die Genographic-toets laat doen. Natuurluik fassinerend om te sien hoe mens 'n voorouer deel met mense van reg oor die wêreld - sommige met Moslem-vanne, ander met Spaanse vanne ens!! Een van die persone is ook 'n SA Jacobs wat in Kanada woon. Ek kon nog nie daarin slaag om sy Jacobs-lyn te doen nie. Ek aanvaar dat as ek 'n lys van 250 name vanaf die Genographic-projek ontvang het van mense wat met my 'n voorouer deel dat dit nie noodwendig dieselfde persoon is nie?

Kan dit dus beteken dat ek en die Jacobs van Kanada 'n voorouer deel wat in 1800 in die Kaapkolonie gewoon het terwyl ek met bv. Mnr. A Mohammed wat in Lebanon bly 'n voorouer kan deel wat in 200 NC geleef het?

Hulle noem mos as die persoon jou van deel, deel julle waarskynlik 'n individu as voorouer wat binne die tydperk wat daar genealogiese rekords beskikbaar is geleef het, terwyl vir die res van die individue julle volgens hulle 'n 99% kans het om 'n voorouer te deel wat in die afgelope 2000 jaar geleef het.

Ek gaan binne die volgende paar dae ook my Sorenson-"kit" terug te stuur aan hulle. Ek lees nou die volgende interessante inligting in hulle een brosjure: "...when we can find multiple descendants of a given common ancestor, it may allow us to piece together a picture of the common ancestor's DNA. This in turn may allow people who lack adequate genealogical records, but who match the DNA profile, to link to these common ancestors whose pedigrees are documented." Iets nuuts wat ek nog nie vroeër besef het gedoen kan word nie. Dit sal uiteraard seker eers 'n realitiet word as baie lede van 'n "familie" die toetse laat doen het.

Groete

Daniel Jacobs
www.gendata.co.za

On Tue, Sep 9, 2008 at 12:30 PM, Martina Louw <mlouw1@bigpond.net.au> wrote:

> Hallo Jaco - uitstekende antwoord !!!! :o)
>
> Dalk kan ek net ook ter stawing van hoe beindruk ek was met Sorenson se
> databasis sê dat toe ek my man se Y-DNA merkers met ander in die Sorenson
> databasis verglyk het, het ek hoegenaamd nie ons van ingevoer nie - ek het
> bloot net sy merkers met al 90 000+ profiele in die databasis vergelyk - en
> raai wat - daar was tussen >90 000 net 3 "matches" - en al drie was LOUWS
> van Suid-Afrika!!! As dit nie beide die potensieële nut en akkuraatheid
> onderstreep nie dan weet ek nie wat sal nie.
>
> Ek het 'n National Geographic kit as geskenk ontvang, maar selfs teen
> betaling toets hulle nie soveel merkers as Sorenson nie, so ek is in die
> proses om myne aan Sorenson ook te stuur en sal geduldig wag vir hulle
> resultate.
>
> Groetnis,
> Martina.
>
>
> [Non-text portions of this message have been removed]
>
>
>

--
www.gendata.co.za

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (6)
9. Manana
Posted by: "Chris" henrye@mweb.co.za   bosschris100
Tue Sep 9, 2008 3:36 am (PDT)
Hi almal

Het nou net met oom Robert Bossert 87jaar oud gesels

Manana was 'n groot delwery gewees, in Lichtenburg distrik

Ek is nie seker of dit op die Greef plaas was nie

Was blykbaar 'n pragtige plek met groot bome en 'n dam

Die verwysing na Manana was dus nie geval van behoeftige mense

Op 'n plaas nie, maar 'n delwery

Dankie

Chris

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
10a. Re: optelgoed vir geld
Posted by: "Francois Greeff" Goodgreeff@hiddencode.co.uk
Tue Sep 9, 2008 4:27 am (PDT)
My vriend is ‘n tandarts, en as ons uitkamp kap hy ook hout, en as ek trek dan help hy om bokse te dra. Hy kan my help om my huis te verf, maar ek sal nooit vra dat hy gratis na my tande kyk nie. Dit is sy beroep.

Die selfde geld vir professionele genealogiese navorsers. As hulle in werkstyd optelgoed kry, dan betaal ons hulle daarvoor. Ons is nou drie mense wat so ‘n openbare aanbod maak aan die professionele mense wat heel dag in die argiewe is.

Francois Greeff - Greeff
Annemarie Folkus – Folkus, Folkens
Ursulah van Rensburg – van Zweel

Met amateur genealoeë geld hierdie aanbod nie, want onder ons heers daar ‘n gees van gunste en gawes. Ons help mekaar almal, sonder vergoeding, en ons kan nie verwag dat as A vir B help, dan sal B weer vir A iets stuur nie. Dit gebeur selde so. Maar B help vir C, C vir D, en iemand anders doen weer iets vie A. Niemand kan verwag dat enige persoon sy WERKSTYD in so ‘n stelsel insit nie, want ons kan hulle ook nie met hulle WERK help nie.

Optelgoed vir geld reken daarmee dat daar twee paralelle stelsels is.

Groete,
Francois Greeff

From: Ursulah [mailto:jvrens@tdm.co.mz]
Sent: 09 September 2008 06:58
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] optelgoed vir geld - van Zweel familie
Importance: High

Hallo almal

Ek is tans besig met eksamen voorbereiding en "scan" net die daaglikse Digest van boodskappe. Vanoggend besluit ek om dit met aandag te lees en is ek nie bly nie

Ek is een van die wat 'n seldsame van navors en sal baie beslis baat by optelgoed. Ek is tans by 'n dooie punt en kan nie vorder met my navorsing. Ek het ook al betaal vir dokumente wat nie betrekking het op my navorsing met die hoop dat ek dalk inligting daaruit sal kry wat my nader aan ons Van Zweel stamvader sal bring. Ek is dus heeltemal bereid om te betaal vir enige optelgoed vir die familie "van Zweel" wat my kant toe kom. Plaas asb my naam op die lysie

Groetnis

Ursulah

Besig met naspeur van Familie

van Zweel, Espach, van der Linde, Kruger, van Rensburg & Fourie

<http://groups.yahoo.com/group/SAGenealogie/message/43254;_ylc=X3oDMTJzMm1zdTZxBF9TAzk3MzU5NzE1BGdycElkAzExNjY5NDczBGdycHNwSWQDMTcwNTE5MzkyOARtc2dJZAM0MzI1NARzZWMDZG1zZwRzbGsDdm1zZwRzdGltZQMxMjIwODc4OTc1> Optelgoed vir geld

Posted by: "Francois Greeff"
<mailto:Goodgreeff@hiddencode.co.uk <mailto:Goodgreeff%40hiddencode.co.uk>
?Subject=%20Re%3AOptelgoed%20vir%20geld>
Goodgreeff@hiddencode.co.uk <mailto:Goodgreeff%40hiddencode.co.uk>

Sun Sep 7, 2008 4:43 pm (PDT)

Daar is 'n paar van ons wat voel dat professionele navorsers deeglik verdien om betaal te word vir die werk wat hulle doen. Baie van hulle stuur vir my GREEFF "optelgoed" wat hulle raakloop terwyl hulle ander goed soek. My aanbod aan hierdie gawe mense wat nog altyd betaling vir optelgoed geweier het, staan steeds.

[Non-text portions of this message have been removed]

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (3)
11a. Manana Delwery 1926
Posted by: "Francois Greeff" Goodgreeff@hiddencode.co.uk
Tue Sep 9, 2008 5:44 am (PDT)
Hallo Chris,

Die nuus wat jy vir ons stuur is uitstekend! Baie Dankie!

Dit volg baie logies dat daar 'n delwers gemeenskap on Manana sou wees. Manana is, inderdaad, in die hart van die diamantgebied. Ons moet, tussen ons Greeff navorsers, ernstige aandag aan die delwerye op Manana gee, omdat dit 'n belangrike Greeff plaas was.

Ons is OOK op soek na die mense wat 'n kwart eeu voor die ontdekking van diamante as vlugtelinge op Manana gewoon het. Ons soek dus nou na TWEE gemeenskappe op Manana Plaas:

1. 'n Gemeenskap van vlugtelinge tydens die Boere oorlog (1899 - 1901)

2. 'n Gemeenskap diamant delwers (1926 - 1931)

Ek sal besonder bly wees om enige inligting te ontvang, van enigeen, asseblief.

Sal jy, Chris, ook asseblief vir my Oom Robert Bossert se telefoon nommer epos na Greeff@Greeff.info ?

Dankbare groete,
Francois Greeff

______________
Francois Greeff

36 Aston Road
London
SW20 8BE
United Kingdom

Phone: 0044 20 8123 4224
Mobile 0044 79 6372 2345
Skype: Greefffrancois
Greeff Family Web Site: www.Greeff.info
Greeff Family Newsletter:
http://www.greeff.info/tng01/GreeffGenealogyJournal.php

To join the Greeff Correspondence Circle, our family email network, please send an email to GREEFF-L-request@rootsweb.com <mailto:GREEFF-L-request%40rootsweb.com> , with only one word, subscribe, as subject and body. To get out again, send unsubscribe.

From: Chris [mailto:henrye@mweb.co.za]
Sent: 09 September 2008 11:36
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] Manana

Hi almal

Het nou net met oom Robert Bossert 87jaar oud gesels

Manana was 'n groot delwery gewees, in Lichtenburg distrik

Ek is nie seker of dit op die Greef plaas was nie

Was blykbaar 'n pragtige plek met groot bome en 'n dam

Die verwysing na Manana was dus nie geval van behoeftige mense

Op 'n plaas nie, maar 'n delwery

Dankie

Chris

[Non-text portions of this message have been removed]

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (2)
11b. Re: Manana Delwery 1926
Posted by: "Chris" henrye@mweb.co.za   bosschris100
Tue Sep 9, 2008 6:09 am (PDT)
Hallo Francois

Ek sien wat jy bedoel

1926: Die Du Preez-broers Willie, Piet, Evert en Koos, asook hul swaer Wouter de Vos, begin prospekteer vir diamante in 'n ghwarriegat op Manana. Dit het later tot die proklamering van delwerye op Manana gelei.

Ek is op soek na informasie oor die Maartense van Lichtenburg

My ouma was Petronella Magdalena Maartens geb 24/11/1902

Dankie

Chris

From: SAGenealogie@yahoogroups.com [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On Behalf Of Francois Greeff
Sent: 09 September 2008 02:44 PM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Cc: henrye@mweb.co.za
Subject: [SA-Gen] Manana Delwery 1926

Hallo Chris,

Die nuus wat jy vir ons stuur is uitstekend! Baie Dankie!

Dit volg baie logies dat daar 'n delwers gemeenskap on Manana sou wees. Manana is, inderdaad, in die hart van die diamantgebied. Ons moet, tussen ons Greeff navorsers, ernstige aandag aan die delwerye op Manana gee, omdat dit 'n belangrike Greeff plaas was.

Ons is OOK op soek na die mense wat 'n kwart eeu voor die ontdekking van diamante as vlugtelinge op Manana gewoon het. Ons soek dus nou na TWEE gemeenskappe op Manana Plaas:

1. 'n Gemeenskap van vlugtelinge tydens die Boere oorlog (1899 - 1901)

2. 'n Gemeenskap diamant delwers (1926 - 1931)

Ek sal besonder bly wees om enige inligting te ontvang, van enigeen, asseblief.

Sal jy, Chris, ook asseblief vir my Oom Robert Bossert se telefoon nommer epos na Greeff@Greeff.info <mailto:Greeff%40Greeff.info> ?

Dankbare groete,
Francois Greeff

_____________

Francois Greeff
36 Aston Road
London
SW20 8BE
United Kingdom

Phone: 0044 20 8123 4224
Mobile 0044 79 6372 2345
Skype: Greefffrancois
Greeff Family Web Site: www.Greeff.info
Greeff Family Newsletter:
http://www.greeff.info/tng01/GreeffGenealogyJournal.php

To join the Greeff Correspondence Circle, our family email network, please send an email to GREEFF-L-request@rootsweb.com

<mailto:GREEFF-L-request%40rootsweb.com>
<mailto:GREEFF-L-request%40rootsweb.com> , with only one word, subscribe, as subject and body. To get out again, send unsubscribe.

From: Chris [mailto:henrye@mweb.co.za <mailto:henrye%40mweb.co.za> ]
Sent: 09 September 2008 11:36
To: SAGenealogie@yahoogroups.com <mailto:SAGenealogie%40yahoogroups.com>
Subject: [SA-Gen] Manana

Hi almal

Het nou net met oom Robert Bossert 87jaar oud gesels

Manana was 'n groot delwery gewees, in Lichtenburg distrik

Ek is nie seker of dit op die Greef plaas was nie

Was blykbaar 'n pragtige plek met groot bome en 'n dam

Die verwysing na Manana was dus nie geval van behoeftige mense

Op 'n plaas nie, maar 'n delwery

Dankie

Chris

[Non-text portions of this message have been removed]

[Non-text portions of this message have been removed]

[Non-text portions of this message have been removed]

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (2)
12a. Re: optelgoed vir geld - van Zweel familie
Posted by: "Fanie Blignaut" blikkies@mabonline.co.za   blignautfanie
Tue Sep 9, 2008 6:40 am (PDT)
Middag Ursulah,
Ek sien in die Senior Corispondent( Ou Yskor pensioenblaadjie)die volgende.
Van Zweel J B + 31/01/2008 van Vanderbijlpark. Daar is ongelukkig geen vêrdere inligting nie.
Aan die ander medegene, daar is baie vanne (± 120)en vir die wat belang stel sal ek die bladsy skandeer en stuur. Kontak my ASB net van die lys af.
Groete,
Fanie Blignaut.

-----Original Message-----
From: SAGenealogie@yahoogroups.com [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On Behalf Of Ursulah
Sent: 09 September 2008 07:58 AM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] optelgoed vir geld - van Zweel familie
Importance: High

Hallo almal

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (3)
13. Grafte & monumente werf
Posted by: "Chris" henrye@mweb.co.za   bosschris100
Tue Sep 9, 2008 8:43 am (PDT)
Ek hoop iemand kan iets van hierdie werf gebruik, oa van genk de la rey
Chris

http://www.justdone.co.za/ROH/List_Graves.asp

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
14. P.J. Nienaber
Posted by: "Lucas Rinken" lgrinken@iburst.co.za
Tue Sep 9, 2008 9:45 am (PDT)
Naand vriende,
Op Google kry ek:

DIE BURGER LAASTE,25 Mei 1995 bladsy 8:P.J. Nienaber sterf op 84 ...
P.J. Nienaber. BLOEMFONTEIN. Prof. Petrus Johannes Nienaber (84), een
van Suid-Afrika se grootste letterkundiges, is gisteraand weens
metaboliese versaking ...
152.111.1.251/argief/berigte/ dieburger/1995/05/25/8/6.html - 2k - Cached
- Similar pages More results from 152.111.1.251 »

Ongelukkig kan ek die webwerf nie oopmaak nie - kry 'n fout boodskap.

In e-SAGI het ons Petrus Johannes NIENABER * 1.10.1910 seun van
Petrus Johannes Nienaber 21.12.1878 - 15.12.1902 X Jacoba Petronella
van den BERG 4.4.1883 - 12.4.1966.

Volgens die datums lyk dit vir my asof dit die befaamde Afrikaanse
letterkundige is wat dan op 24.5.1995 oorlede is.

Kan iemand dalk bevestig dat dit reg is en aan ons inligting verskaf
omtrent sy vrou en kinders?

Dankie byvoorbaat en vriendelike groete,

Lucas

--
Using Opera's revolutionary e-mail client: http://www.opera.com/mail/

Back to top Reply to sender | Reply to group | Reply via web post
Messages in this topic (1)
15a. Optelgoed vir geld
Posted by: "Johan Vermeulen" jverm@lantic.net   johanvermsa
Tue Sep 9, 2008 10:25 am (PDT)
Francois,

Ek wat al die VERMEULEN's doen ontvang ook gereeld van verskeie gawe mense
"optelgoed" wat hulle terloops raakloop, terwyl hulle met hul navorsing

besig is.

Ek is baie dankbaar daarvoor en is ook bereid om daarvoor te betaal.

Groete

Johan Vermeulen.

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 3410

Datum:  Wednesday, September 10, 2008

Daar is 17 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:


1a. Re: Hannelie VILJOEN From: Janet Melville
2a. Re: van Deventer en van Reenen boeke From: Daan Hamman
3a. Re: Manana Delwery 1926 From: Louis Hurn
4. Roux/suidkus From: Elizabeth Teir
5. FW: Grafte & monumente werf From: Chris
6a. Begrafnisbrief. From: Fanie Blignaut
7. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 09 Sept 2008 From: P Marx
8a. Fotki From: bmvgrey@eject.co.za
8b. Re: Fotki From: Louis Hurn
8c. Re: Fotki From: Dennis Pretorius (LT)
9a. Foto's van grafte From: Elizabeth Oberholster
9b. Re: Foto's van grafte From: Louis Hurn
9c. Re: Foto's van grafte From: BD Leach
9d. Re: Foto's van grafte From: Verius de Beer
10a. Re: P.J. Nienaber From: Simon du Plooy
11. Re: DNA GENEALOGIE - Christo From: Martina Louw
12. PAF5 Hulp From: rvanzijl@comcast.net


1a. Re: Hannelie VILJOEN
Posted by: "Janet Melville" jmelville@xsinet.co.za   jmelvillexsinetcoza
Tue Sep 9, 2008 10:57 am (PDT)
Probeer vir Chris de Wit wat sopas die de Wit boek publiseer het hys in George
Janet Melville
Posbus 15215
Emerald Hill
PE 6011
083 642 7744
H/Faks: 041 3792077
Researching: van der Merwe, Melville, Rudman, William Reynolds, Van Lingen and East Cape families

From: etiennedv
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Tuesday, September 09, 2008 12:57 PM
Subject: Re: [SA-Gen] Hannelie VILJOEN

Hi Hannelie

My grootoumagrootjie was Elizabeth Magdalena Viljoen x Frederik Christoffel de Wit (1867 - 28/05/1901).

Ek sukkel my asvaal en kry nie hierdie Viljoen in enige rekords nie.

Hul oudste dogter was Christina Johanna de Wit (1892 - 1966), so ek vermoed EMV se ma moes 'n Christina Johanna gewees het.

Daar was net een seun wat na sy De Wit-oupa vernoem is. So ek geen verdere leidrade nie.

As jy kan help, asb.

Groete,

Etienne

.

2a. Re: van Deventer en van Reenen boeke
Posted by: "Daan Hamman" dshamman@icon.co.za
Tue Sep 9, 2008 11:02 am (PDT)
Hallo Gina,

Sover my kennis strek die volgende tov jou navraag oor die bekombaarheid van die Van Deventer en Van Reenen/Van Renen/Vanrenen publikasies:

Die Van Deventer stamboom wat destyds deur Johan van Deventer saangestel is, is reeds lank uit druk uit. Johan snr. se seun Johan jnr. het in samewerking met die Van Deventer familiebond voortgegaan met die werk en op 11 Oktober 2008 vind die Van Deventer Familie kroniek vrystelling om 10h00 by die Voortrekkermonument in Pretoria plaas, gereel deur die Van Deventer familiebond. Ek glo dit sal baie bywerkings bevat tov die eerste uitgawe. Johan jr. se e-pos adres is jvandeventer@afgri.co.za Moontlik goed om te wag vir die nuwe publikasie.

Die Van Reenen/Van Renen/Vanrenen Familie/Family 1722-1994 deur JD van Renen is in 1994 uitgegee deur die Genealogiese Navorsingsgroep, Departement Rekenaarwetenskap van die Universiteit van Port Elizabeth. Hoewel prof. Gideon de Kock reeds afgetree het sal hy jou sekerlik kan sê waar jy die publikasie sal kan kry. Sy e-posadres is gdekock@lantic.net

Groete,

Daan Hamman

3a. Re: Manana Delwery 1926
Posted by: "Louis Hurn" louishurn@telkomsa.net ljhurn
Tue Sep 9, 2008 11:08 am (PDT)
Hallo Francois.
As ek ook hier 'n stuiwer kan ingooi. Luister na Oom Piet Greeff se storie nommer 43 "Nog vrugte steel". Oom Piet was gebore in 1900, ek vermoed hy praat hier van sy skooldae en daar noem hy reeds dat daar toe al baie mense op Manana gewoon het, eintlik verwys hy na Manana as "soos 'n klein dorpie". Ek sal ook graag wil weet wie hulle was, want dit lyk vir my na 'n tydvak voor die delwerye en na die oorlog.
Groete.
Louis Hurn

Tel. : +2731 563-5443
Cell. : +2773 150-1378

Link to Hurn Family Website
http://www.onsfamilie.info/register.php?personID=I399&tree=Hurn&generations=10

4. Roux/suidkus
Posted by: "Elizabeth Teir" trcul.info@elisanet.fi kerrieborrie
Tue Sep 9, 2008 11:11 am (PDT)
Goeie Naand,

Daar was met die van in die omgewing. Afr en Eng. Miskien ook ´n ou telefoon boek van die jare sal kan help. My self was jare terug in die area. Wanneer ek in Natal is kom die mense na ons toe... Of ek ontvang die korrespondensie ´koerante`. Mense stuur berigte en kontrei nuus... Dan daardie jare was loop meer en sien meer altyd deel van die sondag middag program.

Groete
Elizabeth

5. FW: Grafte & monumente werf
Posted by: "Chris" henrye@mweb.co.za bosschris100
Tue Sep 9, 2008 11:28 am (PDT)
: Grafte & monumente werf

Ek hoop iemand kan iets van hierdie werf gebruik, oa van genk de la rey
Chris

H**p://w*w.justdone.co.za/ROH/List_Graves.asp

6a. Begrafnisbrief.
Posted by: "Fanie Blignaut" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie
Tue Sep 9, 2008 11:35 am (PDT)
Naand Vriende,

Begrafnisbrief vanaf Annatjie Tiran. Jacobs, Hazel Iris 1924 + 2008.

Groete,

Fanie Blignaut

7. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 09 Sept 2008
Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za
Tue Sep 9, 2008 11:43 am (PDT)
Sterfgevalle
COETZER, Hennie. +Maandag 08 Sept 2008. Eggenote Laetitia, kinders Lourens en Jacques.
Roudiens Donderdag 11 Sept 2008 10:00 NG Kerk Sherwood-gemeente. Verassing privaat.
(Die Burger Oos-Kaap 09/09/2008) First Avenue Funeral Home 041 581 5028

JOUBERT, Adjani. *22/02/1990. Tragies +Vrydag 05 Sept 2008 op Kareedouw. Ouers, broer, suster.
Dankdiens Woensdag 10 Sept 2008 10:00 NG Kerk Kareedouw. Verassing privaat.
(Die Burger Oos-Kaap 09/09/2008) Bokkie Els AVBOB Humansdorp 042 291 1230

VAN DER MESCHT, Hendrik. +Donderdag 04 Sept 2008. Kinders, kleinkinders, agterkleinkinders.
Begrafnisdiens Woensdag 10 Sept 2008 14:00 NG Kerk Sherwood, Walkerrylaan.
(Die Burger Oos-Kaap 09/09/2008) Miemie Grobler Algoa Begrafnisdienste 041 363 4874

In Memoriam
JASSON, Aubrey Boetie. 22/06/1978 - 09/09/2000. JASSON-gesin. (Die Burger Oos-Kaap 09/09/2008)

WINSTON, Viviers. Jou vierde verjaarsdag in die Hemel, Sondag 07 Sept 2008. Jeanette, kinders,
kleinkinders. (Die Burger Oos-Kaap 09/09/2008)

Hester Marx Loerie Oos-Kaap

8a. Fotki
Posted by: "bmvgrey@eject.co.za" bmvgrey@eject.co.za   barbprior
Tue Sep 9, 2008 12:19 pm (PDT)
Halo
Kan iemand asb ir my die webadres van Fotki laat kry.
Dankie
Barbara

8b. Re: Fotki
Posted by: "Louis Hurn" louishurn@telkomsa.net   ljhurn
Tue Sep 9, 2008 12:27 pm (PDT)
Hier is dit

http://www.fotki.com/SAgenealogie

Louis Hurn

Tel. : +2731 563-5443
Cell. : +2773 150-1378

Link to Hurn Family Website
http://www.onsfamilie.info/register.php?personID=I399&tree=Hurn&generations=10

From: bmvgrey@eject.co.za
To: afrikaanse forum
Sent: Tuesday, September 09, 2008 9:19 PM
Subject: [SA-Gen] Fotki

Halo

Kan iemand asb ir my die webadres van Fotki laat kry.
Dankie
Barbara

8c. Re: Fotki
Posted by: "Dennis Pretorius (LT)" krugersdorp@pixie.co.za dennis_pretorius
Tue Sep 9, 2008 12:30 pm (PDT)
Hallo Barbara

FOTKI se adres:

http://public.fotki.com/SAgenealogie/

Groetnis

Home Tel / Huis Tel: +27-11-769-2400 Office /Kantoor: _+27-11-953-3727
Cel / Sel: +27-83-679-8541 Fax/Faks +27-86-609-8541

From: bmvgrey@eject.co.za
To: afrikaanse forum
Sent: Tuesday, September 09, 2008 9:19 PM
Subject: [SA-Gen] Fotki

Halo
Kan iemand asb ir my die webadres van Fotki laat kry.
Dankie
Barbara

9a. Foto's van grafte
Posted by: "Elizabeth Oberholster" aperico@mweb.co.za   lizoberholster
Tue Sep 9, 2008 12:30 pm (PDT)
Beste vriende

Na aanleiding van 'n navraag deur 'n mede-lysteraar, het ek besef dat ek gerus kan aanbied om foto's aan te stuur aan die wie sou belangstel. Die grafte is almal in die groter Douglas / Hopetown omgewing afgeneem, en die volgende vanne is ter sprake :

Abbott
Appolis
Besselaar
Bester
Beyleveld
Boshoff
Bouwer
Brazelle
Breidenhann
Burger
Chalmers
Chapman
Chatwind
Cilliers
Cloete
Comley
Coombs
Crouch
De Jager
De Villiers
De Wet
De Wilde
Dekker
Doman
Duggan
Dugmore
Du Plessis
Du Plooy
Du Toit
Erasmus
Faber
Ferrett
Fouche
Fourie
Gericke
Gous
Greaves
Haarhoff
Hansen
Herrlich
Heyns
Hooper

Human
Jacobs
Janeke
Janse van Rensburg
Jooste
Joubert
Judels
Kriger
Kruger
Kuhn
Lockett
Loewenstein
Loots
Lotz
Louw
Marais
Maritz
Moorecroft
Oates
Oberholster
Orpen
Petters
Pienaar
Pohl
Poolman
Pretorius
Rath
Rheeder
Rogers
Sauer
Scherman
Scholtz
Schoombee
Scott
Snijders
Snyman
Strauss
Strydom
Swanepoel
Swart
Swarts
Swiegers
Swinford
Taljaard
Theron
Thomas
Uys/Uijs
Van Blommestein
Van den Berg
Van der Linde
Van der Walt
Van Graan
Van Heerden
Van Niekerk
Van Staden
Van Wyk
Venter

Vermeulen
Verwoerd
Viljoen
Vorster
Weideman
Wiid
Willis
Wolmarans

Dis 'n lang lys, maar in die meeste gevalle, word die van maar een of twee keer opgetel in hierdie versameling. Du Toit, Uys/Uijs, en Van der Linde is 'n paar vanne wat meer dikwels voorkom.

Hierdie foto's is reeds na eGGSA opgelaai vir verdere verwerking, maar indien daar iemand is wat graag gouer die inligting wil bekom, is u welkom om my van lys af te kontak, en sal ek met graagte die relevante foto's aanstuur.

Groetnis

Liz

9b. Re: Foto's van grafte
Posted by: "Louis Hurn" louishurn@telkomsa.net   ljhurn
Tue Sep 9, 2008 12:38 pm (PDT)
Hi Elizabeth,
Ek stel baie belang in die Bester fotos asseblief.
Groete
Louis Hurn

Tel. : +2731 563-5443
Cell. : +2773 150-1378

Link to Hurn Family Website
http://www.onsfamilie.info/register.php?personID=I399&tree=Hurn&generations=10

9c. Re: Foto's van grafte
Posted by: "BD Leach" bleach@lantic.net bdleach19490515
Tue Sep 9, 2008 12:53 pm (PDT)
beste Elizabeth,
Ek sal dankbaar wees vir fotos van BOUWER en BREDENHANN .

dankbare groete,
barend leach

Elizabeth Oberholster wrote:
> Beste vriende
>
> Na aanleiding van 'n navraag deur 'n mede-lysteraar, het ek besef dat ek
> gerus kan aanbied om foto's aan te stuur aan die wie sou belangstel.
>

9d. Re: Foto's van grafte
Posted by: "Verius de Beer" verius.debeer@gmail.com veriusdebeer
Tue Sep 9, 2008 9:48 pm (PDT)
Goeie more Liz

Ek stel belang in die Du Toit, Van Niekerk en Van Heerden inligting indien
dit vir jou moontlik is, groot asseblief.

Byvoorbaat hartlike dankie

Verius de Beer

On 9/9/08, Elizabeth Oberholster <aperico@mweb.co.za> wrote:
>
> Beste vriende
>
> Na aanleiding van 'n navraag deur 'n mede-lysteraar, het ek besef dat ek
> gerus kan aanbied om foto's aan te stuur aan die wie sou belangstel. Die
> grafte is almal in die groter Douglas / Hopetown omgewing afgeneem, en die
> volgende vanne is ter sprake :
>
> Abbott
> Appolis
> Besselaar
> Bester
> Beyleveld
> Boshoff
> Bouwer
> Brazelle
> Breidenhann

> Burger
> Chalmers
> Chapman
> Chatwind
> Cilliers
> Cloete
> Comley
> Coombs
> Crouch
> De Jager
> De Villiers
> De Wet
> De Wilde
> Dekker
> Doman
> Duggan
> Dugmore
> Du Plessis
> Du Plooy
> Du Toit
> Erasmus
> Faber
> Ferrett
> Fouche
> Fourie
> Gericke
> Gous
> Greaves
> Haarhoff
> Hansen
> Herrlich
> Heyns
> Hooper
> Human
> Jacobs
> Janeke
> Janse van Rensburg
> Jooste
> Joubert
> Judels
> Kriger
> Kruger
> Kuhn
> Lockett
> Loewenstein
> Loots
> Lotz
> Louw
> Marais
> Maritz
> Moorecroft
> Oates
> Oberholster
> Orpen
> Petters
> Pienaar
> Pohl

> Poolman
> Pretorius
> Rath
> Rheeder
> Rogers
> Sauer
> Scherman
> Scholtz
> Schoombee
> Scott
> Snijders
> Snyman
> Strauss
> Strydom
> Swanepoel
> Swart
> Swarts
> Swiegers
> Swinford
> Taljaard
> Theron
> Thomas
> Uys/Uijs
> Van Blommestein
> Van den Berg
> Van der Linde
> Van der Walt
> Van Graan
> Van Heerden
> Van Niekerk
> Van Staden
> Van Wyk
> Venter
> Vermeulen
> Verwoerd
> Viljoen
> Vorster
> Weideman
> Wiid
> Willis
> Wolmarans
>
> Dis 'n lang lys, maar in die meeste gevalle, word die van maar een of twee
> keer opgetel in hierdie versameling. Du Toit, Uys/Uijs, en Van der Linde is
> 'n paar vanne wat meer dikwels voorkom.
>
> Hierdie foto's is reeds na eGGSA opgelaai vir verdere verwerking, maar
> indien daar iemand is wat graag gouer die inligting wil bekom, is u welkom
> om my van lys af te kontak, en sal ek met graagte die relevante foto's
> aanstuur.
>
> Groetnis
>
> Liz
>
>
>

>

>
>
>

10a. Re: P.J. Nienaber
Posted by: "Simon du Plooy" sjduplooy@mweb.co.za sjdp1951
Tue Sep 9, 2008 1:52 pm (PDT)
Goeienaand uit Potch,

Agter in die Nienaber-geslagregiste in Noordwes se takbbioteek is 'n voorgeslagstaat (Bl 382,385) van die Nienaberbroers en die document bevestig Lucas se gevoel en bevat ietwat meer inligting wat ek aanlas by Lucas se e-GGSI data.

Petrus Johannes NIENABER * 1.10.1910(Korrek) seun van
Petrus Johannes Nienaber *21.12.1878 Doornfontein Petrusville (Distr. Phillipstown) ~ 21.12.1878 Philipstown + 26.3.1950 X 15.12.1902 Jacoba Petronella van den BERG *4.4.1883 Plaas Prieska, Fauresmith + Vryburg 12.4.1966.

Die drie broers is gebore:
Prof.Gabriel Stephanus * 12.11.1903
Prof. Petrus Johannes * 1.10.1910
Prof. Christoffel Johannes Michael *6.8.1918

Stem saam met Lucas se stelling:
Volgens die datums lyk dit vir my asof dit die befaamde Afrikaanse letterkundige is wat dan op 24.5.1995 oorlede is.

Simon.

11. Re: DNA GENEALOGIE - Christo
Posted by: "Martina Louw" mlouw1@bigpond.net.au martinalouw
Tue Sep 9, 2008 2:21 pm (PDT)
Hallo Christo,
Jou DNA genealogie navorsing sover is sowaar 'n inspirasie!! :o)
My hoop is ook gerig op Sorenson om 'n M* sub-haplogroep vas te stel - en dit klink of dit 'n rukkie sal duur voor ons sal weet, maar ek sal geduldig wag - die onduidelikheid bestaan reeds vir >300 jaar, so ek kan seker een wag om meer duidelikheid te kry - of hoe? :o)

Ek het op Mitosearch een 'match' vir my matroniem se mtDNA gekry - toevallig die van 'n man wat ook hier in Australie bly - sy oumagrootjie se ma het met 'n Engelse offisier getrou in Indië - Puna (Poona) area, nie ver van Bombay af nie. Dis darem al een moontlike leidraad vir my.
Ek dink Anna Groothening en 'n hele paar ander slawe stammoeders is ook in my stamboom, soos ek glo dit in meeste se geval is wie se familiegeskiedenis dateer sedert die vroee jare aan die Kaap. Al is net een van hulle mens se mtDNA draer, die ander is nog steeds daar.
So ek sal baie graag meer oor al hierdie suid-oosterse stammoeders van ons wil uitvind.
Ek dink nou net - jou idee van 'n mtDNA projek klink uitstekend!!!!!!!!! Maar ipv net Anna Groothenning - wat van as jy dit 'n M* mtDNA stammoeder projek maak, en ons almal wat M* mtDNA het kan begin om al ons data en navorsing by te dra - ons kan dalk oor 'n paar jaar 'n baie skerper prentjie opbou van al ons oos-Indiese stammoeders ek waar hulle vandaan gekom het en miskien selfs 'n paar meer name en detail ook uitgesnuffel kry - van almal van hulle - insluitende elkeen se matroniem.
Hoe klink dit?
Groete,
Martina.

12. PAF5 Hulp
Posted by: "rvanzijl@comcast.net" rvanzijl@comcast.net   rvanzijl
Tue Sep 9, 2008 2:32 pm (PDT)

Goeie Naand Lysenaars

Ek wonder of iemand my kan help asseblief?

Ek will in PAF 5 'n persoon skrap en al sy voorouers - kan 'n mens dit doen?

Ek sien hoe jy een persoon kan uitwis maar nie 'n hele groep nie

Baie Dankie

Richard

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 3411

Datum: Wednesday, September 10, 2008

Daar is 25 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:


1. EGSSA vragie From: paul.prinsloo
2. (Koerant) Beeld 10 Sep. 2008 From: Fanie Blignaut
3a. Re: Fotki From: Dennis Pretorius (LT)
4. [KOERANT]DIE BURGER- BEN MOUTON BERIGGIE From: Elizabeth Teir
5. GRAFTE EN MILITERE INFO From: Berna Julietta van de Venter
6a. Foto's van grafte From: Berna Julietta van de Venter
6b. Re: Foto's van grafte From: David Jamieson
7. Ehlers From: Louis Hurn
8. Elektroniese boek - Transvaal From: johann@hanekom.org
9. Nog meer e-boeke From: johann@hanekom.org
10. BEUKES From: wanda botes
11. e-Boeke From: johann@hanekom.org
12. Delwerye en Myne From: johann@hanekom.org
13a. Re: Grafte & monumente werf From: johann@hanekom.org
13b. Mormon Family History Centre From: louis@voorstoep.co.za
14a. KAB Opsoek From: Johan
15. PIETERSBURG KONSENTRASIEKAMP STERFTES From: Daniel Jacobs
16a. Re: PAF5 Hulp From: Francois Greeff
16b. Re: PAF5 Hulp From: rvanzijl@comcast.net
17a. Re: DNA GENEALOGIE From: Martina Louw (nee van Breda)
18. Opskriftte en herhalings From: Andrew Kok
19a. Antwoord op vorige e-posse From: Lindalea Olivier
19b. Re: Antwoord op vorige e-posse From: Chris
20a. Nuweling soek Whelan From: aschonken
20b. Re: Nuweling soek Whelan From: Daniel Jacobs


1. EGSSA vragie
Posted by: "paul.prinsloo" paul@genview.co.za   paul.prinsloo
Tue Sep 9, 2008 10:47 pm (PDT)
Hallo aan die mense wat weet...
Hoe kan mens sien in watter onderafdelings van die gallery op eGSSA is daar nuwe items, sonder om deur alles te gaan van voor af.

Het die Gallery sagteware nie 'n "new items" module of so iets nie?

groete

2. (Koerant) Beeld 10 Sep. 2008
Posted by: "Fanie Blignaut" blikkies@mabonline.co.za   blignautfanie
Tue Sep 9, 2008 10:55 pm (PDT)

BOTHA; Pieter Gabriel (89), in lewe van Pretoria. Verassingsdiens: Willow Haven Aftree-oord, Pretoria, 13/09/2008, 09:30. (Beeld - 10/09/2008) AVBOB Begrafnisdienste, Pretoria-Oos, 012-460-3745.

Hierdie familie het hulle in Pretoria tot sover noord as Soutpansbergn bevind.

Hoor graad van jou.

Etienne

4. Re: DNA GENEALOGIE - Martina en ander mtDNAers
Posted by: "MontXsuZ-point-ca" montxsuz@yahoo.com montxsuz
Sat Sep 13, 2008 1:06 am (PDT)
Hallo Martina

Goeie voorstel. Ek het 'n vanaand email aan FTDNA gestuur om 'n "South African mtDNA project" for progenitresses voor te stel. Hier as wat ek dink op die oomblik: Ons weet so min van ons Suid-Afrikaanse stammoeders, waarop stop by Anna Groothenning of selfs M*? Ons het onlangs gepraat oor Khoi-San voormoeders - en ek het ten minste twee van hulle in my stamboom. Ek dink dit sal exciting wees om iemand raak te loop wie direk van Eva/Krotoa, Catharina Mauritzs of selfs was wes-Afrika-slawe afstam.

En terwyl ons daarmee besig is, waarom teen die Europese stammoeders diskrimineer :-)? Iemand op my yDNA projek se mtDNA profiel is bv geografies afkomstig van Finland - pas nogal by die Janse van Rensburgs se yDNA profiel van Noorweë. In elk geval, os praat tans van klein getalle van deelnemers. As die versameling te groot begin raak, dan kan ons hulle altyd verdeel in aparte (:-() groepe.

Tussen hakies. Mense wat by National Geographic laat toets het kan maklik by FTDNA en hulle projekte aansluit. FTDNA doen in elk geval al die "Genographic Project" toetse. Hoe dinge by Sorenson werk itv projekte, dit weet ek nie. Ek wag nog vir my kit. Wanneer mense dmv 'n bestaande projel laat toets by FTDNA, dan is daar 'n afslag beksikbaar as aansporing. Bo en bahalwe dit het hulle gereeld "special offers".

Wat dink jy daarvan?

Groete
Christo

-------------------------------------------
Christo van Rensburg
Vancouver, BC, Canada
En belle Colombie Britannique
-------------------------------------------
Janse van Rensburg X Cronje; Barnard X Schoeman
Herselman X Kriel; Wright X Breytenbach
(1876 Bethulie; 1883 Philippolis; 1879 Kareedouw?; 1889 Wepener)
http://www.montxsuz.ca/familie/
-------------------------------------------

----- Message initial ----
De : Martina Louw <mlouw1@bigpond.net.au>
À : SAGenealogie@yahoogroups.com
Envoyé le : mardi 9 septembre 2008, 14 h 21 min 01 s
Objet : [SA-Gen] Re: DNA GENEALOGIE - Christo

Hallo Christo,
Jou DNA genealogie navorsing sover is sowaar 'n inspirasie!! :o)
My hoop is ook gerig op Sorenson om 'n M* sub-haplogroep vas te stel - en dit klink of dit 'n rukkie sal duur voor ons sal weet, maar ek sal geduldig wag - die onduidelikheid bestaan reeds vir >300 jaar, so ek kan seker een wag om meer duidelikheid te kry - of hoe? :o)
Ek het op Mitosearch een 'match' vir my matroniem se mtDNA gekry - toevallig die van 'n man wat ook hier in Australie bly - sy oumagrootjie se ma het met 'n Engelse offisier getrou in Indië - Puna (Poona) area, nie ver van Bombay af nie. Dis darem al een moontlike leidraad vir my.
Ek dink Anna Groothening en 'n hele paar ander slawe stammoeders is ook in my stamboom, soos ek glo dit in meeste se geval is wie se familiegeskiedenis dateer sedert die vroee jare aan die Kaap. Al is net een van hulle mens se mtDNA draer, die ander is nog steeds daar.
So ek sal baie graag meer oor al hierdie suid-oosterse stammoeders van ons wil uitvind.
Ek dink nou net - jou idee van 'n mtDNA projek klink uitstekend!!!!!!!!! Maar ipv net Anna Groothenning - wat van as jy dit 'n M* mtDNA stammoeder projek maak, en ons almal wat M* mtDNA het kan begin om al ons data en navorsing by te dra - ons kan dalk oor 'n paar jaar 'n baie skerper prentjie opbou van al ons

oos-Indiese stammoeders ek waar hulle vandaan gekom het en miskien selfs 'n paar meer name en detail ook uitgesnuffel kry - van almal van hulle - insluitende elkeen se matroniem.
Hoe klink dit?
Groete,
Martina.

------------------------------------

SAGenealogie is ‘n poslys vir die bespreking van genealogiese en genealogies-verwante aangeleenthede alleenlik, onderhewig aan die voorwaardes soos uitgespel by http://www.geocities.com/sagenealogie/ Lede wat aangeleenthede wil opper wat nie van 'n suiwer genealogiese aard is nie, word versoek om dit nie op die poslys te doen nie, maar dit liefs van die lys af direk aan die betrokkene te stuur. Probleme, klagtes en voorstelle vir verbetering moet gestuur word aan: SAGenealogie-owner@yahoogroups.com

Besoek ons webblad by:
http://www.geocities.com/sagenealogie/

Yahoo! Groups Links

Découvrez les photos les plus intéressantes du jour.
http://www.flickr.com/explore/interesting/7days/

5. Piet Retief Viljoen
Posted by: "Viljoen, HC " hcv@sun.ac.za   hc_viljoen
Sat Sep 13, 2008 1:11 am (PDT)

Beste Genealoë

Ek is op soek na Piet Retief Viljoen, geb 1932, s.v. Pieter Retief Viljoen en Katherine Hermine van Niekerk. Sy ouers het skynbaar in die omgewing van Boksburg gewoon. Hyself was 'n regsgeleerde (prokureur?) en hy was getroud met 'n dame uit Engeland. Weet enigiemand waar hy hom bevind en hoe ek met hom in verbinding kan tree?

Groete
Christo

6. KRIEL-CILLIERS
Posted by: "Viljoen, HC " hcv@sun.ac.za   hc_viljoen
Sat Sep 13, 2008 1:25 am (PDT)

Beste SAGenealoë

Ek het 'n interessante navraag ontvang van iemand met die van Kriel (wat in Australië woonagtig is). Sy oupa Gordon Paul Joubert Kriel was in 1906 in Robertson gebore en skynbaar groot gemaak deur 'n Joubert gesin. Gordon Paul Joubert Kriel se moeder was Helena Christina Cilliers, maar sy vader is onbekend (en die vader se naam word nie vermeld op sy geboortesertifikaat nie, wel dié van die moeder Helena Christina Cilliers). DNA toetse toon dat die onbekende vader waarskynlik nie Kriel was nie.

'n Foto van die onbekende vader is wel beskikbaar en verskyn hierbo. Is daar enige Cillers of Kriel navorsers wat enige lig op die saak kan werp?
Vriendelike groete
Christo Viljoen

7a. Re: Claas HANNEKOM
Posted by: "Johan van Breda" cjvanbreda@gmail.com   cjvanbreda
Sat Sep 13, 2008 1:26 am (PDT)
Johann Hanekom,

Ek het die SK vir jou gestuur maar dit kom onafgelewer terug.

Groete
Johan van Breda
Kaapstad.

--- In SAGenealogie@yahoogroups.com, "Johann Hanekom" <johann@...>
wrote:
> Hallo Lyslede
> Ek weet nie of dit nou een van my familie se 'donker' geheime is nie,
maar ek kry op NAAIRS 'n SK vir ene Claas HANNEKOM wat nie in SAG
verskyn nie

8a. Re: du Plessis
Posted by: "Janet Melville" jmelville@xsinet.co.za   jmelvillexsinetcoza
Sat Sep 13, 2008 2:26 am (PDT)
Is daar iemand wat vir my in die Kaap die S/K kan opsoek, ek stel belang om te weet wie sy ouers is.

Dankie
Janet Melville

DEPOT KAB
SOURCE MOOC
TYPE LEER
VOLUME_NO 6/9/3959
SYSTEM 01

REFERENCE 31299
PART 1
DESCRIPTION DU PLESSIS, WILLEM ADRIAAN DANIEL. ESTATE PAPERS.
STARTING 19310000
ENDING
Posbus 15215
Emerald Hill
PE 6011
083 642 7744
H/Faks: 041 3792077
Researching: van der Merwe, Melville, Rudman, William Reynolds, Van Lingen and East Cape families

9. [Koerant] KWANA In The City 12 September 2008
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaqea9fac
Sat Sep 13, 2008 4:37 am (PDT)
Dag vriende,

WORD OF WISDOM:- " I don't deserve this award, but I have arthritis and I don't deserve that either. Jack BENNY.

?DID YOU KNOW?:- In Turkey ,in the 16th and 17th centuries, anyone caught drinking coffee was put to death.

ESTATES:-

DONALDSON Johanna Elizabeth Catharina ID 2012300015081 † 15 Julie 2008 ESTATE Nr. 9464/2008 CREDITORS /DEBTORS. ROGER CHARLES STERN 26 Ronalds Rd Kloof 3610. 60425(3).

BATHFIELD Rodney Douglas ID 5201045050084 van 1 Stanchar ,136 Gordon Rd Morningside ESTATE Nr. 6904/2006/PMB LIQUIDATION & DISTRIBUTION .CHARLES PILLAI ,LIASIDES & ASSOC 37 Overport Drive Berea TEL:- 031 2071437 60408(3)J.

EMMOTT Janet Cameron †24 Julie 2008 ID 3011150026189 van 8 Spode Place Umgeni Park .ESTATE Nr.9857/2008/PMB CLAIMS against Estate. CHRISTIAAN POTGIETER c/o LISTER & LISTER ATTORNEYS .TEL:- 0333454530 Ref:- JCP/L/Emmott 60409(3).

INSOLVENTE BOEDELS:-
N & S WESSELS Meesters Verwysings Nr. N21/08. Kurators . N MOODLEY & GL SEETHAL ANTRUST (KZN) (EDMS) BPK Posbus 1050 Durban TEL:- 031-3016301 Verw:-GJS/JAJ 60342(3).

JACOB AA Meesters Verwysings Nr. D65/08. Kuratot A PILLAY ANTRUST (KZN) (EDMS) BPK Posbus 1050 Durban TEL:- 031 3016301 Verw:- GJS/JAJ 60343(3).

FEELY Ian James (In Liquidasie ) MEESTERS Nr N19/08. TARYN NEIZEL BERRANGé INC P.O.Box 2838 Pmb. Ref:- TN/tb 60352(3)J.

DUNN Hazel Joyce ID 2002270018082 † 16April 2008 van 24 Caister Lodge Musgrave Rd. ESTATE Nr 8061/08.LIQUIDATION & DISTRIBUTION. BAKERS ATTORNEYS 8 Rydall Vale Crescent La Lucia Ridge Ref:- Estates/Mrs Williams/VR 60354(3).

SINCLAIR Margaret Peace ID 1906210028087 † 31 Okt 2007 van 130 Elgie Rd Glenwood Durban.Getroud Buite Gemeenskap van Goedere (of proberty) met Matthew SINCLAIR ID 1609175009080 ESTATE Nr. 16870/2007/PMB. FIRST /FINAL. KNIGHT TURNER Posbus 5064 Torsvale 4019 TEL:- 0315838900 FAX:- 031 5661502 .Ref:- L Jepson/an/FOU1-1 60355(3).

MORRIS Michael Robin ID 4102285005187 † 22 Jan 2008. Married out of community of property without accrual. ESTATE Nr 729/2008/Pmb. FIRST /FINAL. GDLK ATTORNEYS 23 Greathead Lane Pinetown 3610 Ref:- K Postumus/HB/E25V 60357(3).

MEYER Friedrich Martin ID 2208035051082 van Shepstone Place, Lorne Str Escourt † 06 Aug 2008.. ESTATE Nr 9876/2008/Pmb.CLAIMS Against Estate. ERIC MARTIN MEYER STRAUSS DALY INC. 2de Vloer East Coast Radio House 313/315 Umhlanga Rocks Drive ,Umhlanga Rocks TEL:- 031 5705600. REF:- E Meyer/sm 60360(3).

ASPINALL Edith Mabel Dorothy ID 1404020053180 † 28 Maart 2007 van 2 Bartle Mews, 6 Bartle Rd Gillitts ESTATE Nr 5043/2007. FIRST /FINAL. McCLUNG MUSTARD McGLASHAN & BOSCH P.O.Box 4 ,Pinetown. Ref:- KGM/jp:04/K2144/07 60362(3).

BARNARD Martha Maria Jacoba .ID 2610130071081 † 15 Julie 2008 van 52 Merrick Hills Mount Edgecombe Estate 11 Umhlanga. MEESTERS Verw:-9209/2008. CLAIMS Against Estate. HJR BARNARD STRAUSS DALY INC 2de Vloer East Coast Radio House 313/315 Umhlanga Rocks Drive ,Umhlanga Rocks TEL:- 031 5705600. REF:- H J R Barnard/nc/BAR303/0001 60389(3).

O'KENNEDY Beatrice van 58 Chelsea Village ,8 Sandown Lane Pinetown ID 1503250092089 † 13 Julie 2008 ESTATE Nr 9891/2008/PMB. CREDITORS DEBTORS . HENWOOD BRITTER & CANEY Posbus 862 Durban. Ref:- R B Donachie/kg/12O004001 60391(3).

BENNETT Keith Gordon ID 4202085001087 † 26 Junie 2008 ESTATE Nr. 11749/2008/Durban. CREDITORS DEBTORS. KING ESSACK & ASSOC INC 64 Kings Rd Pinetown. TEL 031 7011561 .Ref:- J Naish/06/B005/001 60395(3).

PLOUGH Dudley Michael van Anerley Haven Frail Care ,P.O.Box 87 Anerley ID 3103135050085 † 30 Junie 2008 ESTATE Nr 9312/2008/Pmb. CREDITORS/ DEBTORS. JOHN HUDSON & Comp 303 Florida Rd Morningside Durban. Ref:- Mr R J Brereton/ab 60404(3).

LIKWIDASIE -DISTRIBUSIE REKENING :- Insolvente Boedel Pieter Gerhard HATTING t/a CARROLL & RIDDEL Meestersverw. N62/96 . 7de en finale likwidasie. JOHN DOUGLAS MICHAU Kurator STOWELL Posbus 33 Pietermaritzburg 3200 Verw:- Tracy Cameron/MvdV 60392(3).

Gegroet uit Durban waar die sonskyn en die wind tot 'n mens se gedagtes deurmekaar waai.
Rita Quebbemann

10. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 12 Septembe 2008
Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za
Sat Sep 13, 2008 6:49 am (PDT)

Sterfgevalle
BENECKE, Angela. *26/02/1970 +07/09/2008 na lang siekbed. Man Owen, ma Martie, Jason.
Roudiens Vrydag 12 Sept 2008 15:00 Metodistekerk, Jansendal, Uitenhage. Verassing privaat.
Geen blomme, donasies aan SPCA. (Die Burger Oos-Kaap 12/09/2008)

STEVENS, Maggie. +09 Sept 2008. Kevin, Brett, Poppie. Begrafnisdiens Maandag 15 Sept 2008 11:00
Metodiste kerk, 3de Laan, Newtonpark. Verassing privaat. (Die Burger Oos-Kaap 12/09/2008)
Marie Steyn DOVES 041 365 5399

THYSSE, Marjory Grace (Maud). +Maandag 08 Sept 2008. Eggenoot Gert, kinders Oupa, Sharon,
Dot, Thys, kleinkinders, agterkleinkinders. Diens Saterdag 13 Sept 2008 14:00 Word of Faith kerk,
William Moffett (P.E.). Forest Hill-begraafplaas. (Die Burger Oos-Kaap 12/08/2008)
Marie Steyn DOVES Port Elizabeth. 041 365 5399

VENTER, Maria Aletta (Riëtte). +Woensdag 10 Sept 2008. Man Etienne, kinders Inge en Ulrich WOEKE,
Björn VENTER. Dankdiens Maandag 15 Sept 2008 11:00 NG kerk Da Gama, Jeffreysbaai
Verassing privaat. (Die Burger Oos-Kaap 12/09/2008) Carisa Ellis DOVES Jeffreysbaai 042 293 1730

VENTER, Riëtte (née HANEKOM). Ons sussie en peetma skielik van ons weggeneem. Heever,
Christaline en Mariet. (Die Burger Oos-Kaap 12/09/2008)

WILLIAMS, Booi 58 jaar. Begrafnisdiens Saterdag 13 Sept 2008 13:30 Kerk van God van Profesie,
Humansdorp. (Die Burger Oos-Kaap 12/09/2008) Van Willing Begrafnisdienste 041 988 1919

In Memoriam
JOUBERT, Pat. 29/05/1941 - 12/09/2007. Bettie, kinders, kleinkinders. (Die Burger Oos-Kaap 12/09/2008)

(2 berigte)
ROELOFSE, Deon. 10/03/1983 - 12/09/2000. Pappa, Mamma, Melany, Wayne, Ilana, Dian, Eugene,
Tammy en Taileigh; Moré en Jacques SENEKAL, Tannie Mariette. (Die Burger Oos-Kaap 12/09/2008)

SLABBERT, Jaques. 18/08/1969 - 12/09/1998. Pappie, Mammie en al die SLABBERTS. (Die Burger Oos-Kaap 12/09/2008)

Dankbetuigings
BRINK, Braam. Dankie vir simpate en ondersteuning. Mollie BRINK, kinders, kleinkinders.
(Die Burger Oos-Kaap 12/09/2008)

Hester Marx Loerie

11. Kriel-Cilliers
Posted by: "Elmien Wood" woodem@mweb.co.za
Sat Sep 13, 2008 7:03 am (PDT)
Christo

Wat is die moontlikheid dat Gordon Paul Joubert Kriel se pa Gordon Paul Joubert was? Of dalk net Paul Joubert?
Ek verbeel my Paul is 'n algemene naam onder die Jouberts.
Mens sal die Kriel kwartielstaat moet doen om vas te stel of Gordon Paul 'n familienaam onder die Kriels is.
Andersins moet 'n mens in die Robertson doopregisters kyk wie het Gordon Paul laat doop en wie was die getuies.

Groete
Elmien

12. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 13 Sept 2008
Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za
Sat Sep 13, 2008 9:17 am (PDT)
Sterfgevalle
DU PLESSIS, Daniël Jacobus (Danie). 02/08/1939 - 07/09/2008. Broer André, susters Onie, Sita,
Jean en Doritha, swaers, skoonsusters, hul kinders en kleinkinders. Almal op Moorreesburg en veral
Ouma Sannie. Dogter Mimi. Roelof en Renée en almal in London. (Die Burger Oos-Kaap 13/09/2008)

VENTER, Riëtte. Dankie dat jy 55 jaar deel van die familie kon wees. Johann, Miems, Hanlie,
Barries, Madelie en Meriek. (Die Burger Oos-Kaap 13/09/2008)

In Memoriam
FILANDER, Karel. 10/05/1937 - 13/09/2005. Vrou Florika en kinders. (Die Burger Oos-Kaap 13/09/2008)

LEMLEY, Billy. My man en ons vader, Sondag 14 September 1ste verjaarsdag in die Hemel.
Titte, Wayne en Robyn. (Die Burger Oos-Kaap 13/09/2008)

MARITZ, Gerrit (Gerrie). 03/11/1968 - 14/09/2005. Ma, Dadda, broers, susters en hul families,
daughter Jessica. (Die Burger Oos-Kaap 13/09/2008)

(4 berigte)
VAN ROOYEN, Johan (14-09-06). Marita; Lizelle en Diederick; Andries en Aiden; Marida and Christopher.
(Die Burger Oos-Kaap 13/09/2008)

VISAGIE, John. (oom Bout). 18/07/1940 - 13/09.07. Vrou en kinders. (Die Burger Oos-Kaap 13/09/2008)

Hester Marx Loerie

13a. Re: BLOM en KAB
Posted by: "Dirk Bloem" dirkbloem@yahoo.co.uk   dirkbloem
Sat Sep 13, 2008 12:30 pm (PDT)
Hallo Jacquesleine

Jong ek het weer na jou epos gekyk. Ek sal graag meer inligting oor die Daniel wil bekom. Bv vanwaar hy afkomstig is. Ek vermoed hy is dalk vanaf Graaff Reinett distrik Agter Sneewberg.

Kan ons asb met mekaar kontak maak op die telefoon of per afspraak. Ek woon ook in Potchefstroom.

Groete

Dirk Bloem
083 644 6180

----- Original Message ----
From: Jacquesleine Van Zyl <jacquesleine.vanzyl@yahoo.com>
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Thursday, 11 September, 2008 13:23:57
Subject: [SA-Gen] BLOM en KAB

Middag uit Potch,

Ek wil graag vir Mev. Mari-Liz du Toit wat so-te-sê my hele CHIPPS familieregister afgehandel het, graag help met 'n navraag oor haar BLOM voorgeslagte.

Indien iemand weer die KAB besoek : enige hulp sal waardeer word:

Ek is op soek na meer inligting van :

1. Die testament van MEINTJIES HESTER CECILA.
    DEPOT : KAB
    SOURCE : MOOC
    TYPE : LEER
    VOLUME #   7 / 1 / 251
   SYSTEM : 01
   REFERENCE : 23
   PART : 1
   START & ENDING : 1843
   REMARKS : FILED 1860.

2. BLOM DANIEL (Testament)

DEPOT : KAB
SOURCE : MOOC
TYPE : LEER
VOLUME #   7 / 1 / 240
SYSTEM : 01
REFERENCE : 100
PART : 1
START & ENDING : 1843
REMARKS : FILED 1858.

2. BLOM DANIEL (Death Notice)
DEPOT : KAB
SOURCE : MOOC
TYPE : LEER
VOLUME #  6 / 9 / 62
SYSTEM : 01
REFERENCE : 2006
PART : 1
START & ENDING : 1853

BYVOORBAAT DANKIE!!

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 3417

Datum: Sunday, September 14, 2008

Daar is 17 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:


1a. Re: DNA GENEALOGIE - Christo - vrae en nog idees From: Martina Louw
1b. Re: DNA GENEALOGIE - Christo - vrae en nog idees From: Martina Louw (nee van Breda)
2. [KOERANT]RAPPORT- maj. Edwin Swales From: Elizabeth Teir
3. Genetiese Genealogie: Christo se projek From: Elmien Wood
4. Die nuwe Bosman-boek From: Paul Bosman
5a. Re: Kriel-Cilliers From: Viljoen, HC
6a. Re: KRIEL-CILLIERS From: Mariana Olivier
7. LDS Sterftekennis Besteldiens From: Dennis Pretorius (LT)
8a. FARLEY - help asb From: Alta Griffiths
8b. Re: FARLEY - help asb From: Alta Griffiths
9. DUVENHAGE-groot geskenk van Annelie From: Ann Tiran
10. Jacob du Plooy x Flora Petrea Coetzee From: Simon du Plooy
11a. Akteur Willem Herbst From: Japie Bosch
11b. Re: Akteur Willem Herbst From: Dennis Pretorius (LT)
11c. Re: Akteur Willem Herbst From: Japie Bosch
12a. FERREIRA  Nicolaas From: bvonehrenberg
12b. FERREIRA  Nicolaas From: bvonehrenberg


1a. Re: DNA GENEALOGIE - Christo - vrae en nog idees
Posted by: "Martina Louw" mlouw1@bigpond.net.au   martinalouw
Sat Sep 13, 2008 3:44 pm (PDT)
Hallo Christo,

Ek is nou skoon opgewonde!! :o) Ek dink jou idee om die mtDNA projek nog groter en inklusief van al ons stammoeders te maak is 'n baie goeie idee - dan is niemand uitgesluit nie en ons het 'n kollektiewe kans om meer te leer van al ons stammoeders - uit die aard van die saak was daar dikwels maar relatief min oor hulle agtergrond opgeteken.

Daar kal wel miskien uit die staanspoor 2 groot sub-groepe wees binne die projek, wat dan later soos jy sê verder onderverdeel kan word soos ons meer uitvind as dit nodig blyk te wees.

Al voorvereiste wat ek sou sê baie belangrik is, en wat ek dink so 'n projek se sukses baie kan beinvloed, is dat ALMAL moet kan bydra, maw mense wat hulle mtDNA deur verskillende laboratoriums laat ontleed het of wil laat ontleed, moet kan bydra sonder om genoodsaak te wees dit oor te laat toets teen betaling in 'n spesifieke laboratorium. Is dit die geval met die FTDNA projek wat jy ingedagte het? Indien wel is dit uitstekend! :o)

Indien nie, voel ek wat beter sou wees is dat ons almal ons resultate bydra tot die mitosearch databasis ( http://www.mitosearch.org/add_start.asp?uid= ) waarby enigiemand wat hulle DNA laat toets het, ongeag waar, kan bydra.

Indien bydraes tot FTDNA nie inklusief sou wees nie, is 'n ander moontlikheid miskien dat SAGenealogie 'n suster yahoogroups skep (miskien iets soos SAmtDNA@yahoogroups.com) waaraan mense wat reeds hulle mtDNA ontleed het of in die proses is om dit te ontleed kan aansluit (miskien kan dit dit 'n voorvereiste wees om aan te sluit of ten minste miskien om bydraes te maak tot hierdie 'suster' forum dat lede hulle mtDNA haplogroep moet weet/verklaar en hulle data by Mitosearch moes oplaai en 'n Mitosearch Identiteit hê). 'n kombinasie van so 'n besprekingsforum gekoppel aan die Mitosearch databasis of iets soortgelyks klink vir my ook nie na 'n slegte plan nie....

.....maar miskien gaan haal ek nou die bobbejaan agter die bult...!! :o) Miskien kan jy kortliks verduidelik wat die voorvereistes van lidmaatskap tot 'n FTDNA projek sou wees en of dit inklusief kan wees van lede wat resultate deur ander organisasies, veral bv Sorenson, bekom het of wil bekom.

Baie groete,
Martina.

1b. Re: DNA GENEALOGIE - Christo - vrae en nog idees
Posted by: "Martina Louw (nee van Breda)" mlouw1@bigpond.net.au   martinalouw
Sat Sep 13, 2008 3:50 pm (PDT)
P.S.
Ek dink nou net, miskien sal 'n sootgelyke 'suster' forum soos wat ek hierbo noem vir Y-DNA, gekoppel aan Y-Search ( http://www.ysearch.org/ ) ook nie 'n slegte idee wees nie...???
Groete,
Martina.

2. [KOERANT]RAPPORT- maj. Edwin Swales
Posted by: "Elizabeth Teir" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Sat Sep 13, 2008 9:21 pm (PDT)
13/09/2008 20:42 - (SA)
Oorlogsheld se naam verdwyn
Gerhard de Bruin

Durban

Sy het hóéveel briewe aan die Ethekweni-munisipaliteit se straatnaamsveranderingskomitee geskryf, maar niemand wou luister nie.

En nou gaan die naam van maj. Edwin Swales, ’n held van die Tweede Wêreldoorlog, van straatnaamborde in Durban verdwyn.

Swales se bekende straat gaan hernoem word na die ANC-aktivis Solomon Mahlangu.

Daaroor is me. Jean MacGregor (81), Swales se eerste en enigste meisie voor sy heldedood as soldaat, nou bitter.

“Ek wil weet wat Edwin Swales ooit met apartheid te doen gehad het. Hy is in 1945 al dood – lank voordat die Nasionale Party aan die bewind gekom het.”

Sy sê wat haar nog woedender maak, is dat daar in die naamsverandering-debakel in ’n stadium na Swales verwys is as ’n “apartheid-bombardier” terwyl hy niks met politiek te make gehad het nie.

MacGregor (sy was ’n nooi Johnston) het voor die oorlog saam met Swales by Barclays-bank in Durban gewerk.

Hy was ’n skaam en saggeaarde man wat “byna al sy moed” moes bymekaarskraap om haar uit te vra.

Swales, ’n bomwerper-vlieënier, was op 23 Februarie 1945 agter die stuur toe sy vliegtuig tydens ’n sending oor Pforzheim, Duitsland, beskadig is. Hy het die vliegtuig in die lug gehou sodat die res van die bemanning met valskerms na veiligheid kon spring. Die vliegtuig het toe met net hom aan boord neergestort.

Hy is later met die Victoria-kruis vereer vir sy dapperheid.

“Al wat ek kan sê, is dat hierdie nuwe Suid-Afrika besig is om ’n reuse-stuk van sy geskiedenis vir altyd te verloor deur onverantwoordelike politici wat nie ’n duit omgee nie. Dit is baie hartseer. Arme Edwin. Ek wonder wat sou hy daarvan gedink het,” sê MacGregor

Mahlangu was ’n jong MK-vegter wat in 1977 twee bejaarde wit mans in ’n winkelpakhuis in Johannesburg doodgeskiet het. Hy is ter dood veroordeel en opgehang.

3. Genetiese Genealogie: Christo se projek
Posted by: "Elmien Wood" woodem@mweb.co.za
Sat Sep 13, 2008 11:59 pm (PDT)
Christo

Ek sal baie graag deelneem aan jou projek.

Ek wou al lankal ander persone opspoor wat dieselfde stammoeder as ek het, maar omdat vroue se vanne verander is dit 'n tydsame proses.

Sterkte en sukses!

Groete
Elmien

4. Die nuwe Bosman-boek
Posted by: "Paul Bosman" pbosman@kleinfontein.net   paul5016
Sun Sep 14, 2008 2:21 am (PDT)

Dagsê Vriende

Met Dennis se toestemming maak ek graag die volgende bekend:

Isak Bosman van Bellville se navorsing oor die geskiedenis van die Bosman-familie van Suid-Afrika, wat byna 10 jaar geneem het, is nou voltooi en in boekvorm beskikbaar, getiteld Die Familie Bosman in Suid-Afrika – 300 Jaar. Dit bestaan uit 2 volumes met 'n totaal van 852 bladsye. Dit bevat meer as 800 foto's en illustrasies, meer as 16000 name in die geslagsregister en talle staaltjies en geskiedkundige juwele van die familie.

Vir meer besonderhede kan julle my direk kontak by onderstaande adres.

Groetnis
Paul D Bosman
-------------------------------
my grootjies: BOSMAN X DE VILLIERS / VERSTER X DE KLERK / FROST X VON BENECKE / SYMINGTON X PIENAAR
Ria s'n: BURGER X MOSTERT / MOSTERT X BRAND / KRUGER X VORSTER / KUHN X BREDENHAHN
Posbus 1787 Rayton 1001
Tel: 012 802 1009, sel: 082 851 4039, Faks: 0866 581829 of 012 802 1009
<pbosman@kleinfontein.net> http://myweb.absamail.co.za/paul.bosman/

--
I am using the free version of SPAMfighter for home users.
SPAMfighter has removed 6130 spam emails to date.
Paying users do not have this message in their emails.
Get the free SPAMfighter here: http://www.spamfighter.com/len

5a. Re: Kriel-Cilliers
Posted by: "Viljoen, HC " hcv@sun.ac.za hc_viljoen
Sun Sep 14, 2008 4:20 am (PDT)
Beste Elmien,
Ja, ek is van plan om in die Robertson doopregisters by GISA te gaan opsoek, maar het gehoop dat 'n Joubert navorser vir my kan inlig of die naam Gordon Paul Joubert voorkom in die stamregister.
Groete
Christo

Kriel-Cilliers
Posted by: "Elmien Wood" woodem@mweb.co.za

Sat Sep 13, 2008 7:03 am (PDT)

Christo

Wat is die moontlikheid dat Gordon Paul Joubert Kriel se pa Gordon Paul Joubert was? Of dalk net Paul Joubert?
Ek verbeel my Paul is 'n algemene naam onder die Jouberts.
Mens sal die Kriel kwartielstaat moet doen om vas te stel of Gordon Paul 'n familienaam onder die Kriels is.

Andersins moet 'n mens in die Robertson doopregisters kyk wie het Gordon Paul laat doop en wie was die getuies.

Groete
Elmien

6a. Re: KRIEL-CILLIERS
Posted by: "Mariana Olivier" omariana@getnet.co.za   cilliersolivier
Sun Sep 14, 2008 5:34 am (PDT)
Goeiedag Lyslede

Hierdie man van Australië was met beide Ben Cilliers van Mosselbaai en myself in kontak en van die Cilliers-kant af het ons reeds vir hom al die data gestuur wat ons het.

Groete
Mariana Olivier
Kaapstad
Cilliers-navorser

-----Original Message-----
From: SAGenealogie@yahoogroups.com [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com]On Behalf Of Viljoen, HC <hcv@sun.ac.za>
Sent: Saturday, September 13, 2008 10:26 AM
To: sagenealogie@yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] KRIEL-CILLIERS

Beste SAGenealoë
Ek het 'n interessante navraag ontvang van iemand met die van Kriel (wat in Australië woonagtig is). Sy oupa Gordon Paul Joubert Kriel was in 1906 in Robertson gebore en skynbaar groot gemaak deur 'n Joubert gesin. Gordon Paul Joubert Kriel se moeder was Helena Christina Cilliers, maar sy vader is onbekend (en die vader se naam word nie vermeld op sy geboortesertifikaat nie, wel dié van die moeder Helena Christina Cilliers). DNA toetse toon dat die onbekende vader waarskynlik nie Kriel was nie.

'n Foto van die onbekende vader is wel beskikbaar en verskyn hierbo. Is daar enige Cillers of Kriel navorsers wat enige lig op die saak kan werp?
Vriendelike groete
Christo Viljoen

No virus found in this outgoing message.
Checked by AVG.
Version: 7.5.524 / Virus Database: 270.6.21/1670 - Release Date: 9/13/08 12:50 PM

7. LDS Sterftekennis Besteldiens
Posted by: "Dennis Pretorius (LT)" krugersdorp@pixie.co.za dennis_pretorius
Sun Sep 14, 2008 5:53 am (PDT)
Hallo Almal

Ek wonder of iemand al die besteldiens wat die LDS aanbied, gebruik het - ek sal graag wil weet hoe dit werk ?

Groetnis

Dennis Pretorius ----- Krugersdorp, S A
Home Tel / Huis Tel: +27-11-769-2400 Office /Kantoor: _+27-11-953-3727
Cel / Sel: +27-83-679-8541 Fax/Faks +27-86-609-8541

8a. FARLEY - help asb
Posted by: "Alta Griffiths" alta@pinnaclespot.co.za griffithsalta
Sun Sep 14, 2008 8:21 am (PDT)
Goeie middag

Ons het 'n graf op eGGSA waarmee ons sukkel - as iemand kan help asb!!

Die steen lees:-

THOM FARLEY
REG BRIT NAVIS LEVEN
NUPER OVAEST
IN VENI CHRISTIANO ET EXIM
QUI VIXIT ANN XXXIV
M VI DXVII

FIDE COGNITA
MEMOR CHARITATIS EJUS
PARENTES FRATRES SORORES
PIET PLENI P
A R N CI!I!CCCXXV

(die uitroep tekens verskyn net so op die steen)

Dankie baie

Alta Griffiths
Posbus 1998
DURBANVILLE
7551

Tel: 021 - 975 5491
Sel: 083 948 5207

Navorsing:
Volle vanne:- Rudolph, Van der Sandt, Gloy, Cothill.
Asook die Oliviers en Slabberts van Heidelberg, Tvl tot by 1930

8b. Re: FARLEY - help asb
Posted by: "Alta Griffiths" alta@pinnaclespot.co.za griffithsalta
Sun Sep 14, 2008 10:36 am (PDT)
Die foto sit hier

http://www.eggsa.org/library/main.php?g2_itemId=562643&g2_navId=xaf51a337

En ek verloor my varkies - daar is nie uitroeptekens op die steen nie!

Jammer

Alta

Vroeer vandag:-

Ons het 'n graf op eGGSA waarmee ons sukkel - as iemand kan help asb!!

Die steen lees:-

THOM FARLEY
REG BRIT NAVIS LEVEN
NUPER OVAEST
IN VENI CHRISTIANO ET EXIM
QUI VIXIT ANN XXXIV
M VI DXVII

FIDE COGNITA
MEMOR CHARITATIS EJUS
PARENTES FRATRES SORORES
PIET PLENI P
A R N CI!I!CCCXXV

Dankie baie

Alta Griffiths
Posbus 1998
DURBANVILLE
7551

Tel: 021 - 975 5491
Sel: 083 948 5207

Navorsing:
Volle vanne:- Rudolph, Van der Sandt, Gloy, Cothill.
Asook die Oliviers en Slabberts van Heidelberg, Tvl tot by 1930

9. DUVENHAGE-groot geskenk van Annelie
Posted by: "Ann Tiran" anntiran@polka.co.za anntiran
Sun Sep 14, 2008 10:50 am (PDT)
Naand uit ‘n koue Kaapstad..jaa alweer winter!!

Annelie Els het vir my opsoeke in TAB gedoen en na jare se soek na my Oumagrootjie se “van”, dink ek, ek het hom uiteindelik gekry.

TAB MHG 48490 BUITENDAG, Jacoba Elizabeth Wilhelmina gebore ROBBERTSE…..ek noem haar sommer JEW…dis makliker om die name te onthou. Sy is ‘n dogter van JEW Duvenhage en LAMBERTUS NICHOLAAS ROBBERTSE.

Ouma grootjie is ook JEW [asook my pa se tweede jongste suster] getroud met LAMBERTUS NICHOLAAS ROBBERTSE… .hierdie ou lei my aan my neus rond want daar is hordes met sy name en ek kry nie sy SK nie.[en my pappie het sy name gekry].

Nou vra ek die DUVENHAGE kenners vir vêrdere inligting aangaande hierdie dame groot asseblief…wie was haar ouers ens…..het iemand AL haar kinders se name: ek het net [1] HENELA JOHANNA JACOBA ROBBERTSE [Tannie Nela] getroud met JOHANNES PETRUS MULDER.[hulle het 7 seuns]

[2] ANNIE ROBBERTSE getroud met VAN NIEKERK [hulle het 5 seuns en ‘n dogter]

[3] DOGTER ROBBERTZE. Dink sy was ‘n oujongnooi wat op NKP klas gegee het in die 1950-1960’s.

[4] BROER ROBBERTSE. Hy’t geboer in Pietersburg distrik

[5] SUSANNA MAGDALENA PAULINA CHARLOTTA ROBBERTSE [My Ouma] getroud met THEUNIS GERT PELSER- na sy dood getroud met JURGENS JOHANNES BEKKER [nog ‘n kopseer] en na sy dood met JOHANNES MARTHINUS COETZEE [van hom weet ek niks behalwe dat hy ‘n suster hier in Paarl gehad het]

Ek sal dit BAIE waardeer as iemand my hiermee kan help.

Lekker week vir julle almal.

annatjie

10. Jacob du Plooy x Flora Petrea Coetzee
Posted by: "Simon du Plooy" sjduplooy@mweb.co.za   sjdp1951
Sun Sep 14, 2008 12:23 pm (PDT)
Goeienaand uit Potch vir die Coetzee Spesialiste,

Ek is op die spoor van ene Jacob du Plooy en die enigste inligting waaroor ek beskik is:

Florus Petrus COETZEE * ca 1868 x Anna Catharina KRUGER * Ca 1868 Bethulie + 25.5.1937 Capitol park

b1 Flora Petrea COETZEE * 13.12.1908 + Pretoria 5.5.1965 x
Jacob Du PLOOY (Kolonel - ek weet nie van watter Diens nie)

b1c1 Anna Catharina * 4.1.1938 x Pn Van Der MERWE

b1c2 Anna Martha * 19.9.1939 x Pn JOUBERT

(Basies al die inligting vanaf Flora se s/k TAB MHG 3294/65)

Iemand met meer inligting oor die gesin wat kan meehelp om vir Jacob te ontmasker?

Groetnis,

Simon.

11a. Akteur Willem Herbst
Posted by: "Japie Bosch" jrjbosch@telkomsa.net   boschjapie
Sun Sep 14, 2008 12:38 pm (PDT)
In my soeke vanaand kom ek af op `n navraag wat Herman Labuschagne lank terug (November 2005) op SAGEN oor akteur Willem Herbst gehad het. Ek het hom as `n seuntjie geken. Hy het soms by ons aan huis gekom. Hy was my ma (Labuschagne) se halwe oom.

As jy nog nie `n antwoord gekry het oor waar Willem inpas nie, hier is dit:

Sarel Petrus Herbst se EERSTE vrou was Cornelia Magrietha Maria Lewiesa de Fortier. Hulle het elf kinders gehad, waaronder Maria Elizabeth Herbst. Sy is met Leonardus Johannes Labuschagne getroud. Uit dié huwelik is vier (Labuschagne)-kinders gebore: Leonardus Johannes?, Cornelia Margaretha Maria Louisa, Louisa Petronella Jacoba (my ma)en Maria Elizabeth. Ek het hul inligting tevore aan jou gestuur. Dis in jou stamregister opgeneem, p. 165.

Sarel Petrus Herbst se TWEEDE vrou was Magdalena Petronella Johanna Stoltz (gebore Naudé). Uit dié huwelik is Willem Jacobus Herbst, die akteur, gebore. Willem was twee keer getroud. Een was aktrise Pikkie Uys. Hulle het een dogter, Wendy. Ek weet nie wie die ander vrou was nie.

11b. Re: Akteur Willem Herbst
Posted by: "Dennis Pretorius (LT)" krugersdorp@pixie.co.za   dennis_pretorius
Sun Sep 14, 2008 1:08 pm (PDT)
Hallo Japie

My belangstelling is nou geprikkel !

Ek het 'n vrou in my SCOTT familie met dieselfde name as jou Ouma-grootjie
Cornelia Magrietha Maria
Lewiesa de Fortier. Sy was getroud in 1942 met ene John Hendrik SCOTT. Sy is oorlede in 1965 in Ermelo en hy (SCOTT) hertrou in 1966

Pas hierdie datums in met jou HERBST besonderhede - en kan die twee De Fortier dames een en dieslfde mense wees ?

Groetnis

Dennis Pretorius ----- Krugersdorp, S A
Home Tel / Huis Tel: +27-11-769-2400 Office /Kantoor: _+27-11-953-3727
Cel / Sel: +27-83-679-8541 Fax/Faks +27-86-609-8541
----- Original Message -----
From: Japie Bosch
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Sunday, September 14, 2008 9:38 PM
Subject: [SA-Gen] Akteur Willem Herbst

In my soeke vanaand kom ek af op `n navraag wat Herman Labuschagne lank terug (November 2005) op SAGEN oor akteur Willem Herbst gehad het. Ek het hom as `n seuntjie geken. Hy het soms by ons aan huis gekom. Hy was my ma (Labuschagne) se halwe oom.

As jy nog nie `n antwoord gekry het oor waar Willem inpas nie, hier is dit:

Sarel Petrus Herbst se EERSTE vrou was Cornelia Magrietha Maria Lewiesa de Fortier. Hulle het elf kinders gehad, waaronder Maria Elizabeth Herbst. Sy is met Leonardus Johannes Labuschagne getroud. Uit dié huwelik is vier (Labuschagne)-kinders gebore: Leonardus Johannes?, Cornelia Margaretha Maria Louisa, Louisa Petronella Jacoba (my ma)en Maria Elizabeth. Ek het hul inligting tevore aan jou gestuur. Dis in jou stamregister opgeneem, p. 165.

Sarel Petrus Herbst se TWEEDE vrou was Magdalena Petronella Johanna Stoltz (gebore Naudé). Uit dié huwelik is Willem Jacobus Herbst, die akteur, gebore. Willem was twee keer getroud. Een was aktrise Pikkie Uys. Hulle het een dogter, Wendy. Ek weet nie wie die ander vrou was nie.

------------------------------------

11c. Re: Akteur Willem Herbst
Posted by: "Japie Bosch" jrjbosch@telkomsa.net boschjapie
Sun Sep 14, 2008 2:17 pm (PDT)
Hallo Dennis

Dis nie dieselfde twee vroue nie. My Cornelia de Fortier is in 1923 oorlede en joune was in 1942 getroud.

In Nelspruit is Des de Fortier wat dié familie navors. Ek kry niks van Scott in die samestelling wat ek geruime tyd terug by hom gekry het nie. Altemit kan hy help. Sy epos is: bro_des@lantic.co.za. Telefoon: 013/744-7287 en 082/822-1918.

Groete

Japie Bosch

12a. FERREIRA  Nicolaas
Posted by: "bvonehrenberg" bvonehrenberg@yahoo.com   bvonehrenberg
Sun Sep 14, 2008 12:47 pm (PDT)
Beskik iemand moontlik oor inligting m.b.t. die kinders van Nicolaas Ferreira 3.5.1908 - 28.7.1980 x Salomina Magdalena Slabbert 19.8.1912- 2.4.1987. Beide begrawe in Sasolburg. Hulle noemname was Nic en Salome. Hy was die eerste dorpsingenieur van Sasolburg. Ek stel belang in die kinders se name , geboortedatums ens. Weet iemand waar die kinders hul bevind?
Babs

12b. FERREIRA  Nicolaas
Posted by: "bvonehrenberg" bvonehrenberg@yahoo.com   bvonehrenberg
Sun Sep 14, 2008 1:01 pm (PDT)
Beskik iemand moontlik oor inligting m.b.t. die kinders van Nicolaas Ferreira 3.5.1908 - 28.7.1980 X Salomina Magdalena Slabbert 19.8.1912 - 2.4.1987. Beide begrawe in Sasolburg. Hulle noemname was Nic en Salome. Hy was die eerste dorpsingenieur van Sasolburg vanaf die ontstaan van die dorp. Ek stel belang in hul kinders se name, geboortedatums ens. Weet iemand moontlik waar die kinders hul bevind?

Dankie
Babs

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 3418

Datum:  Tuesday, September 16, 2008

Daar is 25 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:


1. [KOERANT]BEELD- COMBRINCK Oom Jan [100] From: Elizabeth Teir
2a. Re: FARLEY - help asb From: dan_strydom
2b. Re: FARLEY - help asb From: Ariel Rudolph
2c. Re: FARLEY - help asb From: dan_strydom
2d. Re: FARLEY - help asb From: Alta Griffiths
3. [KOERANT]BEELD-HEWITSON Lulu [84] BERIGGIE From: Elizabeth Teir
4. [KOERANT]VOLKSBLAD- LABUSCHAGNÉ mnr. Fanie (58) en LOURENS mev. K From: Elizabeth Teir
5. [KOERANT]DIE BURGER-HEWITSON Mev. Beriggie From: Elizabeth Teir
6a. Facebook en Van Vuurens From: Elmien Wood
6b. Re: Facebook en Van Vuurens From: Daniel Jacobs
7a. Re: Kriel-Cilliers From: Elmien Wood
8. (Koerant) Beeld 15 Sep. 2008 From: Fanie Blignaut
9a. Jan Breek From: Hans Combrink
9b. Re: Jan Breek From: André du Plessis
10. PELSER BOEK bladsy 336-337 From: Ann Tiran
11. Help - Daniel Renier De Lange From: Chris
12a. Re: KRIEL-CILLIERS From: Erik Kriel
13. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap  15 Sept 2008 From: P Marx
14a. Re: FERREIRA  Nicolaas From: Gina Shepherd
14b. Re: FERREIRA  Nicolaas From: abbott@lantic.net
15.1. Toets From: Louis Hurn
15.2. Re: Toets From: Annatjie Erasmus
16. Nicolaas Ferreira From: bvonehrenberg
17.1. Begrafnisbriewe From: Fanie Blignaut
18a. Re: DNA GENEALOGIE - Martina en ander mtDNAers From: Ina P


1. [KOERANT]BEELD- COMBRINCK Oom Jan [100]
Posted by: "Elizabeth Teir" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Sun Sep 14, 2008 8:26 pm (PDT)
Soek God en jy word ’n 100’
Sep 14 2008 11:27:18:383PM - (SA)

Linda de Beer

Fochville. – “Man, ek het nie só ’n seer plekkie nie,” sê oom Jan Combrinck en druk sy duim en wysvinger bymekaar om te beduie wat hy bedoel.

“My pille (vir pyn) lê daar, maar ek gebruik hulle amper nooit nie.”

En net om te wys dat daar op 100-jarige ouderdom regtig niks met hom skeel nie, het oom Jan Vrydagaand met ’n huppelstappie die stoep van die NG Kerk se Elandsfontein-jeugkampterrein afgedraf.

Dit is by dié kampterrein waar meer as 150 familielede gisteroggend byeen was om saam met oom Jan vir die Here dankie te sê vir die honderd jaar wat hy vir hulle gespaar gebly het.

Oom Jan is op 14 September 1908 in Germiston gebore. Die gesin het later Roodepoort toe getrek. Hy was een van ses kinders. Sy broer Dirk (85) en een suster, Henna (90), leef nog.

“Ek was in gr. 1 toe kry my pa myntering. Daar was vyf mense in die huis vir wie gesorg moes word. Toe’t ek gaan werk op die conveyerbelt van die myn.”

Later jare het oom Jan onder meer paaie gebou en telefoonkabels gelê.

“Met die pik en graaf, jy weet. Dit was my ambag gewees,” sê hy. Maar die grootste deel van sy werklewe het hy gradering op die Johannesburgse varsproduktemark gedoen.

Oom Jan is wewenaar sedert sy vrou, Hester, se dood in 1986. “Ons was so lief vir mekaar. Ek het nie kans gesien vir nog ’n vrou nie.”

Hulle het twee kinders, ’n seun, Hendrik, en ’n dogter, Lenie (nou Jansen), sewe kleinkinders en 15 agterkleinkinders. Die eerste agter-agterkleinkind is op pad.

Jansen se huis in Zeerust is nou oom Jan se tuiste. Hy kla dat hulle hom nie wil toelaat om werkies in die huis te doen nie. Om sy Bybel en ander geestelike boeke te lees, is ’n gunstelingtydverdryf.

“Soek eers die koninkryk van God. En eer jou vader en jou moeder dan sal jou dae verleng word. Dis die resep (om ’n eeu oud te word),” sê hy.

Dan begin hy saggies neurie aan sy gunstelingliedjie: “What a day it will be… when Jesus comes for me…”

2a. Re: FARLEY - help asb
Posted by: "dan_strydom" dan_strydom@yahoo.com   dan_strydom
Sun Sep 14, 2008 8:29 pm (PDT)
Naand Alta -
Dit lyk my na 'n Latynse inskripsie en vertel in die eerste deel dat Thom Farley met 'n Britse skip (navis) te doene had. Hy het meer onlangs (nuper) gesoek (quaest) en in die Christendom gekom (venit).
Hy had 'n besondere(exim) lewe (vixit) vir 34 jaar.
Die M VI DXVII lees letterlik 1000 6 517 (en ek kan nie mooi besluit wat dit op dui nie - sou dit op 'n nadere maand & dag dui?).
Die laaste deel vertel van die agting van sy ouers, broers en susters vir sy erkende trouheid, die liefdevolle herinnering aan hom en die volheid van sy geloof.

Die finale nommers : (en ek gebruik die ! vir die agterstevoor C)
CI!I!CCCXXV staan vir 1825 (CI! is 1000, I! is 500); ek weet nie waarvoor die A R N staan nie - dalk geboorte-jaar?.

Klink dit logies?

Dan
Lincoln, Nebraska

--- In SAGenealogie@yahoogroups.com, "Alta Griffiths" <alta@...>
wrote:
>
> Die foto sit hier
>
> http://www.eggsa.org/library/main.php?
g2_itemId=562643&g2_navId=xaf51a337
>
>
> Ons het 'n graf op eGGSA waarmee ons sukkel - as iemand kan help
asb!!
>
>
> Die steen lees:-
>
> THOM FARLEY
> REG BRIT NAVIS LEVEN
> NUPER OVAEST
> IN VENI CHRISTIANO ET EXIM
> QUI VIXIT ANN XXXIV
> M VI DXVII
>
> FIDE COGNITA
> MEMOR CHARITATIS EJUS
> PARENTES FRATRES SORORES
> PIET PLENI P
> A R N CI!I!CCCXXV
>

2b. Re: FARLEY - help asb
Posted by: "Ariel Rudolph" ariel.rudolph@gmail.com   arielrudolph
Sun Sep 14, 2008 10:28 pm (PDT)
Dan en ander,
Oor die gedeelte "ANN XXXIV M VI DXVII" dit kan wees 34 jaar 6 maande en 17
dae.
Oor die datum 1825 kan ek glad oor stem nie. 1825 sou "MDCCCXXV" gewees het
en dit is nie naby wat daar staan nie. Ek kan glad nie verstaan die
"agtestervoor Cs" nie.

Groete
Ariel

2008/9/15 dan_strydom <dan_strydom@yahoo.com>

> Naand Alta -
> Dit lyk my na 'n Latynse inskripsie en vertel in die eerste deel dat
> Thom Farley met 'n Britse skip (navis) te doene had. Hy het meer
> onlangs (nuper) gesoek (quaest) en in die Christendom gekom (venit).
> Hy had 'n besondere(exim) lewe (vixit) vir 34 jaar.
> Die M VI DXVII lees letterlik 1000 6 517 (en ek kan nie mooi besluit
> wat dit op dui nie - sou dit op 'n nadere maand & dag dui?).

> Die laaste deel vertel van die agting van sy ouers, broers en susters
> vir sy erkende trouheid, die liefdevolle herinnering aan hom en die
> volheid van sy geloof.
>
> Die finale nommers : (en ek gebruik die ! vir die agterstevoor C)
> CI!I!CCCXXV staan vir 1825 (CI! is 1000, I! is 500); ek weet nie
> waarvoor die A R N staan nie - dalk geboorte-jaar?.
>
> Klink dit logies?
> Dan
> Lincoln, Nebraska
>
> --- In SAGenealogie@yahoogroups.com <SAGenealogie%40yahoogroups.com>,
> "Alta Griffiths" <alta@...>
> wrote:
> >
> > Die foto sit hier
> >
> > http://www.eggsa.org/library/main.php?
> g2_itemId=562643&g2_navId=xaf51a337
> >
> >
> > Ons het 'n graf op eGGSA waarmee ons sukkel - as iemand kan help
> asb!!
> >
> >
> > Die steen lees:-
> >
> > THOM FARLEY
> > REG BRIT NAVIS LEVEN
> > NUPER OVAEST
> > IN VENI CHRISTIANO ET EXIM
> > QUI VIXIT ANN XXXIV
> > M VI DXVII
> >
> > FIDE COGNITA
> > MEMOR CHARITATIS EJUS
> > PARENTES FRATRES SORORES
> > PIET PLENI P
> > A R N CI!I!CCCXXV
> >
>
>
>

--
Ariel
Israel
Navorsing: Die RUDOLPH van
http://rudolph-gen.com

2c. Re: FARLEY - help asb

Posted by: "dan_strydom" dan_strydom@yahoo.com dan_strydom
Mon Sep 15, 2008 2:32 am (PDT)

Ariel & Alta & ...

Pragtig -- dit sal die maande en dae wees, soos jy dit het, Ariel!

So pas gegoogle en: Thomas Farley was die "purser" op die Britse
skip "Leven" onder Capt Owen wat gesterf het aan "Delagoa fever" in
Oct 1825 te Kaapstad: "Narrative of a voyage of discovery to Africa
and Arabia" ... deur Thomas Boteler, 1835.

Die CI! is een van die ou style van Romeinse getalle.

Lekker dag!

Dan

--- In SAGenealogie@yahoogroups.com, "Ariel Rudolph"
<ariel.rudolph@...> wrote:
>
> Dan en ander,
> Oor die gedeelte "ANN XXXIV M VI DXVII" dit kan wees 34 jaar 6
maande en 17
> dae.
> Oor die datum 1825 kan ek glad oor stem nie. 1825 sou "MDCCCXXV"
gewees het
> en dit is nie naby wat daar staan nie. Ek kan glad nie verstaan die
> "agtestervoor Cs" nie.
>
> Groete
> Ariel
>
>
>
> 2008/9/15 dan_strydom <dan_strydom@...>
>
> > Naand Alta -
> > Dit lyk my na 'n Latynse inskripsie en vertel in die eerste deel
dat
> > Thom Farley met 'n Britse skip (navis) te doene had. Hy het meer
> > onlangs (nuper) gesoek (quaest) en in die Christendom gekom
(venit).
> > Hy had 'n besondere(exim) lewe (vixit) vir 34 jaar.
> > Die M VI DXVII lees letterlik 1000 6 517 (en ek kan nie mooi
besluit
> > wat dit op dui nie - sou dit op 'n nadere maand & dag dui?).
> > Die laaste deel vertel van die agting van sy ouers, broers en
susters
> > vir sy erkende trouheid, die liefdevolle herinnering aan hom en
die
> > volheid van sy geloof.
> >
> > Die finale nommers : (en ek gebruik die ! vir die agterstevoor C)
> > CI!I!CCCXXV staan vir 1825 (CI! is 1000, I! is 500); ek weet nie
> > waarvoor die A R N staan nie - dalk geboorte-jaar?.
> >

> > Klink dit logies?
> > Dan
> > Lincoln, Nebraska
> >
> > --- In SAGenealogie@yahoogroups.com <SAGenealogie%
40yahoogroups.com>,
> > "Alta Griffiths" <alta@>
> > wrote:
> > >
> > > Die foto sit hier
> > >
> > > http://www.eggsa.org/library/main.php?
> > g2_itemId=562643&g2_navId=xaf51a337
> > >
> > >
> > > Ons het 'n graf op eGGSA waarmee ons sukkel - as iemand kan help
> > asb!!
> > >
> > >
> > > Die steen lees:-
> > >
> > > THOM FARLEY
> > > REG BRIT NAVIS LEVEN
> > > NUPER OVAEST
> > > IN VENI CHRISTIANO ET EXIM
> > > QUI VIXIT ANN XXXIV
> > > M VI DXVII
> > >
> > > FIDE COGNITA
> > > MEMOR CHARITATIS EJUS
> > > PARENTES FRATRES SORORES
> > > PIET PLENI P
> > > A R N CI!I!CCCXXV
> > >
> >
> >
> >
>
>
>
> --
> Ariel
> Israel
> Navorsing: Die RUDOLPH van
> http://rudolph-gen.com
>
>

>

2d. Re: FARLEY - help asb
Posted by: "Alta Griffiths" alta@pinnaclespot.co.za griffithsalta
Mon Sep 15, 2008 6:27 am (PDT)
Dankie aan Dan, Ariel en almal wat van die lys af geantwoord het, julle het

sommer baie gehelp

Hier is 'n skakel vir Romeinse getalle, hulle noem onder andere die agterste voor C http://my.netdirect.net/~charta/Roman_numerals.html

Groete

Alta

3. [KOERANT]BEELD-HEWITSON Lulu [84] BERIGGIE
Posted by: "Elizabeth Teir" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Sun Sep 14, 2008 8:54 pm (PDT)
Hart-oorplanter se bejaarde vrou in hul huis doodgesteek
Sep 14 2008 11:27:29:337PM - (SA

Jackie Pienaar-Brink

Stellenbosch. – Die vrou van ’n lid van die destydse eerste hartoorplantingspan is gister in die vroeë oggendure in Hermanus vermoor.

’n Beampte van ’n veiligheidsmaatskappy het omstreeks 04:00 op die lyk mev. Lulu Hewitson (84) in die voorportaal van haar huis afgekom.

Haar man, prof. Rodney Hewitson, het die aanval oorleef omdat hy in ’n ander deel van die huis was, het supt. André Traut, polisiewoordvoerder, gesê. Hy is glo erg getraumatiseer.

Mev. Hewitson is vermoor nadat sy vermoedelik self ’n paniekknoppie gedruk het.

Prof. Hewitson was prof. Chris Barnard se regterhand in die Groote Schuur-hospitaal met die eerste hartoorplanting in 1967.

“Dat hy sy vrou op hierdie wyse verloor het, is uiters ironies en verskriklik,” het prof. Johan Brink van die Chris Barnard-departement vir hartchirurgie gesê.

“Hy het hom gewy aan minderbevoorregtes. Hy het oor die jare honderde mense wat in die borskas gesteek is, gehelp, en was wêreldwyd ’n mentor vir hartchirurge.”

Geen waardevolle artikels word uit die huis vermis nie.

4. [KOERANT]VOLKSBLAD- LABUSCHAGNÉ mnr. Fanie (58) en LOURENS mev. K
Posted by: "Elizabeth Teir" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Sun Sep 14, 2008 8:58 pm (PDT)
Trouklokke lui 1ste keer in dié sentrum
Sep 14 2008 11:32:55:237PM - (SA)
Vicus Bürger

SENEKAL. – Ouderdom is mos net ’n syfer.

Dit is waar vir twee inwoners van Huis Westerson van die Senekal-sentrum vir bejaardes, mnr. Fanie Labuschagné (58) en mev. Koba Lourens (62), of eerder mev. Koba Labuschagné, wat gister in die sentrum getroud is.

Labuschagné was met tye emosioneel, maar volgens hom was dit trane van blydskap.

“Op dié ouderdom trou ’n mens net om ’n lewensmaatjie te kry,” sê Labuschagné. Dit is sy eerste huwelik.

Die bruid sê toe sy by Westerson aangekom het, het sy vir God gevra vir ’n doel. “Hy het Fanie oor my pad gebring. My doel is nou om hom gelukkig te maak en uit sy eensaamheid te verlos, want ek is lief vir hom.”Sy was 20 jaar ’n weduwee.

Mnr. Labuschagné is nou al tien jaar by Westerson en het vroeër vir die spoorweë op Bethlehem as ’n laaimeester gewerk.

Mev. Labuscagné is nou maar net nege maande by Westerson en was ’n noodhulpinstrukteur en huisvrou op Sasolburg.

Die egpaar is albei in rolstoele. Mnr. Labuschagné was jare gelede in ’n motorongeluk en kan nie loop nie. Mev. Labuschagné het rugprobleme.

Dr. Pieter van Heerden van die NG kerk Senekal-Noord het die diens waargeneem.

Hy het gesê hulle glo dat dit God is wat mense bymekaar bring. Van Heerden het vir die egpaar gevra om altyd opgewonde oor hul huwelik te bly. “Hanteer mekaar voortdurend as ’n geskenk van die Here.”

Matrone Bets Nieuwenhuis van Westerson sê dit is die eerste keer in die 41-jarige bestaan van die tehuis wat inwoners trou en dan sommer ook op die perseel.

“Ons is baie bly vir hulle,” sê Nieuwenhuis.

Mnr. en mev. Labuschagné sal nou ook in ’n dubbelkamer woon.

Mev. Labuschagné het gister op die troue gesê haar man is net bang sy raak weg. “Hy los my hand nie vir ’n oomblik nie.”

5. [KOERANT]DIE BURGER-HEWITSON Mev. Beriggie
Posted by: "Elizabeth Teir" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Sun Sep 14, 2008 9:06 pm (PDT)
Bekende vermoor: Mes in vrou se rug
JACKIE PIENAAR-BRINK
14/09/2008 10:28:32 PM - (SA)

Die vrou van ’n lid van die span wat die eerste hartoorplanting gedoen het, is gister in die vroeë -oggendure in Hermanus vermoor.

’n ADT-beampte het omstreeks 04:00 op die liggaam van mev. Lulu Hewitson

(84) in die voorportaal van haar huis afgekom.

Haar man, prof. Rodney Hewitson, het die aanval oorleef omdat hy in ’n ander deel van die huis was, het supt. André Traut, polisiewoordvoerder, gesê. Hy is baie erg getraumatiseer.

Mev. Hewitson is vermoor nadat sy vermoedelik ’n noodknoppie gedruk het. Mnr. André Cupido, van ADT se gewapende -reaksie-eenheid, het op die moordtoneel in De Goedestraat 8, Westcliff, afgekom.

Die vermoorde se man was prof. Chris Barnard se regterhand in die Groote Schuur-hospitaal met die eerste hartoorplanting in 1967.

“Dat hy sy vrou op hierdie wyse verloor het, is ironies en verskriklik,” het prof. Johan Brink, van die Christiaan Barnard--gedenkhospitaal se departement hartchirurgie, gesê.

“Hy het hom as dokter aan minderbevoorregte mense gewy. Hy self het oor die jare honderde mense wat in die borskas gesteek is, gehelp. Hy was ’n uiters toegewyde dokter en ’n mentor vir hartchirurge oor die wêreld heen.”

Een van die egpaar se drie seuns, dr. John Hewitson, het in sy pa se voetspore as hartchirurg gevolg en ’n ander – prof. Bruce Hewitson, van die Universiteit Kaapstad – is ’n internasionaal gerekende klimaatkenner. Die derde seun, wie se naam teen druktyd nie bekend was nie, werk as vlieënier in Mosambiek.

6a. Facebook en Van Vuurens
Posted by: "Elmien Wood" woodem@mweb.co.za
Sun Sep 14, 2008 10:42 pm (PDT)
Facebook werk nogal vir my baie goed om diegene op te spoor wat nog te jonk is om 'n papierspoor na te laat. Natuurlik is dit baie sydig - net vir jong mense wat rekenaars en die internet kan bekonstig. Mens verloor nog 'n hele klomp ander mense.
Maar wat vir my lekker is, is dat sommige baie nuuskierig is! (Mens se eie kinders stel nie belang nie, want hulle kry alles op 'n skinkbord.)
Partykeer sal iemand op Facebook wat nog nooit van genealogie gehoor het nie, sommer baie entoesiasties raak.
Ek het nou iemand raakgeloop wat wil begin met haar voorgeslagstaat. Ek sal die Spiese kan verskaf, maar haar ma was 'n Van Vuuren.
Weet iemand van 'n navorser wat op Van Vuurens werk?
Groete
Elmien

6b. Re: Facebook en Van Vuurens
Posted by: "Daniel Jacobs" danielmalanjacobs@gmail.com
Mon Sep 15, 2008 12:44 am (PDT)
Beste Elmien
Ek het 'n kopie van die Van Vuuren geslagsregister en help graag. Vir

diegene wat dalk nie geweet het nie- die Van Vuuren stammoeder is 'n
dogter van my stamvader Pierre Jacobs. Daar is heelwat inligting oor
hom in die boek.

Groete

Daniel
Ns Sien die tuisblad van my webtuiste www.gendata.co.za vir my
gedagtes oor die gebruik van Genealogie om geskiedenis "lewendig" te
maak vir kinders (en ouer mense!) wat dink Geskiedenis is "boring".Ek
vra gister vir 'n Greeff-student of hy weet van Francois Greeff se
navorsing. Hy se ja hy het 'n boodskap van Francois ontvang en dit
aangestuur vir sy Oupa!Dit laat my weer dink aan hoe baie "Oupas" nie
al vir my gese het:"Ai hoekom het ek nie vroeer al begin met my
navorsing nie-toe so en so nog gelewe het!"

On 9/15/08, Elmien Wood <woodem@mweb.co.za> wrote:
> Facebook werk nogal vir my baie goed om diegene op te spoor wat nog te jonk
> is om 'n papierspoor na te laat. Natuurlik is dit baie sydig - net vir jong
> mense wat rekenaars en die internet kan bekonstig. Mens verloor nog 'n hele
> klomp ander mense.
> Maar wat vir my lekker is, is dat sommige baie nuuskierig is! (Mens se eie
> kinders stel nie belang nie, want hulle kry alles op 'n skinkbord.)
> Partykeer sal iemand op Facebook wat nog nooit van genealogie gehoor het
> nie, sommer baie entoesiasties raak.
> Ek het nou iemand raakgeloop wat wil begin met haar voorgeslagstaat. Ek sal
> die Spiese kan verskaf, maar haar ma was 'n Van Vuuren.
> Weet iemand van 'n navorser wat op Van Vuurens werk?
> Groete
> Elmien
>
>

>
>

--
www.gendata.co.za

7a. Re: Kriel-Cilliers
Posted by: "Elmien Wood" woodem@mweb.co.za
Sun Sep 14, 2008 10:42 pm (PDT)
Beste Christo
Hopelik antwoord 'n Joubertnavorser! (Blykbaar is daar niks van die Cilliers
kant nie.)
Dit is in elk geval baie interessant - ook wat betref gewoontes en gebruike.
Groete
Elmien

----- Original Message -----
From: Viljoen, HC <hcv@sun.ac.za>
To: sagenealogie@yahoogroups.com
Sent: Sunday, September 14, 2008 1:20 PM
Subject: [SA-Gen] re: Kriel-Cilliers

Beste Elmien,
Ja, ek is van plan om in die Robertson doopregisters by GISA te gaan opsoek, maar het gehoop dat 'n Joubert navorser vir my kan inlig of die naam Gordon Paul Joubert voorkom in die stamregister.
Groete
Christo

Kriel-Cilliers
Posted by: "Elmien Wood" woodem@mweb.co.za

Sat Sep 13, 2008 7:03 am (PDT)

Christo

Wat is die moontlikheid dat Gordon Paul Joubert Kriel se pa Gordon Paul Joubert was? Of dalk net Paul Joubert?
Ek verbeel my Paul is 'n algemene naam onder die Jouberts.
Mens sal die Kriel kwartielstaat moet doen om vas te stel of Gordon Paul 'n familienaam onder die Kriels is.
Andersins moet 'n mens in die Robertson doopregisters kyk wie het Gordon Paul laat doop en wie was die getuies.

Groete
Elmien

8. (Koerant) Beeld 15 Sep. 2008
Posted by: "Fanie Blignaut" blikkies@mabonline.co.za   blignautfanie
Sun Sep 14, 2008 11:36 pm (PDT)
JACOBS; Driekie *23/11/1958 + 01/09/2008 en Brain * 12/12/1955 + 05/09/2008, in lewe van Valhalla, Pretoria. Verassingsdiens: Rebeccastraat Krematorium, Pretoria-Wes, 17/09/2008, 12:00. Hulle laat hulle vier kinders en sewe agterkleinkinders na. (Beeld - 15/09/2008) Martin's Begrafnisdienste, Centurion, Pretoria, 012-660-2028.

OOSTHUIZEN; Emmerentia, ID-411127 0062 087 kontak dringend vir Gideon OOSTHUIZEN, ID-430711 5091 089, by 014-597-9429, ivm egskeiding.

Groete,

Fanie Blignaut (Blikkies),

Vanderbijlpark,

Gauteng provinsie.

9a. Jan Breek
Posted by: "Hans Combrink" Hans.Combrink@mopani.com.zm
Sun Sep 14, 2008 11:38 pm (PDT)
Geners,

`n Rukkie gelede het iemand gesoek na die kontak nommer van Jan Breek, jammer tyd ontbreek om op te soek wie dit was, maar hier is sy nommer:

0828289604

Dankie

Nardus

________________________________

DISCLAIMER: This email and its attachment(s) are confidential and intended solely for the use of the addressed individuals or entities. If you have received this email in error please let us know by email reply and delete it from your system. Any views or opinions presented in this email are solely those of the author and do not necessarily represent those of Mopani Copper Mines Plc. Please check this email and any attachments for the presence of viruses. Mopani Copper Mines plc accepts no liability for any damage caused by any virus transmitted by this email.

9b. Re: Jan Breek
Posted by: "André du Plessis" duplesaj@yahoo.com duplesaj
Mon Sep 15, 2008 3:21 pm (PDT)
Nardus,
Dankie. Dit is ek wat na Breek gesoek het. Sal more probeer om Jan te kontak.
Dit is vir 'n vriendin in ons kerk wat na haar mense soek.
Groetnis en baie dankie.

André du Plessis
Centurion

----- Original Message ----
From: Hans Combrink <Hans.Combrink@mopani.com.zm>
To: "SAGenealogie@yahoogroups.com" <SAGenealogie@yahoogroups.com>
Sent: Monday, September 15, 2008 7:50:36 AM
Subject: [SA-Gen] Jan Breek

Geners,

`n Rukkie gelede het iemand gesoek na die kontak nommer van Jan Breek, jammer tyd ontbreek om op te soek wie dit was, maar hier is sy nommer:

0828289604

Dankie

Nardus

____________ _________ _________ __

DISCLAIMER: This email and its attachment(s) are confidential and intended solely for the use of the addressed individuals or entities. If you have received this email in error please let us know by email reply and delete it from your system. Any views or opinions presented in this email are solely those of the author and do not necessarily represent those of Mopani Copper Mines Plc. Please check this email and any attachments for the presence of viruses. Mopani Copper Mines plc accepts no liability for any damage caused by any virus transmitted by this email.

10. PELSER BOEK bladsy 336-337
Posted by: "Ann Tiran" anntiran@polka.co.za   anntiran
Mon Sep 15, 2008 1:06 am (PDT)
Vir almal wat die PELSER boek het/ en Bonnie hier is sommer vir jou 'n STRYDOM ook

Gaan kyk op bladsy 337 na g8 PHILIPINA CATHARINA getroud met GERHARDUS STEPHANUS VAN ZYL.

Die dogter is h1 MAGDALENA JOHANNA ALIDA gebore 22.08.1921 en is getroud met SCHALK WILLEM VAN DER MERWE.

Hierdie dogter moet h2 wees behoort by bladsy 336 g3 LEVINA CATHERINA gebore 1887 getroud met GERHARDUS STEPHANUS VAN ZYL. Levina en Gert [hy was blind] het benewens hierdie dogter Magdalena [wat vernoem is na haar ouma MJA Steenkamp x PELSER] ook 'n seun h1 IZAK DANIEL VAN ZYL gebore 1915. Hulle het gewoon in nr 88 Agste Straat Boksburg Noord.

GERHARDUS STEPHANUS VAN ZYL is gebore Dordrecht 1885 en is die seun van IZAK DANIEL VAN ZYL en JOHANNA DOROTHEA GEZINA STRYDOM.

Die naam PHILIPINA is seker verkeerdelik in die doop register geskryf en moes wees LEVINA.

Groete

annatjie

11. Help - Daniel Renier De Lange
Posted by: "Chris" henrye@mweb.co.za   bosschris100
Mon Sep 15, 2008 1:11 am (PDT)
Enige hulp sal waardeer word

My skoonpa is Daniel Renier De Lange gebore 24/9/1938

Hy was een van 9 kinders

Sy pa is ongeveer 1943 oorlede

Hulle was van distrik Wepener

Sy ma was Magriet ? Marais

Haar broer was ds Willie Marais wat werksaam was by Teologiese Skool Stellenbosch

Dankie

Chris Bossert

12a. Re: KRIEL-CILLIERS
Posted by: "Erik Kriel" erikk@mintek.co.za fh_kriel
Mon Sep 15, 2008 2:08 am (PDT)
Dagse almal

Ek en Helena het ook al met hom gekommunikeer. Helena (Garner) wat die KRIELle doen het probeer uitpluis of hy 'n KRIEL is. Ek het my Y-DNA met syne vergelyk - ons is nie 'n match nie, so ons weet hy is nie 'n biologiese KRIEL nie (maar dan weer, dalk is ek nie een nie ;o).

Hierdie uitpluis van sy voorgeslagte gaan nie so maklik wees nie - maar dalk kom iemand met 'n blink plan na vore.

Groete
Erik Kriel

--- In SAGenealogie@yahoogroups.com, "Mariana Olivier" <omariana@...> wrote:
>
> Goeiedag Lyslede
>
> Hierdie man van Australië was met beide Ben Cilliers van Mosselbaai en
> myself in kontak en van die Cilliers-kant af het ons reeds vir hom al die
> data gestuur wat ons het.
>
> Groete
> Mariana Olivier
> Kaapstad
> Cilliers-navorser
>

13. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 15 Sept 2008
Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za
Mon Sep 15, 2008 5:24 am (PDT)
Sterfgevalle
SNYMAN, Deon. +Dinsdag 09 Sept 2008 67 jaar. Diens Woensdag 17 Sept 2008 11:00 NG kerk Dagbreek, Despatch. Despatch-begraafplaas. (Die Burger Oos-Kaap 15/09/2008)
Esmé Groenewald Uitenhage 041 922 8066

VAN EEDEN, Johanna Magdalena (Lallie). +11 Sept 2008. Kinders Tinus en Karin, kleinkinders
Marnus, Rikus en Elzaan asook HERSELMAN-, COLESKE-, MINNIE-, en BERNARD-gesinne. Begrafnisdiens Maandag 15 Sept 2008 14:30 Algoa NG Kerk, St. Leonardweg. Verassing privaat.
(Die Burger Oos-Kaap 15/09/2008)

WATSON, Joey. +Donderdag 11 Sept 2008. Kinders, kleinkind, agterkleinkind. Begrafnisdiens
Dinsdag 16 Sept 2008 14:00 Huisgenot-aftreeoord. Forest Hill-begraafplaas.
(Die Burger Oos-Kaap 15/09/2008) Alfred Jones AVBOB Port Elizabeth 041 484 2731

Hester Marx Loerie

14a. Re: FERREIRA Nicolaas
Posted by: "Gina Shepherd" g-shepherd@mweb.co.za gina9712
Mon Sep 15, 2008 8:45 am (PDT)
Beste Babs,

Volgens Ferreira Familie – Family deur Janet Melville & Emmerentia S Ferreira (redakteur Gideon de Kock, 2003) is Nicolaas Ferreira b7c1d2e3f1g1h6

Nicolaas Ferreira *Ladybrand 1908.05.03, †Sasolburg 1980.08.28, stadsbeplanner van Sasolburg

s.v. Petrus Marthinus (*Kalkfontein, Winburg 1867.11.24, †Lusaka, Zambië 1915.01.30 en Johanna Elizabeth van Niekerk (*0873.04.09 † Ladybrand 1968.05.22)

x Salome Magdalena Slabbert *1912.08.19, †1987.04.02

Net een kind word genoem – Petrus Marthinus Ferreira *1943.05.21 x 1971.01.09 Frensia Monika Hibbert.

Daar is ‘n dame van Port Elizabeth wat ook die Ferreira / Hibbert verwantskap navors. Ek sal vir haar jou epos adres gee.

Groete,

Gina Shepherd

From: SAGenealogie@yahoogroups.com [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On Behalf Of bvonehrenberg
Sent: 14 September 2008 10:02 PM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] FERREIRA Nicolaas

Beskik iemand moontlik oor inligting m.b.t. die kinders van Nicolaas Ferreira 3.5.1908 - 28.7.1980 X Salomina Magdalena Slabbert 19.8.1912 - 2.4.1987. Beide begrawe in Sasolburg. Hulle noemname was Nic en Salome. Hy was die eerste dorpsingenieur van Sasolburg vanaf die ontstaan van die dorp. Ek stel belang in hul kinders se name, geboortedatums ens. Weet iemand moontlik waar die kinders hul bevind?

Dankie
Babs

14b. Re: FERREIRA Nicolaas
Posted by: "abbott@lantic.net" abbott@lantic.net newabbott
Mon Sep 15, 2008 10:21 am (PDT)
Hallo Vriende,

Ek het 'n foto van die "Ferreira Inval" omtrent 1907. Weet iemand in watter familie hy skakel?

Groete,
Henry Abbott
082 808 0471
----- Original Message -----
From: "Gina Shepherd" <g-shepherd@mweb.co.za>
To: <SAGenealogie@yahoogroups.com>; "'bvonehrenberg'" <bvonehrenberg@yahoo.com>
Sent: Monday, September 15, 2008 5:44 PM
Subject: RE: [SA-Gen] FERREIRA Nicolaas

Beste Babs,

Volgens Ferreira Familie - Family deur Janet Melville & Emmerentia S Ferreira (redakteur Gideon de Kock, 2003) is Nicolaas Ferreira b7c1d2e3f1g1h6

Nicolaas Ferreira *Ladybrand 1908.05.03, ?Sasolburg 1980.08.28, stadsbeplanner van Sasolburg

s.v. Petrus Marthinus (*Kalkfontein, Winburg 1867.11.24, ?Lusaka, Zambië 1915.01.30 en Johanna Elizabeth van Niekerk (*0873.04.09 ? Ladybrand 1968.05.22)

x Salome Magdalena Slabbert *1912.08.19, ?1987.04.02

Net een kind word genoem - Petrus Marthinus Ferreira *1943.05.21 x 1971.01.09 Frensia Monika Hibbert.

Daar is 'n dame van Port Elizabeth wat ook die Ferreira / Hibbert verwantskap navors. Ek sal vir haar jou epos adres gee.

Groete,

Gina Shepherd

From: SAGenealogie@yahoogroups.com [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On Behalf Of bvonehrenberg
Sent: 14 September 2008 10:02 PM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] FERREIRA Nicolaas

Beskik iemand moontlik oor inligting m.b.t. die kinders van Nicolaas Ferreira 3.5.1908 - 28.7.1980 X Salomina Magdalena Slabbert 19.8.1912 - 2.4.1987. Beide begrawe in Sasolburg. Hulle noemname was Nic en Salome. Hy was die eerste dorpsingenieur van Sasolburg vanaf die ontstaan van die dorp. Ek stel belang in hul kinders se name, geboortedatums ens. Weet iemand moontlik waar die kinders hul bevind?

Dankie
Babs

------------------------------------

SAGenealogie is 'n poslys vir die bespreking van genealogiese en genealogies-verwante aangeleenthede alleenlik, onderhewig aan die voorwaardes soos uitgespel by http://www.geocities.com/sagenealogie/ Lede wat aangeleenthede wil opper wat nie van 'n suiwer genealogiese aard is nie, word versoek om dit nie op die poslys te doen nie, maar dit liefs van die lys af direk aan die betrokkene te stuur. Probleme, klagtes en voorstelle vir verbetering moet gestuur word aan:
SAGenealogie-owner@yahoogroups.com

Besoek ons webblad by:
http://www.geocities.com/sagenealogie/

Yahoo! Groups Links

----------------------------------------------------------

No virus found in this incoming message.

12:50 PM

15.1. Toets
Posted by: "Louis Hurn" louishurn@telkomsa.net   ljhurn
Mon Sep 15, 2008 1:07 pm (PDT)
Naand, ek toets net, ek kry geen pos nie.
Louis Hurn

Tel. : +2731 563-5443
Cell. : +2773 150-1378

Link to Hurn Family Website
http://www.onsfamilie.info/register.php?personID=I399&tree=Hurn&generations=10

----------

----------

No virus found in this outgoing message.

15.2. Re: Toets
Posted by: "Annatjie Erasmus" annatjie.erasmus@gmail.com   holland2003a
Mon Sep 15, 2008 3:05 pm (PDT)
Hello Louis,

Sien jou boodskap.

Annatjie

2008/9/15 Louis Hurn <louishurn@telkomsa.net>

> Naand, ek toets net, ek kry geen pos nie.
> Louis Hurn
>
> Tel. : +2731 563-5443
> Cell. : +2773 150-1378
>
> Link to Hurn Family Website
>
> http://www.onsfamilie.info/register.php?personID=I399&tree=Hurn&generations=10
>
>
> ----------
>
>
> ----------
>
>
> No virus found in this outgoing message.

> 9:21 AM
>
>

>
>
> ------------------------------------

>
> SAGenealogie is 'n poslys vir die bespreking van genealogiese en
> genealogies-verwante aangeleenthede alleenlik, onderhewig aan die
> voorwaardes soos uitgespel by http://www.geocities.com/sagenealogie/ Lede
> wat aangeleenthede wil opper wat nie van 'n suiwer genealogiese aard is nie,
> word versoek om dit nie op die poslys te doen nie, maar dit liefs van die
> lys af direk aan die betrokkene te stuur. Probleme, klagtes en voorstelle
> vir verbetering moet gestuur word aan:
> SAGenealogie-owner@yahoogroups.com
>
> Besoek ons webblad by:
> http://www.geocities.com/sagenealogie/
>
> Yahoo! Groups Links
>
>
>
>

16. Nicolaas Ferreira
Posted by: "bvonehrenberg" bvonehrenberg@yahoo.com   bvonehrenberg
Mon Sep 15, 2008 1:48 pm (PDT)
Beste Gina

Baie dankie vir die inligting.

Groete
Babs von Ehrenberg

17.1. Begrafnisbriewe
Posted by: "Fanie Blignaut" blikkies@mabonline.co.za   blignautfanie
Mon Sep 15, 2008 2:13 pm (PDT)
Naand Vriende,

Die volgende BB is op Fotki gelaai, gekry by Hennie Steyn, GGSA
Vaaldriehoektak lid:

Boshoff, Elizabeth Maria 1931 + 2008; Marnewick, Douwlien 1931 + 2008 en
Otto, Johannes Lodewikus 1955 + 2008.

Groete,

Fanie Blignaut,

Vanderbijlpark.

18a. Re: DNA GENEALOGIE - Martina en ander mtDNAers
Posted by: "Ina P" diepennies@gmail.com   inapenberthy
Mon Sep 15, 2008 2:43 pm (PDT)
Christo,

Uitstekende idee! Ek het my mtDNA resultate deur die National Geographic projek laat doen en ek kan my moederlyn terugvoer na Catharina Cornelis en haar moeder Catrijn van Malabar. Daar bestaan egter nog heelwat onsekerheid rondom Catharina Cornelis se familieverwantskappe, so dit sal wonderlik wees as ek my mtDNA resultate kan vergelyk met die van Catrijn se ander dogters se vroulike afstammelinge.

Ina Penberthy

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 3419

Datum:  Wednesday, September 17, 2008

Daar is 14 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:


1. [Koeant] Sunday Tribune  14 September 2008. From: aletta magrieta.quebbemann
2. (Koerant) Beeld 16 Sep. 2008 From: Fanie Blignaut
3a. Re: Kriel-Cilliers From: Viljoen, HC
3b. Re: Kriel-Cilliers From: Elmarie Weyers
4. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 16 Sept 2008 From: P Marx
5. Claassens opkyk asb? From: Alta Roux
6. van Eeden naslaan asb From: Alta Roux
7. OUDTSHOORN COURANT: vir aandag Bonnie Sydow From: alta le roux
8. Krugers Memoirs From: Jacques BENADIE
9. HCV LEIBBRANDT - DIGITALE BOEKE From: Daniel Jacobs
10. Anna Jacomina Barbara Delport From: Gina Shepherd
11a. Help - Daniel Renier De Lange From: Chris
12. HAVENGA - Johannes Petrus From: BD Leach
13. Ou telefoongidse : Sasolburg & Vanderbijlpark From: bvonehrenberg


1. [Koeant] Sunday Tribune  14 September 2008.
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za   alettaqea9fac
Mon Sep 15, 2008 10:48 pm (PDT)
Dag vriende,

QUICKQUIP:- " Die enigste twee probleme wat verdwyn as jy dit lank genoeg ignoreer , is sneeu en jou kinders se tienerjare. " Earl WILSON.

GEBOORTES:- WILSON nee HEMING Victor & Tracey 'n seun Kian Buchanan * 8 Sept 2008 in Sandton Clinic. Kleinkind vir Roz & Errol.

VERLOWINGS:- COLLINS -WRIGHT Kevin & Bev en Robin & Merle gee verlowing bekend van Tracey aan Gareth.

HULLEY- ROGERS Mike ,Sharleen, Glenn & Carol maak verlowing bekend van Sean en Ashleigh.

MCLEOD Kim & Shirley se oudste seun Gavin aan Diane, enigste dogter van Pieter & Jenny GENT.

VAN NIEKERK Anton & Heather se dogter Welmain aan Shaun , seun van Kevin & Yvonne PAIGE.

WILLIAMS Trevor & Marilyn se dogter Tamlyn aan Michael, seun van Albert & Rachel DENNEKAMP.

DOOD:- COLSON KNOLL GARTH † 9 Sept 2008 in Centurion. Onthou deur Liezl, Kirsten , René en Pam.

GORE Kenneth Walter † 11 Sept 2008 van ex Turner Shipping en ex Natal Krieket Union . Memorial by Bluff Methodiste Kerk op 16 Sept 2008 om 2.30 nm . Ingesit deur OAKLEIGH 031 20505995.

KNOLL Garth Colson † 10 Sept 2008 . Begrafnis in Centurion Pretoria.

DOVE Ruth † 1 Sept 2008 in Somerset Wes. x Aubrey. Ma van Jill en Theo en † Peter. Ouma van 6. Sal onthou word deur Veryll. vonk-adres .> kingdom.network@telkomsa.net < .

FULLER Graham Desmond 31 Julie 1949 -----11 Sept 2008 . Liefde van Sunshine en Pa. Ook van Cherie, Justin, Claire en Daniel. .TEL:-Louise 031 7670352.

KIDGELL Charles Cromwell † 10 Sept 2008 . Sal gemis word deur Charles, Louisa, en Alan, Fred, en Christine, George en Inge, James en Priscilla. Oupa van Eric, Natalie, Brigitte, Nathan, Shanlee, Larkin en Jarrod.

REID Thomas Neville 05 Okt 1969 -----09 Sept 2008 . Simpatie aan REID familie van Sam en familie. Broer van Gavin swaer van Samantha en oom van Kirsten en Aiden.

RONQUEST Ann † 11 Sep 2008.(91 jaar) Gemis deur Roy ,Jan Klein en agterkleinkinders.

SIMPSON George Robert x Mandy vir 34 jaar . Pa van Bradley & Kyle . [2de berig] . Van Ma (Beryl), Karen, Lorraine, Taryn, Jodi, Greg en Ruby, Greg , Sarah en Calla, Dee en Robin . Memorial by The New Coenant Fellowship Church Montclair op 16 Sept 2008 om 3nm. epos- > robin@rjmbrokers.co.za <.

STRYDOM Shawn. Van vriende en Jessica.

MEMORIAM:- BROWN Gilbert William † 10 Sept 2007 x Laurel.

CUBITT Chris 14 Sept 1989 ----- † 02 April 2001 . Sou nou 19 jaar gewees het .Van Ouers en Jen.

CLAYTON Vic .13 jaar dood nou. Onthou deur Irene en Victor.

DICKERSON Sheldon . Onthou deur Grootouers Ben & Joy. Ook Ray , Gail , Tristan en Tarryne.

FISHER Basil Clifford † 14 Sept 2006. x Jean ,kinders en kleinkinders . Ook van vriend Robbie.

FLANDERS Dennis x Eileen. Pa ,oupa en oupagroot.

LYNCH Clifford John 15 Feb 1910 -----19 Sept 1945
LYNCH nee COLLINS Elsie Doris 16 Maart 1909 ----10 Sept 1958 . Ouers van Yvonne CHISLETT en Colleen CROSSLEY.

MORGAN Liz † 10 Sept 2001. Onthou deur familie ,Jon, Felicity , Jeremy, Henry, Stuart, James, Karen, Oliver, Emily, George, Missy en Harry.

ROOKS Gwen Helga. 10 jaar dood nou. Onthou deur Ouers, Jade en al die familie.

SCHNOOR Lyn 4 jaar dood nou. Vrou en ma van Rodney , Julie en Sarah. Ook van Pam.

SCHWEGMANN Dawn. Op verjaardag word an jou gedink x Gary.Ma van Glenda.

VOLZON Razia 15 Sept 1966 ----14 Sept 2003.Vrou en ma van Craig , Carmen en Rochelle.

WADSWORTH John † 14 Sept 2006 x Lorraine. Pa van Rowena OVI en dogters ,Ashlé en Yossi, Frank ,Erico en dogters , Ronnie en Peter.

WITTSTOCK Wilf x Elaine.

Gegroet uit Durban waar die kraaie behoorlik gegaap het van die hitte vanoggend . Skoon oop lug vannag sover .
Rita Quebbemann.

2. (Koerant) Beeld 16 Sep. 2008
Posted by: "Fanie Blignaut" blikkies@mabonline.co.za   blignautfanie
Mon Sep 15, 2008 11:01 pm (PDT)
CHRISTIE; Shannon * 28/07/2008. Antionette CHRISTIE kontak dringend vir {Me} G HANEKOM by 082-548-1184 oor aanneming van Shannon. (Beeld - 16/09/2008)

LEWIS; John Davies * 25/03/1932 + 13/09/2008. Eggenoot van Olga en vader van Michael en Brenda. Kontak: Brenda 016-932-3906. (Beeld - 16/09/2008)

OOSTHUIZEN; Emmerentia, ID-411127 0062 087 kontak dringend vir Gideon OOSTHUIZEN, ID-430711 5091 089, by 014-597-9429, ivm egskeiding. (Beeld - 15, 16/09/2008)

Groete,

Fanie Blignaut (Blikkies),

Vanderbijlpark,

Gauteng provinsie.

3a. Re: Kriel-Cilliers
Posted by: "Viljoen, HC " hcv@sun.ac.za   hc_viljoen
Tue Sep 16, 2008 12:30 am (PDT)
Beste Erik en Elmien,
Daar is al gesoek na die vermiste oupagrootjie in die Robertson, Worcester en Swellendam doopregisters, sonder enige sukses.Ek het SAG deurgesoek vir Kriel, Cilliers en Joubert, maar niks gekry wat naasteby pas by die voorname Gordon Paul Joubert Kriel nie.

Soos jy noem, Erik, het DNA toetse die waarskynlikheid dat hy 'n manlike Kriel voorsaat het, met 'n redelike groot waarskynlikheid uitgeskakel, al was sy oupa as 'n Kriel gedoop (aangeneem?).
Hy vertel dat 'n ou tante van hom glo heeltemal ingelig was oor die "familiegeheim", maar tot haar onlangse dood absoluut geweier het om met enigiemand daaroor te praat. So gaan waardevolle familiegeskienis verlore; mens kan tog nie verander aan jou voorsate en hulle doen en late nie.... (en daar is baie families met 'n paar geraamtes in die kas). Ek het dikwels met my genealogiese navorsing gevind dat bepaalde families géén inligting wil verskaf nie aangesien ek "net daarop uit is om familieskandes te openbaar....", ten spyte van 'n versekering dat ek net dit sal openbaar waartoe hulle instem.
Dus sit hy met 'n foto van sy oupagrootjie sonder om te weet wie dit was. Hy het die foto laat plaas in die Robertson, Montagu en Breërivier streekskoerante met die hoop dat iemand na vore sal kom wat die persoon herken, maar die resultaat was nul.
Laat ons hoop dat hy die raaisel sal oplos en berusting kry.
Groete
Christo

----------------------------------------------------------
Posted by: "Erik Kriel" erikk@mintek.co.za fh_kriel
Mon Sep 15, 2008 2:08 am (PDT)
Dagse almal
Ek en Helena het ook al met hom gekommunikeer. Helena (Garner) wat die KRIELle doen het probeer uitpluis of hy 'n KRIEL is. Ek het my Y-DNA met syne vergelyk - ons is nie 'n match nie, so ons weet hy is nie 'n biologiese KRIEL nie (maar dan weer, dalk is ek nie een nie ;o).
Hierdie uitpluis van sy voorgeslagte gaan nie so maklik wees nie - maar dalk kom iemand met 'n blink plan na vore.
Groete
Erik Kriel
----------------------------------------------------------
Posted by: "Elmien Wood" woodem@mweb.co.za
Sat Sep 13, 2008 7:03 am (PDT)
Christo
Wat is die moontlikheid dat Gordon Paul Joubert Kriel se pa Gordon Paul Joubert was? Of dalk net Paul Joubert?
Ek verbeel my Paul is 'n algemene naam onder die Jouberts.
Mens sal die Kriel kwartielstaat moet doen om vas te stel of Gordon Paul 'n familienaam onder die Kriels is.
Andersins moet 'n mens in die Robertson doopregisters kyk wie het Gordon Paul laat doop en wie was die getuies.
Groete
Elmien

3b. Re: Kriel-Cilliers
Posted by: "Elmarie Weyers" elmariew@potch.co.za   elmarie_w
Tue Sep 16, 2008 10:54 am (PDT)
Beste Christo

Ek het vinnig in die Takbiblioteek van die Noordwestak (Potch Museum)

gaan loer na die geslagsregister: "Die Jouberts in Suid-Afrika 1688 - 2008" deur P.G. Joubert wat pas verskyn het. Ongelukkig kon ons geen verwysing na die voorname Gordon Paul Joubert Kriel kry nie - ongeag watter kombinasie ons ookal probeer het nie.

Die hoop beskaam nie.

Groete

Elmarie Weyers

Potchefstroom Museum

________________________________

4. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 16 Sept 2008
Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za
Tue Sep 16, 2008 7:15 am (PDT)
Sterfgevalle
BELLINGAN, Colin (Jakkals). +Vrydag 12 Sept 2008. Broers, susters, kinders. Begrafnisdiens
Vrydag 19 Sept 2008 10:00 NG Kerk Eendrag, Despatch. Navrae: 041 367 2343
(Die Burger Oos-Kaap 16/09/2008)

FOURIE, Stephanus Petrus (Fanie) (SP). +Saterdag 13 Sept 2008 69 jaar. Eggenote, kinders,
kleinkinders, agterkleinkind. Roudiens Donderdag 18 Sept 2008 11:00 NG Kerk Bothasrus-gemeente,
Despatch. Verassing privaat. (Die Burger Oos-Kaap 16/09/2008) Esmé Groenewald AVBOB 041 922 8066

TALJAARD, Monté. +Sondag 14 Sept 2008 in Kaapstad. Innige meegevoel met Sydney, Michelle en Beth.
Skoolhoof en personeel Laerskool Lorraine. (Die Burger Oos-Kaap 16/09/2008)

OLIVIER, Johann. +Dinsdag 09 Sept 2008. Ouers, ouma. Begrafnisdiens Woensdag 17 Sept 2008 14:30
NG Kerk, Joubertina. (Die Burger Oos-Kaap 16/09/2008) Helene Schreiber Oudtshoorn Begrafnisdienste
041 273 2425

SMIT, Ophelia. (Klipplaat). +Sondag 14 Sept 2008. Kinders, kleinkinders, agterkleinkinders. Roudiens
Donderdag 18 Sept 2008 12:00 Waltonpark Aftreeoord, Admiraltyweg. Verassing privaat.
(Die Burger Oos-Kaap 16/09/2008) Alfred Jones AVBOB Port Elizabeth 041 484 2731

VOGEL, Amanda. +Sondag 14 Sept 2008. Eggenoot Ronnie, seun Ronald, skoondogter Charlotte,
kleinkinders Kelly-Ann en Ronald (Boetie). Begrafnisdiens Woensdag 17 SEpt 2008 14:00 NG kerk Retief,

Despatch. (Die Burger Oos-Kaap 16/09/2008) Esmé Groenewald AVBOB Uitenhage 041 922 8066

ZAAIMAN, Nelie. +Sondag 14 Sept 2008. Eggenoot, kinders, kleinkinders. Verassingsdiens
Donderdag 18 Sept 2008 14:00 Evangelies Gereformeerde Kerk, Kabegapark. Verassing privaat.
(Die Burger Oos-Kaap 16/09/2008) Jan Ackerman Algoa Begrafnisdienste 041 484 5748

In Memoriam
DE VOS, Pieter Lourens. Dinsdag 16 Sept jou eerste verjaarsdag in die Hemel. Iris, kinders,
kleinkinders. (Die Burger Oos-Kaap 16/09/2008)

Hester Marx Loerie

5. Claassens opkyk asb?
Posted by: "Alta Roux" rroux@yebo.co.za   genealogiefreak
Tue Sep 16, 2008 10:02 am (PDT)
Lysteraars
Sal iemand met 'n Claassens-boek asseblief vir my iets naslaan?

Ek het Salmon Claassens *ca 1879 x9.1.1901 Wilhelmina Johanna Pieters *ca 1881.
1. Wilhelmina Mathea Johanna *21.10.1909
2. Salomon *26.3.1919

Dis al wat ek het. Is daar dalk meer in die Claassens-boek?
BVD
Alta van Kinross

6. van Eeden naslaan asb
Posted by: "Alta Roux" rroux@yebo.co.za   genealogiefreak
Tue Sep 16, 2008 10:02 am (PDT)
Nog 'n naslaan asseblief?

Hermanus Theodorus Steyn van Eeden x Aletta Maria Johanna Pieters *ca 1877
1. Hermanus Theodorus Steyn *7.9.1911
2. Hermanus Bernardus *17.9.1916

Weereens is dit al wat ek het. Is daar dalk meer in die Van Eeden-boek?

BVD
Alta van Kinross

7. OUDTSHOORN COURANT: vir aandag Bonnie Sydow
Posted by: "alta le roux" altaler@odn.co.za
Tue Sep 16, 2008 10:03 am (PDT)
Die volgende berig het in die Oudtshoorn Courant van Saterdag, 26 Januarie 1963 verskyn.

Alta le Roux
altaler@odn.co.za
Posbus 1138, OUDTSHOORN, 6620
Tel. 083 996 0676 / 044 272 2271 (h) / 044 272 3676 (w)

"NURSE" GELDENHUYS OORLEDE
IN OUDERDOM VAN 85 JAAR

Die alombekende Tant Annie Geldenhuys - baie mense het haar geken as "Ouma" of "Nurse" Geldenhuys - is Donderdagmôre aan haar woning te Jan van Riebeeckweg 119 in die ouderdom van 85 jaar en 11 maande oorlede.
Tant Annie was op 'n plaas in die distrik gebore op 5 Februarie 1877. Sy was 'n nooi Strydom en het later in die huwelik getree met Mnr. S. W. Geldenhuys van Oudtshoorn, Hy het haar alreeds 38 jaar gelede ontval.
Uit hule huwelik is daar 10 kinders (6 seuns en 4 dogters) gebore. Almal leef nog. Daar is ook 39 kleinkinders en 40 agterkleinkinders.
Tant Annie was 'n opgeleide vroedvrou en het jarelank saam met 'n plaaslike geneesheer gewerk. Sy het ook private verpleging gedoen voordat Oudtshoorn 'n kraaminrigting gekry het.
Vir die afgelope vier maande was sy siek en vir die laaste twee maande bedlêend.
Die begrafnis vind Sondag om 3.30 vanuit die NG Kerk Odn-Wes plaas.
................................................................................
................................................................................
...........................................................................

(Oudtshoorn Doopindekse: Doopnr. 5868 Anna Margaretha Christina Strydom, *5 Feb 1877)

8. Krugers Memoirs
Posted by: "Jacques BENADIE" jaqb64@gmail.com   jaqbenadie
Tue Sep 16, 2008 10:07 am (PDT)
Die boek 'Krugers Memoirs' is nou ook beskikbaar as 'n 1.1mb leër. Dit was voorheen beskikbaar as 90Mb

Klik hier :
http://www.archive.org/details/KrugersMemoirs

--
Jaq BENADIE
PO Box 2337, Pinetown, 3600
Ph 031 - 708 3746
Fax 0865 197 978
jaqb64@gmail.com

9. HCV LEIBBRANDT - DIGITALE BOEKE
Posted by: "Daniel Jacobs" danielmalanjacobs@gmail.com
Tue Sep 16, 2008 11:04 am (PDT)
Beste Vriende
By http://www.archive.org/search.php?query=cape%20of%20good%20hope&page=1 is 'n groot hoeveelheid digitale kopieë van HCV Leibbrandt se Precis. Vir diegene wat dalk nie weet nie - dit is van baie groot waarde vir kultuurhistoriese navorsing (die vleis wat ons aan die geslagregister-geraamtes probeer sit!). Sien ook my webtuiste by www.gendata.co.za onder *Gratis Data* vir die aflaai van indekse wat Karel Schoeman op van die betrokke publikasies opgestel het.
Groete
Daniel Jacobs www.gendata.co.za

10. Anna Jacomina Barbara Delport
Posted by: "Gina Shepherd" g-shepherd@mweb.co.za   gina9712
Tue Sep 16, 2008 11:55 am (PDT)
Groete Lyslede,

Ek is op soek na inligting vir Anna Jacomina Barbara Delport, *7 Feb 1857 ?6 Sept 1953. Sy was getroud met Johan(n) Nicolaas Raubenheimer.

Sy is my ouma-grootjie Raubenheimer se ma. Ek wil graag weet waar sy by die Delport familie inpas. Ek het na Delport in SAG gekyk, maar kry niks wat by di? spesifieke naam kombinasie en datum pas nie.

Die eerste keer wat Anna en Barbara voorkom is Anna Barbara Botha wie getroud is met Volckert Johannes Delport(b3c14d7). Hulle het ?n dogter gehad, ook Anna Barbara, maar die geboortedatum is 1844. Dit is ?n groot verskil van 1857.

Hulle tweede seun is genoemd Volkert Johannes Petrus Lucas *12 Aug 1819 x Geertruyda P. Botha (xx Johanna Rachel C Bam). Hulle kinders word nie genoem nie.

Wat my verder laat dink dat hierdie egpaar korrek is, is die feit dat Ouma Anna Jacomina Barbara end Oupa Johan Nicolaas Raubenheimer se derde kind was Folckers Johannes * 8 Sept 1881. Dit lyk nou vir my sommer baie soos Volckert / Volkert.

Kan ieman ?n bietjie lig op hierdie raaisel skyn?

Dankie en Groete

Gina Shepherd

11a. Help - Daniel Renier De Lange
Posted by: "Chris" henrye@mweb.co.za   bosschris100
Tue Sep 16, 2008 12:01 pm (PDT)
Enige hulp sal waardeer word om die de lange en marais stambome met betrekking

Tot my skoonpa saam te stel

My skoonpa is Daniel Renier De Lange gebore 24/9/1938

Hy was een van 9 kinders

Sy pa Johannes George De Lange is ongeveer 1943 oorlede

Hulle was van distrik Wepener

Sy ma was Magriet ? Marais

Haar broer was ds Willie Marais wat werksaam was by Teologiese Skool Pretoria

Dankie

Chris Bossert

12. HAVENGA - Johannes Petrus
Posted by: "BD Leach" bleach@lantic.net   bdleach19490515
Tue Sep 16, 2008 12:49 pm (PDT)
Beste lede,

Kan iemand my dalk help met die ma van Johannes Petrus HAVENGA*26-2-1881 . Sy pa was Johannes Gysbertus* ca. 1852 maar ek kry nie sy ma nie. Johannes Gysbertus*ca. 1852 se broer, Christiaan Adriaan*1854 was die pa van die bekende politikus Klasie Havenga.

groete en dank,
barend leach

13. Ou telefoongidse : Sasolburg & Vanderbijlpark
Posted by: "bvonehrenberg" bvonehrenberg@yahoo.com   bvonehrenberg
Tue Sep 16, 2008 1:24 pm (PDT)
Goeienaand
Weet iemand moontlik waar 'n mens ou telefoongidse (1968-1970) kan vind vir Sasolburg & Vanderbijlpark ? Ek het al die openbare bib op Sasolburg probeer maar hulle beskik nie daaroor nie. Ek het ook navraag gedoen by die Vrystaatse Argief en die Nasionale Biblioteek in Pretoria maar

hulle kon ook nie help nie.

Babs von Ehrenberg

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 3420

Datum: Wednesday, September 17, 2008 22:32

Daar is 25 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:


1a. Re: Ou telefoongidse : Sasolburg & Vanderbijlpark From: Dennis Pretorius (LT)
1b. Re: Ou telefoongidse : Sasolburg & Vanderbijlpark From: Ann Tiran
1c. Re: Ou telefoongidse : Sasolburg & Vanderbijlpark From: Ann Tiran
1d. Ou telefoongidse : Sasolburg & Vanderbijlpark From: bvonehrenberg
1e. Ou telefoongidse : Sasolburg & Vanderbijlpark From: bvonehrenberg
1f. Re: Ou telefoongidse : Sasolburg & Vanderbijlpark From: Ann Tiran
2. (Koerant) Beeld 17 Sep. 2008 From: Fanie Blignaut
3a. Re: Claassens opkyk asb? From: Elmarie Weyers
4a. Re: van Eeden naslaan asb From: Elmarie Weyers
5. [koerant]Die Republikein 2008 09 17 Dias se seegraf From: Louis Olivier
6. [koerant]Die Republikein 2008 09 17 From: Louis Olivier
7. [DNA-NEWBIE] Family Tree DNA's offices From: Karin Serfontein
8. Mondig? From: Elizabeth Oberholster
9a. Smit hulp asb From: Elizabeth Oberholster
9b. Re: Smit hulp asb From: Chris
9c. Re: Smit hulp asb From: Elizabeth Oberholster
10a. Legacy - Afrikaanse weergawe From: alta le roux
10b. Re: Legacy - Afrikaanse weergawe From: Johann Hanekom
11. VANDAG IN DIE GESKIEDENIS - TAFELBAAI HAWE EN MARIE BESKUITJIES From: Daniel Jacobs
12a. Re: Margaretha Brits (vir Alta Roux) From: Trienie Fourie
13. Leukodistrofie From: Wynand Bezuidenhout
14. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 17 Sept 2008 From: P Marx
15. Ertjies Bezuidenhout From: Wynand Bezuidenhout
16a. leukodistrofie From: Ann Tiran
16b. Re: leukodistrofie From: Wynand Bezuidenhout


1a. Re: Ou telefoongidse : Sasolburg & Vanderbijlpark
Posted by: "Dennis Pretorius (LT)" krugersdorp@pixie.co.za dennis_pretorius
Tue Sep 16, 2008 9:17 pm (PDT)
Hallo Babs

Die enigste plek wat moontlik kan help is die LDS biblioteek in Parktown - hulle het sekere van die ou telefoongidse op mikrofilm

Miskien sal die 1972 Kieserslys ook vir jou die antwoorde gee waarna jy soek - dit is in die Nasionale Argief in pretoria beskikbaar in gedrukte vorm

Groetnis

Dennis Pretorius ----- Krugersdorp, S A
Home Tel / Huis Tel: +27-11-769-2400 Office /Kantoor: _+27-11-953-3727

Cel / Sel: +27-83-679-8541 Fax/Faks +27-86-609-8541
----- Original Message -----
From: bvonehrenberg
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Tuesday, September 16, 2008 10:24 PM
Subject: [SA-Gen] Ou telefoongidse : Sasolburg & Vanderbijlpark

Goeienaand
Weet iemand moontlik waar 'n mens ou telefoongidse (1968-1970) kan vind vir Sasolburg & Vanderbijlpark ? Ek het al die openbare bib op Sasolburg probeer maar hulle beskik nie daaroor nie. Ek het ook navraag gedoen by die Vrystaatse Argief en die Nasionale Biblioteek in Pretoria maar hulle kon ook nie help nie.

Babs von Ehrenberg

------------------------------------

SAGenealogie is 'n poslys vir die bespreking van genealogiese en genealogies-verwante aangeleenthede alleenlik, onderhewig aan die voorwaardes soos uitgespel by http://www.geocities.com/sagenealogie/ Lede wat aangeleenthede wil opper wat nie van 'n suiwer genealogiese aard is nie, word versoek om dit nie op die poslys te doen nie, maar dit liefs van die lys af direk aan die betrokkene te stuur. Probleme, klagtes en voorstelle vir verbetering moet gestuur word aan: SAGenealogie-owner@yahoogroups.com

Besoek ons webblad by:
http://www.geocities.com/sagenealogie/

Yahoo! Groups Links

1b. Re: Ou telefoongidse : Sasolburg & Vanderbijlpark
Posted by: "Ann Tiran" anntiran@polka.co.za anntiran
Wed Sep 17, 2008 12:48 am (PDT)
Sal hoor of my mammie nog oues het wat sy vir jou kan gee.

annatjie

_____

From: SAGenealogie@yahoogroups.com [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On Behalf Of bvonehrenberg
Sent: 16 September 2008 10:24 PM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] Ou telefoongidse : Sasolburg & Vanderbijlpark

Goeienaand
Weet iemand moontlik waar 'n mens ou telefoongidse (1968-1970) kan vind vir Sasolburg & Vanderbijlpark ? Ek het al die openbare bib op Sasolburg probeer maar hulle beskik nie daaroor nie. Ek het ook navraag gedoen by die Vrystaatse Argief en die Nasionale Biblioteek in Pretoria maar hulle kon ook nie help nie.

Babs von Ehrenberg

1c. Re: Ou telefoongidse : Sasolburg & Vanderbijlpark
Posted by: "Ann Tiran" anntiran@polka.co.za anntiran
Wed Sep 17, 2008 11:39 am (PDT)
Hallo Babs

Mams het ongelukkig al die ou gidse uitgegooi. Ek het egter 'n Vaaldriehoek Gids van 1995-96 as dit sal help. Wie soek jy.

Groete

annatjie

1d. Ou telefoongidse : Sasolburg & Vanderbijlpark
Posted by: "bvonehrenberg" bvonehrenberg@yahoo.com bvonehrenberg
Wed Sep 17, 2008 12:31 pm (PDT)
Hallo Annatjie, baie dankie vir jou moeite. Ek soek na alle Ferreiras in Sasolburg & Vanderbijlpark gedurende die tydperk 1968-1970. Voorletters & straatadresse. Groete, Babs

1e. Ou telefoongidse : Sasolburg & Vanderbijlpark
Posted by: "bvonehrenberg" bvonehrenberg@yahoo.com bvonehrenberg
Wed Sep 17, 2008 12:38 pm (PDT)
Hallo Dennis, baie dankie vir jou voorstelle. Ek sal dit opvolg. Ek is 'n nuwe lid van hierdie groep en dit lyk vir my na 'n wonderlike kol-lektiewe brein wat 'n mens kan opklop! Groete, Babs

1f. Re: Ou telefoongidse : Sasolburg & Vanderbijlpark
Posted by: "Ann Tiran" anntiran@polka.co.za anntiran
Wed Sep 17, 2008 12:41 pm (PDT)
Sal vir jou kyk

2. (Koerant) Beeld 17 Sep. 2008
Posted by: "Fanie Blignaut" blikkies@mabonline.co.za blignautfanie

Tue Sep 16, 2008 11:21 pm (PDT)
LE ROUX; Willem en Susan. Begrafnisdiens: NG Kerk, Moreletapark, Rubensteinweg, Pretoria, 19/09/2008, 14:00 # Pretoria-Oos Begraafplaas. (Beeld - 17/09/2008) Sonja Smith Begrafnisgroep, Pretoria, 012-993-2807.

LEWIS; John Davies * 25/03/1932 + 13/09/2008. Eggenoot van Olga en vader van Michael en Brenda. Kontak: Brenda 016-932-3906. (Beeld - 16, 17/09/2008)

OOSTHUIZEN; Emmerentia, ID-411127 0062 087 kontak dringend vir Gideon OOSTHUIZEN, ID-430711 5091 089, by 014-597-9429, ivm egskeiding. (Beeld - 15, 16, 17/09/2008)

Groete,

Fanie Blignaut (Blikkies),

Vanderbijlpark,

Gauteng provinsie.

3a. Re: Claassens opkyk asb?
Posted by: "Elmarie Weyers" elmariew@potch.co.za elmarie_w
Wed Sep 17, 2008 1:56 am (PDT)
Beste Alta

Ek kry die volgende inligting in die familieregister: Die Claas(s)en Afstammelinge in Suid-Afrika Deel 1 (pp. 568 - 571):

f9 Salomon CLAASSEN *Winburg 18.11.1878 ~Brandfort, OVS 26.01.1879 X Wilhelmina Johanna PIETERSE (d.v. Hermanus Bernardus PIETERSE & Cornelia Susanna JOOSTE)

g1 Cornelius Johannes Christiaan (Corrie) CLAASSEN *27.11.1902 ~Kroonstad 10.01.1903 +17.02.1982 (MHG 2742/82 ) X Kimberley, Anna Magdalena Sophia ACKERMAN (d.v. Hermanus Christoffel ACKERMAN & Anna Magdalena Sophia VAN DER MERWE) *Heidelberg Tvl. 05.02.1909 + Klerksdorp 25.08.1985 (MHG 11612/85)

g2 Hermanus Bernardus CLAASSEN *31.01.1906 ~Kroonstad 04.03.1906 X Viljoenskroon 18.02.1928 Maria Elizabeth (Babs) COMBRINCK (d.v. Andries Willem COMBRINCK & Maria Elizabeth NN) * Prins Albert 09.12.1902 + Pretoria 09.01.1999

g3 Wlihelmina Mathea Johanna CLAASSEN *21.10.1909 ~ Steynsrus OVS 13.06.1915

g4 Salomon CLAASSEN *26.03.1919 ~Steynsrus OVS 01.06.1919 +Viljoenskroon 16.09.1973 X geskei Elizabeth HEndrina (Bettie) Crous * Viljoenskroon 18.11.1915 XX Klerksdorp JohAnna Jacomina SCHOLTZ

g5 Jacobus Hendrik (Koos/Kotie) CLAASSEN *c.a. 1921 X Viljoenskroon 19.06.1943, geskei Maria Magdalena (Mara) Kemp * c.a. 1927

Indien jy meer inligting verlang, kontak my gerus.

Groete

Elmarie Weyers

Sekretaresse

GGSA Noordwestak (Takbiblioteek)

---

From: SAGenealogie@yahoogroups.com [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com]
On Behalf Of Alta Roux
Sent: 16 September 2008 06:45 PM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] Claassens opkyk asb?

Lysteraars
Sal iemand met 'n Claassens-boek asseblief vir my iets naslaan?

Ek het Salmon Claassens *ca 1879 x9.1.1901 Wilhelmina Johanna Pieters
*ca 1881.
1. Wilhelmina Mathea Johanna *21.10.1909
2. Salomon *26.3.1919

Dis al wat ek het. Is daar dalk meer in die Claassens-boek?
BVD
Alta van Kinross

4a. Re: van Eeden naslaan asb
Posted by: "Elmarie Weyers" elmariew@potch.co.za   elmarie_w
Wed Sep 17, 2008 3:48 am (PDT)
Beste Alta

Ek het die volgende inligting in die familieregister: Van Eede(n) Van
Ede(n) families p.150 gevind:

h4 VAN EEDEN, Hermanus Theodorus Steyn *Swellendam 1879.10.12
+Steynsrus 1961.12.02; boer van Zevenfontein tydens huwelik,
waterboorkontrakteur X 1904.08.08 NG Kerk, Kroonstad : PIETERS,
Aletta Maria Johanna *dist. Steynsrus 1882.01.08 +Steynsrus 1969.06.27;
jongedogter van Trutersdal met huwelik.

i1 VAN EEDEN, Wilhelmina Johanna *Steynsrus 1905.03.02 ~Kroonstad
1905.04.02 X NEL, Louis Daniel *??1904

i2 VAN EEDEN, Elsie Sophia *Steynsrus 1908.05.04 ~Kroonstad 1908.07.05
X Sevenster, WESSEL

i3 VAN EEDEN, Hermanus Theodorus Steyn *Steynsrus 1911.09.07

+Bloemfontein 1978.07.31; waterboorkontrakteur X 1942.03.21
Viljoenskroon : SCHOEMAN, Maria Petronella *Steynsrus 1922.09.27; klerk
(d.v. Schoeman, Abel Daniel & Van Aarde, Aletta Cornelia Wilhelmina)

i4 VAN EEDEN, Hermanus Bernardus *Steynsrus 1916.09.17 +Potchefstroom
1960.12.23; motorwerktuigkundige X Redelinghuys, Cornelia Maria
*1909.04.17

Benodig jy inligting rakende bogenoemde se kinders? Kontak my gerus
aflyn.

Groete

Elmarie Weyers

GGSA Noordwestak (Takbiblioteek)

________________________________

From: SAGenealogie@yahoogroups.com [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com]
On Behalf Of Alta Roux
Sent: 16 September 2008 06:48 PM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] van Eeden naslaan asb

* Nog 'n naslaan asseblief?

Hermanus Theodorus Steyn van Eeden x Aletta Maria Johanna Pieters *ca
1877
1. Hermanus Theodorus Steyn *7.9.1911
2. Hermanus Bernardus *17.9.1916

Weereens is dit al wat ek het. Is daar dalk meer in die Van Eeden-boek?

BVD
Alta van Kinross

5. [koerant]Die Republikein 2008 09 17 Dias se seegraf
Posted by: "Louis Olivier" lm.olivier@gmail.com
Wed Sep 17, 2008 4:20 am (PDT)
*
http://www.republikein.com.na/politiek-en-nasionale/dias-se-seegraf-geheime-dalk-oop.73196.php
*
*17.09.2008*
Dias se seegraf-geheime dalk oop
DIE raaisels agter een van die grootste geskiedkundige en argeologiese
ontdekkings in Afrika besuide die Sahara, die antieke Portugese skatskip wat
op 1 April op Oranjemund gevind is, behoort volgende week opgelos te wees
wanneer die media vir die eerste keer toegelaat sal word om die toneel te
besoek.

Teen gister was die aanduidings sterk dat die skeepswrak van Oranjemund wel die laaste rusplek kan wees van die ontdekkingsvaarder Bartolomeu Dias wat in 1500 in die Atlantiese Oseaan vergaan het.

Saam met die ongekende opgewondenheid oor die jongste nuus rondom die skeepswrak, bestaan daar op Oranjemund bespiegelinge dat 'n internasionale soektog van stapel gestuur is na Dias se tweede marmerkruis wat by die monding van die Oranje-rivier geplant is.

Dié tweede kruis is tydens Bartolomeu Dias se voorlaaste seereis op 24 Augustus 1488 by Angra das Voltas geplant. Indien wetenskaplikes hierdie stukkie geskiedenis kan bevestig, sal dit meebring dat alle geskiedenisboeke herskryf moet word aangesien geskiedskrywers vandag nog glo dat Angra das Voltas een en dieselfde plek as Lüderitz is.

Uit ondersoek blyk dit egter nou dat Angra das Voltas wel die monding van die Oranje-rivier is en dat Dias sy wêreldbekende kruis by Angra Pequena (Lüderitz) reeds tydens sy vaart na Asië op 13 of 14 November 1487 geplant het en nie op sy terugvaart nie. Die Lüderitzkruis staan nou bekend as die Padrao Santiago, terwyl die Oranjemund Padrao geen naam of inskrywings gehad het nie.

Net so is die internasionale soekgeselskap op Oranjemund besig om die moontlikheid te ondersoek dat die wrakstukke van 'n tweede Portugese skip vanjaar ontdek is. Die hoofmas van 'n skip is skynbaar voor die ontdekking van die skatskip naby Affenrükken ontdek en dié mas behoort nie aan die ontdekte skeepswrak nie.

Wetenskaplikes bespiegel nou dat dié mas aan 'n skip behoort wat deur Bartolomeu Dias op Oranjemund agtergelaat is weens stormskade. Hierdie voorraadskip het onder bevel van Dias se broer, Diogo, gestaan en kon nie die terugvaart na Portugal voltooi nie.

Dit is op Oranjemund gelaat om te vergaan. Al hierdie vrae en ook die raaisels rondom die inhoud van die skeepswrak wat op 1 April deur 'n mynwerker, mnr. Kaapanda Shatika, ontdek is, sal egter eers aanstaande week beantwoord kan word.

Die Ministerie van Inligting en Kommunikasietegnologie het gister in 'n nuusvrystelling gesê daar word geglo dat die wrak 'n antieke Portugese seil- of handelsvaartuig uit die 1600's kan wees. "Die sestiende eeuse skeepswrak word beskou as van geskiedkundige en argeologiese belang en die Namibiese regering het besluit om die oorblyfsels te red, te herwin en te bewaar," lui die verklaring deur die permanente sekretaris, mnr. Mbeuta Ua-Ndjarakana.

Geoloë en argeoloë uit Portugal, Amerika, Spanje, Zimbabwe en studente van Unam is besig met opgrawings op die plek waar die karveel gestrand is. Na afloop van voorlopige opgrawings in April sou die volle herwinningsprojek vandeesmaand 'n aanvang neem en sowat drie tot vier weke duur. Die hele projek staan onder leiding van dr. Bruno Werz van die Suider-Afrikaanse Instituut vir Mariene Argeologie.

Volgens beskikbare inligting is altesaam 54 olifanttande, 1,5 ton koperballe, verskeie balle van soliede silwer, verskeie stukke eetgerei, navigasietoerusting, ses kanonlope, verskeie swaarde en ander wapenstukke, Spaanse en Portugese muntstukke van goud en silwer, ornamente, juwele en menslike oorblyfsels reeds ontdek.

*Christo Retief <retief@republikein.com.na>*

--
Linda & Louis Olivier
Pretoria 0128031028
lm.olvier@gmail.com
lindaoli4@gmail.com
Olivier, Coetzee, Swart, du Plooy

6. [koerant]Die Republikein 2008 09 17
Posted by: "Louis Olivier" lm.olivier@gmail.com
Wed Sep 17, 2008 4:25 am (PDT)
*http://www.republikein.com.na/sport/baanbreker-vir-stoei-oorlede.73206.php*
*17.09.2008*
Baanbreker vir stoei oorlede
<http://www.republikein.com.na/images/Baanbreker3.jpg>
Die Jacobs-gesin in Januarie 1999 afgeneem voordat Nico en Wynand (voor) met 'n Olimpiese sportbeurs na Kanada vertrek het. Agter van links staan Willem en Hannetjie Jacobs saam met me. Agnes Tjongarero, president van die Namibiese Nasionale Olimpiese Komitee.
WILLEM Jacobs, voormalige nasionale stoei-afrigter van Namibië, het Sondag sy stryd teen kolonkanker gewonne gegee. Hy is oorlede in Calgary, Kanada nadat hy op 1 September sy 55ste verjaardag gevier het. Die Jacobs-gesin is oor jare bekend en geliefd in Namibiese stoeikringe.Mnr. Jacobs was een van die stigterslede van Alte Feste stoeiklub in Windhoek nagenoeg 20 jaar gelede. Mnr. Leon Conradie, wat vir jare die president van die Namibiese Stoeifederasie was, sê hy onthou hoe die klub destyds op die voorstoep van 'n huis in Eros ontstaan het.Hy is as 'n erepresident van die Stoeifederasie vereer en het ná sy verhuising steeds per e-pos gereelde bydrae tot Namibiese stoei gemaak. Mnr. Jacobs was in Windhoek 'n vennoot van die bourekenaarsfirma wat vandag nog as Blokker, Jacobs & Kuschke bekend staan. Mnr. Jacobs word oorleef deur sy vrou Hannetjie en seuns Nico en Wynand, wat beide intussen getroud is. Die begrafnis is môre in Calgary.

--
Linda & Louis Olivier
Pretoria 0128031028
lm.olvier@gmail.com
lindaoli4@gmail.com
Olivier, Coetzee, Swart, du Plooy

7. [DNA-NEWBIE] Family Tree DNA's offices
Posted by: "Karin Serfontein" kss@mweb.co.za
Wed Sep 17, 2008 7:03 am (PDT)

Middag aan almal op die lys,

Indien iemand sou belangstel hier is DNA "specials", ek hoop dit is in orde om dit aan te stuur.

Geniet die dag,

Groetnis,

Karin

Status of Family Tree DNA's offices after Hurricane Ike - see <http://jgg-online.blogspot.com/>

-------------------------------
To unsubscribe from the list, please send an email to DNA-NEWBIE-request@rootsweb.com with the word 'unsubscribe' without the quotes in the subject and the body of the message

__________ Information from ESET NOD32 Antivirus, version of virus signature database 3445 (20080916) __________

The message was checked by ESET NOD32 Antivirus.

http://www.eset.com

__________ Information from ESET NOD32 Antivirus, version of virus signature database 3448 (20080917) __________

The message was checked by ESET NOD32 Antivirus.

http://www.eset.com

8. Mondig?
Posted by: "Elizabeth Oberholster" aperico@mweb.co.za   lizoberholster
Wed Sep 17, 2008 7:06 am (PDT)
Beste vriende

Hoe oud is beskou as "mondig" op 'n sterfkennis in 1877? Is dit 21, of 18, of dalk heel 'n ander ouderdom?

Dankie by voorbaat

Liz

9a. Smit hulp asb
Posted by: "Elizabeth Oberholster" aperico@mweb.co.za   lizoberholster
Wed Sep 17, 2008 9:38 am (PDT)

Beste Lyslede

Ek het vanoggend 'n sterfkennis by TAB afgeneem wat my laat kopkrap. Moontlik kan iemand my meer informasie gee?

Heiltje Johanna Maria Smit, gebore Oberholzer
Geboorteplaats : Transvaal Republiek
Naam van Ouders : Jan Oberholzir - Moeder onbekend
Ouderdom : Omtrent 25 Jaar
Huwelikstatus : Gehuwd
Datum van Overlyden : In de maand van January (en dan moontlik 'n 11, wat doodgetrek is)
En belle Colombie Britannique
------------ --------- --------- --------- ----
Janse van Rensburg X Cronje; Barnard X Schoeman
Herselman X Kriel; Wright X Breytenbach
(1876 Bethulie; 1883 Philippolis; 1879 Kareedouw?; 1889 Wepener)
http://www.montxsuz .ca/familie/
------------ --------- --------- --------- ----

----- Message initial ----
De : Martina Louw <mlouw1@bigpond. net.au>
Ã€ : SAGenealogie@ yahoogroups. com
EnvoyÃ© le : samedi 13 septembre 2008, 15 h 44 min 35 s
Objet : [SA-Gen] Re: DNA GENEALOGIE - Christo - vrae en nog idees

Hallo Christo,

Ek is nou skoon opgewonde!! :o) Ek dink jou idee om die mtDNA projek nog groter en inklusief van al ons stammoeders te maak is 'n baie goeie idee - dan is niemand uitgesluit nie en ons het 'n kollektiewe kans om meer te leer van al ons stammoeders - uit die aard van die saak was daar dikwels maar relatief min oor hulle agtergrond opgeteken.

Daar kal wel miskien uit die staanspoor 2 groot sub-groepe wees binne die projek, wat dan later soos jy sÃª verder onderverdeel kan word soos ons meer uitvind as dit nodig blyk te wees.

Al voorvereiste wat ek sou sÃª baie belangrik is, en wat ek dink so 'n projek se sukses baie kan beinvloed, is dat ALMAL moet kan bydra, maw mense wat hulle mtDNA deur verskillende laboratoriums laat ontleed het of wil laat ontleed, moet kan bydra sonder om genoodsaak te wees dit oor te laat toets teen betaling in 'n spesifieke laboratorium. Is dit die geval met die FTDNA projek wat jy ingedagte het? Indien wel is dit uitstekend! :o)

Indien nie, voel ek wat beter sou wees is dat ons almal ons resultate bydra tot die mitosearch databasis ( http://www.mitosear ch.org/add_ start.asp? uid= ) waarby enigiemand wat hulle DNA laat toets het, ongeag waar, kan bydra.

Indien bydraes tot FTDNA nie inklusief sou wees nie, is 'n ander moontlikheid miskien dat SAGenealogie 'n suster yahoogroups skep (miskien iets soos SAmtDNA@yahoogroups .com) waaraan mense wat reeds hulle mtDNA ontleed het of in die proses is om dit te ontleed kan aansluit (miskien kan dit dit 'n voorvereiste wees om aan te sluit of ten minste miskien om bydraes te maak tot hierdie 'suster' forum dat lede hulle mtDNA haplogroep moet weet/verklaar en hulle data by Mitosearch moes oplaai en 'n Mitosearch Identiteit hÃª). 'n kombinasie van so 'n besprekingsforum gekoppel aan die Mitosearch databasis of iets soortgelyks klink vir my ook nie na 'n slegte plan nie....

.....maar miskien gaan haal ek nou die bobbejaan agter die bult...!! :o) Miskien kan jy kortliks verduidelik wat die voorvereistes van lidmaatskap tot 'n FTDNA projek sou wees en of dit inklusief kan wees van lede wat resultate deur ander organisasies, veral bv Sorenson, bekom het of wil bekom.

Baie groete,
Martina.

DÃ©couvrez les styles qui font sensation sur Yahoo! QuÃ©bec Avatars.
http://cf.avatars. yahoo.com/

8. [Koerant] Die Burger Oos-Kaap 25 Sept 2008
Posted by: "P Marx" geelhoutboom@intekom.co.za
Thu Sep 25, 2008 4:04 am (PDT)
In Memoriam
FERREIRA, Ivan Earl. Een jaar oorlede 25 Sept 2008. Irene, Jacques, Chanré en familie.

(Die Burger Oos-Kaap 25/09/2008)

FERREIRA, Ivan. +25 Sept 2007. Ouers, Irene, kinders, kleinkind. (Die Burger Oos-Kaap 25/09/2008)

SEAMAN, Pieter. 25/09/1985 - 21/02/2004. Vandag jou 4de verjaarsdag by ons Hemelse Vader.
Ouers Pieter & Karen SEAMAN, broers Danie & Tertius SEAMAN, Kayley SEAMAN, vriendin Priscilla FRANCIS. (Die Burger Oos-Kaap 25/09/2008)

Hester Marx Loerie

9. GGSA Vrystaat boekaanwinste
Posted by: "Johan Pottas" PottasJ.RD@ufs.ac.za pottasjj
Thu Sep 25, 2008 5:37 am (PDT)
Dag almal

Net om julle in kennis te stel van ons nuutste aanwinste tot ons tak se data versameling.

Met ons laaste takbyeenkoms op Maandag 22 September 2008 het Elria Wessels namens die ABO en ook in haar privaathoedanigheid vir ons die volgende registers oorhandig.

1. Die WESSELS register 1993 uitgawe deur SJC WESSELS.
2. Die Bannelinge uitgegee deur die ABO. Dit bevat die name ens van van die ABO Krygsgevangenes wat oorlede is in aanhouding.
3. Die sterftes van Kroonstad Konsentrasiekamp, soos vervat in die GOVERNMENT GAZETTE vir die tydperk van April 1901 tot November 1901. Dit is die eerste saamgestelde databasis oor die Kroonstad konsentrasiekamp, wat 'n aanduiding gee van watter families almal moontlik in die kamp was.

Die WESSELS register moet net 'n nuwe buiteblad kry, die ander twee sal teen volgende week beskikbaar wees in die leeskamer van die ARGIEF in Bloemfontein. Die Kroonstad databasis is 'n PDF dokument wat op ons rekenaar gelaai sal wees.

Groete

Johan J Pottas Rekensentrum UV
Tel: +27-51-401-2767 werk
Tel: +27-51-522-7329 huis
Tel: +27-82-569-3727 sel
Faks: +27-51-401-2765 werk
Posbus 34559, Faunasig, 9325

---

University of the Free State: This message and its contents are subject to a disclaimer.
Please refer to http://www.ufs.ac.za/disclaimer for full details.

Universiteit van die Vrystaat:
Hierdie boodskap en sy inhoud is aan 'n vrywaringsklousule onderhewig.
Volledige besonderhede is by http://www.ufs.ac.za/vrywaring beskikbaar.

---

10. LEMMER
Posted by: "Ann Tiran" anntiran@polka.co.za anntiran
Thu Sep 25, 2008 6:42 am (PDT)
Is daar enigeen wat miskien kontak het met "Duppies" wat die LEMMER gedcom aan GIA geskenk het. Sy eposadres van duppies@freemail.absa.co.za en duppies@absamail.co.za werk nie.

Dankie

annatjie

11. DR PIET MEYER - VIR LOUIS
Posted by: "Sylvester Rascher" sylvesterrascher@yahoo.com sylvesterrascher
Thu Sep 25, 2008 7:42 am (PDT)

Hi Louis,

Daar is 'n foto van Dr Piet Meyer - destydse SAUK Hoof - op bladsy 278 van die boek "The Super Afrikaners" deur Wilkens en Strydom wat in 1978 oor die Broederbond gepubliseer is.

Daar is in hierdie boek ook ongeveer 70 verwysings na sy deelname aan die destydse Afrikanerpolitiek.

Hy het in 1940 'n boek getiteld "Die Afrikaner" gepubliseer.

Ek het ongelukkig geen meer presiese biografiese data oor hom nie.

Groete
Rassie

12. DR PIET MEYER
Posted by: "Johan Brink" johanbrink@hermanus.co.za
Thu Sep 25, 2008 10:51 am (PDT)

Vir die soekers na dr Piet Meyer, van oa SAUK faam.

Probeer gerus die SESA (Standard Encyclopaedia of Southern Africa) wat by enige goeie biblioteek beskikbaar is. 'n Duidelike foto van hom verskyn in Deel 2, op p531. Ander gegewens is beskikbaar in Dele 1, p 126; 2 ,p531; 7,p 41; 8, p358 en 10, p 445.

Hoop dit help!

Johan

13a. Piet Meyer(vir Louis)
Posted by: "BD Leach" bleach@lantic.net bdleach19490515
Thu Sep 25, 2008 11:48 am (PDT)
Beste Louis,

Dr. Piet Meyer se dogter Dione (nie seker van die spelling) is getroud met Dr. Karel Prinsloo - bekende taalkundige. Hy is die sameroeper van die Afrikanse Taalbond. Dione is/was historikus by Unisa asook voorsitster van die Afrikaanse vrouegroep Dames Aktueel. Karel is redakteur van die tydskrif PLUS 50. Sy telefoon nommer bedags is 012 348 5550. (hulle seun se naam Meyer kom van die oupa af)

groete,
barend leach

13b. Re: Piet Meyer(vir Louis)
Posted by: "Louis Hurn" louishurn@telkomsa.net ljhurn
Thu Sep 25, 2008 11:56 am (PDT)
Hi Barend,
Dankie dit is wat ek gesoek het. Sal hulle more skakel.
Groete
Louis Hurn

Tel. : +2731 563-5443
Cell. : +2773 150-1378

Link to Hurn Family Website
http://www.onsfamilie.info/register.php?personID=I399&tree=Hurn&generations=10

----------

----------

14a. Re: TAB Opsoek vir Pieter vd MERWE
Posted by: "bonnie sydow" bsydow@vodamail.co.za aaosydow
Thu Sep 25, 2008 12:16 pm (PDT)
Hallo Pieter

Ek het n belang by die 2de & 3rde SK's en het n vriend gevra om hulle vir my te laat kry & sal dit aanstuur sodra ek dit kry.

Ek het n dogter Anna Catharina * 2.11.1883 ~ Dordrecht 2.12.1883 aangeteken vir hierdie gesin.

Johanna Dorothea Gesina STRYDOM * 19.12.1862 ~ Dordrecht 15.2.1863 was d.v. Gerhardus Stephanus STRYDOM & Anna Catharina SCHOEMAN

Groete

Andrew (Bonnie) SYDOW

_____

From: SAGenealogie@yahoogroups.com [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On Behalf Of Pieter van der Merwe
Sent: 23 September 2008 02:42 PM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] TAB Opsoek

Dag Medegeners,

Ek het nog drie opsoeke as iemand kan help asseblief:

DEPOT: TAB
SOURCE: MHG
TYPE: LEER
Volume_NO: 0
SYSTEM: 01
REFERENCE: 26655
PART: 1
DESCRIPTION: VAN ZYL, Susana KATRIENA. (OR CATHARINA) (BORN JORDAAN)
STARTING: 19150000
ENDING: 19150000
REMARKS: SURVIVING SPOUSE IZAK DANIEL VAN ZYL

DEPOT: TAB
SOURCE: MHG
TYPE: LEER
Volume_NO: 0
SYSTEM: 01
REFERENCE: 59231
PART: 1
DESCRIPTION: VAN ZYL, IZAK DANIEL
STARTING: 19250000
ENDING: 19250000
REMARKS: SURVIVING SPOUSE JOHANNA DOROTHEA GEZINA VAN ZYL

DEPOT: TAB
SOURCE: MHG
TYPE: LEER
Volume_NO: 0
SYSTEM: 01
REFERENCE: 2873/40
PART: 1
DESCRIPTION: VAN ZYL, JOHANNA DOROTHEA GEZINA. BORN STRYDOM
STARTING: 19400000
ENDING: 19400000
REMARKS: PREDECEASED SPOUSE IZAK DANIEL VAN ZYL

Groete,

Pieter

03:54 PM

15. VILJOEN-VENTER
Posted by: "Viljoen, HC " hcv@sun.ac.za   hc_viljoen
Thu Sep 25, 2008 12:32 pm (PDT)
Aandag: Barend Venter

Beste Barend,
Jammer maar ek beskik nie oor jou e-pos adres nie. Hierdie is 'n navraag waarop jy moontlik lig kan werp.

Ek vermoed dat Albertus Viljoen =16 Mar 1791 Land van Waveren, + 07 Aug 1845 Knapdaar, dist Colesberg, op 'n stadium as wewenaar getroud was met die weduwee Adriana Maria Hendrina Venter * 15.1.1805 ? Graaff-Reinet 10.11.1805 ? Reddersburg 28.10.1862. Ek kon nog nie bevestiging daarvoor kry nie.

Albertus Viljoen =16 Mar 1791 was eers getroud met Maria Magdalena Jacobs = 6 Mar 1796; die egpaar het 7 kinders gehad en sy is ca 1840 oorlede.

Van Adriana Maria Hendrina VENTER * 15.1.1805 ? Graaff-Reinet 10.11.1805 ? Reddersburg 28.10.1862 s? SAG dat sy x Graaff-Reinet 7.10.1822 Tjaart Adriaan Nicolaas Venter * ?Modderfontein?, dist. Graaff-Reinet 9.6.1804 ? NGK Graaff-Reinet 28.10.1804 ? ?Knapdaar?, velkornetskap Middenveld, dist. Colesberg 18.11.1841 s.v. Petrus Albertus Venter en Johanna Maria van der Walt xx Colesberg 8.10.1848 Sarel Johannes Pretorius * afdeling Cradock 29.7.1789 ? Tulbagh 5.3.1790 ? ?Knapdaar? velkornetskap Middenveld, dist. Colesberg 14.8.1857 s.v. Carel Pretorius en Dorothea Combrinck.

Ek vermoed dat na die oorlye van Tjaart Adriaan Nicolaas Venter op 18.11.1841 sy eers getroud was met Albertus Viljoen =16 Mar 1791 voor haar huwelik met Sarel Johannes Pretorius (maar na die afsterwe van Albertus Viljoen op 07 Aug 1845). Die rede vir my vermoede is dat by die doop van drie van Albertus Viljoen =16

Mar 1791 se kleinkinders verskyn die name van Albertus Viljoen en Adriana Maria Hendrina Venter as doopgetuies in die Colesberg doopregister; al die ander doopgetuies is egpare. Die betrokke dope was soos volg:

Op 27-7-1843 doop (Colesberg) Albertus Viljoen en Maria Magdalena Jacobs se dogter Susanna Magdalena Viljoen x Abraham Jacobus Cilliers ?n seun Albetus Jacobus *27-6-1843. Doopgetuies: Albertus Viljoen, Adriana Maria Hendrina Venter.

Op 2-10-1843 doop (Colesberg) Albertus Viljoen en Maria Magdalena Jacobs se seun Johannes Joachim Viljoen x Susanna Elizabeth Viljoen ?n seun Albertus Johannes *5-8-1843. Doopgetuies: Albertus Viljoen, Adriana Maria Hendrina Venter.

Op 23-10-1843 doop (Colesberg) Albertus Viljoen en Maria Magdalena Jacobs se seun Christoffel Jacobus Viljoen x Maria Magdalena Viljoen ?n seun Albertus Jacobus *11-7-1843. Doopgetuies: Albertus Viljoen, Adriana Maria Hendrina Venter.

Ek kon nog nie so 'n huwelik in die huweliksregisters opspoor nie, maar moet erken dat ek nog nie baie ver gesoek het nie. Enige hulp van jou kant af sal waardeer word.

Groete

Christo Viljoen

16. DOOPVADER EN DOOPMOEDER
Posted by: "Viljoen, HC " hcv@sun.ac.za   hc_viljoen
Thu Sep 25, 2008 12:39 pm (PDT)
Beste SAGenealoê,
Ek het lig gaan opsteek by Leon Endemann, Hoofnavorser van GISA, in verband met my vorige navrae oor die verskynsel van "doopvader" en "doopmoeder" by sommige dope in die 19de eeu (bepaald in die Colesberg gemeente van die NGK). In die meeste gevalle word die biologiese ouers se name aangedui, met dan ook 'n "doopvader" en/or "doopmoeder" (wat dikwels nie verwant was aan die biologiese ouers nie).
Hy sê daar is twee moontlikhede:
(a) Die biologiese moeder is oorlede voor die doop van die kind, in welke geval daar slegs 'n "doopmoeder" ingestaan het om saam met die biologiese vader die kind ten doop te bring; ek het wel sulke gevalle opgespoor met die inskrywing "moeder overleden".
(b) Die biologiese ouers was nog nie aangeneem as lidmate van die kerk nie, in welke geval iemand anders die kind ten doop gebring het. Dit kan ook wees dat een van die biologiese ouers nie 'n kerklidmaat was nie, in welke geval slegs een ("doopvader" of "doopmoeder") voorkom. Ek het so 'n geval aangetref waar die biologiese vader kennelik lid van 'n Engelse kerkgenootskap was, die moeder lid van die NGK.
Dit verklaar die verskynsel en ek deel dit graag met julle.
Groete
Christo Viljoen

17. [ Koerant ] The Mercury Woensdag 24 Sep 2008
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaqea9fac
Thu Sep 25, 2008 1:47 pm (PDT)
Naand Vriende,

QUICKQUIP:- " It gives me great pleasure indeed to see the stubbornness of an incorrigible nonconformist warmly acclaimed ." Albert EINSTEIN.

GEBOORTES:- BUCHMAN / SCHWARTZ Nina & Ryan 'n seun *22 Sep 2008. Broer vir Aaron. Kleinseun vir Ingrid & Peter JACOBSON en agterkleinkind vir Audrey GOLDBERG. "Nephew" vir Ilana , Natalie , en Martin. >ninabuchman@bigpond.com < .

FORBES Brad & Lee-Ann 'n seun William * 22 Sept 2008 in Surrey UK .Kleinkind vir Trevor & Sheila .

KEULDER Darren & Robyn 'n dogter Amy Lynn * 16 Sept 2008. Suster vir Meghan.

WARD Craig & Sheri 'n dogter Casey Rebecca *22 Sept 2008. Suster vir Jordan en Jamie.

WILSON nee EPSTEIN Jo & Dave 'n seun Evan * 23 Sept 2008 in Parklands.

VERJAARSDAG:- TORLAGE Denver. 30 jaar oud vandag . Geluk van Ma en Pa en Gorge , Ouma en oupa , Debbie , Ivan, Catherine en Quintan.

HUWELIKE:- Sherilee CARTER & Benjamin LITTLER trou by The Boathouse Ballito.

Marco ARAUJO & Sarah HAWKEY trou by St Martin's Kerk.

Sherri DAVIES & Shane O'MALLEY trou by Zimbali Country Club.

WILLIAMS Samantha & HIGHAM Jonathan trou by Amazingwe Bush Lodge Broerderstroom.

Rani & Les MARCH trou by Elangeni Hotel

Darryn INGRAM & Tracy CAMOIN trou by Blue Waters Hotel.

Thembi MORRIS-HALE & Andy HALL trou by Illovo Beach.

Madeline BAILEY & Andrew MILLS trou by Hotel Izulu.

DOOD:- ASH Terence † 23 Sept 2008x Noel. Pa van Anthony, Margaret en Jillian. 5 kleinkinders.

CHERRY PATRICK 5 Dec 1937---† 21 Sept 2008 Voorheen van 32 Ogle Rd Wentworth. Van FREDERICK ,CADER & SMITH families.

CLAASEN Lucinda (Luci) . Begrafnis by The Full Gospel Church of God Pinetown op 26 Sept 2008 om 10.30 .Daarna na Stellawood Begraafpaas. Ingesit deur BELL Funerals.

COLEPEPER Ian George 31 Jan 1939 -----21 Sept 2008 x Val. Pa van Lee, Sean en Grant. Oupa van Rachel, Chloé en David. Broer van Thomas.

COUGHLAN Phyllis Mary † 21 Sept 2008 .85 jaar. Ma van Pat, Chris, Tim , Dick en families.

DINKELMAN Dudey Fredrick 4 Des 1940 ----20 Sept 2008 . Broer van Elaine GARNETT en Peter DINKELMAN ,† Lynette en Shirley. Dankseggings Diens by Escourt Community Church Escourt op 26 Sept 2008 om 11 vm. Ingesit deur OAKLEIGH 0333426116.

D'UNIENVILLE Alix Marrier nee D'OISY FAYD'HERBE † 22 Sept 2008 in Mauritius. Ma van Jacky en Danielle, Bernard en Sue, Roland en Jenny , † Butchand MARTINE ,Gilbert en Ann. Ouma van Vincent en Martine, Jean-Francois en Christine, Maxine en Carrie, Simon & Yvette, Jean-Marc, Victoria en Aaron, Joëlle, Krystle, Dustin en Alexandre. Oumagroot van Emma, Rebecca, Kate, Enzo en Leo .

FARNDELL Charles Abraham van Wentworth. Seun van Mev FARNDELL. Broer van Lindie. Begrafnis op 25 Sept 2008 by Christ the King Parish Wentworth 10 vm . Daarna na Dudley Str Begraafplaas.

FILANDER Clementine van Wentworth . Ma van Jacob, tannie en ouma . Begrafnis by Christ The King Parish Wentworth op 26 Sept 2008 om 10 vm. Daarna na Dudley Str Begraafplaas.

HALL Agnes Elizabeth † 20 Sept 2008. Metgesel van Ronnie. Ma van Shirley en Vernon. Ouma en oumagroot. Begrafnis by DOVES Greyville op 26 Sept 2008 om 12 middag. Verassing privaat. Ingesit deur DOVES 0860025500.

HAMMOND Dorothy Mildred 12 Maart 1914 -----19 Sept 2008. Gemis deur Iona, Edward, Cheryl, Matt, Connie, Kim en Kim, Goobie, Jason ,Ryan, Nicholas, Chris, Leona en agterkleinkinders. Begrafnis by Presbyterian Frere Rd op 26 Sept 2008 om 1nm. Ingesit deur OAKLEY 031 2059959.

JEROME Brian Harold Patrick 31 Des 1930 ---21 Sept 2008. x Shirlee en pa van Lisa en Duncan ,Phillipa en Andy .Oupa van Linzi, Shelley, Daniella en Matthew. Broer van Carol, Alexandra en Karl en Licia.Memorial by St Martin-in-the Fields Durban Noord op 26 Sept 2008 om 10 vm. Ingesit deur OAKEIGH 031 2059959.

KEET Gert . Memorial by Nuwe Apostoliese Kerk Malvern op 25 Sept 2008 om 10 vm.

KMMINCE Stephen William Patrick (Steve) 18 Maart 1914 ----20 Sept 2008 x Lorna.Pa van Ted en Yvonne Verassings Diens op 25 Sep 2008 by St Paul's Anglikaanse Kerk Durban om 12 middag. Verassing privaat. Ingesit deur AVBOB PMB 0333423741.

MORRISON James Robert Hamilton (Jimmy) † 21 Sep 2008 x Ursula Pa van John en Paula, Barry, Pam en Simon, Bruce en Noelene , Keith en Cathy en Hugh en Leigh-Ann. Broer van Nan SIMPSON .Oupa en oupagroot. Memorial by Methodiste Kerk Umhlali op 25 Sept 2008 om 11vm.

OLIVER "Dolly" 20 Jan 1928 ----19 Sept 2008 x † Dave OLIVER. Ma van Louise, Terry en Val, Ouma van Cara , Joslyn, Angus , Leigh , Duncan,Connor en Thomas. Memorial by Fort Nongqayi Kapel Eshowe op 24 Sept 2008 om 11vm.

O'CONNOR Billie. † 21 Sept 2008. x Patrick .Ma van Kevin en Jane. Begrafnis by St Joseph's Katolieke Kerk Morningside Durban op 25 Sept 2008 om 9 vm.

PETERSON Joel Brandon 26 Junie 2000 -----19 Sep 2008.

REITZ nee ARMITAGE Joyce Marrion 6 Nov 1929 -----20 Sept 2008 . Ma van Anne, Jocelyn en Frank. Ouma van Justin , Jenny-Lee en Sarah. Memorial by Kingdom Hall of Jehovah's Witnessess Redhill Durban Noord op 25 Sept 2008 om 10 vm.

ROBERTS Linea (Jean) † 23 Sept 2008 x † Gidion (Robbie). Ma van Bernadene , Evan en Charles. Ouma en oumagroot.

SCARLATO Barbara 19 Aug 1920 ---23 Sep 2008 van Hillcrest Rest Home x † Tony. Ma van Margaret en † Gerald,Ebin en Warwick en † Johnny en Atty. Ouma van Mandy, David en Renata. Liefde van Margaret, Mandy ,David, Renata en Megan.

SCOTT Bradley Wayne. Onthou deur Alan, Estelle, Dean en Monique. Diens by Durban Underwater Club at Vetch's Beach op 26 Sep 2008 om 10 vm.

STROVAL- HARF . Hoof,personeel en leerders van Crawford College La Lucia deel verlies met Lisa en Lexi STROVAL-HARF met verlies van hule moeder.

UNGER Harold † 22 Sep 2008 by Twilanga Frail Care x Merle. Memorial by Broadway Methodiste Kerk Durban Noord op 25 Sep 2008 om 3nm. Ingesit deur BELL Funerals.

VILJOEN Ruth Theresa 17 Mei 1933 ----19 Sep 2008 . Ma van Erika, Evert, Gerrie, Lyn, Kayla, Aiden en Armand .Memorial by AGS Kerk Amanzimtoti op 25 Sep 2008 om 2 nm. Ingesit deur DOVES 086025500.

WASS nee TREFZ Charmaine 4 Sept 1957 ----21 Sept 2008. Vrou , ma ,ouma en oumagroot.

MEMORIAM:- ADAMS Glen Wiliam . 8 jaar dood nou. Pa van Chris, Tanya, Catherine , Nicholas en Josie TOD.

BOCHEO nee BARNES Sonia. Onthou deur Macolm en Linda.

LYNN Samuel (Sam) Gershon x Heen. Pa en oupa.

McLAUGHLIN Joe. Sterf tragies 1 jaar gelede. Van Di , Simonne, Simon en David.

REEVES Norman PMM.MM.JCD 17 Jan 1947 -----24 Sep 2007. Rhodesia Light Infantry SAS C Squadron ex RSM 4 Parachute Batalion S.A.D.F. Onthou deur vrou kinders. Mark , Nick, Justin ,Chris, Ryan, Nevarre(16) ,Sharne ,Norman Jnr (8) en Tamarin (Tammy) 5 jaar.

STEMBRIDGE Maureen 4 jaar dood nou. Gemis deur Cedric. Ma en ouma van Bruce, Janice, Connor, Wade, Craig en Merwyn.

WEIDLICH Gaylene. Vriendin van Tracy, Courtney en Chelsea.

Gegroet uit redelike milde aand in Durban
Rita Quebbemann

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 3433

Datum: Friday, September 26, 2008

Daar is 4 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:

1. [Koerant] BEREA MAIL 26 September 2008 From: aletta magrieta.quebbemann
2. [Koerant] The Mercury Donderdag 25 September 2008 From: aletta magrieta.quebbemann
3. COETZEE - hulp sal waardeer word From: Helena Liebenberg
4. VAN ROOYEN x VAN NIEKERK? From: Meerkat (Marlene Spies)

1. [Koerant] BEREA MAIL 26 September 2008
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaqea9fac
Thu Sep 25, 2008 1:55 pm (PDT)
Dag vriende,

HUWELIKE:- Kelly TENNANT & Kevin RABIE trou by Collisheen Estate Ballito.

Andy WOOD & Monique MITCHELL trou by Jordan's Wine Estate Stellenbosch.

Charlene JUKES & Michael HEADS trou by Sica's Geust House Glenwood.

Kirsty KRIEG & Daryl WATSON trou by Ubizane Game Reserve.

Bradley HEAN & Olivia WILLIAMS trou by St Mary's Chapel Kloof.

Groete
Rita Queb.

2. [Koerant] The Mercury Donderdag 25 September 2008
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za alettaqea9fac
Thu Sep 25, 2008 2:20 pm (PDT)
Dag vriende,

QUICKQUIP:- " I would like to say that gloom and dispondency have never defeated adversity. Trying times need courage and resilience." Thabo MBEKI during his resignation speech [ gekry uit BEREA MAIL]

DOOD:- AYLETT Arthur John . Aan Memory en familie simpatie van James EATOUGH by Padfield Park.

LONGWORTH Sherwen Lisle . Begrafnis by Christ Church Pinetown op 26 Sept 2008 om 11vm. Ingesit deur DOVES 0860025500

SHARP Ronald Ernest † 23 Sept 2008 in Howick op ouderdom 91 jaar. x Margaret. Pa van Jennifer, Victor en Roy. TEL:- vir begrafnisreelings is 0765346794.

VAN RENSBURG Philipus Rudolphus. Verassings Diens by DOVES Greyvile op 26 Sep 2008 om 2nm. Ingesit deur DOVES 0860025500.

VAN WYK Charles (Danny) van 10 A Weist Rd Austerville. x Lorraine. Pa van Anthea, Audette , Melanie . Skoonpa en oupa. Broer van Anne en Mary. Begrafnis op 26 Sep 2008 by Christ The King Parish om 12 middag Daarna na Dudley Str Begraafplaas.

MEMORIAM:- ANDERSON Marshall Claude. 2 jaar dood nou. x Clarice. Pa van Mark, Preston , Juanita, Charlene, Clive en Colleen en kleinkinders.

McCARTHY John . Onthou deur vriende Dudley ,Gail, Gavin en Brenden.

McCARTHY John Robert Laverick † 25 September 2007. x Sandra. Pa van Ted en Justin.

Gegroet uit Durban
Rita Quebbemann

3. COETZEE - hulp sal waardeer word
Posted by: "Helena Liebenberg" helena@taaloord.co.za   liebenberghelena
Thu Sep 25, 2008 2:54 pm (PDT)

Beste Lysteraars

Ek doen graag navraag namens ’n vriendin, Dirkie Lategan, wat die volgende inligting verstrek het:

My pa se ouers

Hendrik Stefaans Coetzee (31 Maart 1884 - 30 Oktober 1918)
trou op 10 Desember 1906 in Venterstad met
Anna Elizabeth Coetzee (4 November 1884 - 13 Februarie 1940)

[Hendrik Stefaans was ’n boer op die plaas Brandvlei in die distrik Middelburg (Oos-Kaap); sterf tydens griepepidemie.
Anna Elizabeth was van Venterstad. Sy het opgegroei op die plaas Tolkop. Sy was ’n onderwyseres.]

Kinders
1. Finie
2. Nancy
3. Dirk Jacobus**
4. Marthie

My ma se ouers

Pieter Willem Coetzee (28 Maart 1881 - 14 April 1965)
trou ~Maart 1900 op Molteno met
Anna Carolina Margaretha Jansen (22 Junie 1993 - 28 Junie 1968)

[Pieter Willem was ’n boer op Goedvireers in Molteno.
Anna Carolina was van Molteno (plaas onbekend)]

Kinders
1. Theuns
2. Johanna
3. Catharina
4. Anna
5. Pieter Willem (dogter)**
6. Jacobus

My ouers**

Dirk Jacobus Coetzee (15 Januarie 1914 - 8 Julie 1941)
trou op 18 Januarie 1941 in Port Elizabeth met
Pieter Willem Coetzee (3 Maart 1919 - 26 Junie 2000)

[Dirk Jacobus het in 1939 ’n doktorsgraad in Geskiedenis verwerf.]

Kind
Dirkie (dogter) (16 Desember 1941)
trou op 14 Desember 1968 in Vanderbijlpark met
Matthys Johannes Lategan (30 April 1940)

Indien enigiemand verdere inligting het koor die families en waar hulle inpas, ontvang ek dit graag direk of op die lys sodat ek dit aan Dirkie kan oordra.

Ons sal julle hulp baie waardeer.

Vriendelike groete

Helena Liebenberg

4. VAN ROOYEN x VAN NIEKERK?
Posted by: "Meerkat (Marlene Spies)" meerkat@rogers.com   meerkat2s
Thu Sep 25, 2008 3:04 pm (PDT)
Gegroet van Ontario, Kanada!

Enige van die navorsers van die bogenoemde vanne - het julle dalk informasie oor hierdie egpaar, asseblief:

HEWITT, Desmond Keith (gebore 20/3/1922 - sterf Pretoria 6/10/1971 - veras 12/10/71).
Hy trou met
Christina Johanna VAN ROOYEN (gebore Bloemhof, Kaap 5/1/1924 - sterf Pretoria 11/4/2005 - veras 16/4/2005). Haar ouers was Jan Lodewicus VAN ROOYEN en Maria Adriana VAN NIEKERK.

Desmond Keith was die enigste kind van

James Durney HEWITT x Julia Margaret MOIR (gebore in Skotland, sterf in Suid-Afrika en begrawe Oos-London).

Blykbaar was JD Hewitt een van 13 kinders.

Hulle het in Oos-London gewoon, waar JD glo redakteur was van die plaaslike koerant, The Daily Despatch.
Familiestories vertel dat hy saam met Genl. Buller geveg het.

Al bogenoemde inligting kom van 'n dogter uit die HEWITT x VAN ROOYEN verbindtenis. Sy was die tweede vrou (geskei) van een van my SPIES-skoonmense.

Baie dankie by voorbaat!
Marlene Spies (gebore Ziehl)
Ontario, Kanada.

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 3434

Datum:  Friday, September 26, 2008

Daar is 25 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:


1a. Re: COETZEE - hulp sal waardeer word From: Johannes Bosch
1b. COETZEE - hulp sal waardeer word From: Petrie Coetzee
2. Re: POK(E)LENBERG / BOCKELENBERG From: Nic van Helsdingen
3a. BOCKELENBERG en POKLENBERG From: Johan Brink
3b. Re: BOCKELENBERG en POKLENBERG From: Dennis Pretorius (LT)
3c. Re: BOCKELENBERG en POKLENBERG From: Annelie Els
3d. Re: BOCKELENBERG en POKLENBERG From: Ann Tiran
3e. Re: BOCKELENBERG en POKLENBERG From: johann@hanekom.org
4.1. TOETS From: aletta magrieta.quebbemann
5. BERGH From: Hendrik Louw AbsaMail
6. Louis From: Louis Hurn
7a. Doopregister Koffiefontein From: Sofia Holtzhausen
7b. Re: Doopregister Koffiefontein From: Willieta de Swardt
7c. Re: Doopregister Koffiefontein From: Ann Tiran
8.1. Toets From: Louis Hurn
9. [SAGEN] Jan Daniel VAN WYNGAARDT From: Hannelie Viljoen (Nee Smit)
10. Re: mtDNA GENEALOGIE - Christo From: Martina Louw
11a. Amerikaanse Bevolkings - samestelling From: Hans Combrink
11b. Amerikaanse Bevolkings - samestelling From: Hans Combrink
11c. Re: Amerikaanse Bevolkings - samestelling From: rvanzijl@comcast.net
11d. Re: Amerikaanse Bevolkings - samestelling From: Karin Geldenhuys
12a. Re: NOG 'N MANANA-STORIE From: Hans Combrink
13a. Re: TAB Opsoek vir Pieter vd MERWE From: Pieter van der Merwe
14. Familie verwantskappe From: Ann Tiran
15a. Re: VILJOEN hulp benodig From: Viljoen, HC


1a. Re: COETZEE - hulp sal waardeer word
Posted by: "Johannes Bosch" janbos2000@yahoo.com   janbos2000
Thu Sep 25, 2008 5:10 pm (PDT)

Helena,

Ongelukkig kan ek nie help nie, maar moet die lyntjie oor Anna Carolina Margaretha Jansen nie dalk (22 Junie 1893 - 28 Junie 1968) lees nie?

Groete,

Johannes Bosch, Virginia, VSA

---

--- In SAGenealogie@yahoogroups.com, "Helena Liebenberg" <helena@...> wrote:

> Beste Lysteraars
> Ek doen graag navraag namens â€™n vriendin, Dirkie Lategan, wat
die volgende inligting verstrek het:

ens., ens.

> My ma se ouers
> Pieter Willem Coetzee (28 Maart 1881 - 14 April 1965)
> trou ~Maart 1900 op Molteno met
> Anna Carolina Margaretha Jansen (22 Junie 1993 - 28 Junie 1968)

ens., ens.

> Vriendelike groete
>
> Helena Liebenberg
>

1b. COETZEE - hulp sal waardeer word
Posted by: "Petrie Coetzee" petrie.coetzee@gmail.com   petriecoetzee
Thu Sep 25, 2008 11:38 pm (PDT)
Goeiedag Helena

Ek stuur so gou doenlik vir jou deur wat ek oor Dirkie Lategan se navraag
het – van die lys af.

Vriendelike groete

Petrie Coetzee

2. Re: POK(E)LENBERG / BOCKELENBERG
Posted by: "Nic van Helsdingen" grootbeer@gmail.com   grootbeer2000
Thu Sep 25, 2008 6:25 pm (PDT)
Hallo Dennis,

Ek stem saam met jou. Nic het net sy direkte Erasmuslyn nagevors, en meeste van
die inligting het hy van Johan Erasmus gekry. Ek sien die volgende notas onder
'n paar Bockelenberg name wat dalk 'n bietjie lig op die onderwerp kan gooi.

NOTAS: Daniel Bockelenberg is op 17.7.1707 gedoop. Hy was die seun van Johannes
Bockelenberg, *abt 1668, Bockelberg, Kolberg, Duitsland, en sy tweede vrou, ( x
11.6. 1690) Johanna van den Bosch. Daniel is op 25.5.1732 met Elizabeth Loret
(1713-1760) getroud. Bockelenberg het die plase De Hoop, Uitvlugt en Brandwacht
in Drakenstein besit

[Bredenkamp] Resolutions of the Council of Policy of Cape of Good Hope - Tanap

(8 11 2003)

Daniel Bockelenberg het volgens ons inligting 2 dogters gehad wat al twee met Erasmus mans getrou het. Onder Ester se notas kry ek die volgende inligting:

NOTAS: Die Bockelenbergs

Aangesien die moeder van die twee tereggestelde Bothmas 'n nooi Bockelenberg was, is dit wenslik om hier 'n bietjie oor die familie

uit te wei. Die familienaam het in Suid-Afrika uitgesterf. Die stamvader uit Duitsland het net een seun gehad, nl. Daniel. Hier-

die Daniel was getroud met Elizabeth Loret, dogter van die Frans-man Guillaume Loret. Uit hierdie huwelik is net dogters gebore.

Op soortgelyke wyse het die van Loret in S.A. verdwyn, maar lank daarna leef die name Pokkelenberg en Loretta onder die Erasmusse,

die Oppermans en die Bothmas want dis hierdie families wat met die Bockelenberg-dogters getrou het. Nou weet 'n mens nie presies

vanwaar die rebelsugtige gees onder die Bockelenberg-Loret nasa-te vandaan kom nie. Guillaume Loret was self maar 'n losbol, en

is vanwee sy amoreuse geaardheid en sy deelname aan strooptogte op die Hottentotte onder sensuur geplaas." Daniel Bockelenberg se

dogters het o.a. getrou met 'n Pieter Erasmus, 'n Jacob Erasmus, 'n Corne Bothma en 'n Barend Liebenberg. Kinders en klein-

kinders uit hierdie gesinne was aktief betrokke by die opstande van 1799 en 1815. Die Bockelenberg-,,bloed" was net so rebels soos die

Prinsloo-,,bloed".

Ek verstaan nie hoe Bockelenberg na Pokkelenberg verander nie, maar dit wil voorkom dat daar wel 'n verband is - of 'n moontlike verklaring. Ek hoop dit help.

Vriendelike groete,

Jean van Helsdingen

Newcastle

----- Original Message -----
From: Dennis Pretorius (LT)
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Sunday, September 21, 2008 11:55 AM
Subject: Re: [SA-Gen] POK(E)LENBERG

Hallo Christo

Ek het gesoek deur al my bronne en databasisse en kry nie een Pok(k)()e)lenberg-van nie

Ek kry wel die naam Pokkelenberg as 'n voornaam in beide die Erasmus en Pretorius vanne

Dan kry ek ook Dr Bockelenberg wat in +- 1690 'n mediese praktisyn was in Stellenbosch

Ek wonder of daar 'n verband is ??

Dennis Pretorius ----- Krugersdorp, S A
Home Tel / Huis Tel: +27-11-769-2400 Office /Kantoor: _+27-11-953-3727
Cel / Sel: +27-83-679-8541 Fax/Faks +27-86-609-8541
----- Original Message -----
From: Viljoen, HC <hcv@sun.ac.za>
To: sagenealogie@yahoogroups.com
Sent: Sunday, September 21, 2008 10:04 AM
Subject: [SA-Gen] POK(E)LENBERG

Beste SAGenealoë,
Weet enigeen iets van die familie Pok(e)lenberg wat in die vroeë 19de eeu in die Oos-Kaap (Somerset-Oos, Adelaide, Glen Lynden omgewing) gewoon het? Dit lyk asof die van verdwyn het.
Vriendelike groete
Christo Viljoen

------------------------------------

SAGenealogie is 'n poslys vir die bespreking van genealogiese en genealogies-verwante aangeleenthede alleenlik, onderhewig aan die voorwaardes soos uitgespel by http://www.geocities.com/sagenealogie/ Lede wat aangeleenthede wil opper wat nie van 'n suiwer genealogiese aard is nie, word versoek om dit nie op die poslys te doen nie, maar dit liefs van die lys af direk aan die betrokkene te stuur. Probleme, klagtes en voorstelle vir verbetering moet gestuur word aan: SAGenealogie-owner@yahoogroups.com

Besoek ons webblad by:
http://www.geocities.com/sagenealogie/

Yahoo! Groups Links

3a. BOCKELENBERG en POKLENBERG
Posted by: "Johan Brink" johanbrink@hermanus.co.za
Thu Sep 25, 2008 9:53 pm (PDT)
Lyslede,

Terwyl hierdie interessante storie ontvou: net nog 'n vragie.

Daar is 'n (tot nog toe) ongekoppelde BRINK-seun op my lys; ene Daniel Poklenberg BRINK *7.4.1923 +(klein) 1.2.1925 # plaas "Uitkyk", distr Standerton. Ek het geen verdere besonderhede oor sy koppeling nie, ook nie hoe die naam Poklenberg daar inpas nie.

Enige nader besonderhede sal waardeer word.

Johan

3b. Re: BOCKELENBERG en POKLENBERG
Posted by: "Dennis Pretorius (LT)" krugersdorp@pixie.co.za dennis_pretorius
Thu Sep 25, 2008 11:34 pm (PDT)
Hallo Jean en Johan

Dankie ook vir julle inligting oor die Bockelenberg / Pockelenberg

Ek het deur my inligting gekry maar kon geen BRINK koppeling maak nie

Iemand het op 'n stadium besluit Pockelenberg lyk beter op 'n doopsertifikaat as Bockelenberg en daar het die probleem begin !!

Soos Jean geskryf het - die Bockelenberg van het net twee geslagte in Suid Afrika oorleef en die twee dogters is albei getroud met Erasmus seuns. Dit is dus baie waarskynlik dat Johan se Brink skakel daar gevind sal word.

Ek sal jou laat weet as ek iets raakloop - maar dit is eintlik Christo Viljoen wat hierdie interessante bespreking aan die gang gesit het - dankie Christo

Groetnis
Dennis Pretorius ----- Krugersdorp, S A
Home Tel / Huis Tel: +27-11-769-2400 Office /Kantoor: _+27-11-953-3727
Cel / Sel: +27-83-679-8541 Fax/Faks +27-86-609-8541
----- Original Message -----
From: Johan Brink
To: Genealogie
Sent: Friday, September 26, 2008 6:44 AM
Subject: [SA-Gen] BOCKELENBERG en POKLENBERG

Lyslede,

Terwyl hierdie interessante storie ontvou: net nog 'n vragie.

Daar is 'n (tot nog toe) ongekoppelde BRINK-seun op my lys; ene Daniel Poklenberg BRINK *7.4.1923 +(klein) 1.2.1925 # plaas "Uitkyk", distr Standerton. Ek het geen verdere besonderhede oor sy koppeling nie, ook nie hoe die naam Poklenberg daar inpas nie.

Enige nader besonderhede sal waardeer word.

Johan

3c. Re: BOCKELENBERG en POKLENBERG
Posted by: "Annelie Els" annelie@who-els.co.za engelkind2000
Fri Sep 26, 2008 1:41 am (PDT)
Hallo almal,
Ek vind die Bockelenberg gesprek baie interessant, Johannes se dogter Anna Elizabeth is met Andries BRUYNS getroud een van Paul se stamvaders en `n ander dogter Johanna is met Peter Petersen VAN DEN HEEVER getroud my stamvader.
Groetnis
Annelie.

-----Original Message-----
From: SAGenealogie@yahoogroups.com [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On Behalf Of Dennis Pretorius (LT)
Sent: 26 September 2008 08:04 AM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: Re: [SA-Gen] BOCKELENBERG en POKLENBERG

Hallo Jean en Johan

Dankie ook vir julle inligting oor die Bockelenberg / Pockelenberg

Ek het deur my inligting gekry maar kon geen BRINK koppeling maak nie

Iemand het op 'n stadium besluit Pockelenberg lyk beter op 'n doopsertifikaat as Bockelenberg en daar het die probleem begin !!

Soos Jean geskryf het - die Bockelenberg van het net twee geslagte in Suid Afrika oorleef en die twee dogters is albei getroud met Erasmus seuns. Dit is dus baie waarskynlik dat Johan se Brink skakel daar gevind sal word.

Ek sal jou laat weet as ek iets raakloop - maar dit is eintlik Christo Viljoen wat hierdie interessante bespreking aan die gang gesit het - dankie Christo

3d. Re: BOCKELENBERG en POKLENBERG
Posted by: "Ann Tiran" anntiran@polka.co.za anntiran
Fri Sep 26, 2008 5:20 am (PDT)

Ek het nou nie juis opgelet wat daar alles geskryf is oor hierdie "VAN" nie want dog toe dit is nie 'n van wat in my voorgeslagte voorkom nie...maar nou het ek ontdek ek het GERRIT VICTOR *1695 x15.6.1721 SUSANNA BOCKELENBERG.

Nou sal ek baie graag haar voorouers en hul geskiedenis by wil voeg en enige ander detail oor haar.

Groete

annatjie

3e. Re: BOCKELENBERG en POKLENBERG
Posted by: "johann@hanekom.org" johann@hanekom.org   johann.hanekom
Fri Sep 26, 2008 5:26 am (PDT)
Hallo Annatjie

As jy wil kan jy hier begin - jy kan 'n GEDCOM aflaai met die inligting, deur van die 'Family Tree Clippings Cart' gebruik te maak

http://www.hanekom.org.uk/phpgedview/individual.php?pid=I2280&ged=hanekom%20web.ged

Johann

____________________

Ek het nou nie juis opgelet wat daar alles geskryf is oor hierdie "VAN" nie want dog toe dit is nie 'n van wat in my voorgeslagte voorkom nie...maar nou het ek ontdek ek het GERRIT VICTOR *1695 x15.6.1721 SUSANNA BOCKELENBERG.

Nou sal ek baie graag haar voorouers en hul geskiedenis by wil voeg en enige ander detail oor haar.

,___

4.1. TOETS
Posted by: "aletta magrieta.quebbemann" am.queb@mweb.co.za   alettaqea9fac
Thu Sep 25, 2008 10:21 pm (PDT)
Toets net
Rita

5. BERGH
Posted by: "Hendrik Louw AbsaMail" loogkolk@absamail.co.za   loogkolk
Thu Sep 25, 2008 11:07 pm (PDT)
Enige hulp op uitbreiding sal verwelkom word

Dankie

Hendrik LOUW

Kempton Park

082 722 6500

2349 Wilhelm BERG »a van Brunswyk, Duitsland »»

Kinders (7): 2350, 2351, 2352, 2353, 2399, 2400, 2401 x Kaapstad 03.11.1799, Zacharia Petronella LUDEKE (d.v. Joachim Ernst LUDEKE & Maria Elizabeth VAN ASWEGEN) »» Sien verwysingsnommer 51953 vir verdere inligting.

2350 b1 Elizabeth Petronella BERG (2349/x), * 12.06.1800, » Tulbagh 21.08.1801 x Beaufort-Wes 05.03.1820, Willem Frederik KRUGEL »» Sien verwysingsnommer 35527 vir verdere inligting.

2351 b2 Anna Susanna Hendrina Maria BERG (2349/x), » Graaff Reinet 03.03.1803 x Beaufort-Wes 08.09.1823, Stephanus Johannes NEL »» Sien verwysingsnommer 59743 vir verdere inligting.

2352 b3 Willem Pieter Ernst BERG (2349/x), * 13.06.1805, » Kaapstad 23.06.1805

2353 b4 Willem Johannes Andries BERG (2349/x), * 12.09.1809, » Tulbagh 18.02.1810 »» Kinders (10): x{2354}, xx{2363, 2391, 2392, 2393, 2394, 2395, 2396, 2397, 2398} x Beaufort-Wes 11.09.1831, Heyla Maria KRUGEL »a oba: Hilletjie xx Beaufort-Wes 11.07.1840, Anna Sophia MARITZ (d.v. Frans Stephanus MARITZ & Jacomina Geertruida DU PLESSIS), * Tulbagh 10.10.1824 »» Sien verwysingsnommer 53242 vir verdere inligting.

2354 c1 Cornelis Stephanus Jacobus BERG (2353/x), * ±__.__.1841 »a boer »» Kinders (7): x{2355, 2356, 2357, 2358, 2359, 2361}, xx{2362} x Maria Elizabeth TOUA xx Calvinia 14.12.1874, Maatje Catharina THERON (d.v. Thomas Petrus Arnoldus THERON & Aletta Catharina NIEUWOUDT), * 28.05.1855, » Clanwilliam 07.10.1855 »» Sien verwysingsnommer 80608 vir verdere inligting.

2355 d1 Willem Johannes Andries BERG (2354/x), * 28.02.1862, » Fraserburg 15.03.1862

2356 d2 Sila Cornelis BERG (2354/x), * 20.10.1863, » 25.12.1863

2357 d3 Anna Sophia BERG (2354/x), * 04.10.1865, »

29.10.1865

2358 d4 Maria Elizabeth BERG (2354/x), *

04.10.1865, » 29.10.1865

2359 d5 Cornelis Stephanus Jacobus BERG (2354/x), *

22.06.1868, » 12.07.1868 »» Kinders (1): 2360 x Wilhelmina Aletta JOOSTE

2360 e1 Cornelis Stephanus Jacobus BERG (2359/x), *

15.04.1893, » 16.07.1893

2361 d6 Johannes Franciscus BERG (2354/x), *

09.06.1871, » 07.01.1872

2362 d7 Frans Jacobus Petrus BERG (2354/xx), *

19.09.1880, » 10.04.1881

2363 c2 Frans Stephanus BERG (2353/xx), *

±__.__.1844 »» Kinders (4): x{2364}, xx{2388, 2389, 2390} x Fraserburg 28.03.1864, Christina Anna Gertruida THERON (d.v. Petrus Jacobus THERON & Magdalena Margaretha MARITZ), * 03.04.1847, » Worcester 05.09.1847 »» Sien verwysingsnommer 80581 vir verdere inligting. xx Hester Cecilia Maria Magdalena VAN DER MERWE

2364 d1 Petrus Jacobus BERGH (2363/x), *

11.05.1865, » Fraserburg 02.07.1865, ? 08.01.1931 »a 22jr'e met huwelik »» Kinders (10): 2365, 2366, 2380, 2381, 2382, 2383, 2384, 2385, 2386, 2387 x Carnarvon 13.08.1888, Anna Christina LOUW (d.v. Johannes LOUW & Gesina Helena Jeanetta VAN ZYL), * 09.08.1871, » Clanwilliam 03.09.1871, ? 13.08.1961, W Marchand, Kakamas »» Sien verwysingsnommer 43167 vir verdere inligting.

2365 e1 Gesina Helena Jeanetta BERGH (2364/x), *

29.03.1890, » NG Kerk, Kenhardt 21.09.1890 »» doop getuies: Frans Stefanus BERGH Hester Cecilia Maria Magdalena VAN DER MERWE Andries Jacobus LOUW doopregister no: 135 Naam en spelling volgens oorspronklike doopregister: Vader: Petrus Jacobus BERGH Moeder: Anna Christina LOUW »ø » Doopregister

Nota's

2366 e2 Frans Stephanus BERGH (2364/x), *

Neildersdrift, distr. Kenhardt 16.04.1892, » NG Kerk, Kenhardt 03.07.1892, ?

05.09.1965 »» doop getuies: Jan Johannes LOUW Catharina Johanna VISSER

doopregister no: 315 Naam en spelling volgens oorspronklike doopregister:

Vader: Petrus Jacobus BERGH Moeder: Anna Christina LOUW »» Kinders (8):

2367, 2368, 2369, 2370, 2371, 2372, 2373, 2379 x Kenhardt 04.10.1915, Anna

Francina Petronella VOLLGRAAFF (d.v. Hendrik Heremias VOLLGRAAFF & Catharina

Jacoba KOTZE), * Saalskop 23.09.1895, ? 31.08.1978 »» Sien verwysingsnommer

97687 vir verdere inligting.

2367 f1 Petrus Jacobus BERGH (2366/x), *

Kalkwerfputs, distr. Kenhardt 28.01.1917, » Nous wes, distr. Kakamas »a

vroeg oorlede, deur slang gepik

2368 f2 Catharina Jacoba BERGH (2366/x), * Kakamas

13.05.1920, » Kakamas, ? Brulkolk, distr. Kenhardt 05.04.1973 x Kakamas

08.09.1941, Albert Nicolaas NEL, * 19.10.1917, ? 05.01.1978 »» Sien

verwysingsnommer 58948 vir verdere inligting en lys van kinders.

2369 f3 Hendrik Hermias BERGH (2366/x), * Kakamas

18.07.1922, » Kenhardt, ? Kakamas 04.04.1988 x Upington 27.02.1948, Johanna

Maria HANEKOM »a geen nageslag

2370 f4 Anna Christina BERGH (2366/x), * Kakamas

23.02.1926, » Kakamas x Kakamas 09.10.1944, Andries Gerrit KOEKEMOER »» Sien

verwysingsnommer 34529 vir verdere inligting en lys van kinders.

2371 f5 Elsie Johanna Jacoba BERGH (2366/x), *

Kakamas 17.06.1929, » NG Kerk, Kakamas 21.07.1929 x Kakamas 17.07.1950,

Albertus Johannes REDMAN (s.v. Gerhardus Jacobus REDMAN & Maria Magdalena

Margaretha KOTZE), * 12.01.1928, » NG Kerk, Kakamas 19.02.1928 »» Sien

verwysingsnommer 67887 vir verdere inligting en lys van kinders.

2372 f6 Christina Alida BERGH (2366/x), * Kakamas 03.01.1932, » Kakamas »a vroeg oorlede

2373 f7 Frans Stephanus BERGH (2366/x), * Kakamas 01.06.1934, » Kakamas, ? Delmas 24.04.1994 »a [59.10.-] Dr Joubert het sy geboorte waargeneem te Kakamas, doodgeskiet voor sy huis, slegs 3 dae voor die 1994 verkiesing »» Kinders (3): 2374, 2375, 2376 x Kakamas 01.06.1956, Susanna Aletta Carolina VISSER (d.v. Gert Johannes VISSER & Martha Magdalena Petronella BRAND), * Volstruishoek, distr. Pofadder 12.05.1933, » Pofadder »» Sien verwysingsnommer 97212 vir verdere inligting.

2374 g1 Martha Magdalena Petronella BERGH (2373/x), * 17.11.1959 x Daniel Pienaar PRINSLOO »» Sien verwysingsnommer 67000 vir verdere inligting.

2375 g2 Anna Francina BERGH (2373/x), * __.04.1964 »a oba: Annelie x ÷, PN VAN DEN HEEVER »» Sien verwysingsnommer 82544 vir verdere inligting. xx ÷, PN HANEKOM »» Sien verwysingsnommer 29126 vir verdere inligting.

2376 g3 Frans Stephanus BERGH (2373/x), * 06.07.1965, ? 25.02.2006 »a [40.-.-] woonagtig te Delmas »» Kinders (2): 2377, 2378 x Johanna Alida Barendina STEENKAMP (d.v. Izaak Cornelis STEENKAMP & Frederika Oloffina PIENAAR), * 23.03.1967 »» Sien verwysingsnommer 77565 vir verdere inligting.

2377 h1 Frans Stephanus BERGH (2376/x), * 22.11.1990

2378 h2 Izak Cornelis BERGH (2376/x), * 13.05.1993 »a oba: Neelsie

2379 f8 Johannes Lodewikus BERGH (2366/x), * Kakamas 25.01.1940, » Kakamas »a vroeg oorlede

2380 e3 Anna Christina BERGH (2364/x), * 15.03.1896, » NG Kerk, Kenhardt 06.09.1896, ? __.__.1910 »» doop getuies: Izak Stefanus GOUS Elizabeth GOUS doopregister no: 820 Naam en spelling

volgens oorspronklike doopregister: Vader: Petrus Jacobus BERGH Moeder: Anna Christina LOUW

2381 e4 Petrus Jacobus BERGH (2364/x), * 28.07.1898, » NG Kerk, Kenhardt 18.09.1898, ? 05.12.1945 »» doop getuies: Johannes Petrus GOUWS Aletta Catharina Hendrina Petronella LUDIK doopregister no: 975 Naam en spelling volgens oorspronklike doopregister: Vader: Petrus Jacobus BERGH Moeder: Anna Christina LOUW

2382 e5 Johannes Andries BERGH (2364/x), * 08.12.1900, » NG Kerk, Kenhardt 27.07.1902, ? 28.12.1922 »» doop getuies: Johannes Nicolaas MEYER Gesina Helena Jeanetta LOUW doopregister no: 1328 Naam en spelling volgens oorspronklike doopregister: Vader: Petrus Jacobus BERGH Moeder: Anna Christina LOUW

2383 e6 Christina Anna Gertruida BERGH (2364/x), * 02.02.1903, » NG Kerk, Kenhardt 03.04.1904 »» doop inligting: doop getuies: Frans Stefanus BERGH Maria Susanna BEUKES doopregister no: 1532 Naam en spelling volgens oorspronklike doopregister: Vader: Petrus Jacobus BERGH Moeder: Anna Christina LOUW

2384 e7 Janetta Helena Gesina BERGH (2364/x), * 14.08.1905

2385 e8 Andries Willem BERGH (2364/x), * 04.02.1908, » NG Kerk, Kenhardt 17.05.1908 »» doop inligting: gedoop deur: Ds J W L Hofmeyr doop getuies: Schalk daniel Jacobus BERGH Johanna Maria Elizabet BERGH doopregister no: 2000 Naam en spelling volgens oorspronklike doopregister: Vader: Petrus Jacobus BERGH Moeder: Anna Christina LOUW

2386 e9 Hester Cecilia Maria Magdalena BERGH (2364/x), * 16.09.1910, ? 14.01.1985

2387 e10 Anna Christina BERGH (2364/x), * 18.06.1913, » NG Kerk, Kenhardt 14.08.1913, ? 13.05.1992 »» doop inligting:

gedoop deur: Ds J A R Volsteedt doop getuies: Frans Stephanus BERGH

doopregister no: 2616 Naam en spelling volgens oorspronklike doopregister:

Vader: Petrus Jacobus BERGH Moeder: Anna Christina LOUW x PN DU TOIT »» Sien

verwysingsnommer 22134 vir verdere inligting.

2388 d2 Anna Sophia Jacomina BERG (2363/xx), *

02.03.1868, » 06.09.1868

2389 d3 Pieter Johannes BERG (2363/xx), *

16.04.1869, » 02.05.1869

2390 d4 Christina Anna Elizabeth BERG (2363/xx), *

30.09.1870, » Fraserburg 07.09.1871

2391 c3 Willem Johannes Andries BERG (2353/xx), *

24.12.1852, » Fraserburg 13.02.1853

2392 c4 Daniel Christiaan Philippus BERG (2353/xx), *

26.06.1854, » 08.10.1854

2393 c5 Christiaan George BERG (2353/xx), *

24.03.1855, » 06.07.1856

2394 c6 Maria Margaretha BERG (2353/xx), *

02.03.1858, » 04.04.1858

2395 c7 Gabriel Gerhardus BERG (2353/xx), *

22.09.1859, » 25.12.1859

2396 c8 Daniel Christiaan Philippus BERG (2353/xx), *

29.08.1861, » 24.01.1861

2397 c9 Elizabeth Maria Johanna Christina BERG

(2353/xx), * 04.08.1863, » 09.08.1863

2398 c10 Anna Sophia Wilhelmina BERG (2353/xx) x

Fraserburg 27.09.1869, F. A BAMBERGER »» Sien verwysingsnommer 1229 vir

verdere inligting.

2399 b5 Cornelis Jacobus BERG (2349/x), *

13.10.1813, » Tulbagh 24.12.1813

2400 b6 Zacharya Petronella Maria BERG (2349/x), *

30.10.1818, » Beaufort-Wes 05.12.1819 x Beaufort-Wes 21.09.1834, Christiaan

Theunis Gertse KRUGEL »» Sien verwysingsnommer 35515 vir verdere inligting.

2401 b7 Stephanus Johannes Hendrik BERG (2349/x), *

05.10.1821, » 01.09.1822 »» Kinders (8): 2402, 2403, 2404, 2405, 2406, 2407,

2408, 2409 x Beaufort-Wes 05.04.1847, Martha Wilhelmina VAN KRAAYENBURG

2402 c1 Sara Susanna BERG (2401/x), * 27.11.1847, »

Beaufort-Wes 30.01.1848

2403 c2 Willem Johannes BERG (2401/x), *

14.07.1849, » Victoria-Wes 21.04.1850

2404 c3 Gerhardus Albertus BERG (2401/x), *

03.12.1852, » Fraserburg 08.10.1853

2405 c4 Zacharya Petronella Maria BERG (2401/x), *

16.10.1854, » 05.11.1854

2406 c5 Martha Johanna Wilhelmina BERG (2401/x), *

13.11.1856, » 01.03.1857

2407 c6 Stephanus Johannes BERG (2401/x), *

14.02.1859, » 11.03.1860

2408 c7 Anna Maria Margaretha Sophia BERG (2401/x), *

09.01.1862, » 26.04.1863

2409 c8 Elizabeth Petronella BERG (2401/x), * 20.01.1864, » Fraserburg

15.12.1866

----------

----------

6. Louis
Posted by: "Louis Hurn" louishurn@telkomsa.net   ljhurn
Thu Sep 25, 2008 11:29 pm (PDT)
Hallo al die lede,
Ek sal vir ongeveer een week weg wees om my kleindogter te gaan doop in Johannesburg en het dus my pos gestop vir die tydperk. Indien iemand iets besonders vir my het, stuur dit asseblief na my epos adres louishurn@123telkomsa.net (verwyder net die 123). Ek sal weer opvang sodra ek tuis is.
Groete en lekker bly.
Louis Hurn

Tel. : +2731 563-5443
Cell. : +2773 150-1378

Link to Hurn Family Website
http://www.onsfamilie.info/register.php?personID=I399&tree=Hurn&generations=10

----------

----------

7a. Doopregister Koffiefontein
Posted by: "Sofia Holtzhausen" sofiaholtzhausen@yahoo.com   sofiaholtzhausen
Fri Sep 26, 2008 12:50 am (PDT)
More
Ek het toegang tot die doop- en lidmaatregisters van die Gereformeerde Kerk Koffiefontein, as iemand belangstel in inligting daarin.
Ek het ook 'n klompie foto's van die begrafplaas, die vanne is te veel om te noem!
Groete
Sofia

7b. Re: Doopregister Koffiefontein
Posted by: "Willieta de Swardt" willieta@xnets.co.za   alwiette
Fri Sep 26, 2008 1:12 am (PDT)
Môre Sofia,

Ek stel belang in enige DE SWARDT inligting wat jy mag teëkom. Daar is 'n hele paar families wat in daardie omgewing gebly en getrou het.

Baie dankie,

Willieta de Swardt
willieta@xnets.co.za

7c. Re: Doopregister Koffiefontein
Posted by: "Ann Tiran" anntiran@polka.co.za anntiran
Fri Sep 26, 2008 5:10 am (PDT)
Hallo Sofia

Ek stel graag belang in die DE KLERK kinders onder..het geen besonderhede oor hulle nie. {dis my niggies}

Die ma is: MARTHA CHRISTINA SUSANNA COETZEE,[1] * 20 Apr 1923 in Krugersdorp, (daughter of FRANS GERT PETRUS COETZEE and JOHANNA MAGRIETHA FOLKUS) † 04 Aug 1974 in 178 Blue Sky Kwartiere, Boksburg Noord, buried in Boksburg.

Die Pa is: THOMAS JAMES BARTLE DE KLERK gebore 05.04.1927 in Brakpan. Oorlede Donderdag 15 Mei 2008.

Hulle het twee kinders:

1. KATHLEEN DE KLERK

2. JENNY DE KLERK

Baie dankie

annatjie

---

From: SAGenealogie@yahoogroups.com [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On Behalf Of Sofia Holtzhausen
Sent: 26 September 2008 09:51 AM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] Doopregister Koffiefontein

More
Ek het toegang tot die doop- en lidmaatregisters van die Gereformeerde Kerk Koffiefontein, as iemand belangstel in inligting daarin.

---

[1] Begrafnisblad.

8.1. Toets
Posted by: "Louis Hurn" louishurn@telkomsa.net   ljhurn
Fri Sep 26, 2008 1:52 am (PDT)
Ek toets net.
Louis Hurn

Tel. : +2731 563-5443
Cell. : +2773 150-1378

Link to Hurn Family Website
http://www.onsfamilie.info/register.php?personID=I399&tree=Hurn&generations=10

----------

----------

9. [SAGEN] Jan Daniel VAN WYNGAARDT
Posted by: "Hannelie Viljoen (Nee Smit)" hannelieviljoen@brightorange.co.za
hannelie.viljoen
Fri Sep 26, 2008 2:40 am (PDT)
Goeie More,

Maria Magdalena PUTTER (d.v. Gerrit PUTTER & Sophia van WYK * ?_._.1762,
~ 13.2.1763. Ten tye van haar huwelik (1785) was sy 'n weduwee. (Weduwee
van Casper Jan Hendrik STEENKAMP)

Verdere bevestiging kom van die Van Wyk CD:

Maria Magdalena PUTTER
dogter van Gerrit PUTTER en Sophia van WYK
* ? 1763 ~ 13.2.1763 x
x 25.3.1781 Casper Jan Hendrik STEENKAMP
xx 6.10.1785 Pieter KRUGER

Baie dankie dat jy die duplikasie van ouers onder my aandag gebring het
en my dus die geleentheid gegee het om opsoeke te doen en reg te stel.

Ek wens werklik dat meer mense wat ons CD het, sulke foute sal uitwys. Dis
vir my onmoontlik om self alles na te gaan.

Hoop dit help.

Nogmaals dankie en vriendelike groete,

Lucas

On Sun, 28 Sep 2008 09:20:51 +0200, Pieter Steenkamp
<pieter@intellicon.co.za> wrote:

> Beste Lucas,
>
>
> Hierdie dame het twee ouerpare. Weet jy miskien wie was die biologiese
> ouers?
>
>
> Groete,
>
>
> Pieter S
>
> _____
>
> From: Pieter Steenkamp [mailto:pieter@intellicon.co.za]
> Sent: Saturday, September 27, 2008 8:31 PM
> To: 'Ann Tiran'
> Cc: 'lgr@iafrica.com'
> Subject: RE: PUTTER-KRUGER-STEENKAMP
>
>
> Hallo Ann,
>

>
> Lucas Rinken se databasis eSAGI V3.80 wys egter twee ouerpare vir MARIA
> MAGDALENA PUTTER nl.
>
>
> 1. GERRIT PUTTER *1735 [ s/v JAN LODEWYK PUTTER *1696 en ANNA VAN DE
> SWAAN * 1706] x SOPHIA VAN WYK*1743 [sy is die d/v GERRIT VAN DE SWAAN
> *Nederland en AGNITA CAMPHER]
>
> 2. Johannes D PUTTER b9c4 g. Ca. 1733 h. 2 Apr 1758 p. Cape, South
> Africa o. Okt 1792 p. Cape, South Africa x Catharina E van WYK a2b3c9 g.
> Ca.
> 1741 o. p. Cape, South Africa.
>
>
> Ek weet nie watter is die korrekte (biologiese) ouerpaar nie.
>
>
> Groete,
>
>
> Pieter S
>
> _____
>
> From: Ann Tiran [mailto:anntiran@polka.co.za]
> Sent: Saturday, September 27, 2008 4:18 PM
> To: psteenkamp@gmail.com; SAGenealogie@yahoogroups.com; 'Barry Kruger'
> Subject: PUTTER-KRUGER-STEENKAMP
> Importance: High
>
>
> Hallo almal- HELP ASSEBLIEF
>
>
> Ek wil net graag weet:
>
>
> 1. Is MARIA MAGDALENA PUTTER [eerste kind] gedoop 1763 x 06.10.1785 met
> PIETER KRUGER dieselfde persoon as die MARIA MAGDALENA PUTTER gedoop
> 1763 x
> met CASPER JAN HENDRIK STEENKAMP?
>
>
> Ek het vir die eerste MM die volgende gekry:[op die webwerf
> www.henning.org
> <http://www.henning.org/> ]
>
>
> Ouers: GERRIT PUTTER *1735 [ s/v JAN LODEWYK PUTTER *1696 en ANNA VAN DE
> SWAAN * 1706] x SOPHIA VAN WYK*1743 [sy is die d/v GERRIT VAN DE SWAAN
> *Nederland en AGNITA CAMPHER] GERRIT is die tweede kind van 3 kinders.
>
>
> MM PUTTER en PIETER KRUGER het twee kinders: GERT LODEWYK KRUGER *1801
> en
> PIETER GERT LODEWYK KRUGER * 1832

>
>
> 2. Dan het ek MARIA PUTTER x FRANS KRUGER [sy is d/v JAN LODEWYK
> PUTTER]
>
> 3. MARIA PUTTER x JOCHEM KOEKEMOER [sy is die dogter van
> DIETER
> PUTTER]
>
>
> Hoe skakel die klomp PUTTERS met mekaar in?
>
> Dankie
>
> annatjie
>
>

--
Using Opera's revolutionary e-mail client: http://www.opera.com/mail/

10b. Re: Fwd: Re: FW: PUTTER-KRUGER-STEENKAMP
Posted by: "Ann Tiran" anntiran@polka.co.za   anntiran
Sun Sep 28, 2008 3:22 am (PDT)
Hallo Lukas
Ek kry die volgende van Willie...hoekom sou sy STEENKAMP kinders in haar
boedel benoem????

Pieter noem ook die fout in SAG t.o.v hierdie PUTTERS.
-----------------------------------------
Hallo Ann

Een en dieselfde

Reference no.: MOOC8/36.56
Testator(s):
Maria Magdalena Putter

29 August 1820

Est: 20 Dec: 1820

C: Bird

Inventaris van alle zodanige goederen en effecten als er door wijlen
Maria Magdalena Putter laatst weduwe wijlen Piet Kruger, ab intestato
met er dood ontruimd en nagelaaten zijn, mitsgaders heeden opgenomen
en in waaren weezen bevonden geworden, te weeten

...................

Erfgenaamen
1) Sophia Margaretha Steenkamp gehuwd met Steph:s Joh:s Kruger G:t
z:n

2) Levina Catharina Steenkamp gehuwd met Louis Joh:s van Wijk Louis z:n
3) Hend:k Gerh:ds Kruger, mondig
4) Maria Magd:na Kruger gehuwd met Maarten Kruger G:t z:n
5) Johanna Alida Kruger gehuwd met Tjaard van der Walt Hend:k z:n
6) Anna Sophia Kruger geb: d: 12:e Sept:r 1795
7) Gerr:t Lodewijk Kruger geb: d: 15:e Meij 1801
8) Hester Francina Kruger geb: d: 6:e Jan:ij 1804

Groete

Willie

-----Original Message-----
From: SAGenealogie@yahoogroups.com [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On Behalf Of Lucas Rinken
Sent: 28 September 2008 11:02 AM
To: SAGenealogie.yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] Fwd: Re: FW: PUTTER-KRUGER-STEENKAMP

------- Forwarded message -------
From: "Lucas Rinken" <lgrinken@iburst.co.za>
To: psteenkamp@gmail.com
Cc:
Subject: Re: FW: PUTTER-KRUGER-STEENKAMP
Date: Sun, 28 Sep 2008 10:59:53 +0200

Dag Pieter,
Ja, hierdie is een van daardie probleem gevalle!

Op bladsy 513 van SAG 8 kry ons:
b9c4d3 Maria Magdalena ~ 17.3.1765 x Casper Jan Hendrik STEENKAMP
xx 6.10.1785 Pieter KRUGER.

Hier is haar ouers Johannes Diederik en Catharina Elisabeth van WYK.

Maar op bladsy 515:
b9c5d2 Maria Magdalena ~ 13.2.1763 x Casper Jan Hendrik STEENKAMP ~ 28.11.1756
xx Pieter KRUGER

Hier is haar ouers Gerrit en Sophia van WYK.

Volgens Barry KRUGER se CD blyk die tweede een die regte een te wees.

Hy gee op bladsy 674/675:

c6 Pieter (1737/x), * 20.8.1757 ~ NGK Kaapstad 28.8.1757 + 27.7.1802
Doopgetuies: Pieter Ernst Kruger, Zacharis Putter x NGK Tulbagh 6.10.1785
Maria Magdalena PUTTER (d.v. Gerrit PUTTER & Sophia van WYK * ?_._.1762,
~ 13.2.1763. Ten tye van haar huwelik (1785) was sy 'n weduwee. (Weduwee van Casper Jan Hendrik STEENKAMP)

Verdere bevestiging kom van die Van Wyk CD:

Maria Magdalena PUTTER
dogter van Gerrit PUTTER en Sophia van WYK

* ± 1763 ~ 13.2.1763 x
x 25.3.1781 Casper Jan Hendrik STEENKAMP
xx 6.10.1785 Pieter KRUGER

Baie dankie dat jy die duplikasie van ouers onder my aandag gebring het
en my dus die geleentheid gegee het om opsoeke te doen en reg te stel.

Ek wens werklik dat meer mense wat ons CD het, sulke foute sal uitwys. Dis
vir my onmoontlik om self alles na te gaan.

Hoop dit help.

Nogmaals dankie en vriendelike groete,

Lucas

>
> From: Ann Tiran [mailto:anntiran@polka.co.za]
> Sent: Saturday, September 27, 2008 4:18 PM
> To: psteenkamp@gmail.com; SAGenealogie@yahoogroups.com; 'Barry Kruger'
> Subject: PUTTER-KRUGER-STEENKAMP
> Importance: High
>
>
> Hallo almal- HELP ASSEBLIEF
>
>
> Ek wil net graag weet:
>
>
> 1. Is MARIA MAGDALENA PUTTER [eerste kind] gedoop 1763 x 06.10.1785 met
> PIETER KRUGER dieselfde persoon as die MARIA MAGDALENA PUTTER gedoop
> 1763 x
> met CASPER JAN HENDRIK STEENKAMP?
>
>
> Ek het vir die eerste MM die volgende gekry:[op die webwerf
> www.henning.org
> <http://www.henning.org/> ]
>
>
> Ouers: GERRIT PUTTER *1735 [ s/v JAN LODEWYK PUTTER *1696 en ANNA VAN DE
> SWAAN * 1706] x SOPHIA VAN WYK*1743 [sy is die d/v GERRIT VAN DE SWAAN
> *Nederland en AGNITA CAMPHER] GERRIT is die tweede kind van 3 kinders.
>
>
> MM PUTTER en PIETER KRUGER het twee kinders: GERT LODEWYK KRUGER *1801
> en
> PIETER GERT LODEWYK KRUGER * 1832
>
>
> 2. Dan het ek MARIA PUTTER x FRANS KRUGER [sy is d/v JAN LODEWYK
> PUTTER]
>
> 3. MARIA PUTTER x JOCHEM KOEKEMOER [sy is die dogter van
> DIETER
> PUTTER]

> Hoe skakel die klomp PUTTERS met mekaar in?
> Dankie
> annatjie

10c. Re: Fwd: Re: FW: PUTTER-KRUGER-STEENKAMP
Posted by: "Ann Tiran" anntiran@polka.co.za anntiran
Sun Sep 28, 2008 3:24 am (PDT)
Dankie LUKAS
Dink ek het nou die regte inligting as ek so vinnig kyk na wat jy hieronder skryf....wat van die ander twee MARIA PUTTERs?
Annatjie

11a. Re: BEZUIDENHOUT- Tuiniers in diens van VOC
Posted by: "Wynand Bezuidenhout" wynbez@yahoo.co.uk wynbez
Sun Sep 28, 2008 2:02 am (PDT)
Hello Medegeners,

Ek stem baie saam met jou Johann. Dit was heel inderdaad seker die geval. Ek glo die tuinbou vir groente en vrugte was 'n groot fokus in die Kaap siende dat dit een van die bestaansredes is van die vereversingspos aan die Kaap. Ja, ons weet redelik baie van die einste Wijnand Leenders (VAN BEZUIDENHOUTEN) af wat juis op een stadium die hooftuinier aan die Kaap by die VOC se Kompanjietuine was. Hy was ongelukkig nie lank daar toe hy gesneuwel het nie. Maar van wat ek kan aflei was hy 'n redelike belangrike persoon in sy pos. Soos ek verstaan uit 'n nie te ou boekuitgawe waarvan ek die naam vergeet het en outeur, het hy met sy dienste later die plaas Rustenburg, later Rondebosje(Rondebosch landgoed in die einste woonbuurt vandag) aangekoop met al sy slawe en bierbrouery etc. Ek dink amper die plek is vandag se Tuinhuis. Net na sy dood in Junie 1673 is die plek egter weer van hand gesit. Indien iemand egter daardie boek met die inligting byderhand het,
kan julle my yl details bietjie aanval asseblief. Ek het dit so 'n jaar terug in 'n boekwinkel in Westgate, Roodepoort te koop gesien. Ek het egter nie die boek aangekoop nie, maar wel die interessante deel so vlugtig gelees. Daar is ook egter genoem dat ene Jannetjie Gerrits egter voorheen reeds aan die Kaap getroud was met ene Ferdinandus('n skipbevelvoerder) en sy is reeds in die monsterrolle in 1660 genoem, voor Wijnand Leenders (Van Bezuidenhouten) se aanland aan die kaap in 1666. En in haar boedel is sy egter aangegee as Geeraerts of so iets. Ek het probeer om die boedel te trek in die Kaap, maar sover het ek nie die korrekte boedel gekry nie en is ek steeds bietjie oningelig omtrent die paring. Enigeeimand wat meer lig kan werp op die ene, sal waardeer word.

Groete

Wynand Bezuidenhout
Johannesburg
Bezuidenhout familienavorsing

----- Original Message ----
From: "johann@hanekom.org" <johann@hanekom.org>
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Tuesday, 23 September, 2008 9:52:17

Subject: RE: [SA-Gen] BEZUIDENHOUT- Tuiniers in diens van VOC

Hallo Annatjie

Siende dat die doel met die nedersetting aan die Kaap was om proviand aan verbygaande skepe te lewer - en spesifiek vars groente en vrugte om die skeurbuik probleem die hoof te bied - glo ek dat die tuine redelik uitgebreid sou wees.

Dus meer werk as wat een of twee tuineirs sou kon behartig

Johann

_____________ _________
Â

Dit val my op dat daar al heelwat â€œstamvadersâ€? is wat â€œtuinierâ€? in die Kompanje se tuine wasâ€¦..weet iemand wie almal tuiniers sou wees..sou die kompanje tuine so baie tuiniers nodig gehad het?
,_._,___

12. Re: BEZUIDENHOUTS VAN OUDTSHOORN
Posted by: "Wynand Bezuidenhout" wynbez@yahoo.co.uk   wynbez
Sun Sep 28, 2008 2:22 am (PDT)
Hello Alta,

Ek is baie dankbaar vir jou bydra aangaande die Bezuidenhouts. Die details wat jy my gestuur het omtrent die Bezuidenhouts in die Oudshoorn doopregister is sommer pragtig. En ja julle is beslis ook vriendelike mense. Enigeiemand wat ek noudiedag uitgelaat het, moenie sleg voel nie, dis maar net die name wat eerste in my kop gekom het wat ek gou genoem het. Nie dat die ander baie behulpsame medegeners my nie al talle kere gehelp het met net so baie interressante en relevante inligting nie. Boonop raak ek gereeld deurmekaar met Alta Roux(van Kinross) en jouself, Alta Le Roux, dan is daar nog Alta Griffiths. Sommer 'n hele klompie Alta ne.

In elke geval ek waardeer alle bydrae ewe veel en weereens dankie.

Groete

Wynand Bezuidenhout.

----- Original Message ----
From: alta le roux <altaler@odn.co.za>
To: wynbez@yahoo.co.uk
Sent: Monday, 22 September, 2008 22:41:40
Subject: BEZUIDENHOUTS VAN OUDTSHOORN

Wynand

Hierby aangeheg 'n klompie Bezuidenhouts uit die Klein Karoo - net om jou te wys ons is hier net so vriendelik!

Groete

Alta le Roux
Posbus 1138
OUDTSHOORN
6620
Tel. 044 272 2272 (h) / 044 272 3676 (w) 083 9960676

13a. Re: Naweek koerant - Bezuidenhout
Posted by: "Wynand Bezuidenhout" wynbez@yahoo.co.uk wynbez
Sun Sep 28, 2008 2:23 am (PDT)
Baie dankie Elizabeth,

Heel interressant ne.

Groete

Wynand Bezuidenhout
Johannesburg
(Bezuidenhout navorsing)

----- Original Message ----
From: Elizabeth Oberholster <aperico@mweb.co.za>
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Monday, 22 September, 2008 22:24:29
Subject: RE: [SA-Gen] Naweek koerant - Bezuidenhout

Wynand

Ek het dit gaan soek en dit reeds vir Janet aangestuur.

Hier is die berig :

Meer nuus by www.Rapport. co.za <http://www.Rapport. co.za/Rapport/ Home/0,,,00.html>
Lees die storie by:
http://www.news24. com/Rapport/ Rubrieke/ 0,,752-801_ 2392840,00. html
Gestuur deur: Elizabeth Oberholster
Boodskap: Janet, hierdie is seker die artikel. Maar dit gee nie werklik genealogiese data nie. Groetnis Liz
Andries Bezuidenhout: Op hierdie stuk aarde hoort ek tuis

Sep 13 2008 03:17:24:703PM
Die Bezuidenhouts se stamvader het in 1666 hier in Afrika aangekom. Sy naam was Wynand Leendertz Bezuidenhout, â€™n tuinier in die kompanjiestuin. Sy einde was heel banaal.
Die Bezuidenhouts se stamvader het in 1666 hier in Afrika aangekom. Sy naam was Wynand Leendertz Bezuidenhout, â€™n tuinier in die kompanjiestuin. Sy einde was

heel banaal. Hy is deur â€™n groep Koi doodgemaak terwyl hy op â€™n seekoeijagtog iewers in die Kaapse Skiereiland was.
Die Bezuidenhouts se familielyn het egter nie uitgesterf nie. Tewens, ons het gefloreer, met vertakkings van die stamboom oor die hele Afrika.
Ek weet nie of dit politiek korrek sou wees om hom, gegewe wat daardie aand van besopenheid gebeur het, as die familie se â€œswart skaapâ€? te beskryf nie. Oor die besonderhede sal ek nie uitwei nie. Blaai gerus om agterblad toe as u â€™n behoefte aan iets minder stigteliks het.
Danksy die Versindaba is ek op die oomblik in Stellenbosch. Digters van regoor die land het saamgetrek om hul nuutste skeppings voor te lees en om oor die digkuns te gesels. Maar nou is die indaba verby. Dis â€™n helder Sondagoggend. Netnou gaan ek by die Kaapse vertakkings van die familie kuier.
Ek het nou eers gaan stap om die Boland se natuurskoon te bewonder. Ek gaan sit op â€™n parkbank, haal my skootrekenaar uit, en skryf:
â€œDie wind is â€™n baldadige wasvrou wat witgewaste lakens oor Simonsberg se piek boender. Een laken se hoek haak aan â€™n krans vas en trek skeef. Vir â€™n oomblik word die berg â€™n seilboot wat sy boeg bakboord wil omgooi, maar die wolk skeur middeldeur as die berg verseg om uit die aardkors te beur.â€?
Dalk kan ek dit later vir â€™n liriek of â€™n gedig gebruik. Eers moet ek my rubriek klaarskryf.
Ons woon voorwaar in â€™n verruklike land, dink ek. Ek wonder waar presies my stam-vader omgekom het. Waaraan het hy gedink, daardie laaste oomblikke?
Wat laat my nou hieroor wonder? Twee weke gelede het ek oor my besoek aan Amerika geskryf. Ek het genoem dat dele van die land amper DerdewÃªrelds lyk en dat die aantal oorgewig mense my opgeval het. Die reaksie op Rapport se webwerf het my heeltemal onverhoeds betrap.
Luca Nell beskryf Suid-Afrika as â€™n land waar â€œmisdaad eerste staan, waar die vroulike geslag van geboortedag af verkrag word, waar weerlose oumense gemartel en vermoor word, waar selfs die visse vrek omdat daar nie meer suurstof in die water is nie as gevolg van die rioolvuil in jul riviere en damme waar jul drinkwater vandaan kom â€¦â€?
Philip, wat al sewe jaar lank in KaliforniÃ« woon, skryf: â€œEk het een voordeursleutel, die polisie is goed opgelei en paraat, die regstelsel werk en vroue loop stoksielalleen winkel toe nÃ¡ sononder.â€?
Annette skryf weer: â€œGenade, Boet, as die vet mense in Amerika die grootste van â€™n land se probleme is, gaan bly ek enige tyd daar.â€?
Vir die rekord: Ek respekteer enigiemand se keuse om Suid-Afrika te verlaat. Ek hoop die grootste oorweging is vrees, nie haat nie.
Al wat ek sulke mense vra, is om my keuse om hier te bly ook te respekteer.
Ek dink nie Suid-Afrika is die veiligste plek ter wÃªreld nie. Ek moes al op die pad lÃª met â€™n geweer teen die agterkop. Ek het al soveel motors aan diewe afgestaan dat ek ophou tel het. Ons bure is deur mans met AKâ€™s aangeval terwyl ek in Amerika was.
Oor die toestand van Eskom, plaaslike besture, die onderwys en ons hospitale het ek al breedvoerig hier uitgewei.
Ten spyte van dit alles kan ek aan geen ander plek dink waar ek wil woon nie. Waar anders kan ek musiek vir sulke diverse Afrikaanse gehore maak? Waar anders kan ek aan â€™n poÃ«siefees soos die Versindaba deelneem? Waar anders kan ek sulke wonderlike gesprekke in my moedertaal op straat hoor? Waar anders kan ek probeer om ons probleme te help oplos?
Ek sÃª nie ek sal nÃ³Ã³it emigreer nie. Dalk sal ek in â€™n stadium moet vlug, dalk sal dit dan te laat wees.
Die dag as ek doodgaan, waarskynlik soos my stamvader, maar verkieslik minder gewelddadig, hoop ek my reste sal in die aarde waar ek tuishoort tot ruste kom.

From: SAGenealogie@ yahoogroups. com [mailto:SAGenealogie@ yahoogroups. com] On Behalf Of Wynand Bezuidenhout

Sent: 22 September 2008 22:15
To: SAGenealogie@ yahoogroups. com
Subject: Re: [SA-Gen] Naweek koerant - Bezuidenhout

Hello Janet en medegeners,

Ek verstaan ook so. Ek het ook nie die Rapport van die naweek gekoop nie, maar soos ek verstaan het ene Andries Bezuidenhout 'n artikel in die koerant gehad en as deel van sy berig het hy basies ook genoem oor die voorvaders van die Bezuidenhouts en bietjie oor hulle uitgebrei. Indien enigeiemand die artikel in sy besit het, sal julle miskien omgee om vir my en Janet 'n afskrif daarvan te faks of scan en e-mail of selfs net e-mail die inhoud van die berig. Indien daar fotos is, sal ek dit ook waardeer.

Baie dankie

Wynand Bezuidenhout
Johannesburg

.
<http://geo.yahoo. com/serv? s=97359714/ grpId=11669473/ grpspId=17051939
28/msgId= 43657/stime= 1222114495/ nc1=4990216/ nc2=5170420/ nc3=5286667>

14. Herdenkingsbundel van NG Gemeente Suidkus 50 jaar/1959-2008
Posted by: "Elizabeth Teir" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Sun Sep 28, 2008 3:28 am (PDT)

Goeiemiddag Almal,

In my besit die oulike bundel 62 bladsye. Kort opsomming van Amansimtoti se dorpsgeskiedenis. Puff Puff huis by Doone Side (Doonside stasie) 1920 - kiekie. Het verlede week so ´n draai gery na die suidkus en verby DOONSIDE. Die boom groei nog uit die koorsteen!

Groetnis
Elizabeth Teir

15. [KOERANT]SOUTH COAST SUN - WEEK 35
Posted by: "Elizabeth Teir" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Sun Sep 28, 2008 3:39 am (PDT)

Justine *de Beer x Pieter Rabe - Karridene Hotel
Tanya *Turner x André Coetzee -Estuary Hotel Port Edward

Groetnis
Elizabeth Teir

16. [KOERANT]SOUTH COAST SUN-HIGGS Johnny [Eng]
Posted by: "Elizabeth Teir" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Sun Sep 28, 2008 3:54 am (PDT)
Long-standing resident of Amanzimtoti, Johnny Higgs[70] died in Kingsway Hospital on September 2. Johnny moved to Toti from Johannesburg 1971. He worked at the Water Board for 26 yrs, where he started to a plumber and was eventually promoted to supervisor. According to family friend Bruce Clark when Johnny arrived in KwaZulu. Natal, his interest in deep sea fishing grew. This led him to building his own ski boat in this backyard. He was a long-standing member of the Warner Beach Ski boat Club, where at one stage he held the position of club captain. However, he was best knows for his boat 'Snookie No 25`. In the 70´s before the fish finders were available, Johnny would lead a fleet of ski boats to various fishing reefs, using landmarks along the Toti coastline. Johnny's second passion was radio controlled model aeroplanes. He was member Kingsburgh Radio Model Aircraft Club and was chairman for two years. He also received his instructors rating from the South African Model Aircraft Association. After about two years of leisure after his retirement, he retired in May due to a deterioration in his health. Johnny is survived by his wife, Marie, daughter Lolene and grandchildren: Johnny Jamie, Yasmin and Jodie. Kiekie beskikbaar

17. Voortrekkerbegraafplaas Origstad
Posted by: "christo.heymans" cheymans@mweb.co.za   christo.heymans
Sun Sep 28, 2008 4:49 am (PDT)
Beste lyslede,
Ek het gedurende 18-20 Sep 2008 al die grafstene afgeneem wat daar in die begraafplaas is. Die lys van grafte is opgestel gewees deur Herman Labuschagne en ek sal die fotos oplaai gedurende die komende week na Fotki en ook aanstuur vir Alta vir die begraafplaasprojek van EGGSA.
Daar was ook twee grafstene wat ek afgeneem het in Steelpoort van 'n Swart-familie.
Grte.
Christo.

18.1. New file uploaded to SAGenealogie
Posted by: "SAGenealogie@yahoogroups.com" SAGenealogie@yahoogroups.com
Sun Sep 28, 2008 4:56 am (PDT)

Hello,

This email message is a notification to let you know that a file has been uploaded to the Files area of the SAGenealogie group.

File : /Begraafplase/Ohrigstad begraafplaas opgedateer.xls
Uploaded by : christo.heymans <cheymans@mweb.co.za>
Description : Origstadbegraafplaas opgedateer

You can access this file at the URL:
http://groups.yahoo.com/group/SAGenealogie/files/Begraafplase/Ohrigstad%20begraafplaas%20opgedateer.xls

To learn more about file sharing for your group, please visit:
http://help.yahoo.com/l/us/yahoo/groups/original/members/web/index.htmlfiles

Regards,

christo.heymans <cheymans@mweb.co.za>

Onderwerp: [SA-Gen] Bundel Nommer 3438

Datum:  Sunday, September 28, 2008

Daar is 25 boodskappe in hierdie uitgawe

Onderwerpe in hierdie bundel:


1a. Re: PUTTER-KRUGER-STEENKAMP From: Ann Tiran
2a. Re: Fwd: Re: FW: PUTTER-KRUGER-STEENKAMP From: Ann Tiran
3. Graaff-Reinet en Dirk Coetzee From: Elizabeth Oberholster
4a. Re: Swart From: Janet Melville
4b. Re: Swart From: Ann Tiran
5a. Greeff/le Roux/Behr From: Janet Melville
5b. Re: Greeff/le Roux/Behr From: Francois Greeff
6. [KOERANT] SOUTH COAST SUN-SMALL Mildred [95] (Eng) From: Elizabeth Teir
7a. Re: Herdenkingsbundel van NG Gemeente Suidkus 50 jaar/1959-2008 From: Annelie Els
7b. Suidkus ens From: Elizabeth Teir
8a. Re: Nel, Nieuwoudt en Bezuidenhoud From: Janet Melville
9a. SUSTER VAN GEN MANIE MARITZ GESOEK From: Marie van der Merwe
9b. Re: SUSTER VAN GEN MANIE MARITZ GESOEK From: Simon du Plooy
10. [KOERANT]Kwana  week36 From: Elizabeth Teir
11. OBERHOLZER/OBERHOLSTER From: Marie van der Merwe
12a. DELPORT From: Marie van der Merwe
13. Nuwe Webtuiste: SLAWE From: Ann Tiran
14. Re: SUSTER VAN GEN MANIE MARITZ GESOEK  - ROOS From: Janet Melville
15. SUSTER VAN GEN MANIE MARITZ From: Marie van der Merwe
16. Verwantskap nagmerrie From: Pieter du Venage
17a. PUTTER-STEENKAMP-KRUGER From: Ann Tiran
17b. PUTTER-STEENKAMP-KRUGER From: Ann Tiran
17c. Re: PUTTER-STEENKAMP-KRUGER From: Johann Hanekom
18. FW: Graaff-Reinet en Dirk Coetzee From: Elizabeth Oberholster
19a. Re: POK(E)LENBERG / BOCKELENBERG From: Ria Smit


1a. Re: PUTTER-KRUGER-STEENKAMP
Posted by: "Ann Tiran" anntiran@polka.co.za   anntiran
Sun Sep 28, 2008 4:57 am (PDT)

Lukas, Willie en Pieter

Baie dankie vir die nagaan van hierdie ouens se gegewens..ek waardeer julle hulp baie.

annatjie

2a. Re: Fwd: Re: FW: PUTTER-KRUGER-STEENKAMP
Posted by: "Ann Tiran" anntiran@polka.co.za anntiran
Sun Sep 28, 2008 5:01 am (PDT)
Stoepid!!!! Ek't nie klaar gelees in jou goed nie..skies man

annatjie

Hallo Lukas
Ek kry die volgende van Willie...hoekom sou sy STEENKAMP kinders in haar boedel benoem????

3. Graaff-Reinet en Dirk Coetzee
Posted by: "Elizabeth Oberholster" aperico@mweb.co.za lizoberholster
Sun Sep 28, 2008 5:22 am (PDT)
Vriende,

Ek lees dat Graaff-Reinet gestig is op twee plase wat van Dirk Coetzee gekoop is. Kan iemand vir my sê watter Dirk Coetzee hier na verwys word, en wat die plaasname was?

Hulp sal opreg waardeer word.

Groete

Liz

4a. Re: Swart
Posted by: "Janet Melville" jmelville@xsinet.co.za jmelvillexsinetcoza
Sun Sep 28, 2008 6:29 am (PDT)
Jy weet dat daar foute is in die Swart boek. Jy moet alles wat jy daar kry nagaan.
Janet Melville
Posbus 15215
Emerald Hill
PE 6011
083 642 7744
H/Faks: 041 3792077
Researching: van der Merwe, Melville, Rudman, William Reynolds, Van Lingen and East Cape families
----- Original Message -----
From: anita slabbert
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Thursday, September 25, 2008 10:13 AM
Subject: [SA-Gen] Swart

Dag mense

Hoop julle kan my help. Ek het als mooi in die "Swart" boek by Gisa
gekry en verder by die lewende mense, maar ek het een haakplek.
Wessel Johannes Swart * 25 Nov 1823 x Napier met Johanna Magdalena
Susanna Bester. Hulle het 13 kinders gehad. Hulle 9e kind: Willem
Jacobus Christiaan Swart * 2 Mei 1869 Napier x Napier met Anna
Christina van Dyk. Ek het 4 kinders vir hulle. Ek moet weet of dit
die enigste kinders was en die volgorde.
Ek kry nerens 'n SK vir Willem of Anna nie. Hy is weer getroud met
Elizabeth Germishuys.
Sal baie bly wees as iemand dalk kan help.
Baie groete hier uit 'n steeds koue Melkbosstrand
Anita

----------------------------------------------------------

4b. Re: Swart
Posted by: "Ann Tiran" anntiran@polka.co.za   anntiran
Sun Sep 28, 2008 7:19 am (PDT)
Alet Swanepoel is ook besig om aan die SWARTS te werk maar is huigiglik nie
tuis nie.

annatjie

5a. Greeff/le Roux/Behr
Posted by: "Janet Melville" jmelville@xsinet.co.za   jmelvillexsinetcoza
Sun Sep 28, 2008 6:29 am (PDT)
Anna Margaretha Greeff d.v. Willem Hendrik Greeff en Elizabeth Helena Lategan is
definitief nie met of Le Roux of Behr getroud nie. Sy is slegs met die Steyn
getroud.

Janet Melville
Posbus 15215
Emerald Hill
PE 6011
083 642 7744
H/Faks: 041 3792077
Researching: van der Merwe, Melville, Rudman, William Reynolds, Van Lingen and
East Cape families

5b. Re: Greeff/le Roux/Behr
Posted by: "Francois Greeff" Goodgreeff@hiddencode.co.uk
Sun Sep 28, 2008 12:26 pm (PDT)

Janet,

Dankie vir jou inligting. Ek het die foute op die Greeff Familie Webblad begin regstel. Die proses vat tyd en die regstellings sal meetertyd op die webblad verskyn. Intussen moet die onderstaande bladsye saam gelees word, binne die konteks van die aangehegde Sterf kennisse.

Anna Margaretha Greeff (*19 Junie 1814), d.v. Willem Hendrik Greeff en Elizabeth Helena LATEGAN is met Johannes Willem Steyn getroud.

(Sterf Kennis MOOC 6/9/143, Nr 9219 van 1873)

http://www.greeff.info/tng01/getperson.php?personID=I316
<http://www.greeff.info/tng01/getperson.php?personID=I316&tree=GreeffMainTree> &tree=GreeffMainTree

Haar Sterf Kennis kan op haar blad gelees word.

Anna Margaretha Greeff (*24 Feb 1820), d. v. Johannes Hermanus Greeff en Anna Margaretha LATEGAN is met Christiaan Johannes Andries Behr getroud.

(Death Notice: MOOC 6-9-1284 No 1669.)

http://www.greeff.info/tng01/getperson.php?personID=I274
<http://www.greeff.info/tng01/getperson.php?personID=I274&tree=GreeffMainTree> &tree=GreeffMainTree

Haar Sterf Kennis kan op haar blad gelees word.

Maria Catharina Greeff (* 1853), d. v. Gerhardus Johannes Greeff en Jacoba Magdalena Johanna Nortje (Nortier?) is getroud met Willem Hendrik Johannes Josephus Le Roux.

(Death Notice: MOOC 6-9-399 No 890.)

http://www.greeff.info/tng01/getperson.php?personID=I2428
<http://www.greeff.info/tng01/getperson.php?personID=I2428&tree=GreeffMainTree> &tree=GreeffMainTree

Haar Sterf Kennis kan op haar blad gelees word.

Kan iemand asseblief help met dokumentasie vir die huwelik tussen 'n Anna Margaretha Greeff en Johannes Josephus le Roux? Wie was hulle twee se ouers, en waar en wanneer is hulle getroud?

Groete,
Francois Greeff

_____________

Francois Greeff
36 Aston Road
London
SW20 8BE
United Kingdom

Phone: 0044 20 8123 4224
Mobile 0044 79 6372 2345
Skype: Greefffrancois

Greeff Family Web Site: www.Greeff.info
Greeff Family Newsletter:
http://www.greeff.info/tng01/GreeffGenealogyJournal.php

To join the Greeff Correspondence Circle, our family email network, please send an email to GREEFF-L-request@rootsweb.com <mailto:GREEFF-L-request%40rootsweb.com> , with only one word, subscribe, as subject and body. To get out again, send unsubscribe.

From: Janet Melville [mailto:jmelville@xsinet.co.za]
Sent: 28 September 2008 13:57
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] Greeff/le Roux/Behr

Anna Margaretha Greeff d.v. Willem Hendrik Greeff en Elizabeth Helena Lategan is definitief nie met of Le Roux of Behr getroud nie. Sy is slegs met die Steyn getroud.

Janet Melville
Posbus 15215
Emerald Hill
PE 6011
083 642 7744
H/Faks: 041 3792077
Researching: van der Merwe, Melville, Rudman, William Reynolds, Van Lingen and East Cape families

6. [KOERANT] SOUTH COAST SUN-SMALL Mildred [95] (Eng)
Posted by: "Elizabeth Teir" trcul.info@elisanet.fi   kerrieborrie
Sun Sep 28, 2008 6:50 am (PDT)

A long-time volunteer at Amanzimtoti Child and Family Welfare and a well-known face in the area, Mildred Small[95] died on Friday, August 29. Although she was in good health all her life, her health had deteriorated in the last six months. Sue Johnstone, a member of the welfare committee paid tribute to Mildred's contribution to the community. "She was involved in welfare for more years than we can remember. She had a positive outlook on life. Negatively was not a word in her vocabulary said Sue. Mildred and her husband Alf moved in Toti in 1972, after his retirement from the Springs Municipality. They moved to Ingram Mansions in 1974, when she continued to live after Alfs´s death. Her greatest joy was singing group and the choir of Athlone Park Methodist Church. While Mildred enjoyed helping others, she shunned publicity. "Everyone knew her. She was involved in various fundraising projects from the sale of raffle tickets to second-hand clothes unassisted in the tea garden at Highland Gathering" said Sue. According to Sue Mildred, along with Dorothy Hardy and Lutcgmee Reddy who sold raffle tickets together, instigated welfare's `golden oldies` music evening. Their idea was put to the committee and the fundraiser held on August 29 was a major success. Mildred was an inspiration to everyone she met. She gave her time and energy to the less fortunate" said Sue. Although small in stature, Mildred never tire of helping where she could. She was and avid knitter and knitted many teddy bears and woollen covers for coat hangers for welfare.

She always had a smile. Her death leaves a gap in the lives of her many friends" said Sue. Mildred did not have any surviving family as her only child a son, Ken died a few years ago.

Note: Under correction Sue Johnstone and her husband run a family business Spar for many years in Warner Beach.

7a. Re: Herdenkingsbundel van NG Gemeente Suidkus 50 jaar/1959-2008
Posted by: "Annelie Els" annelie@who-els.co.za engelkind2000
Sun Sep 28, 2008 6:56 am (PDT)
Aai, hoe trek my ou hart `n tuitpunt.
Daardie boom wat uit die skoorsteen groei moet eintelik `n monument verklaar word.
Ons het op Doonside gebly net nadat ons weg is uit Rhodesië. (Pappie het by Illovo Suikermeule gewerk)
Die woonstelletjie bestaan nie meer nie. Dit was net bokant die woonwapark gewees, eintlik in die park se gronde gewees.
Het soggens verby die skoorsteen-boom geloop oppad na die 'Warner Beach Primary School' toe.
Groetnis
Annelie.

-----Original Message-----
From: SAGenealogie@yahoogroups.com [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On Behalf Of Elizabeth Teir
Sent: 28 September 2008 12:29 PM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: [SA-Gen] Herdenkingsbundel van NG Gemeente Suidkus 50 jaar/1959-2008
Sensitivity: Personal

Goeiemiddag Almal,

In my besit die oulike bundel 62 bladsye. Kort opsomming van Amansimtoti se dorpsgeskiedenis. Puff Puff huis by Doone Side (Doonside stasie) 1920 - kiekie. Het verlede week so ´n draai gery na die suidkus en verby DOONSIDE. Die boom groei nog uit die koorsteen!

Groetnis
Elizabeth Teir

7b. Suidkus ens
Posted by: "Elizabeth Teir" trcul.info@elisanet.fi kerrieborrie
Sun Sep 28, 2008 7:28 am (PDT)
Ja dit het verander en die klein rooi baksteen kerk "St Marys ek meld onkorreksie naby die Winkelspruit stasie is afgebreek om plek te maak vir die taxi rank.:( Iemand het oorsee die kiekie geplaas van die boom in die koorsteen in hulle plaaslike koerant. :) So dis ´n boom wat beroemd is... Terloops die South Coast Sun het die eerste keer in 1970 verskyn. Die paar woonstel geboue op Ilovo staan nog. Die plek het niks verander in die donkie jare nie. Die Durbanse voorstede net so verander. Die skool is nie meer so

"oop" nie. Was interessant om te sien...

Groetenis
Elizabeth

_____

From: SAGenealogie@yahoogroups.com [mailto:SAGenealogie@yahoogroups.com] On Behalf Of Annelie Els
Sent: Sunday, September 28, 2008 4:56 PM
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Subject: RE: [SA-Gen] Herdenkingsbundel van NG Gemeente Suidkus 50 jaar/1959-2008
Sensitivity: Personal

Aai, hoe trek my ou hart `n tuitpunt.
Daardie boom wat uit die skoorsteen groei moet eintelik `n monument verklaar word.
Ons het op Doonside gebly net nadat ons weg is uit Rhodesië. (Pappie het by Illovo Suikermeule gewerk)
Die woonstelletjie bestaan nie meer nie. Dit was net bokant die woonwapark gewees, eintlik in die park se gronde gewees.
Het soggens verby die skoorsteen-boom geloop oppad na die 'Warner Beach Primary School' toe.
Groetnis
Annelie.

Recent Activity

*

4
New
<http://groups.yahoo.com/group/SAGenealogie/members;_ylc=X3oDMTJnZDZoa2s3BF9TAzk3MzU5NzE0BGdycElkAzExNjY5NDczBGdycHNwSWQDMTcwNTE5MzkyOARzZWMDdnRsBHNsawN2bWJycwRzdGltZQMxMjIyNjEwMjA1> Members
*

7
New
<http://groups.yahoo.com/group/SAGenealogie/links;_ylc=X3oDMTJoNm1wZGNmBF9TAzk3MzU5NzE0BGdycElkAzExNjY5NDczBGdycHNwSWQDMTcwNTE5MzkyOARzZWMDdnRsBHNsawN2bGlua3MEc3RpbWUDMTIyMjYxMDIwNQ--> Links
*

3
New
<http://groups.yahoo.com/group/SAGenealogie/files;_ylc=X3oDMTJoODZ1a2I1BF9TAzk3MzU5NzE0BGdycElkAzExNjY5NDczBGdycHNwSWQDMTcwNTE5MzkyOARzZWMDdnRsBHNsawN2ZmlsZXMEc3RpbWUDMTIyMjYxMDIwNQ--> Files

Visit
<http://groups.yahoo.com/group/SAGenealogie;_ylc=X3oDMTJmODFocm92BF9TAzk3MzU5NzE0BGdycElkAzExNjY5NDczBGdycHNwSWQDMTcwNTE5MzkyOARzZWMDdnRsBHNsawN2Z2hwBHN0aW1lAzEyMjI2MTAyMDU-> Your Group
Moderator Central

Get
<http://us.ard.yahoo.com/SIG=13oue34i5/M=493064.12016262.12445669.8674578/D=groups/S=1705193928:NC/Y=YAHOO/EXP=1222617405/L=/B=UiWdBULaX9s-/J=1222610205745934/A=5028928/R=0/SIG=11e3tma2a/*http://new.groups.yahoo.com/moderatorcentral> answers to

your questions about

running Y! Groups.

Y! Groups blog

The
<http://us.ard.yahoo.com/SIG=13ob9oqeb/M=493064.12016258.12582637.8674578/D=groups/S=1705193928:NC/Y=YAHOO/EXP=1222617405/L=/B=UyWdBULaX9s-/J=1222610205745934/A=5191953/R=0/SIG=112mhte3e/*http://www.ygroupsblog.com/blog/> place to go

to stay informed

on Groups news!

Real Food Group

Share
<http://us.ard.yahoo.com/SIG=13oj1l70d/M=493064.12016243.13036160.8674578/D=groups/S=1705193928:NC/Y=YAHOO/EXP=1222617405/L=/B=VCWdBULaX9s-/J=1222610205745934/A=5379224/R=0/SIG=11gatb1qb/*http://advision.webevents.yahoo.com/hellmanns/> recipes

and favorite meals

w/ Real Food lovers.

.

<http://geo.yahoo.com/serv?s=97359714/grpId=11669473/grpspId=1705193928/msgId=43838/stime=1222610205/nc1=5028928/nc2=5191953/nc3=5379224>

8a. Re: Nel, Nieuwoudt en Bezuidenhoud
Posted by: "Janet Melville" jmelville@xsinet.co.za   jmelvillexsinetcoza
Sun Sep 28, 2008 7:00 am (PDT)
Ek vorder baie goed met my navorsing behalwe vir sterfkennis van die Transvaal wat my baie sal help. Ek het nou my Bezuidenhouts, formeel in boek vorm op die rekenaar gesit, sit met n klomp ongekoppeldes, maar sal hulle mettertyd koppel, ek sit dit maar in dan het ek dit in die databasis al is hulle nie gekoppel nie. Ek gebruik dieselfde program wat ons vir die van der Merwes gebruik het, en die print is small en dit beloop nou 221 bladyse.

Posbus 15215

Emerald Hill
PE 6011
083 642 7744
H/Faks: 041 3792077
Researching: van der Merwe, Melville, Rudman, William Reynolds, Van Lingen and East Cape families
----- Original Message -----
From: Wynand Bezuidenhout
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Sunday, September 28, 2008 10:24 AM
Subject: Re: [SA-Gen] Nel, Nieuwoudt en Bezuidenhoud

Hi Janet,

Laat my weet waarmee ek jou kan help dan kyk ek. Indien jy meer details omtrent die Kaapse en Vrystaatse Bezuidenhouts het, sal ek dit baie waardeer. My details hier is nog yl in vergelyking met die Transvalers.

Groete

Wynand Bezuidenhout
Johannesburg
(Fokus op Bezuidenhout familie alleenlik en aangetroude families met Bezuidenhouts)

----- Original Message ----
From: Janet Melville <jmelville@xsinet.co.za>
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Tuesday, 23 September, 2008 20:10:07
Subject: Re: [SA-Gen] Nel, Nieuwoudt en Bezuidenhoud

Ek doen ook navorsing oor die Bezuidenhout familie en het nogal goed gevorder. Enige inligting oor die familie sal welkom wees.

Janet Melville

Posbus 15215
Emerald Hill
PE 6011
083 642 7744
H/Faks: 041 3792077
Researching: van der Merwe, Melville, Rudman, William Reynolds, Van Lingen and East Cape families
----- Original Message -----
From: Wynand Bezuidenhout
To: SAGenealogie@ yahoogroups. com
Sent: Monday, September 22, 2008 9:22 PM
Subject: Re: [SA-Gen] Nel, Nieuwoudt en Bezuidenhoud

Hello Obie,

Ek doen my eie navorsing op die Bezuidenhout familie, meerendeels die Transvaalse Bezuidenhouts, maar meer onlangs ook die Vrystaatse, Natalse en Kaapse Bezuidenhouts. So dus mag ek jou heelwat kan help mbt die Transvalers, Natallers en Vrystaters. Die Kaapse argiewe is ver en die streek is groot en boonop ken ek daar nie eweknieë van vriendelike mense soos Annelie Els, Rita Quebbermann, Claudie Jooste en Alta Roux, wat my geweldig al gehelp het in my

navorsing nie. Ek moet maar daar op die lang manier te werk gaan. Maar ek het deesdae my maniere om wel resultate te kry. So ek mag miskien iets in my stamboom he wat jou kan help. Laat my maar weet wat jy soek en dan kan ons kyk.

Beste wense

Wynand Bezuidenhout
Johannesburg
nie pertinent die vanne na nie, Use | Unsubscribe
.

----------- --------- --------- --------- --------- --------- -

----------------------------------------------------------

9a. SUSTER VAN GEN MANIE MARITZ GESOEK
Posted by: "Marie van der Merwe" mcvdmerw@iway.na
Sun Sep 28, 2008 7:02 am (PDT)
Beste Lyslede

Ouers : Johannes Stephanus Roos en Maria Catharina du Plooy en oudste seun is :

1. Abraham Johannes Stephanus Roos *06.01.1851, gedoop 26.12.1851 op Richmond, Kaap.

Hy sterf op 04.11.1921 x Maritz (suster van die bekende generaal Manie Maritz) xx circa 1883 Johanna Elizabeth Strauss *08.01.1865, ~17.09.1865 en oorlede op 26.07.1930. (Sy was die dogter van Frederik Johannes Strauss *07.05.1811 x Anna Catharina Strauss *18.12.1824).

Ek is op soek na die naam van die eerste vrou, Maritz, glo 'n suster van Gen Manie Maritz. Sy is vroeg oorlede in die huidige Botswana.

Wie kan my help ? Ek kry niks in die SAG nie.

Dankie

Marie van der Merwe in Swakopmund

9b. Re: SUSTER VAN GEN MANIE MARITZ GESOEK
Posted by: "Simon du Plooy" sjduplooy@mweb.co.za sjdp1951
Sun Sep 28, 2008 8:07 am (PDT)
Marie-Goeiemiddag uit Potch,

Na aanleiding van jou navraag - waarmee ek nie kan help nie maar eweveel in die antwoord belangstel - is ek al lank op opsoek na bevestiging dat Maria Catharina du PLOOY se eggenoot inderdaad J.S. ROOS was, en lyk my jy het dit verskaf. Kan jy help met J.S. Roos se Ouers en die egpaar se ander kinders, indien enige, aub.
Waaroor ek beskik het was:
Abraham Johannes du PLOOY en Johanna Petronella NEL.
b5 Maria Catharina DU PLOOY + 29.10.1826 in Beaufort-Wes ~3 Dec 1826 Beaufort - Wes
NOTA:
Maria Catharina se eggenoot is vermoedelik Johannes S. Roos * 5 Aug 1820 + 29 Des 1861 (Vermoede gebaseer op haar eerste naam en voorletter asook *jaar wat ooreenstem met Roos se eggenoot. (Inligting ontvang van Alwyn Smit).

Groetnis,

Simon.

XXXXXXXXXXXXXXXXXXXXxxx
Beste Lyslede
Ouers : Johannes Stephanus Roos en Maria Catharina du Plooy n oudste seun is :
1. Abraham Johannes Stephanus Roos *06.01.1851, gedoop 26.12.1851 op Richmond, Kaap.
Hy sterf op 04.11.1921 x Maritz (suster van die bekende generaal Manie Maritz) xx circa 1883 Johanna Elizabeth Strauss *08.01.1865, ~17.09.1865 en oorlede op 26.07.1930. (Sy was die dogter van Frederik Johannes Strauss *07.05.1811 x Anna Catharina Strauss *18.12.1824).

Ek is op soek na die naam van die eerste vrou, Maritz, glo 'n suster van Gen Manie Maritz. Sy is vroeg oorlede in die huidige Botswana.

Wie kan my help ? Ek kry niks in die SAG nie.

10. [KOERANT]Kwana week36
Posted by: "Elizabeth Teir" trcul.info@elisanet.fi kerrieborrie
Sun Sep 28, 2008 7:08 am (PDT)
VENTER Anna Daphne *1917 27/06 +2008 24/07 Laaste adress: Tuinsig Aged Home, Cowey Rd, Durban, KZN
Du PREEZ Yvonne Thella Ann Particia *1918 12/03 +2008 21/07 Laaste adres: Eikehof Plaas, Rietvlei, KZN
Du PLESSIS Zacharias Francois *1954 31/07 +2008 31/07 laaste ardres: 4 Cavey Hills, 7 Crowford Rd, Petermaritzburg
MOORE Vernon Charles *1927 28/12 +2007 14/11 34 Laaste adres: Hedgerow Brighton Beach

GROETNIS
Elizabeth

11. OBERHOLZER/OBERHOLSTER
Posted by: "Marie van der Merwe" mcvdmerw@iway.na
Sun Sep 28, 2008 7:27 am (PDT)
Beste Lyslede

Wie kan help met die voorouers van : Karel (kan ook Charl wees) en Aletta Oberholzer - haar van onbekend

Hulle kinders was : Maria Martha Cornelia * ? c.1885-95 Sy trou in 1915 met Reuben Kloot

Toe woon die gesin iewers in die Noord Kaap in die Kakamas omgewing, kan ook Upington wees

Op 'n plaas. Kloot was 'n smous en het haar daar ontmoet en is die twee getroud.

Ander kinders :

Aletta en haar tweeling Jan

Annie as baba oorlede

Piet

Giel en Sarel tweeling

Groete

Marie van der Merwe in Swakopmund

12a. DELPORT
Posted by: "Marie van der Merwe" mcvdmerw@iway.na
Sun Sep 28, 2008 7:37 am (PDT)
Beste Medegeners

Ek soek nog ‘n naald in ‘n hooimied en wel die ouers van :

Anna Johanna Maria(Annie) DELPORT * 1877 x Ernst Oskar Bernhardt Mähler. Hy word in 1904 deur die Namas onder Hendrik Witbooi vermoor saam met sy swaer

Izak Delport – annie se broer

Hulle jonger suster was :

Gertruida Christina Susara Delport * 18.5.1895 + 14.8.1977

Hulle ouers het in die Lichtenburg omgewing geboer en is waarskynlik kort na 1895 oorlede want Annie het die 18 jaar jonger sussie saamgeneem Suidwes toe en groot gemaak. Annie is na die dood van haar man terug na SA en met ‘n van Rooyen getroud.

Is daar iewers iemand wat lig op die afkoms van hierdie mense kan werp.

Groete

Marie van der Merwe in Swakopmund

13. Nuwe Webtuiste: SLAWE
Posted by: "Ann Tiran" anntiran@polka.co.za anntiran
Sun Sep 28, 2008 8:03 am (PDT)
M Kamedien

PRO for the CAPE FAMILY (HISTORY & HERITAGE) RESEARCH FORUM Mogamat Kamedien Ottery Rd WYNBERG 7800 Cape Town Mobile No. : 082-8276-180 email : kammie@new.co.za new website link : http://batavia.polresearch.org/slavery/

021/797-8596

14. Re: SUSTER VAN GEN MANIE MARITZ GESOEK - ROOS
Posted by: "Janet Melville" jmelville@xsinet.co.za jmelvillexsinetcoza
Sun Sep 28, 2008 8:37 am (PDT)
Ek het die volgende inligting oor Roos gekry, terwyl ek besig was om inligting oor Frederik Christiaan van Niekerk te soek.
Daar was n fout met die van Niekerk konneksie in SAG ek het o.a. vir Alwyn Smit gehelp met sy van Niekerk navorsing.
Ek is nog steeds besig hiermee omdat ek dit nog nie volledig het nie.
Groete
Janet Melville

e1 Johannes Stephanus Roos *05.08.1820 =Graaff-Reinet 31. 12.1820 ?plaas van Piet van Wyk, dist Richmond; 41jr 4mde 29.12.1861 ?Richmond : boer; Colesberg lidmaat 1842, woonplek Winterveld, met attestaat na Richmond 1846 (MOOC 6/9/98 9332)
× 03.02.1844 Richmond met Du Plooy, Maria Catharina *29.10.1826 =Beaufort-Wes 03.12.1826 {d.v. Du Plooy,Abraham Johannes *12.11.1797 & Nel,Johanna Petronella *09.08.1805}
Hul het 6 kinders. f1 Abraham Johannes Stephanus *06. 01.1851 =Richmond 26.12.1851 ?04.11.1921
× 1883 ?? met Strauss,Johanna Elisabeth *08.01.1865 =17.09.1865 ?26.07.1930 {d.v. Strauss,Frederik Johannes *07.05.1811 & Strauss,Anna Catharina *18.12.1824}
Hul het 13 kinders. g1 Johannes Stephanus *05.12.1884
g2 Frederik Johannes *17.02.1886 ?05.06.1888

g3 Abraham Johannes Stephanus *1887 ?1887
g4 Lodewyk Johannes *30.10.1888 ?Schweizer- Reneke 06.11.1952
g5 Anna Catharina *30.06.1890 ? Palmietfontein 19.05.1909
g6 Maria Catharina *17.09.1893 ?Boskop 01.09. 1966
g7 Johanna Elizabeth *04.04.1895 ?Schweizer- Reneke 15.05.1960
× Strauss,Frederik Johannes *18.05. 1887 ?Schweizer-Reneke 20.09.1969 {s.v. Strauss,Willem Petrus *26.06.1862 & Lock,Elsje Andrika Jacoba *20.07.1868}
g8 Paul Stephanus *02.11.1896 ? Palmietfontein 05.02.1897
g9 Abraham Johannes Stephanus *17.06.1898
g10 Maria Elizabeth *1899 ?1900
g11 Frederik Johannes *26.10.1902 ?12.06.1909
g12 Andries Jacobus *05.11.1904 ?Francistown, Botswana 16.06.1957
g13 Hester Cecilia *02.10.1906 ? Diamantdoorns, Schweizer-Reneke 18.09.1963
f2 Hester Cecilia *19.12.1853 =Richmond 11.02.1854 : sy onderteken 'n ooreenkoms om die 2/3 van die plaas Kromellenboogh No 108 Onder Vaalrivier, dist Bloemhof, groot 3308 morg 422 roode te verkoop aan Adam Jameson as Kommisaris van van Lande vir die government vir diamanet delivery
× 1867 ?? met Van Niekerk,Gerrit Jacobus *Poortjie, Fauresmith 06.07.1849 =Sendelingsfontein (Fauresmith) 21. 11.1849 ?Pretoria 23.10.1896 : President van die Republiek Stellaland wat op 23 Maart 1885 onder Britse beheer geplaas is. Die gebied noord van die Moloporivier is tot Britse protektoraat verklaar, terwyl die gebied ten suide daarvan waarin Stellaland geleë is, tot 'n Britse Kroonkolonie geproklameer is; hy is Commisaris van Polisie met sy afsterwe; blykbaar 'n welgestelde man hy besit die plase Bellevue, Kromellenbogen 108, distrik Bloemhof, Granspan dist Lichtenburg en Niekerksrus {s.v. Van Niekerk,Johannes Antonie *30.09.1822 & Van Heerden,Martha Maria *10.04.1828}
×2 1897 ?? met Lehman,Otto Franz *? 1857 ?plaashuis Niekerksrust, dist Bloemhof; 43jr 2mnde 22.05.1900 : veearts; sy vrou teken sy S/K eers op 12 September 1902 in Pretoria
×3 1902 ?? met Joubert,Francois Petrus *Natal 1842 ?Kockstraat 688, Potchefstroom; 71jr 21.12.1913 : landbouer; hy voorheen getroud met Anna Maria Pretorius geb 18490809 by wie drie seuns en twee dogters gebore is; hulle is geskei
f3 Johanna Margaretha Petronella *?? 1855
f4 Paulus Stephanus *?? 1857
f5 Maria Catharina Petronella *?? 1858
f6 ? *?? 1860 : nog nie gedoop toe pa oorlede is

Posbus 15215
Emerald Hill
PE 6011
083 642 7744
H/Faks: 041 3792077
Researching: van der Merwe, Melville, Rudman, William Reynolds, Van Lingen and East Cape families
----- Original Message -----
From: Simon du Plooy
To: SAGenealogie@yahoogroups.com
Sent: Sunday, September 28, 2008 5:07 PM
Subject: RE: [SA-Gen] SUSTER VAN GEN MANIE MARITZ GESOEK

Marie-Goeiemiddag uit Potch,

Na aanleiding van jou navraag - waarmee ek nie kan help nie maar eweveel in die antwoord belangstel - is ek al lank op opsoek na bevestiging dat Maria Catharina du PLOOY se eggenoot inderdaad J.S. ROOS was, en lyk my jy het dit verskaf. Kan jy help met J.S. Roos se Ouers en die egpaar se ander kinders,

indien enige, aub.
Waaroor ek beskik het was:
Abraham Johannes du PLOOY en Johanna Petronella NEL.
b5 Maria Catharina DU PLOOY + 29.10.1826 in Beaufort-Wes ~3 Dec 1826
Beaufort - Wes
NOTA:
Maria Catharina se eggenoot is vermoedelik Johannes S. Roos * 5 Aug 1820 + 29 Des 1861 (Vermoede gebaseer op haar eerste naam en voorletter asook *jaar wat ooreenstem met Roos se eggenoot. (Inligting ontvang van Alwyn Smit).

Groetnis,

Simon.

XXXXXXXXXXXXXXXXXXXXxxx
Beste Lyslede
Ouers : Johannes Stephanus Roos en Maria Catharina du Plooy n oudste seun is :
1. Abraham Johannes Stephanus Roos *06.01.1851, gedoop 26.12.1851 op Richmond, Kaap.
Hy sterf op 04.11.1921 x Maritz (suster van die bekende generaal Manie Maritz) xx circa 1883 Johanna Elizabeth Strauss *08.01.1865, ~17.09.1865 en oorlede op 26.07.1930. (Sy was die dogter van Frederik Johannes Strauss *07.05.1811 x Anna Catharina Strauss *18.12.1824).

Ek is op soek na die naam van die eerste vrou, Maritz, glo 'n suster van Gen Manie Maritz. Sy is vroeg oorlede in die huidige Botswana.

Wie kan my help ? Ek kry niks in die SAG nie.

----------------------------------------------------------

15. SUSTER VAN GEN MANIE MARITZ
Posted by: "Marie van der Merwe" mcvdmerw@iway.na
Sun Sep 28, 2008 9:51 am (PDT)
Hallo Janet en Simon

Baie dankie vir julle reaksie maar dis juis Alwyn Smit wat hierdie vraag aan my gestel het en ek het die antwoorde na hom deurgestuur.

Ek het ongelukkig geen verdere inligting nie

Groete

Marie van der Merwe in Swakopmund

16. Verwantskap nagmerrie
Posted by: "Pieter du Venage" pieterdu@penta-net.co.za   pieterprofile
Sun Sep 28, 2008 10:33 am (PDT)
Daar is iemand wat hulp nodig het om sy familie uit te lê :-

"My pa en ek woon saam en ons het 'n radio en 'n TV. Hy is 'n wewenaar en ek is ongetroud. Onder ons woon 'n weduwee en haar dogter, albei baie mooi en sonder 'n radio of TV. Hulle kom kuier gereeld by ons en ek raak toe verlief op die weduwee. Ons trou toe uiteindelik.

Intussen raak my pa verlief op die dogter en hulle trou toe ook.

Net daar begin my probleme. Omdat my pa met die dogter van my vrou getroud is, (ook my dogter), is my dogter nou my ma. Ek is ook terselfdertyd haar pa, omdat ek met haar ma getroud is. Verder is my pa my vrou se skoonseun en ek is dus sy skoonpa omdat ek met die ma van sy vrou getroud is.

Toe kry my vrou 'n seuntjie. Dit is ook my seun en die broer van my skoondogter, omdat sy die dogter van my vrou is. Die seuntjie is ook ek en my pa se swaer. Ek is dus my eie seun se neef en ook die neef van my skoondogter, omdat sy my seun se suster is. Daarom is my skoonma ook my tannie.

Toe kry my pa se vrou ook 'n seuntjie en hy word dus my broer. My seun is oom van my kleinkind, omdat hy die broer van my dogter is. My vrou is sy ouma grootjie, want sy is die kind van haar dogter. Ek is dus sy oupa grootjie. Aangesien die oupa grootjie van my broer ook myne is, is ek dus my eie oupa grootjie! "

17a. PUTTER-STEENKAMP-KRUGER
Posted by: "Ann Tiran" anntiran@polka.co.za   anntiran
Sun Sep 28, 2008 11:15 am (PDT)
Voor ek nou die antwoorde gekry het op die vraag of die MARIA MAGDALENA x KRUGER dieselfde persoon is as die een x STEENKAMP het ek op my Brother's Keeper ingetik:

MAGDALENA PUTTER x KRUGER met hul kinder/s

MAGDALENA PUTTER x STEENKAMP met al hul kinders en kleinkinders ens tot by my.

Nou het ek 'n probleem. As ek een van die MARIA MAGDALENA PUTTER's wil delete dan delete dit al haar afstammelinge..as ek die LINK na die man wil delete dieselfde probleem.

Nou het ek MARIA MAGDALENA x STEENKAMP xx KRUGER.

By STEENKAMP het ek x MARIA MAGDALENA PUTTER

